

**Die liminaliteitsmotief in twee grootwordromans:
Jeanne Goosen se *o.a. Daantjie Dromer* (1993) en
Dominique Botha se *Valsrivier* (2013)**

en

Roet (Roman)

Marthinus Jacobus (Kobus) Grobler



Ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van

Magister

in die

Lettere en Wysbegeerte

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleiers: Prof M. van Niekerk en Dr W.P.P. Anker

Maart 2018

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Handtekening:

Datum:.....

Kopiereg © 2018 Universiteit Stellenbosch

Alle regte voorbehou

BEDANKINGS

Ek bedank graag die volgende persone:

- My studieleiers, prof. Marlene van Niekerk en dr. Willem Anker vir hul leiding
- My vrou en kinders vir al hul liefde en ondersteuning
- My familie, vriende en kollegas vir hul aanmoediging

ABSTRACT

Two separate texts are submitted towards the degree MA in Kreatiewe Skryfkunde. Firstly, a thesis with the title 'Die liminaliteitsmotief in twee grootwordromans: Jeanne Goosen se *o.a. Daantjie Dromer* (1993) en Dominique Botha se *Valsrivier* (2013)', and secondly, a novel called *Roet*. The novel and the thesis are thematically related.

The coming-of-age novel describes the transition of the child to adulthood and is presented by characters' in-between or liminal experiences. This thesis is a study of liminality as embodied in Jeanne Goosen's *o.a. Daantjie Dromer* (1993) and Dominique Botha's *Valsrivier* (2013) with reference to the characters' transition to adulthood described in these novels. The theory of liminality by Arnold van Gennep (1908) and Victor Turner (1969) is the theoretical lens used to describe and compare the liminal experience of the sister and brother characters. In this study the focus is on the sister characters as focalizers and their interpretation of transitions as well as their roles as guides to their brothers through these transitions. Unlike the sister characters, the brother characters do not perform the reintegration after the liminal experience. They remain dreamers with "unfinished" transitions. The perverted liminality motif in these narratives, with sisters acting as intermediaries or mediators, was investigated. It is argued that the brother character chooses to stay in the in-between transitional state and that the choice is determined by socio-political backgrounds that surface in these stories.

The novel is set in the 1970s: a thirteen-year-old boy, Jaco, feels trapped in a little town surrounded by sugar cane fields and with mountains watching over him. He likes to sit on the roof of his house to look for Maria's *elocashini* on the outskirts of town, the place where his father forbids them to go. He is a sensitive boy who struggles to relate to his father, who should be the hero he desperately needs. His father's abusive behaviour towards his mother, his intolerance towards blacks, 'nancy boys' and the pastor with the soft hands, make them drift apart. He escapes his suppressive reality by building a doll's house, a present for his three-year-old sister, Elsa. He has issues with his younger brother, Henk, who calls him *kafferboetie* and *moffie*. Jaco becomes friends with so-called outcasts like Maria, their house maid; Manuel, their garden boy who has never met his Portuguese father; Christo, the boy with dancing legs and the Indian girl, Lila, who teaches him about Indian food and fabrics.

OPSOMMING

Twee afsonderlike werkstukke word hier ter verkryging van die graad MA in Kreatiewe Skryfkunde ingehandig. Eerstens, 'n tesis met die titel 'Die liminaliteitsmotief in twee grootwordromans: Jeanne Goosen se *o.a. Daantjie Dromer* (1993) en Dominique Botha se *Valsrivier* (2013)' en 'n roman, getiteld *Roet*. Die roman en tesis hou tematies met mekaar verband.

Die grootwordroman beskryf die oorgang van die jeugdige na volwassenheid en word aan die hand van karakters se liminale ervarings aangebied. Hierdie tesis behels 'n studie van liminaliteit soos dit in Jeanne Goosen se *o.a. Daantjie Dromer* (1993) en Dominique Botha se *Valsrivier* (2013) vergestalt word met verwysing na die drumpelkarakters in die verhale. Arnold van Gennep (1908) en Victor Turner (1969) se teorie rondom liminaliteit is die teoretiese lens wat gebruik word om die liminale ervarings by die suster- en broerkarakters te beskryf en te vergelyk. Die fokus in hierdie studie is op die susterkarakters as fokaliseerders en hul interpretasie van oorgange asook op hul rol as begeleiers van die broerkarakters tydens die oorgange. In teenstelling met die susterkarakters, voltrek die broerkarakters nie die reïntegrasie in die gemeenskap ná die liminale ervaring nie. Hulle bly dromers met "onvoltooide" oorgange. Die geperverteerde liminaliteitsmotief in hierdie verhale, met susters wat as tussengangers en begeleiers optree, is ondersoek. Dit word aangevoer dat die broerkarakters verkies om liminaal te bly en dat die keuse deur sosio-politieke agtergronde wat in die verhale aan bod kom, bepaal word.

'n Dertienjarige seun, Jaco, voel vasgevang in 'n kleindorpse omgewing van die 1970's, wat omring is deur suikerrietvelde en berge wat oor hulle waak. Hy hou daarvan om op die huis se dak te sit sodat hy Maria se *elokashini* aan die buitewyke van die dorp kan soek, die plek waarheen sy pa hulle verbied het om te gaan. Hy is 'n sensitiewe seun wat sukkel om met sy pa, die held wat hy desperaat nodig het, te praat. Sy pa se afbrekende optrede teenoor sy ma, sy onverdraagsaamheid teenoor swartes, 'sissies' en die dominee met die sagte hande laat hulle van mekaar wegdryf. Hy ontsnap sy neerdrukkende werklikheid deur 'n pophuis te bou, 'n geskenk vir sy driejarige suster, Elsa. Hy het probleme met sy jonger broer, Henk, wat hom *kafferboetie* en *moffie* noem. Jaco word vriende met uitgeworpenes soos Maria, hul huisbediende; Manuel, hulle tuinjong wat nog nooit sy Portugese pa ontmoet het nie; Christo, die seun met dansbene en die Indiese meisie, Lila, wat hom van Indiese kos en lap leer.

INHOUDSOPGAWE

1.	HOOFSTUK 1 – INLEIDING	2
1.1	Kontekstualisering en probleemstelling	2
1.2	Navorsingsvraag	4
1.3	Metodologie	4
1.4	Keuse van romans	5
1.5	Genre	8
2.	HOOFSTUK 2 – TEORETIESE AGTERGROND	11
2.1	Die konsep 'liminaliteit'	11
2.2	Van antropologie na letterkunde	15
2.3	Die <i>Bildungsroman</i>	19
3.	HOOFSTUK 3 – ANALISE VAN DIE ROMANS	23
3.1	Inleiding	23
3.2	<i>o.a Daantjie Dromer (1993) – Jeanne Goosen</i>	26
3.2.1	Agtergrond	26
3.2.2	Kritiek op die samelewing	28
3.2.3	Die skep van droomwêrelde	30
3.2.4	Bubbles, angstige tussenganger	32
3.2.5	Daantjie – "weg in 'n ander wêreld"	37
3.3	<i>Valsrivier (2013) – Dominique Botha</i>	41
3.3.1	Suid-Afrika in 'n toestand van oorgang	41
3.3.2	Problematiek van 'n politieke oorgangsituasie	44
3.3.3	Dominique se grootwoordproses	48
3.3.4	Ambivalent en sosiaal geïsoleerd	51
3.3.5	Paul, "perd van 'n ander kleur"	55
3.3.6	Nomade tussen ruimtes	60
3.3.7	Herintegrasië	64
3.3.8	Herinnering as liminale ervaring	67
	HOOFSTUK 4 – SLOT	74
	ROET (Roman)	82

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Kontekstualisering en probleemstelling

Romans oor adolessensie, soos Jeanne Goosen se *o.a. Daantjie Dromer* (1993) en Dominique Botha se *Valsrivier* (2014), tematiseer dikwels aspekte wat met oorgange te doen het en beskryf karakters se liminale ervarings. Die navorsing oor liminaliteit wat in die twintigste eeu deur antropoloë soos Arnold van Gennep en Victor Turner onderneem is, is dus in die besonder relevant by 'n analise van hierdie tipe roman.

Die antropoloog Arnold van Gennep (1908) het die term 'liminaliteit' bekend gemaak terwyl Victor W. Turner (1969) die bruikbaarheid van hierdie konsep ingesien en daarop uitgebrei het. Dit is ook in die letterkunde ontgin en word vandag algemeen in literatuurkritiek gebruik. Hul teorie het ook neerslag gevind in onlangse literêre studies in Afrikaans¹ waarin die konsep 'liminaliteit' in die ontleding en waardering van literêre tekste toegepas is.

In hierdie studie word die konsep van liminaliteit gebruik om Goosen en Botha se tekste te ontleed en te waardeer met die fokus op die uitbeelding van die hoofkarakters, wat vanweë hulle ouderdom en lewensituasie as liminale karakters beskou kan word. Van Zyl (2006) se verwysing na "drumpelkarakters" en "drumpelervarings" is handige beskrywings vir karakters wat hulle in oorgangsisies bevind. Haar interpretasie van liminaliteit as oorgange en grense wat veral in die hantering van karakterisering, fokalisasie, tyd en ruimte in die konstruksie van karakters se identiteit geld, stem ooreen met Van Gennep se konseptualisering van oorgangrites: skeiding, oorgang en herinsluiting. Vorster (2013) verwys na adolessente as liminale subjekte wat hulself en die wêreld tydens 'n periode tussen kindwees en volwassenheid moet ontdek en dat hierdie fase gekenmerk word deur pyn, ontwikkeling en ontdekking. Die hoofkarakters Bubbles, Daantjie, Dominique en Paul toon genoeg van hierdie eienskappe om as liminale karakters gelees te word.

Adolessensie word in die antropologie as 'n spesifieke lewensfase beskryf wat die oorgang van jeug na volwassenheid markeer. In hierdie fase is die drumpelganger tydelik in 'n oorgangsfase, en nog nie gereed om 'n volwasse wêreld te betree nie.

¹ Vergelyk Carstens (2007), Conradie (2010), Du Plooy (2006), Forster (2004), Roets (2008), Van Zyl (2006) en Viljoen (2005c).

Wat sal gebeur as die reïntegrasie in die gemeenskap nie ná die liminale ervaring wat tipies van die rituele proses (vergelyk Turner, 1969:94) is, voltrek word nie? Wanneer die neofiet as't ware vassteek en die oorgang nie afhandel nie, bly die jongeling in 'n drumpeltoestand vasgekeer. Volgens Hein Viljoen (2006) is sy keuse om soos 'n buitestander van 'n spesifieke volwasse samelewing geskei te wees, soms as oorlewingstaktiek of rebellie teen 'n spesifieke samelewingstruktuur, en 'n poging om 'n posisie in te neem vanwaar daar potensieel transformerende kritiek uitgespreek en kreatiewe energie gegenereer word (1998:15).

Hoe die liminale ervaring in hierdie twee romans gestalte kry, is die fokus van hierdie studie. Die onderskeid wat Bob Trubshaw (1995) in sy artikel, *Metaphors and rituals of place and time - an introduction to liminality* tussen tydelike en permanente liminaliteit tref, is in hierdie opstel ter sprake. Daar word gevra hoekom karakters tydelik deur 'n liminale fase beweeg en hoekom sommige karakters permanente drumpelgangers bly. Volgens Trubshaw (1995:6) laat tydelike liminaliteit 'n persoon toe om van een sosiale status na 'n ander te transformeer, soos die adolessent wat tot 'n volwassene ontwikkel. Daarteenoor is die toestand waarin buitestaanders en gemarginaliseerdes wat hulle op die rand van 'n gemeenskap bevind min of meer permanent. Van belang in hierdie ondersoek is Turner (1974:112) se beskrywing van individue wat hulle dikwels in die gapings van sosiale strukture op die rand (grens) van die samelewing bevind. Dit gebeur dat drumpeloorgange nie geslaagd of moontlik is nie, met die gevolg dat mense tussen ruimtes vassteek en in tussengebiede of oorgangsgebiede bly verkeer.

Die vraag is hoekom sommige karakters verkies om hulself uit 'n gemeenskap te verwyder en permanent in 'n drumpeltoestand te bly. In hierdie betoog word aangevoer dat oorgange alternatiewe bewussynstoestande of sosiale posisionerings vir moeilike samelewingstrukture bied en dat die keuse om liminaal te bly deur die skrywer gebruik word om kommentaar op bepaalde samelewingstrukture te lewer. Oorgangsruimtes word 'n plek waar daar weggekruip of waartoe weggevlug word. Dit is ontvlugting, eerder as oorgange, wat in droomtoestande van dwelms, musiek, idees oor goddelikheid en 'n beheptheid met die self manifesteer. Deurgangrites is onvoltooid; met ander woorde, daar is nie deurgang wat van krisis na her-integrasie vorder nie. Aspekte van deurgangrites soos in die antropologie beskryf word in hierdie tekste herken, maar die vergestaltung daarvan blyk sterk gefragmenteerd te wees en stem nie ooreen met Turner se beskrywing daarvan nie. 'n Mens

sou van die novelistiese pervertering van 'n antropologiese skema ter wille van kritiese sosiale kommentaar deur die skrywer kon praat.

1.2 Navorsingsvraag

Die werke van Goosen en Botha bied interessante vergelykingsmomente ten opsigte van die soort lotgevalle van die sentrale karakters tydens die ervaring van adolessensie. Die druk waaronder die persoonlike veranderingsprosesse in tye van politieke verandering, omwenteling en spanning staan, het 'n invloed op hoe die karakters adolessensie ervaar. Die vraag is: Watter aspekte betreffende ras, klas, geslag en outoriteitstrukture in die groter samelewing en sy veranderingsprosesse word in die persoonlike lotgevalle van die hoofkarakters geregistreer? Anders gestel: Hoe beïnvloed die spesifieke Suid-Afrikaanse konstellasie van kleur, klas, geslag en politieke mag die grootwordprosesse van die karakters? Hoe word die verband tussen die grootwordprosesse en die persoonlike prosesse deur die skrywers in hierdie tekste verbeeld?

1.3 Metodologie

In hierdie ondersoek word die twee romans vergelyk in terme van die persoonlike lotgevalle van 'n adolessente oorgangsfase van karakters in die konteks van 'n samelewing in oorgang of in politieke spanning. Uit die ooreenkomste van die werke kan afgelei word dat beide skrywers met die manier worstel waarop sosiale omstandighede die krisismomente in persoonlike lewens produseer en medeproduseer. Die biologiese veranderings in die kindkarakters sluit 'n psigologiese komponent in en vind binne 'n sosiale konteks plaas. Dit is interessant om daarop te let dat daar soveel ooreenkomste by hierdie skrywers bestaan in die seleksie van romanmiddele wat die biologiese-, psigologiese en sosiologiese aspekte in die opbou van karakters betref. Beide verhale beskryf droomtoestande, ontvlugtingstoestande, onthegtingstoestande, wegkruipsituasies, liggaamlike steurnisse en marginaliteit. Dit wys op die outeurs se waarneming, en die suggestie wat uit die romans spruit, dat karakters onder sosiale druk staan. Hulle biologiese veranderingsprosesse word medebepaal deur radikale sosiale spanninge en sosiale transisies. In hierdie opsig stem dit nie ooreen met wat Turner (1969:94) oor die ritualistiese herintegrasie of herinlywingsfase van die neofiet in die

gemeenskap beweer nie. In die antropologiese kontekste wat hy bestudeer, is die gemeenskap stabiel en tradisioneel en die herinlywing ná die oorgangsrite geskied op voorspelbare wyses. Die leesstrategie is stiplees en die interpretasie van die verhale geskied in terme van bogenoemde temas en literêr-teoretiese agtergrond.

1.4 Keuse van romans

Na die sukses van *Ons is nie almal so nie* (1990) sit Jeanne Goosen haar uitbeelding van werkersklas-mense met hul platvloerse taal, humor en lief en leed voort in o.a. *Daantjie Dromer* (1993). Die verhaal word uit die gesigspunt van die suster, Bubbles Swanepoel, 'n dogter in 'n Kaapse werkersklas-gesin in die vyftigerjare, vertel. Haar ma poog om haar gesin bymekaar te hou en rigting te gee, maar raak self die pad byster. Joey Swanepoel, die ma-karakter, werk saam met haar vriendin, Miss Du Plooy, in die O.K. Bazaar in Adderleystraat en Albertus Swanepoel, die pa-karakter, sit by die huis en drink terwyl hy skemas bedink om geld te maak. Bubbles se ideaal is om weg te kom uit hierdie lae middelklasbestaan en haar hartstog lê in haar klavierlesse, nie in 'n loopbaan van verpleging soos haar ma vir haar wens nie. Haar ouer broer, Daniël (Daantjie Dromer), met sy operaplate en belangstelling in die sielkunde is vir haar die stimulus om groter te droom. In Bubbles se gesprekke met Daantjie raak sy ook al hoe meer bewus van die onreg van die apartheidsbestel en van haar eie ontluikende seksualiteit. In 1994 was o.a. *Daantjie Dromer* 'n naaswenner van die ATKV-prys.

Valsriver (2013) is 'n deels gefiksionaliseerde memoire, gebaseer op die skrywer Dominique Botha se kinderjare op hul familieplaas, Rietpan, in die distrik Viljoenskroon in die Vrystaat. Die verhaal handel oor haar vroeë volwasse jare, wat gekenmerk word deur haar gedurige vertrek van en terugkeer na die plaas as 'n veilige toevlugsoord terwyl sy aan fisiese pyn en 'n roekelose lewenstyl saam met haar broer, Paul, blootgestel word. Hierdie reis eindig wanneer sy uiteindelik terugkeer om afskeid te neem van haar broer by sy begrafnis op die plaas. Die roman word vertel deur 'n karakter, ook Dominique Botha, en die fokus is op haar en haar broer se grootwordjare. In *Valsriver* word Paul as iemand beskryf wat in die greep van verslawing vasgevang is en afgesonder word as gevolg van sy antagonisme teen bepaalde aspekte van die sosiale struktuur soos hiërargie, outoriteit, orde en reëls.

Valsrivier ontvang in 2014 die Eugène Maraisprys en die Rapport-Jan Rabie-prys. Helize van Vuuren, lid van die Akademie van Wetenskap en Kuns beskryf *Valsrivier* as 'n

besondere debuutwerk "wat liriese taalgebruik, oortuigende kindvertellerperspektief en pragtige natuur- en gemeenskapsbeskrywing gevul met kleurvolle karakters bied" (*Book Lounge*, 2014).

Die keuse van bogenoemde romans is op grond van duidelike ooreenkomste gemaak. Beide verhale word vanuit die eerstepersoonsvertelling met die suster as vertelinstantie aangebied. Die gesin en gesinslede se verhoudings tot mekaar is 'n sentrale motief in albei boeke. Die broer-susterverhoudings met die broer as gerapporteerde is die opvallendste ooreenkoms tussen die twee tekste en kry aandag in die analise van die verhale. In albei verhale word die karakter se oorgang van jeugdige na volwassene beskryf. Hulle beleef oorgangsperiodes wat ooreenstemming vertoon met rituele wat Arnold van Genneep (1960:21) "rites of passage" (oorgangrites) noem. Albei verhale speel af teen 'n spesifieke sosio-politieke agtergrond, 'n tydperk waarin daar op rasse-grondslag teen die meerderheid gediskrimineer is en 'n tyd wat bekend staan as die apartheidsjare in Suid-Afrika. Ten slotte toon die gesin se verhouding tot ras, politiek en godsdiens opvallende ooreenkomste in beide verhale.

Die twee romans bied nie slegs deur ooreenkomste nie, maar ook deur verskille kans tot vergelyking. Daar is sprake van 'n klasseverskil tussen die karakters in die twee verhale. Die gesin in Goosen se verhaal is 'n werkersklas-gesin terwyl die gesin in Botha se narratief grondeienaars met bepaalde aansien en voorregte is. Die klasseverskil het 'n bepaalde invloed op die taal waarin in die onderskeie boeke vertel word. In *o.a. Daantjie Dromer* (1993) word 'n literêre effek van naïewe direktheid geskep via die jong verteller as lid van 'n werkersklas-gesin van die vyftigerjare. Daarteenoor is *Valsrivier* (2013) 'n taamlik selfbewuste, literêre teks, wat deur die skrywer Dominique Botha as roman aangebied word. Die boek is bewustelik outobiografies en is geskryf in 'n hoë middelklasomgewing van landeienaars in 'n Suid-Afrika tydens die oorgang na demokrasie. Die verteller en haar broer se geleidelike toetrede tot 'n meer volwasse wêreld word verwoord. Vir die skrywer was die dood van haar broer die "kreatiewe impuls" wat "vleuels gegee het aan haar eie stem" (vergelyk die onderhoud met Joan Hambidge, 2013a). Die literêre teks, *Valsrivier*, het dus self sy ontstaan in 'n liminale ruimte, dié van 'n verplasing na 'n ruimte van herinnering. Daar word vanuit 'n agternaperspektief vertel wat die selfbewuste spel met taal fasiliteer.

Die agtergrond vir hierdie boeke strek in hulle verwysing van die vyftiger tot die negentigerjare. Wanneer die boeke saam en teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelees word, moet 'n mens opmerk dat daar tydens hierdie jare groot

verskuiwings na 'n stabiele demokrasie plaasgevind het en dat hierdie proses nie heeltemal volvoer is nie. Die aangrypingspunt en agtergrond vir die lees van hierdie werke is 'n Suid-Afrika wat sedert die aanvang van kolonialisme in 'n toestand van durende, sosiale transformasie verkeer. Die tydperk wat in die boeke weerspieël word, verteenwoordig grepe uit 'n semi-permanente toestand van transisie, oftewel post-koloniale wording, waarin Suid-Afrika steeds verkeer. Dit val in 'n periode van ná die Tweede Wêreldoorlog tot die draai van die eeu. o.a. *Daantjie Dromer* (1993) speel af tydens die hoogtyviering van apartheid (in die vyftigerjare) met tekens van politieke weerstand (die ANC reeds gevorm met interne politieke bevraagtekening, internasionale druk en algemene wêreldwye morele verontwaardiging). *Valsrivier* (2013) speel later af – in die negentigerjare op die drumpel van die oorgang na 'n swart demokratiese meerderheidsregering. Daar is meer politieke teenstand, meer internasionale druk en meer geformuleerde teoretiese kritiek. Die boeke val binne die tydperk wat bekend staan as die opkoms en val van Afrikanernasionalisme. Jeanne Goosen se o.a. *Daantjie Dromer* speel af in die middel vyftigs en die verhaal word deur die sestienjarige Bubbles vertel. *Valsrivier* verteenwoordig 'n greep in die geskiedenis wat strek van die middel tagtigs tot die jaar 2000, 'n tydperk wat begin met PW Botha aan bewind, en momente soos die vrylating van Nelson Mandela en die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 insluit. Die boeke lê in 'n verlengde tydlyn van mekaar binne die politieke geskiedenis van Suid-Afrika.² Hulle albei lê op die ontwikkelingsgang van die Afrikanernasionalisme sedert 1948, ongeveer 10 jaar vóór Bubbles se vertelde tyd en tot en met die jaar 2000. Tussen die twee verhale is daar 'n gaping van ongeveer vyftien jaar. Goosen se werk is op 'n krisispunt van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis gepubliseer (1993), 'n moontlike poging om te verklaar hoe die land en sy mense by hierdie punt in die geskiedenis uitgekom het. Die skrywer was toe vyf-en-vyftig jaar oud. In 2013 word *Valsrivier* gepubliseer, met sterk klem op die tema van die onthechting van sosiale strukture en individue van hul tradisionele verbande. Net soos Goosen se boek in 1993, is die boek waarskynlik 'n assessering vanuit 'n wit perspektief van waar die land en sy mense op die aangewese oomblik was. Die uitkoms van hierdie assessering sou wees om op skrywerlike wyses aan te dui dat die oorgang nie genoegsaam, suksesvol of afgehandel was nie. Botha was ses-en-veertig met die publikasie van haar roman. Wanneer hierdie boeke, ook uit 'n agternaperspektief, in 2017 gelees en gewaardeer word, kan afgelei word dat hulle oor

² Giliomee en Mbenga (2007) se chronologiese opsomming van die hoofmomente in die geskiedenis van Suid-Afrika tussen 1948 en 2004 dui op Suid-Afrika as 'n land in durende transisie. Sien Addendum 1.

transisies gaan wat in 1948 begin het en tot en met die hede strek, dat hulle assesserings is van fases, van 'n oorgangsperiode wat nog steeds nie voltooi is nie.

Met hierdie studie word Goosen en Botha se werke in 'n konteks hanteer wat met oorgang en verandering te doen het. Die konsep van liminaliteit word gebruik om aan te toon dat die hele Suid-Afrikaanse omgewing sedert die koloniale tydperk in 'n onopgeloste fase verkeer. Die tekste is Afrikaanse boeke geskryf in Standaardafrikaans deur wit Afrikaanse mense en kan beskryf word as verdigtinge of fiksionele konglomerate (romans) waarin hierdie belewenisse gekonkretiseer word.

Dit sluit aan by die rede vir die skryf van die roman, *Roet*. Die belangstelling in hierdie twee boeke is gestimuleer deur my eie ervarings van die sewentigerjare, wat deel is van dieselfde kontinuum (1950 tot 2000). *Roet* val in die jare sewentig waar daar ook spesifieke aspekte van hierdie transisie sigbaar was, soos byvoorbeeld die toenemende veiligheidsoptrede van die polisie, die toenemende militêre betrokkenheid by die verdediging van die land se grense en die begin van die grensoorloë. Die jeugdige karakters in *Roet* leef in die periode tussen die romantyd van Bubbles en Dominique en dek 'n belewingsmodus wat nie noodwendig in die onderskeie bestudeerde boeke gedek is nie. Die seleksie van die twee boeke wat vir hierdie studie geselekteer is, is gemotiveer deur die feit dat ek as skrywer self in die kontinuum as die opkoms en verval van Afrikanernasionalisme leef.

1.5 Genre

Die gebruik van 'n kind as verteller wat op naïwe wyse die heersende maatskaplike en veral politieke toestande registreer, kom algemeen voor in die Afrikaanse literatuur. Jeanne Goosen het hierdie tema reeds in *Ons is nie almal so nie* (1990) ontgin, so ook Mark Behr in *Die reuk van Appels* (1993) en S.P. Benjamin in *Die reuk van Steenkool* (1997). Hierdie werke lewer kommentaar op die misstande van 'n verbygegane tyd. In haar resensie, "*Jan van Tonder – die roepman*" beskryf Viljoen (2005b) die kind-verteller wat nog nie alles begryp wat rondom hom of haar aangaan nie as "die ideale waarnemingspunt" om te gebruik as jy iets wat sulke duidelike gebreke gehad het soos die apartheidsstelsel van binne uit wil beskryf sonder om die leser se simpatie te verloor. Viljoen (2005b) beskryf die kind aan die een kant as deel van die stelsel wat geloofwaardige kommentaar kan lewer op die gebruike van die tyd. Aan die ander kant is sy van mening dat die kind nog te jonk is om werklik die implikasies van die

sisteem waarvan hy deel is, te beseef of om iets daaraan te doen. Voorts verduidelik sy dat so 'n kinderverteller wat oor 'n jeug gedurende die hoogtyviering van apartheid vertel, ook iets kan vertolk van sommige lesers se behoefte om te voel dat hulle die onregte van die verlede ervaar het, maar te jonk en onskuldig was om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. In *Valsrivier* word die verlede vanuit 'n volwasse oogpunt aangebied. Ook in *o.a. Daantjie Dromer* is dit die sestienjarige Bubbles wat aan die woord is. In beide verhale verwoord die susterkarakters die kritiek teen 'n spesifieke samelewingstruktuur, spesifiek die apartheidsisteem. Die verhale toon nie dat hulle vir die onregte verantwoordelik voel nie, maar dat hulle hulself daarvan distansieer.

Joan Hambidge (2013) plaas *Valsrivier* in dieselfde genre as die waarin Carson McCullers en Truman Capote so uitgemunt het: die ouer verteller wat terugkyk asof hy/sy steeds die kind is wat alles beleef. In hierdie soort vertelling skuif die ouer persoon en kind se waarneming oor mekaar heen en die verlede word herbesoek. Dominique Botha (aangehaal deur Hambidge, 2013) beskryf self haar roman as outobiografies, 'n chronologiese oproep van herinneringe, dog 'n roman eerder as memoire as gevolg van die skrywer se beseef dat "die volle waarheid nie haalbaar is nie". Vir haar was dit 'n behoefte om "die dood op sy plek te hou en om iets tasbaar agter te laat". Sy beskryf die oproep van herinnering as "om die eerste daad van fiksie te pleeg".

Breyten Breytenbach se beskrywing op die agterblad verwys na *Valsrivier* as 'n boek oor "die 'vals' geheime van die geheue" en noem dat elke leser "verwond is deur jeugervaringe". Hy verwys na die boek as 'n *Bildungsroman*.³ Breytenbach se klassifikasie stel die tema van die kind (as hoofkarakter) se verlies aan onskuld in interaksie met ander karakters en ruimtes in die vooruitsig. Sodanige aspekte lei tot karakterontwikkeling - tot 'n meer volwasse identiteit, omdat karakters, volgens Viljoen (2005a), in haar bespreking van *Roepman*, "tydens die oorgangsrites losgemaak word van hulle bekende omstandighede en daarna in 'n ambivalente en tussenin-toestand verkeer voordat hulle uiteindelik weer opgeneem word in die gemeenskap". Visser (2014) verwys ook na *Valsrivier* as 'n voorbeeld van die *Bildungsroman*, "given that their intention is to sketch out the development of Dominique and the devolvement of her brother Paul up until his passing" (Visser, 2014:34).

³ Volgens Vorster (2013) word die Duitse term 'Bildungsroman' gebruik vir 'n ontwikkelingsroman waarin die volwassewording van 'n persoon geboekstaaf word. Ook sinoniem vir die term 'coming of age'-roman, maar eersgenoemde is 'n veel meer spesifieke term. In die 'coming of age'-roman word daar nie noodwendig uitgebeeld hoe 'n jongmens deur die samelewing gevorm is nie. Die 'coming of age'-roman bevat wel tematiese elemente van volwassewording, ontnugtering en/of ontwaking.

Bakhtin (2004) stel die ontwikkelingsproses wat in hierdie genre beskryf word, voorop. Volgens hom gaan die *Bildungsroman* spesifiek oor "the image of man in the process of becoming in the novel" (2004:19) en dit is volgens hom die onvaste, liminale aard van die hoofkarakter wat die *Bildungsroman* van ander romans onderskei (2004:20).

Sowel Goosen as Botha se romans kan beskryf word as voorbeelde van die 'grootword'- roman waarin die oorgangs- of wordingsaard van die karakter sentraal gestel word.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE AGTERGROND

2.1 Die konsep 'liminaliteit'

Die besluit om die teorie oor oorgangsrites in hierdie studie te gebruik, is geneem omdat die werke as grootwordromans geklassifiseer word en die tema wat in hierdie werke ter sprake kom met die oorgang van die jeugdige na volwassenheid te make het. Tradisioneel word daar in die meeste kulture van jongmense verwag om die oorgang te maak. Om volwasse te kan word, moet die jongeling 'n reeks belangrike ervarings deurmaak. Dit kan implisiet of terloops wees, soos dit gewoonlik in die samelewing die geval is, maar hierdie ervarings kan ook saamval in tyd en plek: in 'n ritueel. Wie die ritueel voltooi, word volwasse. Die jongeling moet ook bewys dat die nuwe status hom of haar waardig is. Só 'n transformasie verloop volgens Van Gennep in drie fases. Die eerste fase is die 'rite van skeiding': 'n kind wat volwasse word, neem afstand van sy of haar identiteit en rol as kind. Dit beteken dat 'n transformatiewe ervaring slegs moontlik is as 'n mens eers iets agterlaat. Die tweede fase is die liminale fase, 'n allesomverwerpende uitsonderingsituasie waartydens ou grense, reëls en norme opgehef word. Dit is vir sowel die jongeling as die gemeenskap nodig dat die oorgang na volwassenheid gemaak word. Die rituele begrens hierdie openheid, maar voorspelbaar is dit nie: die inisiant moet hom of haarself kan bewys en kan daarom ook misluk. Kortom, dui 'n 'ervaring' op 'n moment waartydens vorige sekerhede agtergelaat word en 'n situasie van onsekerheid en kwesbaarheid betree word, en wanneer iets gebeur wat hom of haar diepgaande kan verander of her-vorm. In hierdie fase vind die transformasie plaas waardeur 'n ou identiteit verloor word, maar 'n nuwe identiteit nog nie aangeneem is nie. Die derde fase is die wedergeboorte met 'n nuwe identiteit, soos gevorm deur die ervaring en met 'n nuwe posisie en rol in die gemeenskap.

Die konsep 'liminaliteit' is oorspronklik deur Arnold van Gennep, 'n antropoloog uit die vroeg-twintigste-eeuse Franse tradisie, ontwikkel. Sy boek, *Le Rites de Passage* (1908), 'n studie van rituele en prosesse wat belangrike lewensgebeurtenisse in voor-industriële samelewings beskryf het, is in 1960 in Engels deur Routledge & Kegan Paul in Londen uitgegee. Na die Engelse publikasie het Van Gennep se werk wyer internasionale aandag gekry. Victor Turner het Van Gennep se idees in die jare sestig verder uitgebrei. Beide outeurs het hulle op die ervaring van transformasie gerig, byvoorbeeld die ervaring van 'n inisiasie-rite van kind tot volwassene.

Van Gennep (1960:21) identifiseer drie fases wat in sulke rituele, die sogenaamde "rites of passage" (oorgangrites), voorkom, naamlik: skeiding, oorgang en herinsluiting. Die rites wat hierdie drie fases vergesel, noem hy preliminale, liminale en postliminale rites.

Die woord 'liminaal' is etimologies verwant aan die latynse woord, 'limen' wat 'drumpel' beteken. Carstens (2007:14) som 'n liminale rite op as die proses wat 'n individu in die tyd wanneer hy op die drumpel staan, moet ondergaan; dit wil sê voordat hy in die samelewing heropgeneem kan word as getransformeerde of ingewyde individu. Van Gennep (1960:18) beskryf hierdie proses as, eerstens, die individu se losmaking van die gewone, bekende status; tweedens, die beweging na die liminale fase of toestand van transformasie en derdens, die individu se simboliese en fisieke heropname in 'n nuwe ruimte, met nuwe status as volwaardige lid van die groep. Dié proses kan kortliks opgesom word as eerstens: losmaking en voorbereiding; tweedens: liminaliteit of oorgang; en derdens: heropname of vernuwing. Die jongelinge word van die normale gemeenskap geskei en afgesonder. Daarna word hulle onderrig en aan toetse onderwerp in 'n proses wat as 'n oorgang van een lewensfase na 'n volgende beskou kan word, omdat daar 'n bepaalde groei en ontwikkeling plaasvind. In die derde fase word hulle weer in die gemeenskap ingelyf as volwassenes.

In sy boek, *The Ritual Process*, beskryf Victor W. Turner (1974:80) die eienskappe van die individu in die liminale fase as onduidelik en dubbelsinnig: "He passes through a cultural realm that has few or none of the attributes of the past or coming age."

Hy kategorieer die subjekte van puberteitsrites (ook "neofiete" genoem) as tipiese liminale wesens, en noem verskeie kenmerke van hierdie individue, byvoorbeeld die relatiewe ongedifferensieerdheid van die deelnemers en die verskynsel van 'n kamaraderie as gevolg van die gedeelde belewing van die liminale fase.

Volgens Turner (1974:82) beweeg subjekte in die liminale fase van 'n gestruktureerde, hiërargiese, evaluerende saambestaan na die minder gestruktureerde, ongedifferensieerde saambestaan. Turner (1974:82) onderskei tussen hierdie gemeenskapsoorte met die terme *struktuur* en *communitas*. Die deelnemer aan oorgangrites beweeg dus uit die gehiërargiseerde domein van *struktuur* na 'n liminale toestand waarin die anti-strukturele, nie-hiërargiese en ongedifferensieerde samesyn van *communitas* heers voordat hy of sy uiteindelik weer opgeneem word in die volwasse samelewing. Om hierdie rede omskryf Turner (1969) die eienskappe van liminale persone as volg:

(They) are necessarily ambiguous, since this condition and these persons elude or slip through the network of classifications that normally locate states and positions in cultural space.

Liminal entities are neither here nor there; they are betwixt and between the positions assigned and arrayed by law, custom, conventions and ceremonies. (95)

Volgens Turner (1974:81-90) besit hierdie individue tydens rites in "tradisionele" gemeenskappe niks nie, selfs nie klere nie. Naaktheid dui op hulle gebrek aan status en beklemtoon dat daar geen onderskeid tussen liminale subjekte is nie. Hulle moet gewoonlik passief, nederig en gehoorsaam optree. Hulle word aan beproewings en veranderings, ook van fisieke aard, blootgestel. Seksuele verhoudings mag nie onderhou word nie. Liminale karakters word ook afgesonder van die samelewing. Dit word 'n tyd van besinning waartydens individue oor hulle samelewing, die kosmos en die kragte wat hulle voortbring en onderhou nadink (Turner, 1967:105).

Turner betoog dat *communitas* in sulke liminale toestande ontwikkel, dit wil sê in toestande waar die simboliek die inisiant as "structurally if not physically invisible in terms of his culture's standard definitions and classifications" aandui. Hy is ontnem van "the outward attributes of structural position, set aside from the main arenas of social life in a seclusion lodge or camp, and reduced to an equality with his fellow initiands regardless of their preritual status" (Turner, 1974:232). *Communitas* word in hierdie sin gekenmerk deur gelykheid en kameraderie. Turner begrond *communitas* onder andere in toestande soos buitestaanderskap, marginaliteit of strukturele ondergeskiktheid. Die buitestander is in 'n tussentoestand omdat hy (soos sjamans, mediums of priesters) permanent, of in sekere situasies, buite die strukture van 'n bepaalde sosiale stelsel staan. Gemarginaliseerdes is terselfdertyd lede van twee afsonderlike of opponerende sosiale groepe. Dit omvat onder andere migrante, buitelanders, mense van gemengde afkoms en vroue in nie-tradisionele rolle. Sulke mense (en dit sluit dikwels filosowe, skrywers en kunstenaars in) vind hulle gemeenskapsin in die groep met laer status, maar strewe na die groep met hoër status en kan dus uit die laer vlak kritici van die sosiale strukture in die naam van die gemeenskapsin word.

Turner (1969:103) verwys na 'n neofiet van liminaliteit as: "... a tabula rasa, a blank slate, on which is inscribed the knowledge and wisdom of the group, in those respects that pertain to the new status." Hy gebruik tradisionele inlywingsrites om die term 'liminaliteit' te verduidelik: die inisiate word uit die gevestigde gemeenskap met sy reëls en struktuur wat vir jongelinge geld, weggeneem en afgesonder. Hulle word aan sekere rites van oorgang onderwerp wat hulle in 'n toestand van onsekerheid, ambivalensie en onthegtheid laat

(1969:24). Meer vryheid, dikwels ook as euforie beskryf, word in hierdie fase in afwagting van die volgende ruimte, ervaar.

Turner (1974:202) meen dat die bestaan van *communitas* in die liminale ruimte alle eksklusiewe sosiale strukture bevraagteken en terselfdertyd nuwe moontlikhede suggereer, waarby almal ingesluit kan word: "[it] strains towards universalism and openness...". *Communitas* kan egter ook die teenoorgestelde uitwerking hê, wat daartoe lei dat individue teen mekaar gekant raak en slegs na hulself en hul eie belange omsien (Turner, 1974:285).

Turner identifiseer enkele karaktereienskappe wat in liminale karakters herkenbaar is. Liminale karakters is vrygeskeld van die norme van die samelewing. Die onvermoë om seks te hê is nóg 'n liminale eienskap wat deur Turner (1969:104) geïdentifiseer word. Sy verklaring hiervoor is dat die liminale ruimte dikwels een van geslagsloosheid kan wees. Onderdanigheid, stilte en passiwiteit word deur hom (1969:103) as kenmerkende eienskappe van individue in die liminale fase beklemtoon. Turner (1969:103) verduidelik dat die individue veral onderdanig en passief is weens hulle gebrek aan kennis oor hoe om buite die gemaksones van die liminale ruimte op te tree. Juis hieroor beland "nuwelinge" dikwels in beproewende situasies wat ook vernederend kan wees. Dié gebeure, wat deur Aguirre, Quance en Sutton (2000) as obstruksies tydens die oorgang van die limen beskryf word, dien as die voorbereiding en inlywing wat nodig is vir die individu om in die nuwe ruimte te bestaan.

Kreatiewe potensiaal, en ook kreatiewe uitdrukking as hanteringsmeganisme, is dikwels sigbaar in die funksionering van grensgangers. Turner (1974:233) verduidelik dat liminale buitelanders dikwels buitengewoon bewus van hulle omgewing, asook hulle eie posisie binne die omgewing, is. Dié voortdurende bewustheid lei tot kreatiewe uitdrukking in verskeie vorme.

Turner se ondersoek na inisiasierites wat die oorgang van jeug na sosiale volwassenheid markeer, lewer nuttige insigte op. Sy teorie oor liminaliteit word in hierdie studie gebruik om aspekte soos karakterontwikkeling en/of -verandering, fokalisasie, tyd en ruimte in *o.a. Daantjie Dromer* en *Valsrivier* te bespreek.

Soos hier genoem, kan die eienskappe van liminaliteit wat deur Turner geïdentifiseer word, in verband gebring word met hedendaagse tienerjariges. Die periode tussen kindwees en volwassenheid, die adolensensie, word beskou as 'n amorfe tyd van wording, 'n aparte en spesifieke lewensfase. Hierdie verskynsel is herkenbaar in die romans wat in hierdie studie

onder die loep kom, daarom kan die konsep van liminaliteit verhelderende en verrykende resultate tydens die analise van die romans oplewer.

2.2 Van antropologie tot letterkunde

Die toepassing van hierdie oorspronklik antropologiese konsep op die letterkunde is 'n gevestigde kritiese praktyk. Die nut van die begrip binne die konteks van die letterkunde is al deur Aguirre et al. (2000) in *Margins and thresholds. An enquiry into the concepts of liminality in text studies* aangetoon. In hulle studie word die begrip liminaliteit op verskillende aspekte van die literêre teks self van toepassing gemaak, naamlik op die genre, op die temas waarop tekste fokus en op die sosiale konteks waarbinne tekste funksioneer.

Die aanwending van die konsep is vandag wyer as wat oorspronklik met die term bedoel is. Turner se antropologiese definisie van 'liminaliteit' word oordragtelik in die hedendaagse literêre toepassing daarvan gebruik. Hedendaagse toepassings interpreteer Turner se beskrywing nie meer net as 'n oorgang (adolessensie, doop, huwelik) nie. In 1996 verskyn 'n studie van Wangari wa Nyatetu-Waigwa met die titel, *The Liminal Novel. Studies in the Francophone-African Novel as Bildungsroman*. Hierdie studie verwys na Franse romans uit Afrika en toon aan hoe sommige karakters as gevolg van die koloniale situasie in durende liminale toestande gehou is.

Ook in Afrikaans is die konsep in verskeie literêre studies wyer toegepas. Só byvoorbeeld is Viljoen (2005) se toepassing van liminaliteit sodanig verruim dat dit ook na 'n nomadiese bestaan kan verwys.

Die volgende literêre toepassings in Afrikaanse literatuurstudies is vir hierdie studie belangrik.

Dorothea van Zyl skryf in haar bespreking van *Vaselinetjie* deur Von Meck (2006:41-45) dat die krag van *Vaselinetjie* te doen het met die manier waarop die tema, die oorgangsfase van kind na volwassene, aan die hand van verskillende ruimtes, grensoorskrydings en perspektiewe gekonstrueer word.

In haar MA-studie verwys Renée Rautenbach Conradie (2010) na die hele lewensiklus wat om oorgangsprosesse draai. Die tyd van geboorte is 'n liminale proses; tieners is in 'n liminale fase totdat hulle 'heropgeneem' voel óf is; ontgroenings aan hoërskole en universiteitskoshuise hou inisiate in toestande van ondergeskiktheid tot by die uiteindelijke

inlywingsrites; gradeplegtighede kan as liminale rites beskou word; die huwelikseremonie is 'n oorgangsrite en die wittebrood 'n liminale ruimte; die sterwensuur is 'n drumpelfase (14).

In haar artikel, "Die tante uit Nederland as liminale karakter in Etienne van Heerden se *Kikoejoe* (1996) en *30 nagte in Amsterdam* (2008) ondersoek Joan-Mari Barendse (2016) die rol en funksie van die karakters tant Geertruida en Tante Zan. Sy ondersoek of tant Geertruida en Tante Zan wel as liminale karakters beskou kan word en indien wel, of hulle uiteindelik die postliminale fase bereik of in die liminale fase vasgevang bly.

Heilna du Plooy (2006) beweer in haar bespreking van *Niggie* deur Ingrid Winterbach dat die roman vanuit die konsep liminaliteit ondersoek kan word omdat dit spesifiek te make het met mense, individue en groepe wat hulleself buite die normale strukture en reëls van die gemeenskappe waaraan hulle behoort, bevind. Sy toon aan dat karakters van die "hoofstroom van gebeurtenisse" afgesny word of hulle onttrek; dat hulle tydens hierdie periode belewenisse deurmaak wat 'n ingrypende invloed op hul lewens het en dat hulle daarna weer deel word van die hoofstroomgebeure (20).

Outeurs Hennie van Coller en Cilliers van den Berg (2009) spreek ook die aspekte van liminaliteit by die skrywer aan in 'n artikel "Trauma, verlies en die semiotiese bewussyn in *Karolina Ferreira* en *Niggie* van Ingrid Winterbach".

Orde en chaos as teenoorstaande magte, soos trouens ook die bewuste en onbewuste, is inderdaad van die kontraste wat Karolina moet leer versoek in haar individuasiëproses. As swerwende, vroulike hooffiguur dring sy die snoekerkamer (manlike ruimte by uitstek) binne, oorbrug sy die ideologiese afstand tussen swart en blank (onder andere as gevolg van haar verhouding met Willie) en verkry sy 'n insig in die dood. Hier word dus die belang van liminaliteit en die transformasieproses betrek. (33)

Volgens Conradie (2010:15) sluit mense wat soos adolessente as liminaal beskou kan word, ook reisigers en nomades in. Hieronder tel ook onwettige immigrante, immigrante wat steeds onwelkom in 'n nuwe land voel, bi-, trans- en interseksueles sowel as homoseksueles, in sekere gemeenskappe.

Van Coller en Van den Berg (2009) noem dat dit in *Karolina Ferreira* veral te make het met inisiasie en liminaliteit: "Daar is byvoorbeeld 'n skeiding met 'n vroeëre verblyfplek (Durban); die eintlike 'liminale' rite vind in 'n oorgangsruimte plaas (die "grensdorp, Voorspoed"); daar is afstandname van die vorige bestaan en 'n tydperk van beproewinge, soos seksuele onthouding (22); die "oorgangsrite" word meestal voorgestel as 'n reis (na

Voorspoed), as 'n afdaling na die onderwêreld (die Danteske togte in die gloeiend warm Vrystaat in geselskap van haar eie Virgilius, naamlik Willie)" (35).

Adèle Nel (2006) toon liminaliteit aan in Joan Hambidge se reisgedigte in haar artikel, "Die digter in transito: reisverse en liminaliteit in *Lykdigte en Ruggespraak* van Joan Hambidge".

Volgens die getuienis van hierdie gedigte, is die reis as liminale ervaring of tussentoestand enersyds 'n proses wat by uitstek geskik is om die persoonlike en digterlike identiteit te verken, 'n ondersoek na betekenisgewing te loods, en tot 'n (her)ontdekking van die self te kom deur middel van die digterlike woord (208).

In 'n onderhoud met Willem de Vries (Die Burger, Vrydag, 10 Januarie 2014) oor haar nuwe bundel *Digters bly deurentyd reisigers*, sê Joan Hambidge brûe staan in die teken van oorgange, van liminaliteit en sy praat dan ook van "geliefde van die tussenstaat". Deure (drumpels), vensters, bergpasse en strande kan hierby aansluit.

Volgens Conradie (2010) kan plekke liminaal of tydelik liminaal wees: 'n kruispad, landsgrense, seestroke, lughawens, groot internasionale hotelle, 'n niemandsland. Ook Suid-Afrika.

Louise Viljoen (2005c) gebruik die volgende toepassings van die konsep liminaliteit na aanleiding van Breyten Breytenbach se *Woordwerk*: die genre as vorm van liminaliteit, die voorstelling van die skryfproses as liminale handeling, die gebruik van veelvuldige identiteite as 'n manifestasie van liminaliteit, die dood as liminale ervaring en die nomadiese beweging tussen ruimtes as manifestasie van voortdurende, volgehoue of permanente liminaliteit.

In hul interpretasie van liminaliteit verwys Hein Viljoen en Chris N. van der Merwe (2006) na bewustelike en onbewustelike drumpeloorgange en die dryfvere agter oorgange. Die fisieke veranderinge (van plek of situasie) as aanloop tot 'n drumpeloorgang of liminale situasie kan vrywillig of normatief gedwonge wees, bewustelik of onbewustelik, intensioneel of toevallig. Dryfvere buite persoonlike beheer kan tot die gedwonge veranderingsproses lei. Aan die ander kant kan 'n karakter of persoon, volgens hulle, self besluit dat sy bestaande milieu nie na wense is nie en dat hy iets daaraan wil doen, soos om uit 'n sekere gemeenskap, plek of situasie te beweeg. Die dryfvere wat tot drumpeloorgange of liminaliteit lei, het nie noodwendig die liminale stadium ten doel nie en die uiteinde is ook nie noodwendig in die nuwe *communitas* van Turner (lees: nuwe struktuur) nie. Die karakter mag genoep voel om sonder heropname in die struktuur in die liminale staat aan te bly.

Aguirre et al. (2000:52) meen dat liminale karakters veral belangrik is in 'n narratief, aangesien hul kritiek (deur middel van nuutgevonde insigte) die vermoë het om bestaande grense af te breek. Deur die ontleding van liminaliteit in literatuur word 'n soort "falsehood in truth [or] truth in falsehood" (Aguirre et al., 2000:51) ontbloot, wat moontlik sterk kommentaar lewer op die konteks waarbinne die narratief geskep is. Liminaliteit in tekste kan dikwels beskou word as selfrefleksief, wat beteken dat die skrywer dikwels via drumpelgangters na sigself verwys.

Wat in hierdie studie belangrik is, is om die eienskappe wat Turner in verband met die liminale fase identifiseer, met die karakters in die geselekteerde romans in verband te bring. Liminaliteit is ter sprake wanneer dit by die ontleding van 'n roman kom wat die adolessent as 'n karakter tussen kindwees en volwassenheid, die karakter se min of meer geleidelike toetrede tot 'n meer volwasse wêreld, of 'n aparte en spesifieke lewensfase beskryf. Die konsep 'liminaliteit' kan dus verhelderend en verrykend inwerk op die analise van hierdie romans oor volwasewording.

Die oordrag van hierdie model van verandering in 'n post-industriële, postkoloniale of semikoloniale of koloniale situasie van 'n heterogene samelewing wat in 'n kontinue krisis van asimmetriese magsverhoudinge⁴ is, is nogal 'n lang tree, daarom wil ek hierdie woordeskat van die liminaliteit en deurgangsrutuele met enige vrye aanpasbaarheid, of los toepassing, of omskrewe deur hierdie soort afbakenings, hanteer. Met ander woorde: dit is nie 'n een tot een vergelyking tussen twee geheel verskillende soorte samelewings nie. Op grond van 'n breë analogie tussen oorgangsfases en -rites in tradisionele maatskappye en 'n eietydse moderne samelewing, neem ek nosies van krisis, en nosies van drumpel- en transisietoestande, en gebruik dit om bepaalde aspekte van die twee geselekteerde romans helderder in fokus te bring. Wat helderder in fokus kom, is bepaalde motiewe van breuke, losgeslaandheid, psigologiese of fisiese deurgangsbeweging, geïsoleerde ruimtes en die handeling van self-isolering.

In my ontleding word liminaliteit op verskillende skale en dimensies aangewend. Dit het veral te doen met karakterisering rondom gewaarwordings, selfonderskeidende gedrag, fisieke of psigologiese verplasing, stilstand of oonthoud van karakters. Dit kan ook sosiale ruimtes soos 'n plaas, 'n koshuis of 'n kommune verhelder. Die uitbeelding van bepaalde

⁴ J.B. Thompson se breë definisie van ideologie hou verband met sy argument oor die studie van ideologie: "... to examine how a system of meanings or significations sustains asymmetrical power relations. The modalities through which meanings support asymmetrical power relations are those of legitimation, dissimulation and reification." (*Studies in the Theory of Ideology*. Cambridge: Polity Press, 1984.)

psigologiese toestande en interpersoonlike verhoudinge word met behulp van hierdie konsep helderder belig. Soms kan situasies en interaksies in die romans beter in die lig van hierdie konsep verstaan word. Daarbenewens is die karakters in o.a. *Daantjie Dromer* en *Valsrivier* ingebed in 'n transisie van 'n groter maatskaplike omvang wat 'n spesifieke, ekstreme druk uitoefen. Die karakters reageer op die verskillende kragte/ simbole/ slagspreuke wat by hierdie druk op die spel is. So byvoorbeeld staan Paul op die skoolverhoog en steek sy vuus op in 'n swartmagsaloot. Daarmee word te kenne gegee dat hy verward en soekende is. Dit is 'n teken waarmee hy uitdrukking daaraan wil gee dat hy êrens in die geskiedenis 'n plek het en dat sy optrede op lyn is met bepaalde politieke ontwikkelings. Hy is die produk van sy omstandighede; soos sy ma, soos sy pa, sy suster en almal van die *Valsrivier*-gemeenskap die produk is van of geskep is deur die geskiedenis.

2.3 Die *Bildungsroman*

Die geskiedenis en teoretisering van die *Bildungsroman* as genre word in hedendaagse literêre studies geïnterpreteer. Van belang is verwysings na die variasies op die genre in postkoloniale omgewings waar transisies ten opsigte van identiteitskwessies ter sprake is. In sy artikel *Modernist Studies and the Bildungsroman: A Historical Survey of Critical Trends* verduidelik Boes (2006) die oorsprong van die *Bildungsroman* en die verandering wat die genre ondergaan het. In sy studie meld hy eerstens dat die *Bildungsroman* uit die humanistiese ideaal van die laat agtiende-eeuse Duitsland gebore is en toon hy die verwantskap van die *Bildungsroman* met wat Sammons (in Li, 2007) as "the early bourgeois, humanistic concept of the shaping of the individual self from its innate potentialities through acculturation and social experience to the threshold of maturity" (41) beskryf.

Volgens Boes (2006) het die kanon van die *Bildungsroman* in onlangse studies onder die loep gekom omdat die interpretasie van die konsep verskuif of verander het. Boes (2006) wys daarop dat daar pogings is om die term van sy Duitse herkoms los te maak en nuwe betekenis daaraan te koppel. Hy wys op die hedendaagse, wyer konseptualisering van die begrip en dat dit soms so wyd gebruik word dat "seemingly any novel (and on extreme occasions even verse epics, such as *The Prelude*) might be subsumed by it" (Boes, 2006: 230).

Georg Lukács (aangehaal deur Boes, 2006) het in sy boek, *Theory of the Novel* (1920), na die *Bildungsroman* as "romance of disillusionment" verwys. Vir Lukács is

die "disillusionment plot (...) characterized by an essential disjuncture of Self and world, in which the prosaic and materialist world ultimately proves to be unaccommodating to the poetic ideals of the protagonist" (Boes, 2006:230). Kritici het Lukács se term intussen van die tafel gevee en sy "romance of disillusionment" word vandag as 'n subgenre van die *Bildungsroman* gebruik.

Die sogenaamde afname in die gewildheid van die genre tydens die modernistiese periode word deur kritici as 'n illusie beskryf. Die vormingsroman het steeds wêreldwyd baie gewild gebly in die opbloeiende postkoloniale, minderheids-, multikulturele en immigrantliteratuur. Dat die tradisionele *Bildungsroman*-knoop te onbuigsaam is om avant-garde-eksperimentasie in die letterkunde te akkommodeer, is ook weerlê. Romans soos Salman Rushdie se *Midnight's Children*, Hanif Kureishi se *The Buddha of Suburbia*, en Toni Morrison se *Beloved* demonstreer dat die vorm vanuit modernistiese en postmodernistiese uitgangspunte verander kon word en dienooreenkomstig vervorm word deur verskillende literêre tegnieke. Die eksklusiwiteit van die genre soos dit tradisioneel begryp is, is deur postkoloniale kritici bevraagteken. Hulle het die vraag tereg gestel of dit die bedoeling van *Bildung* is om die hegemonie van wit, westerse, burgelike maatskappye in die vorm van roman-ideologie te dien. Ook Maria Helena Lima vra die volgende in 'n onlangse ondersoek van die roman *Lucy* deur Jamaica Kincaid:

I cannot help but continue to wonder what dangers lie in the form itself, given its central historical role in determining our notions of human identity. Since humanism's unstated goal (...) was to constitute a "centre of humanity" (...), what is the *Bildungsroman* genre, recognizably one of the main carriers of humanist ideology, indeed helping to reproduce? (in Boes, 2006:859)

Mark Stein (in Boes, 2006) voer aan dat die Britse *Bildungsroman* van swart skrywers uit die Afrika-diaspora 'n tweeledige funksie het: "it is about the formation of its protagonist as well as the transformation of British society and cultural institutions" (2006:22). Waar tradisionele romans oor transformasie die maatskappy as 'n normatiewe konstruk uitbeeld, beeld die roman nou ook 'n kritiese, dialogiese proses ten opsigte van die maatskappy uit. Die held verander nie meer in 'n vasgelegde wêreld nie; die wêreld verander ook met hom en deur hom. Engelse kritici het tradisioneel verwys na die "novel of transformation", die "apprenticeship novel", of na die "novel of education" – terme wat die betekenis, *Bildung*, inhou en 'n stabiele en 'n finaal-bereikbare of self-afgehandelde eindpunt van persoonlike groei impliseer.

Hirsch (1979), daarenteen, definieer die *Bildungsroman* as 'n roman wat hom deur middel van voortgesette ontnugtering met die samelewing, “progressive disillusionment... with the social reality” (1979:295, 300), met die vorming van die protagonis self besig hou. Die roman van persoonlike vorming, volgens Hirsch, “maintains a peculiar balance between the social and the personal and explores their interaction” (1979:299), 'n verhouding wat in romans soos Scott Westerfeld se *Uglies* (2005) en Veronica Roth se *Divergent* (2011) belangrik is deurdat hul protagoniste voortdurend op hul maatskaplike omgewings reageer. Met haar ondersoek probeer sy vasstel watter soort verhouding daar tussen individu en samelewing is soos dit in bogenoemde romans voorgestel word. Die idee van die jong volwasse protagonis wat teen 'n magtige gesaghebbende krag rebelleer terwyl hy 'n identiteit probeer ontwikkel, suggereer dat dit moontlik is om die jong volwasse distopie ("jung adult distopia" - JAD) as 'n soort *Bildungsroman* te reken. Laasgenoemde romans fokus op hul protagoniste se verlies aan hul identiteite, waardeur fisieke afstand van die mense of plekke van hul verlede geskep en hulle opnuut deur hul blootstelling aan nuwe uitdagings en karakters opgebou word. Hierdie identiteitsgedrewe prosesse roep die kontinue self-vorming op wat Hirsch in haar definisie van die *Bildungsroman*-genre beklemtoon.

Die *Bildungsroman* in moderne Chinese letterkunde toon ook hierdie soort verskuiwing. Li (2007) se studie fokus op die grootwordproses in onstuimige tye soos dit in hedendaagse Chinese Chengzhang xiaoshuo *Bildungsroman*-fiksie voorkom. Geselekteerde werke van twee groot Chinese skrywers, Su Tong en Yu Hua, word aangebied as kulturele metafore wat die groei en toekoms van die Chinese jeug in 'n buitengewone tydperk, die Kulturele Revolusie, reflekteer. Die gemeenskap van jeugdige in hierdie tyd is nie in staat om die nodige voeding vir emosionele groei te ontvang nie omdat hulle nie deur ouers begelei word nie. Tydens die Kulturele Revolusie word tieners daarom in die oorgang tussen die kindertyd en die volwassenheid in 'n onsekerheid vasgevang wat so lank as adolessensie self duur. Hulle word met andere woorde as't ware deur staatsmanupilasie op die drempel van adolessensie vasgevang. Die gevolge van die gebrek aan positiewe rolmodelle uit die volwasse samelewing en die negatiewe portuur-begeleiding van die portuur-gemeenskap by adolessente tydens die Chinese Kulturele Revolusie word die beste geïllustreer in Su Tong se *North Side Story* en ander verhale oor grootword (2007:96).

Hoe daar deur verskillende teoretici oor die *Bildungsroman* gedink is en wat Bakhtin oor die *Bildungsroman* gesê het, is van belang. Die Duitse *Bildungsroman* het net vir die Duitse hoë middelklas gegeld. Die adolessent word geskei van sy samelewingsverband, gaan

deur 'n krisis en word heropgeneem in die Duitse middelklas. Volgens Bakhtin is dit eintlik 'n valse voorstelling van wat met adolessente gebeur. Volgens hom keer die volwassene nie terug na dieselfde, ou gemeenskap nie. Die gemeenskap het intussen verander: die ekonomie, klasseverhoudings en magsverhoudings het verander of verskuif en dít het die karakters mede-geproduseer. Bakhtin se siening stem ooreen met 'n literêr-modernistiese beskouing van die konsep van die karakter in die gemeenskap: die optrede van die individu word altyd deur asimmetriese magsverhoudings in 'n veranderende samelewing mede-geproduseer.

Bakhtin (Berman, 2011:120) beskryf die karakter en sy verhouding tot die wêreld as volg:

[the hero of the hero of the *Bildungsroman*] emerges along with the world and he reflects the historical emergence of the world itself. He is no longer within an epoch, but on the border between two epochs, at the transition point from one to the other. This transition is accomplished in him and through him.

Bakhtin se insig in verband met die *Bildungsroman* verteenwoordig 'n belangrike aanvulling tot die antropologiese nisie van liminaliteit. Sentraal in hierdie aanvulling is die liniêre historisiteit van samelewings teenoor die sikliese tydsbeleving van tradisionele samelewings. 'n Mens sou kon suggereer dat die outeurs van die romans self onder die ekstreme stres van die post-koloniale ontwikkeling van Suid-Afrika geskryf het en dat hulle twee dimensies van hul ervarings en gewaarwordings in hierdie romans sou konkretiseer: aan die een kant die gewaarwording van 'n verwarrende en verlamme onderdompeling in die arena van botsende maatskaplike kragte van 'n onregverdige bestel, aan die ander kant die gewaarwording van 'n alternatiewe sosiale horison. Laasgenoemde word in die twee romans gekonkretiseer as die verwagting by die protagoniste van 'n oop, inklusiewe menslikheid. Waar die pa-karakter in *Valsrivier* dit in 'n moment van duidelike politieke identifikasie met die swart onderdrukte van Suid-Afrika laat sien, word dit in *o.a. Daantjie Dromer* deur Daantjie se identifikasie met die kulturele en musikale aspirasies van swart Amerikaanse musici geartikuleer. In beide gevalle word die kind-karakters as nie slegs passiewe "pasiënte" van die heersende orde in 'n voorafgestipulerde en beheerde deurgangsrute uitgebeeld nie, maar as bemagtigde agente; hulle is geworpe in 'n situasie en geteken daardeur, maar hulle is ook ontwerpers van 'n geantisipeerde toekoms waar ras, klas en geslagsordeninge van 'n onderdrukkende sisteem deur 'n vrye, skeppende en gelyke samelewing vervang sal word.

HOOFSTUK 3 - ANALISE VAN DIE ROMANS

3.1 Inleiding

Die analise van Goosen en Botha se romans val aan die hand van sekere vergelykingsmomente uiteen. Die vergelyking tussen die twee romans is gebaseer op die veronderstelling dat daar in elke roman 'n toestand van oorgang is. Die adolessent wat homself en die wêreld tydens 'n periode tussen kindwees en volwassenheid moet ontdek, is die sentrale gegewe wat in *o.a. Daantjie Dromer* en *Valsrivier* in die vooruitsig gestel word. Die verhale word as die hoofkarakters, Bubbles en Daantjie asook Dominique en Paul, se oorgang van kind na volwassene aangebied. In die verhaalaanbod is daar 'n beweging van die preliminale fase van skeiding na die liminale oorgangsfase en die uiteindelijke postliminale fase van heropname in die gemeenskap, 'n proses wat tipies is van wat Turner in sy studies beskryf. Die susterkarakters se prosesse lyk meer voltooid terwyl die broerkarakters se oorgangsprosesse gefnuik word. Paul steek vas in 'n liminale toestand en beweeg nie aan na 'n postliminale resoluie nie en Daantjie skep vir homself alternatiewe ruimtes om homself te isoleer. Albei karakters streef daarna om in oorgangsfases te bly steek en as't ware in die krake van die gesinsorde en samelewing te bivakkeer, eerder as om 'n oorgang te maak. Hulle verkies die drumpellewe en toon geen behoefte om 'n post-liminale ruimte te betree nie. Daar is 'n behoefte by hierdie karakters om nuwe bewussynsruimtes en -toestande te betree ten einde teen die werklikheid te skuil: ruimtes en toestande van vervoering, ekstase en vergetelheid.

Die inligting rondom persoonlike oorgang word in die analise van die twee tekste georden in terme van hul geding met outoriteit, tradisies en konvensies oor ras, politiek en godsdiens. Verder word die konsep 'liminaliteit' verruim om aspekte van die romankarakters se bestaan te dek, gesien dat hulle nie in 'n homogene of stabiele gemeenskap verkeer nie, maar in 'n heterogene maatskappy in krisis. As hulle momente van verandering of momente van marginaliteit ondergaan, is dit eintlik die krisis van die heterogene maatskappy waarin hulle verkeer wat hulle prosesse bepaal, eerder as dat hulle deur volwassenes deur 'n gestruktureerde deurgangsrite begelei word waardeur 'n terugkeer na 'n gelykblywende stabiele gemeenskap gewaarborg is.

Die transisionele skuif of verandering van die vyftigs tot die negentigs het te doen gehad met die installering van 'n demokraties-verkose mag. Historici is van mening dat die

verskuiwing van mag in die negentigerjare nie afgehandel is nie. Sosioloë soos Achille Mbembe (2001) en Ivor Chipkin (2007) beweer dat daar nog glad nie 'n transisie was nie en dat dit nog moet kom. Binne hierdie durende transisionele verandering as gevolg van die heterogeniteit van 'n situasie van asimmetriese magsverhoudinge wat besig is om van 'n wit minderheidsituasie na 'n swart meerderheidsituasie te verander, is daar outeurs wat probeer om wat met karakters binne hierdie momente gebeur, te beskryf. Die karakters wat in albei boeke in een hoekie van die heterogene maatskappy staan, is erg gekompromitteer. Die adolessensie van die kind word deur sosiale misstande vervorm. Die adolessent se poging om volwasse te word, is belas, belaai, gemobiliseer, gedruk en geperverteer deur die maatskaplike omstandighede waarin dit moet gebeur. Party van die karakters verwerk die druk moeiliker as ander. Die las, verwarring en komplikasies word moeiliker deur party deelnemers verwerk as deur ander. Waarna Bubbles en Dominique uiteindelik terugkeer, is nie 'n stabiele tradisionele gemeenskap nie. Hulle konformeer nie na iets wat vas is nie, hulle bevind hulle in die stroom na iets wat in transisie is. As Dominique teruggaan na die plaas om te kook, te borduur en gemeenskapswerk te doen, is laasgenoemde voorbeelde van aktiwiteite wat deur haar ouers voorgestel en begelei word en waarmee hulle probeer om hul visie van 'n nuwe bedeling wat nog moet kom, te help realiseer. Daarteenoor gee die broer-karakters die stryd gewonne. Hulle raak verward, val uit en raak ontheg van hul families. Dit is die stem van Marian Anderson wat aan Daantjie 'n alternatief vir Suid-Afrika openbaar. Vir Paul is daar geen plaaslike alternatief nie. Hy disintegreer letterlik onder die wringkrag van sosiale transisie.

Die vergelyking in hierdie studie betrek voorbeelde van boeke waarin die wit Afrikaanse letterkunde die rol speel van 'n soort "hof" van die gewete en die verbeelding wat die maatskaplike teenstrydighede van die land betref. Aan die hand van fiksie word 'n saak gestel en bepleit en skuldiges verdedig. Watter "saak" kan gestel word deur wittes uit hulle posisie van bevoorregting? Fiksie kan, dikwels in verskillende vorme en verpakkings, slegs 'n belydenis van medepligtigheid wees. Die boeke vervul die rol van "versagtende omstandighede" - naamlik die onvermydelike gegewe van kindwees binne in 'n onontsnapbare historiese gewrig. Die boeke is albei 'n pleidooi van verontskuldiging wat min of meer so klink: daar was kinders wat niks aan die toestand kon doen nie, wat onder ondraaglike sosiale spanninge moes opgroeï, hulle families was verskeur en onder druk, die kinders het sleg uitgeval en sommige het ten gronde gegaan, sommige het orent gebly, met die bietjie regskepenskap wat hulle vir hulleself kon wen en vashou uit die situasie. In hierdie

lig beskou het die leser van hierdie romans dus te make met twee vroulike skrywers wat op twee opeenvolgende punte in die politieke drama van Suid-Afrika (1993 en 2013) sin probeer maak van hulle min of meer persoonlike geskiedenis (Goosen in die 1950's en Botha in die 1980's) onder die druk van hulle eie kontemporêre belewenis van die nog steeds onopgeloste politieke teenstrydighede. Die romans hanteer twee wit gesinne, twee simpatieke fokalisators, twee gekonflikteerde hoofpersone, twee politieke omgewings op 'n kontinuum van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis, twee stelle inter-gesinskonflikte, twee roman-opbrengste van disintegrasie, verlies, oorlewing en herstel. Dit wat in beide gevalle "gered" kan word is twee gekompromitteerde stelle van 'n klein heldedom van oorlewendes en familie-solidariteit en solidariteit met die Ander waarvoor met 'n bepaalde soort stryd en skade betaal is. Die interessante is dat albei boeke die politieke probleme hoofsaaklik in terme van kleur probeer analiseer, nie hoofsaaklik in terme van klas en die werking van kapitalisme deur middel van winsbejag via uitbuiting nie. Die kritiese terme is hoofsaaklik dié van rassediskriminasie, daar word nie eksplisiet in terme van 'n klasse-analise geskryf nie, terwyl dit, gesien die kontemporêre belewenis van durende ongelykheid in Suid-Afrika, die voorkeur sou kon geniet. Die onderskeie fokalisators in die romans van Botha en Goosen, is wel opvallend van 'n verskillende klasse-agtergrond. Ras word eweneens bevoorgrond in die onderhawige jeugroman *Roet* waar die grootwordproses en die sosiale spanninge van die 1970's getematiseer word teen die agtergrond van 'n werkersklas-gesin. 'n Roman met 'n kind as fokaliseerder word aangebied as 'n belydenis van sy medepligtigheid aan die onreg wat gepleeg is teenoor swart Suid-Afrikaners.

3.2 *o.a. Daantjie Dromer (1993) – Jeanne Goosen*

3.2.1 Agtergrond

Die motto in *o.a. Daantjie Dromer*, 'n waarheid uit Lewis Carroll se *Alice's Adventures in Wonderland* (1865), lui as volg:

"You shouldn't make jokes," Alice said, if it makes you so unhappy."

Alice se woorde is aan die insekagtige karakter, die Gnat, 'n grapmaker, poetsbakker en 'n sogenaamde vriend gekoppel. Wanneer die insek homself letterlik uit die lewe sug, beweeg Alice onaangeraak en sonder enige verwyf verder. Goosen wil met haar motto twee belangrike aspekte aan die lig laat kom: Dit gaan oor grootword en die grootwordproses word teen 'n bepaalde agtergrond of tydperk beskryf. Goosen identifiseer met die skrywer, Carroll, wat te kenne wil gee dat hy eerder met die kind identifiseer as met selfbehepte, volwasse karakters soos die Gnat. Carroll gebruik humor om sy afkeer van die wêreld te toon en om sy plek in die wêreld te bely.

Sonder om te veel aandag aan Carroll se werk te gee, kan 'n belangrike tema in verband gebring word met hierdie studie, naamlik grootword. Die proses sluit verwardheid, onsekerheid en ans in. Alice verander in grootte, maar sy word nooit volwasse nie. Die volwasse kreature wat sy ontmoet, praat met haar, maar wat hulle sê, maak absoluut geen sin nie. Dit is Carroll wat die spot dryf met die pseudo-intellektualiteit van volwassenes van die Victoriaanse tyd waarin hy homself bevind het. Deel van Alice se probleem is dat geen van die nonsens ooit sin maak nie. Sy leer ook niks nie, al groei sy fisies en ontmoet sy verskillende karakters en kreature op haar wandeling deur Wonderland. Sy groei nege voet nadat sy koek geëet het, tog bly sy 'n kind, en sal moontlik vir altyd verward wees indien sy in Wonderland bly. Sy is vasevang in 'n redelose toestand, sonder begin of sinvolle einde.

'n Parallele situasie word in *o.a. Daantjie Dromer* herken: Die skrywer laat Bubbles vertel van haar volwassewording, maar sy laat haar tydens 'n spesifieke tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis (die jare vyftig) en die invloed wat dit op mense het, rapporteer. Sy spot, daag uit en lewer kommentaar op die geskiedenis en wil daarmee te kenne gee dat sy haar nie met die apartheidsamelewing kan identifiseer nie. Die ambivalente "wit vrees" met betrekking tot die Suid-Afrikaanse sosio-politieke omwenteling in die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994 is moontlik deel van die motivering vir die skryf van tekste soos *Ons is nie almal so nie* (1990) en *o.a. Daantjie Dromer* (1993). In

Goosen se werk gaan dit veel verder as net die rapportering en blootlegging van en etiese kritiek op heersende streng-hiërargiese en rigiede sosio-politieke strukture. In hierdie tekste word uitgediende koloniale/patriargale strukture (beide op persoonlike en politieke vlak) doelbewus gekonfronteer en selfbewus naak onder die soeklig gewerp en onttakel.

Waar die kritiese en politiebewuste Afrikaanse letterkunde van die tydperk 1976-1990 in wese 'n manier was waarop apartheid beveg is, het tekste soos Marlene van Niekerk se *Triomf* (1995) wat in die roerige tye rondom 1994 verskyn het, ook met die toekoms geworstel. Die sentrale motief in hierdie werke het te make met die versugting dat almal nie ten gunste van apartheid is nie. Onderdrukkende sisteme het in 'n toenemende mate onder skoot gekom en skrywers soos Goosen sit hierdie kritiek voort met karakters wat die onreg van apartheid aan hul bas voel. Hulle sien en ervaar dit wat diskriminerend is, maar voel magteloos om iets daaraan te verander. Dit is hoekom baie karakters hul al meer aan die samelewing onttrek en droom van 'n moontlike alternatief.

Die motto uit Carroll se boek is besonders insiggewend. Dit verrai die skrywer (net soos Carroll) se kritiek op 'n bepaalde gemeenskap. Skryf word voorgestel as bevestiging van die eie bestaan, as selfvertroosting, ook miskien as 'n manier om jousef en jou eie wortels te verstaan. Die motto is van toepassing op die verteller, Bubbles, aangesien sy al hoe meer ontnugter word deur die lewe as gevolg van spesifieke gebeurtenisse. Haar broer, Daantjie, word deur die mense van Tiervlei veroordeel as gevolg van sy verhouding met 'n bruin meisie. Die regering weier om 'n swart operasanger in Suid-Afrika te laat optree. Haar pa distansieer hom van die kerk en haar ouers dryf al verder weg van mekaar. Dit is veral haar gesin se toenemende geïsoleerdheid in die gemeenskap as gevolg van hul politieke siening wat lei tot die verteller se eie, persoonlike ongelukkigheid. Ontnugtering bring mee dat sy haar kinderlike onskuld stelselmatig verloor en sy aan die einde van die verhaal haar plek in die wêreld probeer vind en self kan besluit wat sy met haar toekoms wil doen. In die eerste deel van die boek word die leser deur die sestienjarige Bubbles Swanepoel as eerstepersoonsverteller ingelei in die gebeure. Die leser verkry 'n perspektief op die milieu waarin die Swanepoel-gesin hulself bevind asook die sosio-politieke gebeure wat tydens die vyftigerjare 'n sterk invloed op die gesin se lewe uitoefen. Opvallend van die eerste hoofstukke van die boek is die verteller se naïwiteit. Daarteenoor kom Bubbles beduidend minder naïef voor oor dit wat rondom haar plaasvind in die laaste hoofstukke. Aan die begin van die boek neem Bubbles slegs waar wat gebeur terwyl sy later reageer wanneer daar iets is wat haar nie aanstaan nie. Sy skryf die dinge neer wat haar bedroef maak en sy sê vir haar pa

dat sy nie meer oor "die simpel goed in die lewe" (DD 90) wil baklei nie. Sy spreek haar bekommernis oor haar ma teenoor Daantjie uit, omdat haar ma "dit van oral af" (DD 102) kry. Sy blameer haar pa vir Ansie se losbandige gedrag. "Watse voorbeeld stel hy as vader vir haar, en wat gaan sy doen as hy die dag nie meer hier is nie?" (DD 105) Sy maak die afleiding dat haar gesin in die moeilikheid is en dat die gesin se penarie ook te doen het met haar eie: "Dit gaan oor die hele lewe en ek weet nie hoekom nie." (DD 118) Laasgenoemde suggereer 'n soort ambivalensie wat sy as adolessent ervaar: daar is niemand verstandig om haar te begelei nie. Sy voel as't ware vasgevang in 'n soort "wonderland" met geen vooruitsig op 'n stabiele toekoms nie.

Die politieke werklikheid wat Goosen in haar boeke konfronteer, word in haar boeke verpak as temas. Die patriargale bestel speel 'n belangrike rol en karakters poog om vanuit dié sisteem te ontvlug. Rassisme en die apartheidsbestel staan sentraal in Goosen se werk. Die uitwerking van die Groepsgebiedewet (1950) word eerstehands deur die Swanepoel-gesin ervaar. Afrikaner-nasionalisme het 'n groot rol in Suid-Afrika se geskiedenis gespeel en was intens gemoeid met die opheffing van die arm Afrikaners. Die rol van die Nasionale Party wat in 1948 aan bewind gekom het, speel 'n belangrike rol in die konteks van die novelle, en so ook die ekonomiese verskille tussen ryk en arm wittes. Die Afrikaner se ekonomiese opheffing het na 1948 stelselmatig momentum opgetel. Daar het egter steeds 'n skeiding tussen die ryk en arm Afrikaners voorgekom. Die taalgebruik dien as goeie voorbeeld wat op die klasseverskil dui. Godsdienste en die effek wat dit op 'n persoon soos Daantjie uitoefen, is 'n belangrike fokus in die boek. Daantjie se bekering en die ommekeer wat dit in sy lewensstyl teweeggebring het, laat talle vrae oor die positiewe en negatiewe aspekte van sekulêre godsdienste soos charismatiese kerke en sektes, mediums, hipnotiste en predikers ontstaan. Die taalgebruik in die novelle dien 'n spesifieke doel sover dit die karakters aangaan. Die ongekunstelde Afrikaans wat deur die karakters gepraat word, word met 'n spesifieke sosio-ekonomiese klas vereenselwig – dit is die tipe taalgebruik wat deur 'n laer, minder geskoolde inkomstegroep gebruik sal word.

3.2.2 Kritiek op die samelewing

Volgens Aguirre et al. (2000) lewer die roman kommentaar op die kontemporêre sosiale konteks waarbinne die narratief geskep is. Met ander woorde dit is kontemporêre angste en onsekerhede wat teruggeprojekteer word op die verlede.

Die verset teen die samelewing word baie duidelik vergestalt in die beskrywing van die Daantjie-karakter. Daantjie is myns insiens die draer van die kritiek. Die *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendaal & Gouws, 2005) dui "draer" se figuurlike betekenis aan as: "Persoon wat op geestelike gebied iets bewaar, daarvoor sorg: Draer van 'n groot verantwoordelikheid, van 'n politieke idee" (2005:183). Daantjie is die draer van kritiek en bewaarder van 'n politieke idee. Hy herinner aan Sandra Botha, die ma-karakter in *Valsrivier*, wat deur Visser (2014) as die politieke gewete van die boek beskryf word.

Beide Bubbles en Dominique is die vertolkers van die broerkarakters se kritiek. Hulle is klankborde en tree op as behandelars of terapeute vir hul broers. Die skrywer manipuleer die vertellers om uiteindelik kritiek op die samelewing uit te spreek. So byvoorbeeld word Bubbles deur die skrywer gemanipuleer om sekere dinge van die jare vyftig raak te sien en te vertolk. Wanneer Bubbles by Daantjie wil weet of hy "gekys" (DD 15)⁵ is met Dawn, 'n bruin meisie, toon Daantjie sy irritasie met rasse-onderskeid: "Nee. Maar ek gaan aspris met haar uit omdat die kinders haar uitstoot. Van haar praat. Skinder. Sê sy is 'n halfnaatjie" (DD 15). Bubbles se interpretasie van ras, gevorm uit 'n Christelik-Nasionale propaganda van die tyd, spreek aanvanklik van onvolwassenheid. Sy reageer en sê "Ja, maar die Bybel sê ook iets van skape en bokke, jy weet" (DD 15). Daantjie word kwaad oor die engheid van haar uitspraak en toon sy onmiddellike afkeer. "Watse Here dien jy? Dis wat 'n mens binne is wat tel, nie wat die regering op 'n stuk papier skryf nie. Wie de hel is hulle in elk geval?" (DD 15-16).

Daantjie se striemende kommentaar op die regering se besluit om die optrede van Marian Anderson, 'n swart operasanger, in Suid-Afrika te verbied, wek by die leser simpatie. Nêrens word die outeur se afkeer van die regering se beleid oor swartmense so sterk verwoord as in Daantjie se reaksie op die regering se besluit nie: "Ek was bereid om my hele maand se geld te gee om Marian Anderson te hoor sing. Ek was van die eerstes wat by die Alhambra geboek het. Nou mag sy nie meer kom nie. Die regering het uitgevind sy's 'n neger. Sy is 'n all-black, swart soos ons swartes" (DD 33). Sy teleurstelling is groot en sy frustrasie word teenoor sy suster uitgespreek: "Wat help dit? Wat help enigiets? Ek kan alles verstaan, apartheid ook op 'n manier, waarom daar seker so iets móét wees in hierdie land, maar die Here weet, daar's tog uitsonderings" (DD 33). Sy simpatie teenoor Anderson is duidelik:

⁵ Bladsyverwysings uit *o.a. Daantjie Dromer* sal voortaan as DD aangetoon word.

"Sy's nie sommer maar net nog 'n versukkelde outcast nie. Hulle móét darem wragtag uitsonderings kan maak in hierdie land!" (DD 34).

Die regerig se hantering van die Anderson-insident is 'n belangrike moment in Daantjie se lewe as jongvolwassene. Sy ontevredenheid met die heersende politieke toestand lei tot die skep van 'n alternatiewe ruimte waarin hy homself onttrek van die politieke omstandighede wat hy moet verduur en waaraan hy blootgestel word. Hy kan hom nie met die regering se besluite vereenselwig nie: "Die regering besluit nou oor alles en almal en almal sê net ja baas vir hulle." (DD 34). Daantjie skroom nie om teenoor sy suster sy verset teen die regering uit te spreek nie: "Elke blerrie laaste Vrydag moet ek soos Piet Snot gaan dril op Groentemarkplein. Dis nou vir hierdie regering wat my nie toelaat om na Marian Anderson te luister nie." (DD 34). Vir Daantjie kom die regering se besluit neer op die stroping van sy identiteit. Teenoor Bubbles sê hy: "Weet jy hoe voel 'n ou in daardie uniform? As ek dit aanhet, weet ek nie meer wie ek is nie" (DD 34). Hy voel ook bang en verward dat hy sulke gedagtes koester: "En omdat ek sulke gedagtes het, voel ek aanhoudend bang, so asof iemand my oor iets gaan uitvang" (DD 34).

Bubbles vertolk haar broer se verset en vind dit geregverdig. Sy kan haar met haar broer se uitlatings identifiseer en 'n waarde-oordeel daarvoor uitspreek. "Die goed wat hy sê, is waar. Ek is aan sy kant. Hy kan alles so goed verduidelik" (DD 34). Die leser lei af dat Bubbles moontlik dieselfde verset ervaar maar dit, volgens haar, nie altyd so goed kan formuleer nie. Die skrywer manipuleer die Bubbles-karakter egter as die waarnemer en interpreteerder van gebeure, as tolk en vertolker van Daantjie se krisis. Die manier waarop sy waarneem en vertel, lewer uiteindelik kommentaar op 'n bepaalde agtergrond, die Suid-Afrika van die vyftigerjare. Dit kan toegeskryf word aan die skrywer se plan met die aanbod van stemme in die boek.

3.2.3 Die skep van droomwêrelde

Goosen se roman bied 'n ware galery van alternatiewe werklikhede waarna die vasgekeerde karakters probeer ontsnap. In *o.a. Daantjie Dromer* slaag Goosen daarin om "afwykende" karakters te skep, mense wat tussen die krake van die samelewing val, figure wat hulle op die rand van die polities-konforme gemeenskap vind. Hierdie karakters verteenwoordig 'n verset teen die samelewingstruktuur en onttrek hulle daarvan deur alternatiewe wêrelde te soek. Só

byvoorbeeld is daar Mossienes Maritz. Die kinders noem hom so omdat hy 'n wilde baard het. Hy is 'n beduiwelde man wat Saterdaggaande in die dorp se hotel dronk word.

Alternatiewe word nie alleen deur die volwassenes opgesoek nie, maar ook deur die kinders. Hulle soek dit in speel en droom. So word daar deur die verteller redelik aandag gegee aan die sewejarige Ansie, wat 'n fantasiewêreld van haar eie skep. Sy grou gate in die grond en bêre skatte van stukkies glas en optelgoed daarin. Die kinders van Duffstraat (die direkte omgewing van die roman) klim in hierdie gate, asof hulle wegkruip van 'n wêreld met 'n gewelddadige pa of 'n ma en pa wat gedurig baklei. Wanneer Mossienes Maritz vir die Swanepoels gaan wys waar die kinders speel en wat hulle doen, is Joey geskok omdat dit blyk dat die kinders stokkiesdraai. Daantjie se interpretasie van Ansie se gedrag verklap iets van sy eie onsekerheid: "Wanneer 'n mens onseker is, neem die onderbewussyn oor. En dis wat hier gebeur het. Met Ansie. Sy skep nou haar eie wêreld. Sy maak "secrets" diep onder die grond omdat dit al is wat sy kan vertrou" (DD 114). Hy identifiseer volkome met die skep van 'n alternatiewe ruimte en verskaf die redes daarvoor aan sy ma: "Ma, die lewe is lelik daarbuite. Vra my. Ek sien dit elke dag. Ansie maak patrone in gate. Sy maak iets moois in 'n lelike wêreld" (DD 114). Daantjie sien die onreg wat daar teen bruinmense gepleeg word. Die skrywer gee enkele voorbeelde hiervan soos die bure wat kla oor 'n bruinman wat die Swanepoel-gesin se toilet gebruik of bruinmense wat nie op die strand mag kom nie. Gesien teen die agtergrond van die Suid-Afrika van die jare vyftig, kan die "lelike wêreld" waarna Daantjie verwys 'n samelewing wees wat deur apartheidswette beheer en gemanipuleer word. Hy sien ook diesulkes raak wat, net soos hy, gekant is teen die wet, maar te bang is om iets daaraan te doen.

Wanneer mense "secrets" maak, is daar redes waarom hulle hulself nie met die werklikheid kan vereenselwig nie. In *o.a. Daantjie Dromer* (1993) word redes vir die soeke na 'n alternatief deur die verteller via diskussies oor musiek en godsdiens aangebied. Daantjie se ontevredenheid met die kerk en staat lei tot 'n soeke na alternatiewe. Hy sien hoe onregverdig bruinmense hanteer word: "Die hele wêreld is uit op die strand. Wat moet kleurlinge doen? Kom hulle op die strand, word hulle weggejaag. (...) As jy bruin is, is jy broos (... .) Of jy nou die wet oortree of nie! Die lewe lê vermors onder die staat se duim." (DD 87) Daantjie se pa spreek ook 'n waarheid uit oor die lot van bruinmense. "Die wet is bang vir alles wat nie wit is nie (... .) Maar wat my gat se deksel is, hoekom vervolg en straf jy dan mense so vir wie jy bang is" (DD 87). Ook in hierdie uitlating kan die skrywer se plan gesien word om deur middel van die karakters stem te gee aan haar eie verset.

Die Swanepoel-gesin verduur ook straf en vervolging as gevolg van sy lede se alternatiewe houdings en gedrag. Die gesin se marginalisering is die gevolg van hul alternatiewe politieke gesindheid. Blas Munnik, die ouderling, verwoord die gesin se uitsluiting van die gemeenskap met sy opmerking oor Piet, die bruinman, wat Saterdag in die Swanepoels se tuin werk: "Die mense praat" (DD 50) omdat hy dieselfde "gemakhuisie" (DD 51) as hulle gebruik. Die gesin se verhouding met hul tuinhulp word deur die Tiervleiers afgekeur en as gevolg daarvan word hulle geïsoleer. Bubbles merk op: "Niemand groet ons meer in die straat nie. By die skool sien ek ook die kinders staan in groepies en as ek aankom, bly hulle stil" (DD 51).

Bubbles word 'n buitestander wat met ander randfigure identifiseer, soos met Spitfire, die Ier, wat ná skool saam met haar huis toe loop. Sy vereenselwig haar met Priem se wysheid oor buitstanderskap: "'n Mens vat maar 'n dop en doen jou eie ding" (DD 51), sê Priem. Sy verstaan wat Priem bedoel as hy 'n bekende wysheid oor die lewe kwytraak: "Lag en die wêreld lag saam met jou, huil en jy huil alleen" (DD 51).

Bubbles se waarneming verteenwoordig 'n sterk oordeel oor die omgewing waarin sy en haar gesin hul bevind. Sy wens hulle kan wegtrek: "Sommer net na 'n ander plek toe waar mense darem iets van ordentlike musiek af weet. In Tiervlei is dit net 'n geploeter en almal is tevrede met elke dag se ordinêre, plat dinge" (DD 59). Dit is hierdie versugting na 'n beter plek wat karakters in hierdie verhaal hul eie ontvlugtingsruimtes laat skep. Daantjie ontsnap in musiek, sy kamer word die fisiese ruimte waarin hy vir homself 'n droomwêreld skep. Die pa hou hom besig met blomme, die ma ontsnap in die betowering van rolprente en 'n buite-egtelike verhouding. Hierdie ruimtes kan beskryf word as tydelike tussentoestande wat dien as oorlewingsruimte in 'n groter maatskaplike omgewing waarin karakters gekompromitteer voel.

3.2.4 Bubbles - angstige tussenganger

Die Bubbles-karakter se wordingstoestand bepaal nie alleen die manier waarop sy die verhaal aanbied nie, haar oorgangsituasie bepaal ook haar verhouding met en optrede teenoor ander mense. In hierdie afdeling word Bubbles se ontwikkeling van kind na volwassene en die wyse waarop sy as wordende karakter⁶ optree, bespreek.

⁶ Die wordende karakter in 'n 'coming of age'-roman of drumpelkarakter, Carstens (2007)

Bubbles se naïewe wyse van vertel is geanker in haar verhouding met haar broer, Daantjie. Die verteller gee haar afkeer van die wêreld via haar broer se reaksie op die werklikheid. Hierdie soort karakters verteenwoordig dikwels, soos reeds genoem, aksente van die outeur se interne teater. Bubbles en haar broer verteenwoordig twee kante van die afkeer van die samelewing. Dit is Bubbles se eie identifikasie met haar broer wat maak dat sy hom so simpatiek kan voorhou. Sy noem dat hy vier jaar ouer as sy is en dat sy groot bewondering vir hom het. In haar vertelling spog sy met hom: Hy stel belang in sielkunde. Hy het al Dale Carnegie se boeke en 'n boek van Norman Vincent Peale gelees. Hy stel ook in hipnose belang en Bubbles wys haar toegeneentheid deur op te merk: "Dís nou 'n interessante iets daardie" (DD 14). Die leser word bewus van haar idealisering van haar broer. "Daar is nie 'n vertoning van Paul Ellewee wat hy mis nie" (DD 14).

Daar is 'n suggestie dat sy vir haar broer omgee en selfs vir hom opkom. Sy noem dat Daantjie ná skool in die Tegiese Kollege uitblink. Sy klink trots wanneer sy vertel dat hy "net skielik vlamgevat" (DD 14) en "koers gekry" (DD 14) het. Sy getuig met sekerheid: "Daantjie is 'n smart ou, al moet ek dit self sê. Die mense spot hom wel agter sy rug, lag hom uit, sê hy is snaaks, funny. Maar Duffstraat is maar lekker trug op die brug" (DD 15). Sy kies sy kant, gee te kenne dat Daantjie se intellektuele vermoëns "te heavy" (DD 15) vir die mense van Duffstraat is, dat hulle hom nooit sal verstaan nie.

Haar gefassineerdheid met Daantjie word duidelik in haar fyn waarnemings van hom: "Ek luister na die woorde wat by my broer se mond uitkom. Sy hande bewe en sy oë blink soos albasters" (DD 21). Dit is sy andersheid wat haar opval. Sy is in vervoering oor die klassieke plate wat hy speel, en wanneer die bure oor die harde musiek kla, is sy bereid om hom te verdedig.

Daar is by Bubbles 'n heldeverering vir Daantjie. Sy bewonder hom vir sy insig en sy dink hy is baie slim: "Sy kyk lank na Daantjie. Hy is great. Hy kry oor die 90% vir sy eksamens. Hy moet iets in sy kop hê" (DD 39).

Bubbles se bewondering vir haar broer is tipies van tienersusters en al kritiseer hy haar, verkies sy sy geselskap bo dié van die kinders wat in die straat speel. Daantjie dink sy is nog onvolwasse en sê: "Bubbles ... [j]y is nog te, hoe kan ek nou sê ... te ligsinnig. Jy is nie ernstig genoeg nie. Jy maak ook alles net halfpad klaar" (DD 22).

Die leser word ook bewus van haar onvolwasse emosies. Sy huil dikwels en kan die gevoel van knaende hartseer nie verklaar nie. Sy sonder haarself af in haar kamer in 'n poging om van haar bekommernisse te vergeet: "Miskien moet ek doen wat Daantjie doen, 'n merk

maak op die plafon. Dan konsentreer ek, my onderbewussyn neem oor en my bekommernisse verdwyn soos mis voor die son" (DD 31). Sy is 'n soekende persoon wat in die huis rondwaal en in die kaste en laaie krap. "Ek soek iets, maar ek weet ook nie wat nie" (DD 31).

Dit is duidelik dat Bubbles verward voel en afgeskeep is in die werkersklasgesin waar kinders aan hulself oorgelaat word. Hier is ouers werkende en kinders is aan hul eie eksperimentering oorgelaat. So kom sy byvoorbeeld op haar ma se spoelapparaat wat voorkom dat 'n mens swanger word af. Wanneer sy probeer vasstel hoe dit werk, volg daar 'n intense seksuele gewaarwording. "Ek gaan staan voor die lang spieël met die pyp. Ek kyk na myself. Ek hou die dik kant met die sproeikop in die palm van my hand, streek dit met my duim en voorvinger. Dis 'n geheim en die geheim maak my hele lyf warm" (DD 32).

Die ontdekking van die self is nie net fisies nie; daar is ook 'n innerlike ontwaking. Sy voer dikwels 'n innerlike gesprek waarin sy sin van die lewe probeer maak. Sy word kwaad wanneer Daantjie haar daarvan beskuldig dat sy nie met dinge deurdruk nie, en sy dink: "Hoor wie praat. Daantjie Dromer, Duffstraat se alwyse guru." Partykeer krop die emosie in haar op en sy bars uit in trane. Haar broer maak dit af deur te sê: "Dis net Sturm und Drang" (DD 23).

Bubbles probeer verstaan hoekom sy ongelukkig voel. Wanneer Daantjie verduidelik wat passie beteken, besef sy dat hartseer vervang kan word. "Dis soos iets van in, diep binne-in musiek (...) jy voel jy dryf en jy voel jy't iets groots ontdek, net so, nét so, dan is alles weer weg. Jy bly alleen oor, maar jy't iets ontdek en jy weet jy het daardie iets nodig, sielsnodig" (DD 21).

Sy besef haar hartseer het te make met haar ma se wens vir haar om te gaan verpleeg. Verpleging is nie haar passie nie, en sy besef dit is iets wat haar ma nog altyd wou doen. Wanneer sy probeer sin maak van die wêreld en uit te werk wat haar passie is, ontdek sy 'n innerlike stem: "Niemand sal ooit verstaan nie, sê ek vir myself in my binneste" (DD 25).

'n Groot deel van Bubbles se angstigheid is haar ouers se verbrokkelende verhouding. As onderhandelaar wat tussen die lede van die gesin bemiddel, kom sy na Daantjie om sy raad in te win. "Wat sal jy doen as jy moet uitvind jou ma verneuk jou pa met 'n ander man?" (DD 37). Daantjie maak dit af as sy ouers se oorgangsjare en sê: "[D]aar kom 'n tyd in 'n man en 'n vrou se lewe, hulle sê dis die oorgangsjare [D]an word hulle nes teenagers, kyk rond, soek aandag. Die vrouens begin hare perm en die mans begin soos kropduiwe pronk" (DD 38).

Die Bubbles-figuur word uitgebeeld as 'n gevoelige kind met 'n vermoë tot empatie. Wanneer daar spanning tussen die ouers is, is dit Bubbles wat as tussenganger probeer optree. Sy is bewus van die verwydering tussen haar ouers en merk op dat hul huwelik nie meer is wat dit moet wees nie. Haar pa bly dikwels weg van die huis om saam met Priem in die kroeg te sit en drink. Haar ma, Joey, voel hy ondersteun haar nie en blameer hom vir Ansie se vreemde gedrag. Bubbles is bewus van haar ma se lyding. Sy hoor haar skel en sien hoe sy emosioneel afgetakel raak. Sy ervaar haar ma soos sy haar nog nooit gesien het nie: Sy gee vir Ansie 'n pak slae. Haar ma se uitbarsting ontstel vir Bubbles. As sy Ansie klaar pak gegee het, sê sy: "Lê mos bedags in die strate rond, nè. En dit terwyl jou ma haar afsloof vir jou. Kyk hoe lyk my voete al, deurgestap en geswel – alles vir julle kinders" (DD 57). Haar ma wil met haar pa praat, maar hy maak dit af as "oorgangsjare" (DD 58). Joey voel sy kry nie die ondersteuning van haar man in hierdie krisis nie. "Soos al die jare nog maar is dit nou weer arme ek wat met die moeilikheid sit. Al die jare was dit ook maar net ek wat moes gesorg het dat die kinders reg grootkom" (DD 61). Haar pa se onsimpatieke houding teenoor haar ma wek Bubbles se simpatie. Sy probeer dit te verwerk met 'n kwasi-diepsinnige cliché vir haar ma se ongelukkigheid – sy noem dit 'n "sielestryd" (DD 57). Haar pa se voorneme om Ansie met huiswerk te help is ook van korte duur. Kort voor lank is hy saam met Priem terug in die kroeg by die Central hotel.

Bubbles het simpatie met haar pa; hy is 'n goeie man en het volgens haar "sy goeie punte" (DD 65). Al gaan hy nie kerk toe nie, is hy 'n groter en 'n opregter Christen "as baie van die wat Sondae hier voor ons huis verbystap met die witter-as-sneeu dasse en die Bybel onder die arm" (DD 101). Op haar sewentiende verjaarsdag kerm sy by haar pa dat sy nie meer vir "die simpel goed in die lewe" (DD 90) wil baklei nie. Sy is moeg daarvan dat haar ouers so baie stry. "En in Ma se oë kan Pa ook nooit iets reg doen nie" (DD 116). Daantjie se raad is dat haar ma 'n slag meer aandag aan haar pa moet gee.

Bubbles wil wegom van wat haar hartseer en angstig maak. Sy wil nie meer die onseker en ongelukkige kind wees nie en sy deel hierdie versugting met Daantjie: "Ek wil my hare laat groei Dan wil ek dit in 'n French roll agter my nek kam, en met 'n baie exciting ou uitgaan. Miskien 'n Spanjaard, maar nie met iemand van hier nie" (DD 39). Sy bieë ook teenoor haar broer dat sy van Tiervlei se middelklasbestaan wil wegom en veral weg van die Afrikaner met wie sy nie kan identifiseer nie. "Afrikaners is so plat, so ordinêr, so simpel, common, en almal is so, hoe sal ek sê, so middelklas" (DD 39). Sy deel haar drome met haar broer: "Ek wil heel bo uitkom. Ek wil soos Marian Anderson sing: 'Softly awakes my heart',

jy weet, só, so deur my neus, net effens en met 'n keel wat vol seewater is" (DD 39). Haar adolessente verbeeldingsvlugte word 'n verlange na pyn, smart en selfs die dood: "Ek speel 'n stuk van Chopin. Ek druk 'n akkoord. Ek verbeel my ek het toring. Ek buig vooroor. Ek hoes. O, ek hoes bloed" (DD 40). Haar verbeeldingsruimte word gekenmerk deur eensaamheid, soos in die woorde van 'n lied. "In my dreams our lips are blending,/ Will my dreams be never-ending/ Will your memory haunt me till I die/Alone am I/deep into the night/aiting for a light/Alone am I, alone am I ..." (DD 40).

Daantjie onttrek hom van die werklikheid en skep sy eie droomwêreld. Dit word ook háár ontvlugting. Sy raak versot op Marian Anderson se stem wat uit haar broer se buitekamer gehoor kan word en sy begin die woorde herken en begryp. Dit raak haar diep en sy wil iets neerskryf op 'n stuk papier, 'n gedig "met groot woorde" (DD 88) wat mense sal verander. Tog voel sy sy het nog nie die woorde wat nodig is om dit te doen nie. "Dit lyk my as jy suffer, soek jy woorde" (DD 88).

Vir Bubbles is dit Daantjie se musiek wat vir haar 'n korrelaat is van hoe sy voel. Haar gevoelens wissel met die soorte musiek wat sy op grond van Daantjie se aanbeveling beluister. Dit is nie meer net Marian Anderson se woorde wat haar gevoelens verwoord nie, want Daantjie luister ook klassieke simfonieë. Hy beskryf Beethoven se musiek aan haar as musiek "vol donker passie en woelinge" (DD 104). Daar is 'n suggestie dat Bubbles en Daantjie iets waarmee hulle kan identifiseer uit Beethoven se stormagtige lewe en lyding haal.

Daantjie se onttrekking aan die samelewing, haar pa se distansiëring van die kerk, haar ma se buite-egtelike verhouding en Ansie se vreemde gedrag is die faktore wat Bubbles uiteindelik laat beseef dat haar gesin in krisis is. Dit hou haar snags wakker en sy sukkel om die angs te verwoord. "Dit gaan oor die hele lewe en ek weet nie hoekom nie. Alles lyk groot en klein terselfdertyd" (DD 118).

Bubbles se besluit om nie verpleging te gaan doen soos haar ma wil hê sy moet nie, beteken dat sy gereed is om haar eie toekoms as volwassene te bepaal. Sy is gereed om uit die versmagtende selfkoestering van die adolessensie te tree en aan 'n mondige gemeenskap waarin jongmeisies eerbare beroepe vul, deel te neem. Haar liefde vir kuns en musiek voorspel die rol wat sy as volwassene gaan vertolk: "Daar is dinge wat ek weet. Byvoorbeeld: ek sal nie vir altyd in Duffstraat woon nie." Sy klink nie meer soos die angstige tiener nie. Sy weet wat sy wil hê. "Eendag sal ek na ver plekke toe gaan: P E, Johannesburg, Durban. Oorsee. Parys en die Alpe" (DD 135).

Bubbles sal waarskynlik net soos haar ma die teenstrydighede van 'n eksklusiewe wit bestaan in Afrika met 'n vergeefse en patetiese geïdealiseerde opvatting van Europa as kulturele sentrum probeer tegemoet tree. Die moeder doen dit met haar gereelde besoeke aan die rolprentteater en Bubbles doen dit met kuns en kultuur, iets wat met Europa en Parys te doen het. Die skrywer wil aantoon dat hul belangstellings patetiese ontsnappingspogings vol patos is en dat dit strewes is om met iets hoërs te identifiseer. Deur Bubbles die verteller te maak, en haar te manipuleer, wil die skrywer haar eie patetiese verlange na 'n andersheid (die andersheid van die wit eksklusiewe bestaan in Afrika) verwoord. Sy assesseer dit met hoërklas, Europese kunsomgewings. Waar die moeder tevrede is met die gewone, alledaagse kunsvorm soos die rolprent, is daar by die dogter 'n hopelose uitreik na iets totaal anders en uniek buite hierdie wêreld. Dit is ook wat die verteller van Daantjie wil laat sien. Hy is net op 'n baie meer radikale manier besig om om hom heen te gryp. Wat die skrywer wil laat sien, is hoe geïsoleerd die karakters is en met watter idees van self hulle grootword.

3.2.5 Daantjie – "weg in 'n ander wêreld"

Soos vir Bubbles, is daar vir Daantjie eweneens nie 'n tipiese oorgang na volwassenheid nie. Daar is eerder 'n onvoltooide oorgang, 'n keuse om die tussengebied deur die skep van 'n alternatiewe ruimte te bly bewoon. Daar is sprake van geperverteerde oorgange⁷ by karakters, 'n kenmerk wat die duidelikste deur die Daantjie-karakter vergestalt word.

Daantjie vind 'n alternatief vir die gewone in 'n alternatiewe kerk. Hy beleef 'n godsdienstige inkeer onder die leiding van J William Powell, 'n Amerikaanse Baptiste-prediker en word meegevoer deur die invloed wat die prediker op hom en ander Tiervleiers het. Daantjie kom onder die invloed van hierdie charismatiese karakter, 'n man van God wat met "snaakse lig in sy oë" en met die Gees wat hom "binnegekom" en "verower" het, preek. (DD 60).

Hierdie invloed bring 'n radikale verandering by Daantjie mee. Hy gee sy versameling strokiesverhale (*comics*) weg, en begin sy ma as "Moeder" aanspreek. Sy ma is bekommerd oor sy gedrag, wonder of hy dalk 'n "Bybelstorm" (DD 61) beleef en dat hy dalk mal word. Sy pa maak dit af as 'n fase, iets wat sal oorwaai, "groeipyne" (DD 61).

⁷ Sinoniem vir verdraaide of onvoltooide oorgang waar karakters nie na die post-liminale fase vorder nie

Bubbles se gefassineerdheid met haar broer vind neerslag in beskrywings wat veel van sy aard openbaar: "My broer is vir my die boeiendste mens wat leef Hy beweeg buite die grense van die gewone wêreld. Hy gaan met pyn om soos 'n mens met vreugde omgaan" (DD 62-63).

Hy inspireer haar uiteindelik om ook te droom. Vir Bubbles gaan dit oor die maak van tekeninge, en deur te teken ervaar sy ontvlugting. Ook in haar tekeninge kom die tema van droom en ontvlugting na vore. Sy teken 'n ou man wat tussen wilde-eende bo in die lug sweef, 'n voël "wat in die lug op sy vlerke droom" (DD 62). Haar ma merk op dat sy haar van die belangrike dinge in die lewe onttrek: "'n Mens kan nie van teken alleen lewe nie, Bubbles. Daar is ander dinge in die lewe ook" (DD 63). Sy verkies teken bo haar ma se "belangrike dinge in die lewe" (DD 63), soos om te besluit wat 'n mens ná skool gaan doen. Haar ma vermaan haar dat sy aan haar toekoms sal moet dink en sy stel voor dat sy 'n kursus in verpleging volg.

Daantjie eksperimenteer met praktyke en gedraging uit die werkkultuur van Amerikaanse swart mense. Hy speel met aksente: "Hope," sê hy, "kept mor-r-r-e people alive than all the doctor-r-s in the wor-r-ld. Pr-r-aise the Lor-r-d" (DD 65). Daantjie se inlywing in hierdie alternatiewe kerkruiimte word met sy doop bevestig. Dit laat Daantjie se ma effens bedaar, al moet sy aanmekeer rook en haar self gedurig troos deur te glo dat Daantjie se optrede "groeipyne", of 'n soort gier is. Joey se bekommernis oor haar kinders se toetrede (oorgang) tot volwassenheid blyk duidelik uit die volgende versugting teenoor Lehmann, 'n gas by die doop: "Tot so ver het my spruite nie te sleg uitgedraai nie, maar ek sê net, tot so ver. Eintlik het ek nog groen koring op die land. Ek kan maar net hoop en bid. En die Here dank as hulle goed anderkant uitkom" (DD 69).

Dit is vir Joey duidelik dat alles nie in orde is met haar kinders nie. Ook vir die leser is dit duidelik dat 'n mens hier karakters vind wat haperende of selfs geperverteerde adolessente situasies beleef. In plaas daarvan dat Daantjie as volwassene in die gewone lewe opgeneem word, steek hy in 'n tussenruimte van delirium en ekstase vas. Bubbles neem dit angstig waar. "Hy praat sonder ophou. Elke keer hoor ek hom sê 'Hêppiness'. Hy skitter soos 'n appel en sy oë blink soos albasters. Dit maak my nogal op so 'n half snaakse manier bang" (DD 70). Wat Bubbles hier waarneem, is Daantjie se narsistiese adolessente selfverheerliking. Sy gesigsuitdrukking verteenwoordig ook haar eie verwarde selfbeheptheid. Waarmee adolessente dikwels worstel, is hoe hulle hulself weer in 'n skaal moet inpas waar hulle nie altyd bemagtig voel nie.

Daantjie dink hy bevind hom in 'n toestand van verhewendheid, maar dit is eerder 'n toestand van swymelende vervoering. "Sy skoene blink soos twee nagligte in die donker gang. In die donker lyk dit asof sy ooglede afgesny is. Ek wil iets sê maar ek weet nie wat nie" (DD 70). Nie alleen is sy angstig oor wat met Daantjie aan die gebeur is nie, sy sien hoe haar pa al hoe meer afsydig begin raak en sy betrap haar ma met 'n Italianer by die werk. Die Swanepoel-gesin is in 'n krisis en die kinders het nie meer 'n stabiele omgewing waarin hulle tot volwassenheid kan groei nie.

Die gedurige bakleiery rondom Bubbles se toekoms help ook nie en Daantjie staak sy klasse by die Tegniese Kollege. Hy sluit hom toe in sy kamer, eet nie en luister heeldag musiek. Sy ma verstaan nie sy gedrag nie en voel magteloos omdat hy vir die wêreld wegkruip. "Haar lippe het aanhoudend geroer, maar sy kon nie 'n woord by haar mond uitkry nie" (DD 75). Joey wil haar seun se kamerdeur met haar kaal hande oopbreek, maar Bertie keer: "Julle los hom uit, want hy het dinge om oor te dink. Gaan neuk nou met hom en hy is vir goed verlore" (DD 76). Dit is presies wat kan gebeur as adolessente in onstabiele omgewings probeer grootword. Hulle verkeer onder druk en verkies om hulself van samelewings te onttrek. Hierdie gedrag word ook in die karakter Paul in *Valsrivier* waargeneem. Sy verset teen die samelewing loop uit op 'n losbandige lewenskeuse wat op selfvernietiging afstuur.

Die leser sien dat Goosen allermens 'n model van mondige volwasse begeleiding van neofiete na 'n volgende lewensfase hanteer. Eerder laat sien sy die prekêre (wisselvallige), emosionele toestand van adolessente in 'n gefragmenteerde werkersklasgesin. Sy openbaar deur patetiese soeke, projeksies en idealiseringe hoe sy die toestand van die Suid-Afrikaanse politiek probeer verkrop.

Wanneer Daantjie na twee dae uit sy kamer kom, is daar sprake van 'n transformasie. Hy dra 'n pak en 'n das en Bubbles merk op hoe uiters maer hy geword het (DD 77). Die ouers is verheug oor Daantjie se terugkeer. Daar is trane in die pa se oë en die ma kom met lekkernye van die werk af en kook "dat die rookwolke by die kombuisdeur uitborrel" (DD 77). Bubbles merk iets anders by haar broer. Hy lees nie meer Dale Carnegie nie, maar ernstige boeke. Dit is egter Bubbles se insig wat die suggestie laat dat haar broer nie toetree tot die volwasse gemeenskap nie. Sy merk op: "Op 'n manier sal hy altyd so wees, 'n halfgewaste profeet wat met 'n overdose passion, min geld en baie nuuskierigheid leef."

Daantjie se ander alternatief vir 'n werklikheid waarin hy nie deel voel nie, is lees. "Ek lees en ek lees en ek lees (...) en die boeke vertel my niks nie. Wat ek soek, staan nêrens

aangeteken nie" (DD 78). Hy soek antwoorde in Dale Carnegie, die Bybel en die Baptiste-kerk, maar kry nie wat hy soek nie. Hy praat nie meer oor godsdiens nie en teenoor Bubbles bieg hy: "Godsdiens het vermaak geword, én towerspel én mag" (DD 78).

Die droomtoestande of ruimtes waarin daar weggekrui word, suggereer uiteindelik dat daar nie 'n oorgang na vermeende of gewaande "normaliteit" is nie. Daantjie val in die foutlyne van 'n kultureel-verskrompelde laerklas, eerder as dat hy opgeneem word in 'n mondige omgewing. Hy skep alternatiewe ruimtes waarin hy troos soek, eerder as om toegang te soek tot dit wat hy met enige regverdigbaarheid verag. Die herintegrasie tot die gemeenskap vind nie plaas nie omdat die samelewingstruktuur nie vir hom aanvaarbaar is nie. Op hierdie manier word die tussentoestand van adolessensie die wyse waarop die skrywer kritiek lewer – in morele, kulturele en rasionele opsig – op die volwasse wêreld van verval, vervlakking en trivialisering (onbenulligheid) van 'n moontlik voller, verbeeldingryke bestaan. In terme van die roman is hierdie bestaan nie in die toenmalige heersende politieke en maatskaplike toestand moontlik nie. *Bildung* word in feite vervang deur 'n haperende en fragmentariese outodidaktiek, aangeklam met misplaatse verlangens na Europese of Westerse estetiese en intellektuele beleving.

3.3 Valsrivier – Dominique Botha

3.3.1 Suid-Afrika in 'n toestand van oorgang

Net soos in Goosen se verhaal, lewer *Valsrivier* kommentaar op 'n bepaalde samelewingstruktuur. Suid-Afrika het vanweë die historiese omstandighede in die jare negentig van die vorige eeu bepaalde eienskappe van oorgang en transformasie getoon. In *Valsrivier* word daar na die jare vóór 1994, die aanloop tot die eerste volledige demokratiese verkiesing in Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande toestand van onsekerheid en verwagting verwys.

In 'n redaksionele inleiding van *Literator* (2006), "Oor die Drumpel: liminaliteit en literatuur," verwys die skrywers Hein Viljoen en Chris N. van der Merwe na Suid-Afrika in die 1990's as 'n land in 'n tussenfase.

In die negentigerjare van die vorige eeu het Suid-Afrika die wêreld verstom deur die staking van oorlogsaktiwiteite en die onderhandeling tussen die vroeëre vyande aan 'n oorgangsgrondwet wat uiteindelik sou uitloop op vrye verkiesings, 'n volledig inklusiewe demokrasie en 'n nuwe, progressiewe grondwet. 'n Deurslaggewende drumpel is bereik waardeur die bekende wêreld van die apartheidsjare onherroepelik agtergelaat is en 'n onbekende nuwe tydvak betree is. Dit is sowel 'n einde as 'n begin. (*Literator*, 2006:ix)

Viljoen en Van der Merwe (2006) beskryf Afrikaners met progressiewe idees as besonder sensitief vir wat buite die strukturele parameters van die ou stabiele sosiale strukturering van apartheid val.

In *Valsrivier* reageer karakters op 'n bepaalde manier in hierdie tyd van verandering. Die samelewingstruktuur is nie meer vir hulle aanvaarbaar nie en daarom skep hulle 'n alternatiewe ruimte waarin progressiewe idees gekoester en gekonkretiseer word.

Die Botha-ouers se progressiewe politieke ingesteldheid en die skep van 'n alternatiewe, nie-rassistiese ruimte lei tot 'n toestand van sosiale isolasie van die gesin. Die verteller, Dominique, is bewus van die gesin se verwydering van die "normale" gang van sake. In haar gesprek met dokter Cohen, die sielkundige, word die gesin se verwydering van die res van die gemeenskap duidelik: "Ek wens Pa en Ma wil vir die Nasionale Party stem en na die NG kerk toe gaan. Ek wil graag hê dat ons nes al die ander mense kan wees" (VR 43).⁸

⁸ Bladsyverwysings uit *Valsrivier* sal voortaan as VR aangetoon word.

Die gesin se geïsoleerde posisie word verder beklemtoon wanneer Ishmael Mabitle, die swart skoolinspekteur en gemarginaliseerde, sy vriendskap met die Botha-gesin met die volgende woorde suggereer: "I made myself a promise many years ago never to be friends with a white person" (VR 63). Hy groet en bedank dan die Bothas in Afrikaans vir hul gasvryheid en gee daarmee te kenne dat die Bothas anders is as ander Afrikaners.

P.W. Botha se Rubicon-toespraak het nie die politieke verandering gebring waarop Andries Botha, Dominique se pa, gehoop het nie. Hy sê: "Hierdie fokken Botha maak ons hele familie se naam gat" (VR 64). Andries besluit om self verandering in sy omgewing op gang te bring. Hy laat bou 'n skool vir swart kinders op die plaas. Hy stel 'n swart skoolhoof, Abel Dlamini, vir Waaisand Primêr aan en laat nie toe dat hy vir hom "baas" (VR 36) sê nie. Wanneer Abel die opmerking maak dat swart jongmense nie witmense vertrou nie, roep hy uit: "Ek is g'n wit nie!" (VR 62).

Die gesin se ostrasering word roerend deur Dominique se ma beskryf wanneer sy sê: "ware eensaamheid is om alleen te voel tussen jou eie mense" (VR 62). Volgens Visser (2014) is Sandra Botha die politieke gewete van die roman, iets wat volgens haar tot dusver nie raakgesien is of waaraan resensente veel aandag gegee het nie.

The political conscience of the novels lies, however, with a seemingly overlooked member of the Botha family who, despite being more mutedly mutinous, is respectably reliable. Admirably, it is Ma who remains blatantly and consistently outraged with the systematised and vicious discrimination of the apartheid government. (VR 32)

Dominique onthou dat haar ma die Nasionaliste so gehaat het dat haar pa haar gewaarsku het dat dit nie goed is vir haar gesondheid nie (VR 164). Sandra spreek haar teenkanting openlik uit en dit lok soms konfrontasie uit:

Ma praat altyd reguit. Sy koop by die nieblanke-afdeling van die winkels en vra die Indiërs om nie hulle werkers "dom kaffertjies" te noem om haar te beïndruk nie. Dit is altyd 'n groot verleentheid vir ons wanneer Ma 'n bohaai maak. Dis een van die redes waarom sy met Pa getrou het, omdat hy nie 'n rassis is nie. "Hy was ook 'n baie aantreklike man, jou pa. Hy is dit nog steeds." Ek het dikwels gewonder wat hulle in gemeen het behalwe 'n belangstelling in stemreg vir almal. (VR 131)

Die Botha-ouers se alternatiewe sienswyse veroorsaak hul uitsluiting van die gemeenskap waarin hulle voorheen 'n rol gespeel het. Andries Botha sê "Afrikaanse mense op Viljoenskroon nooi ons nooit meer in hulle huise in nie" (VR 92). Hulle vind gemeenskap by ander karakters wat hul op die rand van die gemeenskap bevind, soos die

vrou uit Johannesburg op wie se motor Paul die volgende plakkers opmerk: *Apartheid Free Zone. Equal Right for Gays and Lesbians Now!* (VR 92).

Net soos Bubbles in *o.a. Daantjie Dromer* haar met randfigure van die heersende bestel identifiseer, gebeur dit ook hier op 'n groter skaal. Rietpan, die gesin se plaas, word 'n ontmoetingsplek vir progressiewe karakters. Daar is die randfigure van die roman soos Pa se swart plaasvoorman (Goldberg) wat sy naam gekry het van die wit dokter wat hom in die lewe help bring het, die Libanees (ou oom Allem) wat deur "die Natte ... wit verklaar" is, die weeskinders (Kobus en Johnny), die skoolhoof en sy vrou (Abel en Mary Dlamini), die nuwe skoolinspekteur (Ishmael Mabitle), lede van die ANC en Paul se Joodse vriende, Aaron en Lew. Eunice, die Botha-gesin se bediende by hul vakansiehuis in die Oos-Kaap, tel ook onder die randfigure. Sy werk 15 jaar lank vir die Bothas; sy dra kraletjie armbande en bokvelle onder haar wit gestyfte uniform. Sy het in 1976 aan die skoolopstande deelgeneem maar praat 'n aksentlose Afrikaans vol woorde soos "fok", "meid", en "moer" (VR 113). Sy is 'n sangoma, en Xhosa- sowel as bruinmense kom haar besoek.

Die Bothas maak hulle tuis in hierdie herverbeelde, multikulturele, sosiale ruimte van hul plaas. Rietpan word 'n ontmoetingsplek, 'n drumpelgebied waarin 'n eengesindheid tussen karakters met betrekking tot 'n nuwe deelbaarheid van Suid-Afrikanerskap heers. Die mense wat mekaar in hierdie ruimte ontmoet, is gemarginaliseer deur die groter konserwatiewe gemeenskap en vereenselwig hulle met alles wat progressief is.

Volgens Kristel Roets (2008:33) is sulke groepe (soos die Bothas en almal wat volgens die roman met hulle identifiseer) indertyd deur die samelewing verwerp. Dominique word byvoorbeeld verkleineer as gevolg van haar pa se empatie met swartmense. Haar welwillendheid om swart volwassenes in die lokasie Engels te leer lees en praat, lei tot 'n konfrontasie. Sy word hieroor deur die behoudende Juffrou Cora tereggewys: "Ek hoor jy leer kaffers saans hoe om te lees. Die mans in my familie sou nooit so 'n ding duld nie" (VR 131). Die Botha gesin moet straf verduur as gevolg van hul alternatiewe (politieke) sienings, en as gevolg daarvan ontwikkel hulle 'n sterk gevoel van eensgesindheid onder mekaar. Dit is asof hulle afgebreek word ten einde hulleself nuut op te bou en gereed te maak vir 'n veranderde wêreld. Dit sal waarskynlik 'n veranderde verhouding tot bepaalde groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing meebring – verwerping deur hulle vriende uit die apartheidsdae en 'n waardering deur die voorheen agtergesteldes. Dit is 'n afgang enersyds vir sekere mense wat voorheen hoog geag is, en 'n waardering andersyds deur mense wat voorheen uitgesluit is. Só, byvoorbeeld, word die Botha gesin se status verhoog wanneer die buurman, Faan

Senekal, die gesin om verskoning vra, 'n gebaar wat die gesin se opname in 'n nuwe bestel suggereer.

Wanneer die 1994-verkieping aanbreek, is daar die suggestie van 'n opname van die Bothas in 'n alternatiewe gemeenskap. Faan Senekal, hul buurman, se opmerking teenoor Andries Botha bevestig 'n herintegrasie: "Andries, ons is al hierdie jare mislei deur ons eie mense. Hulle het ons uitverkoop, en ek vra om verskoning vir my eie blindheid. Nou staan ek saam met jou en Sandra" (VR 187).

Dominique Botha kry dit reg om die tema van versoening duidelik in haar roman oor te dra. Randfigure in die roman soos die Bothas, Goldberg, ou oom Allem, Kobus en Johnny, Abel en Mary Dlamini, Ishmael Mabitle, Aaron, Lew en Eunice moet bepaal waar hulle uiteindelik tuishoort. Hulle is oorgangsfigure wat besig is om 'n gemeenskaplikheid onder mekaar te bou en met nuwe vorme van Suid-Afrikanerskap te eksperimenteer.

3.3.2 Problematiek van 'n politieke oorgangsituasie

Die individuele volwassewordingsprosesse van Dominique en Paul verloop binne die groter prosesse van nasionale transisie en die praktiese eksperimentering met 'n nuwe inklusiewe vorm van gemeenskap op Rietpan. Dit is belangrik om te verstaan dat hulle eie transisie van kind na volwassene in nasionale en plaaslike ruimtes geplaas is, waarvan die strukture en verhoudinge besig is om te verander. Die kind-karakters in *Valsrivier*, Dominique en Paul, word gekonstrueer as drumpelwesens wat die oorgang van kind na volwassene moet maak. In die proses beleef hulle allereers skeidingsprosesse ten opsigte van hul ouers en die familieplaas.⁹

Die familieplaas, Rietpan, wat sedert 1875 aan die Botha-familie behoort, verteenwoordig 'n bepaalde struktuur. Dit is die ruimte waarin die Botha-kinders grootword en blootgestel word aan strukture en praktyke soos dit van geslag tot geslag oorgelewer en nou deur die Botha-ouers verander wil word. Sommige reëls geld vir die huisgesin en ander vir die werkers. Die plaas is deel van 'n groter gemeenskap en daarom is sommige praktyke en strukture deur die skool, kerk en die staat afgedwing. Die verwysing na Dominique en Paul se kindertyd op Rietpan kan as die wêreld van hulle eerste stabiele sosiale situasie

⁹ Die verwysing na die domein (Rietpan, die familieplaas) vanwaar die adolessent die oorgang maak, is in 'n toestand van verandering. Oorblyfsels van ou gesagstrukture kom nog voor, maar daar is 'n proses waarin ou strukture opgehef en nuwe strukture in hulle plek geskep word.

geïnterpreteer word, dit wil sê, die gestruktureerde en hiërargiese domein waaruit die oorgang op gang kom.

Daar is sprake van respek teenoor swartmense. Die kinders spreek die ou plaaswerker, Abram, aan as "Ntate", wat vader in Sotho beteken. "Dis wat ons die mans op die plaas moet noem. Pa sê dit bewys respek" (VR 12). Hulle luister vir die huisbediende wat hulle uit die huis jaag. Sy spreek hulle aan as "Kleinmies" en "Kleinbaas". Daar is sprake van 'n hiërargie op die plaas, 'n gesagstruktuur wat van die ou dae af kom. In 'n leerkoer in die sonkamer is daar Oom Paul se nalatenskap: "sy briewe, landboukollege-diplomas en op 'n vuil stuk karton 'n lys name van plaaswerkers met hulle mieliemeeltoelae en verlofdae met lekkende vulpen geskryf Lang Piet, Patrys, Boytjie, Kaffertjie en Champangne" (VR 9). Dominique se siening van gesag word in 'n enkele sin saamgevat wanneer sy opmerk, "Oom Paul was hulle baas" (VR 9).

Die Botha-kindere leef onder streng reëls wat deur hul ouers neergelê is. Hulle mag byvoorbeeld nie die kombuisdeur toeslaan nie. Die kindere word groot onder streng toesig van die ouers. Dominique beskryf haar pa as 'n groot en streng man, 'n patriargale figuur. By Kersete sit hy aan die kop van die tafel waar oupa Boetie gesit het. Sy "voetstappe stamp" (VR 16) en hy staan met "vuiste op sy heupe" (VR 16). Hy sien dit sy vaderlike plig om sy kindere pak te gee: "Waarvoor wag julle? Dominique, gaan slaapkamer toe. Paul, gaan haal my belt" (VR 16). Wanneer hy hulle klaar gestraf het sê hy: "Dis my plig om vir julle die verskil tussen reg en verkeerd te leer" (VR 17).

Daar is dus baie duidelike tekens van tradisionele outoriteit en paternalisme in hierdie gesinsruimte, ten spyte van die politieke progressiwiteit van die ouers. Daar is eienaarsposisies, ordening van gesag en 'n toekenning van gesag aan bepaalde figure. Ook onder die plaasarbeiders is daar gesagstrukture. Die plaasvoorman, Goldberg, word deur die arbeiders een van die "bosboys" (VR 17) genoem. Die plaasarbeiders se kindere speel ook hierdie gesagsrolle uit. Dominique vertel wanneer "die dogtertjies van die stante kom speel, moet hulle my poppe op hul rug peppa. Ek is dan die miesies en hulle is die ousies" (VR 29).

Dit is vanuit hierdie milieu dat daar 'n bevraagtekening van gebruiklike gewoontes en verhoudings groei. Die Botha-gesin se reaksie op die sosio-politieke agtergrond word 'n verset en loop uit op 'n onttrekking uit die wit gemeenskap. Dit is Sandra Botha wat die onreg wat teen plaasarbeiders gepleeg word, verwoord. Plaasarbeiders dra pasboeke om aan te toon dat hulle toestemming het om op plase te werk, maar hulle het geen verblyfreg nie. Wanneer boere swaarkry en hulle nie kan betaal nie, word plaasarbeiders gevra om die plase te verlaat:

"... wanneer skuld gedelg word en mense met hulle karige besittings van die plase moet trek as die boere hulle nie meer wil hê nie" (VR 31).

Dominique word bedag gemaak op die rassistiese ingesteldheid in die samelewingstruktuur: "die ingang vir swartes" by die dorp se drankwinkel en "die afskorting van die slegs blankes-afdeling" (VR 18). Sy is bewus van 'n onregverdige bedeling en die skeiding tussen wit en swart: "Net wanneer swartmense byna dood is, kan hulle die wit dokter sien" (VR 19).

Die Bothas verset hulle ook teen die gesag van die kerk. Dit is veral die regverdiging van Apartheid wat hulle van die kerk vervreem. Die dorpspredikant sê onder andere:

Die laaste keer dat ek in die NG kerk was, nog saam met Elsabe, het die dominee 'n kleipot van die kansel gesmyt en gepreek met 'n stem wat soos 'n waaierband wat besig is om die gees te gee, al hoër en heser gly; "Ná die verderflikhede van Baäl het God die nasies verstrooi; vir ewig geskei deur ons Here soos hierdie stukkende potskerwe. Wie is die mens om sy Heilige Woord te bevraagteken?" (VR 23)

Wanneer die predikant die Bothas besoek en na swartmense as "die swakkere broeders" verwys, vat Sandra hom aan: "As jy in Apartheid glo ... is jy óf krimineel oningelig óf eenvoudig net krimineel" (VR 24).

Die ouers se besluit om nie meer kerk toe te gaan nie, hou ook gevolge vir die kinders in. Kobus maak teenoor Dominique en Paul die opmerking "Julle gaan hel toe, want julle gaan nie kerk toe nie" (VR 24). Paul reageer as volg: "Ek is 'n agnostikus. ... Ek glo nie in die hemel of die hel nie" (VR 24).

Ook Dominique maak die opmerking dat haar ma daarvan hou dat hulle bid al glo sy (haar ma) nie in God nie. Haar ma is ook van die oortuiging dat die ou tafelgebed nie meer sêkrag het nie: "... dié gebed se Hollandse woorde is glad geslyt deur geslagte se gebruik en val deur die kring van vasgehoue hande soos klippies in 'n poel" (VR 26).

Die verset teen die kerk kring ook uit na 'n verset teenoor die skool. Die skooltradisie word as streng en reëlgebaseerd beskryf. Uit Dominique se beskrywing van outoriteit in die skool spruit 'n gevoel van afkeer:

Maandae en Vrydae staan meneer Kruger op die verhoog in die skoolsaal terwyl ons op aandag "Die Stem" sing. Ek is te bang om eers vir hom te kyk. "Lewe die skool se leuse uit," raas hy altyd. "Labor corona vitae. Werk is die kroon van die lewe!" (VR 37)

Die weersin teen hierdie reëlgebaseerde ruimte word ook by Paul waargeneem. Dominique sien hoe meneer Kruger vir Paul "aan die nek beet het" en hom in die musiekkamer trek om

hom pak te gee want hy was "baie stout" (VR 37). Paul se Engelse onderwyser probeer verduidelik:

Paul just takes his time and expects us all to wait around," sê sy vir Ma. "I had to call in mister Kruger to talk to him. He refused to go to his office. Can you imagine? Then the unfortunate incident. It does not do the reputation of the English medium any good." (VR 38)

Paul vertoon in sy optrede 'n rebellie teen gesag en sy gedrag lei tot sy ouers se frustrasie met die skool en die onderwysers. Sy optrede by die skool en die wyse waarop die ouers op instansies soos die skool, kerk en politiek reageer, is die redes dat hulle verstoot word. Ook die kinders word as gevolg van hul ouers se linkse politiek gemarginaliseer. Die ouers se politieke en godsdienstige sienings en alternatiewe of linkse houding maak dit vir Paul en Dominique onhoudbaar en die ouers word genoodsaak om hul kinders weg te stuur. Dit dui min of meer die einde van die stabiele fase van hul kindertyd aan.

Die Botha-kindere se verdere karakterontwikkeling sal verskil van dié van 'n homogene tradisionele gemeenskap waar die jongeling skeidingsrites ervaar en die deelnemer van wat Turner die "pre-identiteit" noem, ontslae raak. Hulle word uit 'n gevestigde gemeenskap met sy reëls en struktuur weggeneem en afgesonder. Hulle word aan sekere rites van oorgang onderwerp wat hulle in 'n toestand van onsekerheid, ambivalensie en losgeslaandheid laat (1969:24).

In die heterogene omgewing van die eietydse gemeenskap dui die Botha-kindere se vertrek na privaatskole op die dramatiese skeiding van hul gewone, bekende status en die beweging na die liminale fase of toestand van transformasie.

Volgens Turner se model word sosiale agente in tradisionele gemeenskappe geproduseer. Hulle word geproduseer in 'n omgewing wat sterk reëlgebaseerd is. Sulke gemeenskappe beheer die adolessent se oorgang na volwassenheid en 'n agent van die lewensfase word tydens die ritualisering geproduseer. Die kinders kry reëls, die ouers stuur die kind na die wyse man wat hom/haar deur sy/haar oorgang begelei, en in daardie oorgang gaan die kind as't ware deurmekaargemaak en gesout word sodat hy/sy 'n ordentlike volwassene in die samelewing kan word. Die volwassenes regeer en beheer die proses. Daar is streng toesig. In hierdie roman, net soos in *o.a. Daantjie Dromer*, is die teenoorgestelde die geval: Die ouers het geen beheer nie, en daar is geen gemeenskap wat toesien dat daar beheer is nie. Hiermee word nie gesê dat slegs 'n terugval na tradisionele, pre-moderne samelewings goed of reg kan wees nie. Die vergelyking met die antropologiese model word alleen maar

gebruik om reliëf te gee aan die adolessente mondigwordingsproses binne 'n politiek-gestuurde *bildungs*-drama.

3.3.3 Dominique se grootwordproses

Die eietydse grootwordproses voldoen nie meer aan die tradisionele grootwordproses nie, maar dit beteken nie dat daar nie drumpel- of grenservarings kan wees nie. Dominique ervaar 'n deurgang, maar dit is nie iets wat punt vir punt ooreenkom met wat Turner beskryf nie. Daar is wel plekke of momente wat lyk of dit verband kan hou. Die kinders wat afgesonder word, word meestal in wilde plekke afgesonder, weg van die gemakke van die huis, soos die koshuis met sy verslete tapyte en afdoppende verf. Dit is hierdie soort effekte wat duideliker in die narratief gesien word as dit teen die antropologiese model gelees word.

In terme van die antropologiese konsep liminaliteit, is Dominique die jong meisie wat van 'n bepaalde gemeenskap geskei, afgesonder, onderrig en aan toetse onderwerp word in 'n proses wat as 'n oorgang van een lewensfase na 'n volgende beskou kan word. Dominique is dus 'n wordende karakter wat tydens die oorgang 'n bepaalde groei en ontwikkeling ondergaan. In hierdie afdeling word Dominique as wordende karakter met drumpelervarings beskryf.

Dominique se deurgangsfase word ingelei met haar eerste maandstonde wat sy in afsondering, in 'n mielieland tussen jong mielielente, beleef. Sy beskryf die ervaring as 'n einde én 'n begin:

Ma het gesê 'n mens se lyf het sy eie seisoene, dat bloed die einde van my lente beteken, maar die begin van my somer. (VR 55)

Hierdie drumpelervaring beleef sy as 'n soort vernedering. Magdaleen, een van die jong bediendes op die plaas hanteer Dominique as haar gelyke, druk haar hand tussen Dominique se bene en waarsku: "Nou gaan die man kom vir hierdie ding" (VR 55). Magdaleen se waarskuwing suggereer Dominique se toetrede tot 'n gemeenskap van jong meisies waarin 'n gedeelde *communitas* heers.

Dit is ook 'n soort afstanddoening van 'n vroeëre kindstatus. Wanneer haar ouers haar na 'n meisieskool naby Paul se Engelse privaatskool in Natal stuur, moet sy die vaste posisie wat sy binne haar ou skoolgemeenskap beklee, prysgee. "Ek wil nie eintlik gaan nie. Ek is hoofmeisie van die Laerskool Salomon Senekal, ongeag Ma en Pa se politiek" (VR 64).

Puberteit is vir Dominique 'n pynlike en vernederende ervaring. In die volgende uittreksel weeg die verteller ou en nuwe situasies teen mekaar op:

Ek dra elke dag 'n stywe wessie onder my skoolrok om die swelling af te plat; daarna speld ek my goue hoofmeisiebalkie vas sodat dit reguit sit. Ek skeer die haartjies wat tussen my bene groei af met een van Pa se skeermesse wat ek by hom gesteel het en in my kas wegsteek. Partykeer wens ek dat ek liewers doodgaan as grootword so vernederend gaan wees. (VR 65)

Dominique verwys verskeie kere na toestande van verandering en vernuwing, soos vir 'n plaaskind normaal sou wees. Wanneer sy en Selina saam in die kombuis werk, merk sy op: Seisoene laat hul merk op botter en eiers. In die somer is dit ryp geel van al die nuwe groen gras, maar in die winter is ons botter so bleek soos ryp" (VR 60). Die leser word in die semiotiek van die boek daartoe verlei om te dink dat die perskeboom wat by die hek bloei (VR 61) miskien 'n teken van vernuwing en verandering is, want ook Suid-Afrika staan op die vooraand van verandering. Haar ouers wag vir die belangrike toespraak wat die land se Eerste Minister gaan lewer en haar ouers is "vol hoop dat verandering aan die kom is" (VR 64). As Dominique vir haar broer vra wat 'n Rubicon is, antwoord hy: "'n Rubicon, Sliminique, is die plek van waar jy eers agterna besef dat jy vorentoe moes gekyk het" (VR 64).

Wanneer hulle vir Dominique by die nuwe koshuis aflaa, is sy bang en Paul probeer haar troos: "Moenie so oorweldig lyk nie. ... Jou ouboet sal na jou kyk. Maar oppas vir die letties, hoor" (VR 69). Paul se waarskuwing aan Dominique suggereer dat sy haar voortaan in 'n bepaalde ruimte gaan bevind waar jong meisies onderrig en aan toetse onderwerp sal word en anders as in die tradisionele gemeenskap waar hierdie proses onder streng toesig en onder begeleiding van ouers plaasvind, sal sy uitgelewer word aan die senior koshuiskinders wat nuwelinge moet inlyf. Die verwysing na die koshuis as "the house of ill repute" (VR 70) dui op 'n moontlike ontsparing van die proses.

Bogenoemde ruimte is die skool- en koshuisruimte van St. Annes Diocesan College for Girls en wanneer Dominique die skool vir die eerste keer sien, is haar vrees en onsekerheid duidelik. Sy merk op dat haar rok se soom verder onder haar knie is as die ander meisies s'n en sy ervaar die nuwe skoolruimte as 'n plek waar streng reëls en gesag geld. Ter illustrasie, haal ek die volgende paragrafe aan:

Ek volg hulle na die eetsaal. Praat is verbode en prefekte staan wag in die gange. Die reuk van gekookte kool kom ons tegemoet vanuit 'n enorme vertrek tot aan die dakbalke vol van die geruis van stemme. 'n Onderwyser lui 'n klokkie en raas: "Girls,

girls! Quiet!" Koppe hang laag vir "for what we are about to receive" en dan word die geruis hervat.

Kombuiswerkers dra metaalbakke waarin vleis dryf aan, die matriek aan die hoof van die tafel maak haar keuse en stuur die bak aan sodat die ander in ouderdomsvolgorde kan kies. (VR 71)

Die kosskool is 'n gereguleerde ruimte met gebruike wat oor jare tot stand gebring is. So, byvoorbeeld, vertel Dominique van die volgende tradisie: "Net matrieks, die Form Sixes, mag oor die grasperk stap; die res moet 'n ompad deur die blok klaskamers volg" (VR 72). In hierdie oorgangruimte is gesagsposisies streng hiërargies georden: die seniors beheer die juniors en nuwelinge word ingelyf. Die koshuis is 'n inisiasieruimte waarin Dominique as nuweling eers ontgroen moet word voordat sy deel van die groep gereken kan word.

Daar is sprake van 'n soort inlywing, want almal herken haar nou as die meisie van Viljoenskroon met die beurs. Sy word deel van die Form Sixes wat nie oor die grasperk mag stap nie en hulle moet die name van die matrieks, hul troetelname en kêrels ken. Tog sukkel sy om haar volledig met die groep te identifiseer, omdat sy sien dat hier steeds rasseonderskeid is. "Al die swart meisies sit saam en al die Indiërmeisies sit saam en al die wit meisies sit saam" (VR 71). Sy merk dit op omdat dit vir haar vreemd is. Haar waarneming van "skoolapartheid" tussen groepe, kleure en ouderdomme dui daarop dat die politieke veranderingsprosesse van die land nog nie hier gerealiseer het nie. Op Rietpan is 'n begin gemaak om mense bymekaar te bring, maar daar is nie 'n teken hiervan by die skool nie. Dominique voel sy pas nie in nie, want "die meisies is lank en groot met borste en puisies" (VR 71). Ook haar afkoms maak haar anders. Olivia se opmerking oor Afrikaanse mense bevestig dit:

These Dutchman are such idiots, who would want to bomb us? I wish they would at least try to speak English properly." Olivia draai om na my. "Not you, of course, Dominique, you are different. You aren't like the rest of them." (VR 77)

Die skool word telkens as drumpelgebied beskryf. Dit is donker, daar is reuke van "ontsmette afloopvore, gepolitoerde gange, natgeswete skoene, onwelriekende kouse, moeë rusbanke en ongeliefde tapyte" (VR 75). Paul noem St. Anne's "The Shire" as gevolg van die mis en kothuisies waarin "die hobbits" (die huismoeders) woon. Hy beskryf die skool verder as 'n tronk. "Sister you are so sweet. My Number Ones are just below this little Victorian grotesquery ... this jail for privileged virgins ... this birdcage for songbirds ..." (VR 90).

Dominique het uiteindelik geen keuse as om deel van die koshuis- en skoolruimte te word nie. Sy maak vriende met Fiona en vertel haar van John Clark, 'n seun wat sy by 'n debataand ontmoet het. Wanneer sy vir die vakansie weer by die huis is, klink haar pa en ma se Engels vir haar skielik vreemd. Dit klink vir haar na iets wat by die skool deur ander leerlinge as "awful" (VR 85) beskou sal word en sy kry skaam dat sy so iets kan dink. By die skool is dit vir haar belangrik om Engels te klink en sy voel kosskool is "lekkerder" (VR 85) wanneer haar aksent verbeter.

Sy nooi Fiona vir die Desember-vakansie saam plaas toe. Die uitnodiging is 'n bewys daarvan dat Dominique deel van die groep geword het. Sy word iemand wat Fiona as "quite a boeremeisie" (VR 94) beskryf. Dominique neem selfs Fiona se opmerking oor Dominique se maagdeskap ernstig op en beplan om iets daaraan te doen.

3.3.4 Ambivalent en sosiaal geïsoleerd

Dominique se ervaring van die koshuisruimte word beskryf as 'n plek waar sy hartseer en uitgeskuif voel. "My koshuis, Mollie Stone, lê anderkant die hoofgebou, soos 'n weggooiskoen effens na links" (VR 70). Sy is nie seker of sy haar trommel in die slaapsaal mag uitpak nie. Sy word later deur haar kamermaat aan die res voorgestel as "that girl from Viljoens ...uhm ... Viljoenskraal or whatever ..." (VR 71). Sy eet nie die vreemde kos nie en voel deurentyd alleen. Na ligte-af sluip sy uit die slaapsaal en gaan huil saggies in die badkamer. Haar koshuismoeder, Missis Motherway kry haar in die badkamer en sê: "Let me tell you about tears, girlie" (VR 72). Uit Dominique se beskrywing van Motherway spruit daar 'n soort meegevoel vir die Motherway-karakter wat ook nie heeltemal inpas nie. Sy is ongetroud, praat met 'n mansstem, drink jenewer in die privaatheid van haar kamertjie en rou oor albei haar seuns wat hul lewens in die grensoorlog verloor het. Sy vertel: "Both soldiers. And for what? ... I lay in my bed with a gun to my head for a whole year I lacked the courage to live or die" (VR 72).

Deur die karakterisering van Motherway as terneergedruk en geïsoleerd vanweë haar verlies aan haar seuns, word die groter politieke ruimte op die intiemer prosesse van mense se sosiale aanpassing al dan nie betrek. Deur hierdie karakter op hierdie wyse in te voer, wys die skrywer hoe die intieme persoonlike prosesse van mense deur die gewelddadige politieke ruimte van die apartheidstaat en die grensoorlog beïnvloed word. Dit verduidelik die verband tussen Motherway en Dominique se soortgelyke ervaring van die koshuisruimte. Dominique

drentel snags deur die gange van die koshuis, sy sit pouses alleen op 'n bankie en drink haar tee. Sy verkies die geselskap van Motherway "met haar geweer en jenuwe en maatsoekery bo die matrieks" (VR 73).

Die leser word bewus van Dominique se eensaamheid en verlange na die plaas en die uitwerking wat haar terneergedrukte gemoedstoestand op haar gesondheid het. Paul kom kuier en hy merk op hoe maer sy geword het, maar sy gun haarself nie die tyd om met hom daaroor te praat nie. Sy laat toe dat Victoria en Venetia Paul se aandag kry. In plaas van met hom praat, dink sy aan Rietpan.

Ek staar na my skoene. Victoria en Venetia lag vir alles wat Paul sê. Ek kyk op na die dennebome wat iets van die winter in hul geslete bas dra. Ek wens die tyd gaan staan stil. 'n Streep skoorsteenveërs ruis omhoog verby. 'n Daaglikse migrasie. Daar moet êrens water wees, miskien selfs langtone, lelies en riethane, soos in die vlei op die plaas. (VR 75)

Dominique se tussentoestand is 'n gemoedstoestand wat in haar gedrag weerspieël word. Sy ervaar dikwels oomblikke waarin sy van situasies haar onttrek en sy haarself toelaat om na die plaas te verlang. Haar verbeeldingsvlug staan tussen die hier en die nou (terwyl sy na haar skoene kyk) en die bekende plaasruimte waarna sy hunker. Die verbeeldingsvlug wat in die hier en die nou ontstaan het, eindig weer in die hede wanneer sy besef: "Ons is ommuur, omgord en omring deur versperrings, vreemdelinge en die voetheuwels waarteen 'n kronkelende pad wes beur; op die padkaart sien jy dit vertak in kleiner en fyner drade waarvan een die grondpad huis toe is" (VR 75).

Wanneer Paul moet gaan, verwoord sy haar teenstrydige gevoelens: "Ek besef ek is gelukkig om hier te wees, maar ek haat die plek" (VR 75). Paul slaan nie regtig ag op haar verlange nie. "Jy verlang net huis toe ... dis normaal. Toe ek vir die eerste keer koshuis toe gegaan het in Johannesburg het ek elke nag van weghardloop gedroom. Ek wou huis toe stap" (VR 76).

Dominique se drome openbaar die trauma en verlies van 'n kosskoolkind: "Ek droom elke nag van die plaas. ... Ek kan vlieg in my drome. Ek kom altyd tot by die perskeboom en dan begin die son opkom en word ek teruggetrek hiernatoe. My voete raak nooit grond aan die anderkant nie" (VR 76). Net soos Motherway, is Dominique vervreemd van die onmiddellike omgewing, en haar gedagtes is dikwels op 'n ander plek. Sy voer 'n ontvluggende klein verliefdheid met John Clark: "Ek dink aan hom terwyl ek my toonlere oefen, terwyl ek tande borsel en somme doen. John Clarke" (VR 77). Sy troos haarself met

lugkastele: "Hy vergesel my deur die dag. Terwyl ek eet. Waar ek deur die gange drentel. Terwyl ek toonlere oefen. Totdat ek weer moet slaap" (VR 79).

Dominique verloor verder gewig en dit is die skoolsuster wat dit opmerk.

Die laaste ruk sukkel ek om my skoolrump op te hou. Dit sak pal oor my heupbene en ek moet dit invou en met 'n haakpeld vassteek. Ek moet ook twee keer 'n week na die sanatoriumsuster gaan om geweeg te word. "Nog gewigsverlies en jy sal in ernstige moeilikheid beland, girlie," waarsku die sanatoriumsuster elke week. (VR 81-82)

Ook die eensaamheid eis sy tol van Dominique. Sy eet nie en aan die begin van die jaar gaan sy nie skool toe nie. Sy word van dokter na dokter gesleep, en selfs die spesialisie is verbyster. Sy "verlep soos een van Pa se mielieplantjies" (VR 104). Alhoewel haar fisiese agteruitgang duidelik is, kry dit byna geen fokus in Dominique se vertelling nie. Hierdie onderbreking en ontkenning van die self ter wille van haar broer is tekenend van Dominique as verteller of vertolker van haar en haar broer se gekompromitteerde volwassewording te midde van politieke spanninge en omwentelinge.

Net soos Bubbles staan die karakter Dominique op die tweede plek in die hiërargie van telge in die gesin. Beide karakters se broers kry die hooffokus, en dit is veral Dominique wat hierdie ondergeskikte posisie duidelik na vore laat kom: "In my gedagtes lê my jare opgestapel in 'n bedremmelde hopenie konformiteit" (VR 115) en sy beskryf haarself teenoor Paul se vriend, Lew, as bloot "Paul se suster" (VR 115). As verteller fokus sy op Paul se lewe en voel sy is niks meer as net Paul se suster nie. Sy volg haar broer op sy pad na volwassenheid en sien hom as iemand wat altyd vooruit stap. Dominique se posisie skakel ooglopend met die tussenin-toestand van die liminale agentskap wat deur Turner (1969:95) as "ambiguous and indeterminate" omskryf word. In hierdie teks manifesteer dit veral in die uitbeelding van Dominique as vaag en vertwyfeld. Dit sluit ook aan by Forster (2004:1) se nosie dat liminale karakters "vloei-bare identiteite" aanneem en dat 'n "eenduidige, duidelik vasgestelde identiteit vir elke individu" ondermyn word.

Visser (2014:32) beskryf Dominique ook as iemand wat tydens die koshuis-fase oor haar eie geestestoestand swyg, 'n disassosiasie van die self, gevolg deur die oorgang vanuit 'n toestand van self-ontkenning na 'n toestand van selfontdekking en -erkenning. Die karakter, Dominique, se disassosiasie van haar eie verhaal word deur haar uitlewering aan die perspektiewe van ander karakters in die verhaal bewerkstellig. Die leser hoor eers van Dominique se siekte wanneer Paul daarna verwys wanneer hy haar by haar koshuis besoek:

Paul daag op met twee vriende. "Liewe Jirre, hoekom is jy so maer?" bars hy uit. "Ma gaan 'n aanval kry wanneer sy jou sien."

Volgens die klinieksuster is dit ook hoekom ek nie meer menstrueer nie (VR 74).

Hierdie uittreksel illustreer hoe die skrywer die karakter Dominique uitbeeld as iemand wat agter die stemme van ander figure wegkruip. Die verteller se beskrywing van haarself is op hierdie manier uitgelewer aan die persepsie van haar broer, haar pa, die skoolverpleegster, haar ma of haar ouma, Celia. Sonder verduideliking, laat Dominique die leser toe om te sien hoe sy wegwyn, soos wanneer sy aan die einde van die kwartaal by St Anne's onthou:

Die laaste ruk sukkel ek om my skoolrump op te hou. Dit sak pal oor my heupbene en ek moet dit invou en met 'n haakspeld vassteek. Ek moet ook twee keer 'n week na die sanatoriums gaan om geweegte word. 'Nog gewigsverlies en jy sal in ernstige moeilikheid beland, girlie,' waarsku die sanatoriumsuster elke week. (VR 81-82)

Dominique se pa is bekommerd en ongemaklik, duidelik as gevolg van die skielike en ooglopende agteruitgang van sy dogter se liggaam: "Toe Pa my sien sê hy: 'Goeie God!' Hy wys na my ribbes wat uitsteek. 'Nonsens, watse nonsens is die?'" (VR 82). Die roman onthul die wrede werklikheid van haar siekte: haar eetversteuring is 'n sielkundige wanbalans, 'n geestelike siekte wat fisies sigbaar word. Haar kwaal spruit volgens Visser (2014:31) uit "a failure of (self-) perception which cannot remain concealed, despite attempts by Dominique to mediate ... the disconcertion which stems from susceptibility and its ensuing judgement" (2014:31). Wanneer haar pa haar aanstaar, lyk dit of Dominique onder sy blik wil wegkom deur haarself in die ruimte van die kombuis te onttrek:

Ek gaan van die begin van die jaar nie meer skool nie. Ma het my van dokter na dokter geleep, maar selfs die spesialiste is verbyster. Ek het verlep soos een van Pa se mielieplantjies. Aanvanklik het ek pligsgetrou bygehou met skoolwerk, maar nou doen ek niks meer as om soos 'n skadu agter Martha in die kombuis rond te drentel nie. My siekte is verdag, anders as ouma Koeks wie se beroerte asof uit God se hand self gekom het om haar in haar bed plat te slaan. Pa sê ek het niks om oor skaam te wees nie. (VR 104)

Dominique se stilswye oor haar eetversteuring en haar versuim om vir haarself te praat, is 'n soort self-vernietiging. In plaas van kontak en kommunikasie met ander, verwyf sy haar tyd by die huis rondom kos, byvoorbeeld deur die voorbereiding van vleis, konfynt kook of bak vir die tuisnywerheid (VR 139). Die leser word ook nie ingelig oor die invloed wat hierdie bedrywighede in die kombuis rondom kos op haar het nie.

In 'n seldsame oomblik van selfondersoek en -uitdrukking gun Dominique haarself om uitdrukking te gee aan haar fisiese uitputting. "Ek is doodmoeg, oorweldig deur 'n lusteloosheid wat my al weke lank aan die enkels beet het, asof ek met elke tree deur dryfsand moet beur" (VR 90). Tog word haar intieme gevoelens deur die manlike stem van Paul onderbreek:

My inwendige klok het op sy sy omgekantel. Elke nag lê ek en staar na die aandster wat stadig na die oosterkim afdraal. Paul het my vertel van Eugène Marais en hesperiese neerslagtigheid. Bobbejane raak met sonsondergang rusteloos want dit is wanneer luiperds op soek gaan na prooi. Paul sê dis hoekom homo sapiens soos Pa teen skemer whiskey drink, om hierdie oerangs vir verorbering te besweer. (VR 125)

Die verteller verhaal 'n verplasing van die self, as synde misplaats en ontwortel. Sy weerhou haar eie gevoelens en gee voorkeur aan Paul se verhaal eerder as aan haar eie. Die weerhouding en onthegting kom neer op 'n soort beperking van die self en 'n weiering om namens haarself te praat. Die inkrimping en terugtrekking van die karakters kan gesien word as 'n laaste poging om beheer te probeer hou oor 'n uiters komplekse en vervreemde ervaring van ontworteldheid, eensaamheid en angs.

3.3.5 Paul, "perd van 'n ander kleur"

Paul se psigologiese verwarring het te make met 'n veel meer radikale verset en opstand teen 'n wye spektrum van ordinge en strukture in die samelewing. Dit leer ons deur Dominique se oog en oor ken. Hy is in 'n geding met die outoriteit van sy ouers, onderwysers en ander gesagsfigure en tersefdertyd gewikkel in 'n politieke bewuswordingsproses. Ons kry hierdie inligting deur 'n uitvoerige rapportage van die eerstepersoonsverteller, kompleet met aanhalings uit sy briewe, opstelle, gedigte en dagboeke.

Van die begin af word Paul as 'n grensganger beskryf. Sy keuse om op die rand van die gemeenskap te bly, stem ooreen met wat Forster (2004) oor marginale karakters sê: dat marginale karakters in die letterkunde dikwels ook as liminale karakters funksioneer. Die fokus in Dominique se vertelling is haar broer en sy andersheid, wat herinner aan Turner (1974:81) se beskrywing van die liminale subjek as "... ambiguous in that they fall outside any conventional classification structures". Let daarop dat Dominique, soos reeds aangedui, vanuit een soort drumpelposisie vertel oor iemand in 'n ander soort drumpelposisie. Die voordele en nadele van liminale vertellers wat oor liminale karakters rapporteer, is reeds in

Carstens (2007) se studie oor liminale vertellers ondersoek. Haar ondersoek toon aan dat vertellers wat vanuit 'n tussentoestand oor liminale karakters rapporteer, die liminale aard van karakters die beste verwoord.

Paul word deurgaans as buitengewoon beskryf, iemand wat buite die sosiale orde staan. Die uniekheid van sy karakter is duidelik in Dominique se aanbieding. Sy het groot bewondering vir haar broer. Sy sê byvoorbeeld dat hy Engels kan praat al is hy net tien jaar oud (VR 8), dat hy sy lengte, sy ligte vel, sy mooi oë, blonde hare en linkshandigheid van die Le Roux-Hugenate geërf het. Haar ouma Celia sê boonop hy is hul mooiste en slimste (VR 9). Paul het 'n familie-naam. Hy is "Paul Michiel Botha die Sesde" (VR 11), naamgenoot van sy oupagrootjie. Die naam plaas hom binne 'n familie-raamwerk, tog voel Dominique hy is met hierdie besondere naam geseën. Hy skroom nie om sy siening van godsdiens teenoor Kobus bekend te maak nie: "Ek is 'n agnostikus Ek glo nie in die hemel of die hel nie" (VR 24). Dit blyk dat Paul nie skaam is oor sy andersheid nie. In die volgende gesprek tussen hom en sy oupa Bob aan die Kerstafel is daar 'n effense moedswilligheid te bespeur:

"Paultjie, noudat jy so so mooi grootword, het jy al besluit wat jy eendag wil doen?"
"Ek wil 'n balletdanser wees of 'n boekwinkel hê," sê Paul. (VR 26)

Dit is duidelik dat Paul anders is as die res van die Botha-gesin, dat hy buite die gebruikelike klassifikasie van seunsagtige gedraginge val. Paul is in die Engelsmedium klas. Dit is buitengewoon vir die tipiese Afrikaanse gemeenskap waarin Paul grootword en Dominique verstaan eers nie hoekom nie. Later lei sy af dat dit is omdat hy so stout is dat die Afrikaansmedium-onderwyser nie met hom kan huishou nie. In die Engelsmedium-klas is Paul gereeld in die moeilikheid. Sy onderwyseres reken sy gedrag "does not do the reputation of the English medium any good" (VR 38). Sy pa en ma praat gereeld oor Paul. In hul gesprekke verwys hulle na Paul as "'n perd van 'n ander kleur" (VR 29). Paul se linkshandigheid bring hom ook in die moeilikheid. Hy sukkel om netjies te skryf: "Dit staan in sy skoolrapport, deur sy juffrou met rooi ink geskryf en twee keer onderstreep met uitroeptekens" (VR 30). Volgens mevrou Pearce skryf Paul te stadig en nie tussen die lyne nie (VR 38). Tog wen hy 'n eerste prys met 'n houtwerkprojek. Een van die beoordelaars vertel vir sy ma van 'n begaafde seun (Paul) wat "so agter in sy skoolwerk is omdat hy so ver vooruit in sy denke is" (VR 34). Paul is gewild onder die skoolmeisies. Dominique sien hoe hy en Eileen Wilson agter die dam hande vashou. Mevrou Wilson sê Paul is 'n "charmer" (VR 34), 'n karaktertrek wat hy volgens sy ma by sy oupa Boetie geërf het.

Wanneer sy Engelse vriende kom visvang, sê James: "Jeez, Paul, you're such a retard" en Matthew waarsku: "If you don't want to listen then you must feel. You have to respect authority" (VR 39). Sy optrede in die laerskool, en die probleme in Grey College voorspel niks goeds nie. Die leser verwag dat Paul ook in Hilton College probleme met gesag sal hê. Net soos op laerskool en in Grey College, sukkel hy om binne die gestruktureerde en hiërargiese raamwerk aan te pas en val tussen die nate van die skoolruimte. Die beeld van Paul wat die wateroppervlak van die pan versteur deur spoelklippies daarop te laat bons (VR 39), is tekenend van wat Paul in die lewe doen. Hy versteur die normaliteit soos 'n klippie wat hy op die water laat bons en hy veroorsaak rimpels op die oppervlak. James se reaksie suggereer dus iets dieper as wat hy (James) bedoel het: "Hey, you're disturbing the fish!" (VR 39).

Paul is iemand wat nie inpas nie en teen dit wat gewoon is, rebelleer. Dit is dus nie vreemd dat Paul voel hy moet van die plaas wegkom nie. Hy spreek hierdie gevoel op pad na dokter Cohen, 'n sielkundige, teenoor sy ma uit en Dominique verwoord daardie versugting as volg: "Paul sê die heersende winde in al daardie onbekende plekke maak hom lus om hulle te verken" (VR 41).

Op aanbeveling van dokter Cohen word Paul na 'n Engelse laerskool in Johannesburg weggestuur. Sy pa waarsku Paul om op te hou om so "rammetjie-uitnek" (VR 46) te wees. In 'n gesprek met Paul word sy pa se frustrasie met Paul al hoe duideliker en Paul reageer met 'n mate van arrogansie.

Pa kap sy pyp teen die stoel se poot en sê: "Ek wil nie hê jy moet enige snaakse idees kry oor waar jy vandaan kom nie, Paul. Vir jou hoërskool sal jy Bloem toe moet gaan, na Grey Kollege."

"Ja, Pa," sê Paul. "Ek is dankbaar. Ek wil Pa nie teleurstel nie. Dankie, Pa." (VR 47)

Wanneer Dominique vir Paul vra of hy bang is om Johannesburg toe te gaan, word dit duidelik dat hy probleme met gesagstrukture het en hy antwoord: "Hoekom sou ek bang wees? Ten minste gaan ek wegkom van meneer Kruger. Ek haat hom. Ek haat hom regtig" (VR 50). Hy bieg in dieselfde asem: "Soms haat ek ook vir Pa" (VR 50).

Hieruit is dit duidelik dat, anders as die antropologiese model waar neofiete hulleself aan 'n liminale deurgangsfase onder die beheer van die wyses van die stam onderwerp, die karakters van *Valsrivier* semi-outonome eksperimenteerders is en (so goed of so sleg as moontlik) vir hulle selfontdekking op hulleself aangewese is.

Na drie jaar in St. Peter's in Johannesburg gaan Paul Grey toe, maar "dit het gou in trane geëindig" en hy het sy vriende na 'n Natalse kosskool gevolg. Hier word Paul ook met struktuur en streng dissipline gekonfronteer. In 'n opstel wat in die skooltydskrif geplaas word, skryf Paul oor die strakheid van die gestruktureerde en hiërargiese skoolruimte:

The following year they bought him a uniform and hard, uncomfortable shoes to wear to school. He was wary of side-burned men, stern as granite, and the dark threat of canes they represented. (VR 66)

Hy skryf hoe hy voel:

He became a stranger to childhood hideouts and once familiar haunts. He stayed in his room, absorbed by tales of paper people and lands of ink so that the land beyond his windowsill faded in memory. (VR 66)

Hillton College en die koshuis word die tydelike ruimte waarin Paul van een lewensfase na die volgende vorder. Hy dra 'n swart baadjie, 'n gestreepte das en sy skoene moet blink; sy hare is kort geknip. Hy lyk soos 'n Hilton College student en deel van 'n homogene groep. Tog bly Paul binne hierdie homogene omgewing steeds uniek. Hy word aangewys as "Paul Botha from Hilton College" (VR 79), die wenner van 'n poëtieskryfkompetisie. Die beoordelaar bevestig Paul as unieke karakter deur sy werk op te som as "a poignant perspective on the irredeemably alienated state of the human soul" (VR 79). Paul se reaksie nadat hy sy prys ontvang het, toon sy disrespek: Voor hy van die podium afstap, bal hy sy vuus in die swartmagsaluut, 'n gebaar van protes wat dui op sy ontevredenheid met en distansiëring uit die ruimte waarin hy homself bevind. Paul is nie by die rewolusie betrokke nie. Hy neem die mimiek of gebare van 'n rewolusionêr op 'n oppervlakkige manier oor, maar die res van sy lewe weerspieël nie die gedissiplineerde lewe van 'n egte rewolusionêr nie. Paul se optrede toon aan hoe oppervlakkig en verward die samelewing is. Sy gedrag hou verband met en is 'n reaksie op die politieke milieu van Suid-Afrika.

Paul kan hom nie met die politieke milieu van Suid-Afrika vereenselwig nie, daarom sluit hy en sy vriend, Adi, by die End Conscription Campaign aan. Wanneer hy 'n swart vriend, Nicholas, deur geweld verloor, word die leser bewus van die wig tussen hom en Apartheid Suid-Afrika. Hy help dra die kis by die begraafplaas en kan nie anders as om die "Casspirs (wat) snags die rondte doen" (VR 80) raak te sien nie. Ook by Abel en Mary se kind, Vusi, se begrafnis is Paul se afkeer van die politieke situasie in die land duidelik:

Maureen stap na Ma en val in sy arm. Die priester begin heftig te bid. Paul klop op sy baadjiesak op soek na sigarette, steek dan sy sigaret aan en wys middelvinger vir die

polisie. "Fokken boere." Daar is 'n murmeling van 'n gelag onder die boom. Paul deel sigarette uit. (VR 101)

Paul wys sy verset op allerhande maniere – maniere wat nie altyd met mekaar geïntegreer is nie. Politieke regskenning en gevoeligheid gaan by die Paul-karakter hand aan hand met ongedissiplineerde persoonlike gedrag. Hy is die voorbok saam met 'n groep seuns wat by Hilton se Old Boys' Club inbreek en al die drank drink. Sy ma sê aan Dominique: "Hy klink nie in die minste jammer daarvoor nie" (VR 80). In sy tugverhoor voer die skoolhoof aan dat Paul Hilton College se reputasie in gedrang bring en skorsing in die gesig staar.

Sy suster is ooggetuie van die konsternasie wat Paul tydens 'n Kerskonsert-oefening by St. Anne's veroorsaak. Sy skandalige gedrag is ten aanskoue van die meisies en die leerkragte. Dominique vertel: "Ons kyk af op Paul. Hy is kaal en besig om in die gedenkfontein water af te slaan terwyl hy kliphard en van die noot af sing" (VR 89).

Die verteller beskryf hoe Paul hom met opstandige karakters soos Fiona vereenselwig. Hy raak verlief op haar, 'n meisie wat Dominique as iemand met 'n swak reputasie ken. Sy is 'n magtelose getuie van hoe Paul sy lewe vernietig en kom in die verleiding om deel te neem aan sy selfdestruktielike eksperimente. Paul neem haar een Desember-vakansie plaas toe en saam drink hulle sy pa se whiskey en rook dagga. (VR 95)

Sy vertel dat haar broer uit die universiteit geskop is en dat hy in Januarie vir sy militêre diensplig moet aanmeld. Haar pa is teleurgesteld toe hy die brief lees; hy loop op en af in die huis en sê dan: "Wat 'n vermorsing! Die weermag. Dit sal hom 'n les leer. Dit sal hom tot inkeer bring" (VR 107). Die weermag bring nie die inkeer waarop haar pa hoop nie. In die weermag sny Paul sy polse met 'n weggooilemmetjie wat hy in die detensiebarakke se stort optel. Hy kerf sy arms tot by die elmboë oop. Voordat haar pa vir Paul op Kroonstad gaan haal, sê hy aan haar ma: "Sandra, jy moet my hier help. Ek vrees Paul se siel ken geen perke nie" (VR 139).

Paul word voor 'n psigiatriese tribunaal pleks van 'n militêre een gedaag en hy word volgens hulle aangekla dat hy militêre eiendom, sy liggaam, beskadig het. Hier is dit duidelik dat Paul letterlik fisiek in die politieke masjinerie van die land geradbraak word. Hy is 'n onderdeel van die oorlogsinkrimenterium van die regering en sy liggaam word letterlik vorm gegee deur die militêre geskiedenis. Sy liggaam is 'n apartheidsliggaam en sy persoonlike wording is ingebed in 'n konflik wat hom vervorm.

In sy verhoor vra hulle hom of hy ooit seksuele gedagtes teenoor ander mans koester. Hierop antwoord hy "beslis nie teenoor een van hulle nie", maar dat hy "graag min of meer enigiemand anders wil naai, veral hul vrouens, dogters en ander huisbediendes" (VR 144).

In die inrigting skeur hy bladsye uit die Bybel. Sy ma maak die volgende opmerking teenoor Paul:

Die sielkundige sê jy werk nie baie goed saam nie. Hy noem dinge soos 'n houdingsprobleem. Probleme met gesag. Dis nie nuwe klagtes nie, Paul. Miskien is dit tyd jy begin sien dat jou perspektief dié van die minderheid is. (VR 145)

Hieruit blyk dit dat die politieke gewete van die verhaal, die figuur van die moeder, wel die setel van bepaalde behoudende opvattinge is wat persoonlike higiëne en fatsoen betref. Politieke sysinnigheid beteken nie klaarblyklik vir die verwarde Paul dekadente uitspattinge op elke ander denkbare vlak nie. Hy word "fisiek en geestelik ongeskik om 'n lid van die gewapende magte te wees" uit die weermag ontslaan. 'n "G5K5", verduidelik Dominique se pa. Haar pa noem sy ontslag 'n "klad" en 'n "onuitwisbare skandvlek". Paul se klassifikasie as "fisiek en geestelik ongeskik" laat Paul in die oorgang na mondigheid vassteek: Hy is enersyds nie geskik as soldaat van die weermag nie en andersyds ongevoeglik vir die samelewing. In hierdie uitbeelding van Paul sien ons deur die oë van die verteller hoe die politieke onderdrukking en die militarisering vir Paul op een kontinent met alle vorme van maatskaplike inrigting staan. Vir hom is al hierdie aspekte deel van een en dieselfde antagonistiese mag. Dit is uiteindelik hierdie projeksie van 'n veelsydige antagonistiese mag waarin hy verkies om ten gronde te gaan.

3.3.6 Nomade tussen ruimtes

Die oorsteek van drumpels as transformerende moment kan verselfstandig en verhewig word indien die toestand van in transito wees 'n begeerte beliggaam om permanent te swerf, om nêrens tuis te wees nie en volledige ontheemdheid as 'n leefstyl aan te neem. (Adele Nel, 2006:189)

Anders as Daantjie wat in 'n kamer wegkruip van die wêreld, is daar by Paul 'n behoefte om letterlik ongevestig te wees. Voor Paul aan 'n oordosis heroïen sterf, som hy die voordele van 'n liminale bestaan teenoor sy suster op: "Om 'n liminale bestaan te voer is so waardevol, veral hier waar daar soveel duidelik onderskeibare historiese en linguïstiese fantasieë in dieselfde fisieke ruimte ingebed is. Dit is die pyn en voorreg van die perspektief

van die buitestaander. 'n Mens sien hoe hierdie wêrelde teen mekaar bots en swoeg en stoei om die opperheerskappy" (VR 182).

Paul voer aan dat dit die wêreld en sy geskiedenis is wat sy lewenskeuse bepaal en wat hom gevorm en geproduseer het. Volgens hom word hy deur omstandighede gedwing om 'n nomadiese bestaan te voer – as, iemand wat voortdurend op pad of in 'n toestand tussen "vertrek" en "aankoms" is. Wat vir die leser duidelik is, is dat hierdie denkwysie die rasionalisering is van 'n eensame, verwarde, verslaafde persoon. Ons sou sy keuse vir 'n drumpelbestaan anders lees as hy 'n nugtere, toegewyde aktivis was wat internasionaal met klassiek anargistiese organisasies verbonde was.

Paul se nomadiese lewensbeskouing kry vroeg in die verhaal reeds gestalte. Sy reis begin wanneer hy van sy oupa, Paul Michiel, se graf opstaan (VR 41). Hy wil graag die bekende plaasruimte verlaat om onbekende plekke te verken. Sy ma deel hierdie versugting. Sy het ook drome gehad om weg te kom, maar nooit die kans gehad nie. Sy het wel in Stellenbosch gaan studeer, toe die eerste keer die see gesien en is weer terug Vrystaat toe. "Alles eindig waar dit begin," sê sy (VR 41). Wanneer Susan Botha besef haar kind voel vasgevang op die plaas, moedig sy hom aan om iets beters te gaan soek: "Ek sit al vyf-en-dertig jaar op hierdie plaas vasgekeer. Gaan Kaap toe, daar's niks vir jou hier nie" (VR 41).

Die nomade-eienskap by Paul word deur sy gedurige verskuiwings tussen skole gesuggereer. Eers word Paul van die Afrikaanse laerskool na 'n Engelse laerskool in Johannesburg gestuur. Vandaar is hy na Grey College in Bloemfontein, maar word kort daarna na 'n Engelse privaatskool, Hillton College, in Natal, gestuur as gevolg van moeilikheid by die vorige skool. Nie lank nie of hy is die voorbok wat saam met 'n groep seuns by Hilton se Old Boys' Club inbreek en drank steel. Hy bring Hilton College se reputasie in gedrang en word geskors. Hy kry 'n tweede kans en voltooi sy matriek. Wanneer hy klaar is met skool, word vertel dat hy op pad is: Paul Botha die Sesde is op pad Kaapstad toe met 'n bladsak vol leë notaboeke en dit is dáár, volgens hom, waar hy gaan "begin met sy loopbaan as mens" (VR 116). Hierdie aankondiging is 'n voortsetting van sy onthegte doeltog. Paul se "loopbaan as mens" is 'n lotsbestemming van ongebonde en altyd aan die rand van 'n gemeenskap wees. Sy Joodse vriend, Lew, som die liminaliteit van Paul se bestaanwyse as volg op: "Paul is a legend. Paul epitomizes the archetypal beat person. He embodies the nature of the natural outlaw" (VR 116). Dit herinner aan Jack Kerouac se roman, *On the road* (1957) waarin die tema van reis 'n belangrike metafoer in die uitbeelding van die hoofkarakter word. Alhoewel *Valsrivier* nie 'n reisverhaal is nie, is oppad-wees 'n

belangrike motief wat te make het met historiese en sosiale kragte wat druk op die karakters uitoefen. Die manier waarop Paul se lewe deur die verteller aangebied word, toon egter dat laasgenoemde nie die selfregverdigende romantisering enduit koop nie.

As nomade kan Paul nie veel besit nie. Die paar goed wat hy by hom het, herinner hom aan sy herkoms en dit is wel vir hom belangrik. Wanneer Paul gereed maak om Johannesburg toe te gaan, beplan hy om sy oupa se Olivetti tikmasjien saam te vat en sy oupa Paul Michiel se tas met die bruin gespes en sy naam op leer gebosseleer. As Dominique hom vra hoekom familiegoed vir hom belangrik is, antwoord hy: "Jou herkoms brand jou vir ewig. Skryf is 'n oorblyfsel van waar jy jouself bevind. Van hoe die seisoene verloop. Wat jy al daai familiegoed noem, is belangrik vir my" (VR 150).

Wanneer Paul deur sy pa van die plaas af weggejaag word, bevind hy hom in 'n omgewing waar seks en dwelms gebruik word om as't ware van die werklikheid weg te vlug. Hy deel die huis in Yeoville in Johannesburg met ander ontheemdes. Hy word hier beskryf as iemand wat byna niks besit nie en sy naaktheid word beklemtoon. Sy drumpeltoestand vertoon 'n paradoksale veiligheid van 'n lewe op die skeidslyn, 'n liminale sone tussen armoede en welvaart. Dit is 'n toestand wat impliseer dat hy van alle verantwoordelikheid tot keuse ontnem is. Paul, Rachel en Herman, die dokter van die voormalige Oos-Duitsland, het seks met mekaar, drink en deel dwelms – 'n bestaan waarin Paul "die pyn van syn (probeer) versag" (VR 156).

Herman beskryf Yeoville as 'n bymekaarkomplek van mense op pad: "Yeoville is die vertreksaal na die Nuwe Suid-Afrika Almal is hier. Selfgenoegsame welsynswerkers, woedende uitgewekenes, bedwelmdede vlugtelinge van die ryk buurte, jong Afrikaners wat buig of bars elke taboe in sy moer wil stuur" (VR 159).

Paul se gedrag laat sy ouers met geen ander keuse as om 'n ultimatum aan hom te stel nie. In 'n brief skryf sy ma:

"Jy bly, soos altyd, ons geliefde kind, en welkom in ons huis indien jy jou op 'n wyse wat ons aanvaarbaar vind, gedra. Konstante selfvernietiging en 'n gebrek aan voorsiening vir jou verantwoordelikheid en toekoms is nie aanvaarbaar nie." (VR 177)

Waar Paul met dwelms in 'n kamer sit, kan 'n mens dit beskryf as 'n kommune, maar dit kan nie *communitas* genoem word in die antropologiese sin van die woord soos deur Turner gedefinieer nie. In die tradisionele deurgangsrite mag deelnemers nie seks hê nie, daar is onthoudingspraktyke wat sterk afgedwing word, terwyl hier, veral in *Valsrivier*, 'n totaal

perverser gemeenskap beskryf word, ook wat seks betref. Hier heers 'n loslaat van alle reëls, 'n oorgawe aan 'n totaal ongereguleerde bestaan.

Sy losbandige lewenstyl lei daartoe dat Paul deur sy ouers ontferm word. Dit wat hom eendag aan sy herkoms sal herinner, word van hom weggevat. Hy kom tot die besef dat sy verhouding met sy ouers onherstelbaar is: "Dis so maklik om buite die kategorie van hulle aanvaarbaarheid te val. Om as verrot beoordeel te word. Dit is 'n helse ding om jou eie kind te veroordeel" (VR 183). Paul het min of geen lewensopsies oor nie en sy aantygings teen sy ouers klink hol.

Hy trek by 'n ouer man, Mark, in Rockeystraat in Yeoville in. Dominique vertel Mark kan beskryf word as iemand wat haar pa 'n "verfynde persoon" (184) sou noem. Ook hier is dit duidelik dat Paul homself in 'n toestand bevind waar dwelms en seks vir hom 'n ontvlugting is. Hy woon op die rand van die gemeenskap, 'n plek wat Dominique as 'n onveilige plek beskryf.

In dieselfde jaar as Suid-Afrika se oorgang tot demokrasie, 1994, kry Paul werk in Kaapstad waar hy filmstalle in 'n skuur op Paardeneiland bou. In sy briewe aan sy ouers laat weet hy hy werk lang ure en gaan dikwels Karoo toe. Volgens hom is die verlatenheid en afsondering van die Karoo vir hom suiwerend. Die afsondering sluit aan by Paul se behoefte om hom van die gemeenskap te onttrek.

Getrou aan Paul se ietwat oordrewe dramatiese karakter, kondig hy aan dat hy finaal uit die land weggaan. Hy is op pad na Engeland toe om in Londen as skryfwerker te gaan werk. Sy terugkeer na enige stabiliteit of vaderland word uitgesluit, 'n reïntegrasie ná die liminale ervaring wat tipies is van die tradisionele rituele proses (vergelyk Turner, 1969: 94) kan nie op Paul se drumpelervaring van toepassing gemaak word nie. Daar is geen oorspronklike stabiele samelewing waarin hy herintegreer kan word nie. 'n Land in transito konvergeer met 'n persoonlike lotgeval en eindig onvermydelik in die dood van 'n jong persoon wat te sensitief was om die spanninge te verkrop en te verwerk. Paul Michiel Botha sterf op 27-jarige ouderdom in Engeland aan 'n oordosis heroïen. Sy liggaam word in 'n doodskis per vliegtuig na Suid-Afrika gestuur. Dominique, die verteller, vra dat hy nie veras moet word nie.

3.3.7 Herintegrasië

Om op die rand van die gemeenskap te bly, weg te vlug en in toestande van droom, seks en dwelms te verkeer, suggereer dat Paul vassteek in 'n tussentoestand en dit ook nog rasionaliseer as die enigste logiese lot hom beskore. Daarteenoor kan Dominique se deurgang as enigins voltooid, hoewel miskien teen 'n bepaalde persoonlike prys, beskryf word. Sy word uiteindelik heropgeneem in die samelewing as getransformeerde individu – van jong adolessent tot jong volwassene, weliswaar met 'n alte vroeë ervaring van skending en verlies.

Dominique se herintegrasië word voorafgegaan deur beproewings, veranderings van fisieke aard en 'n insig wat verwerf word. Wanneer sy voor die hek van haar broer se woonplek in Yeoville, Johannesburg staan, spreek sy die volgende versugting uit: "Ek is moeg om te vlug" (VR 155). Sy kan egter nie ophou vlug as Paul nie bevry is van 'n selfvernietigende lewenstyl nie. Sy word slagoffer van Paul se ruimte van anti-struktuur en nie-hiërargiese bestaan. Sy word in die nag deur Herman, die dokter van die voormalige Oos-Duitsland, verkrag en sy smeek hom om haar nie alleen te los nie. "Moet asseblief nie gaan nie. Ek wil nie alleen hier bly nie" (VR 162). Wanneer sy alleen is en Paul nie terug kom nie, het sy 'n behoefte om orde in Paul se woonstel te skep. Daar word veel aandag deur die skrywer gegee aan hoe die karakter Dominique die woonstel skoonmaak en hoe sy orde skep. Haar behoefte om orde te skep, is haar manier om haar broer se onverantwoordelike bestaan te probeer besweer.

Ook haar pa spreek later sy skok oor Paul se lewenswyse uit: "Goeie God, watse soort mens lewe so?" En aan Goldberg: "Kyk hoe lewe hy. Soos 'n vark, 'n bleddie vark. Watse soort mens se huis is dit dié?" (VR 163). Hy noem Paul "slapgat" en 'n "uitvaagsel" (VR 163). Dominique se pa is duidelik teleurgesteld in Paul. Sy uitsiglose bestaan en vermorsing van talent word afgespeel teen die prestasies van Cardow, een van die plaaswerkerkinders wat 'n beurs by Michaelhouse, 'n spogskool in Natal, kry. Cardow se ma, Firi, huil van blydschap (VR 165) wanneer die nuus aan haar bekendgemaak word. In teenstelling hiermee spreek Paul se pa sy teleurstelling in Paul uit. Vir Dominique sê hy:

"Sien jy ... hoe waardering en respek lyk?" Dan kyk hy af en roer sy koppie driftig. "Jou oupa het eens op 'n tyd vir my gesê daar is niks wat 'n mens nie vir jou kinders sal doen nie. Jy sal jou arms elmboog diep in die stront vir hulle steek. Maar bleddie hel, Paul is regtig besig om my geduld te beproef." (VR 165)

Dominique vind troos en warmte in haar terugkeer na Rietpan. Sy merk die bekende gegewe van die plaaslewe op, "... van plant en stroop en skraal opbrengste" en "Ma is op pad terug van die dorp af; Pa wou die koerant gehad het" (VR 164). Martha, die huishulp voor wie sy grootgeword het, omhels haar om haar terug te verwelkom.

Haar terugkeer na die plaas en die groter gemeenskap, is egter nie 'n terugkeer na die ou bekende nie. Die gemeenskap het intussen ook verander. Haar terugkeer vind op dieselfde tyd plaas as die aankondiging vanuit die parlement dat Nelson Mandela vrygelaat gaan word. Sy word as't ware weer by die plaaslewe ingelyf, maar nou versterk met gemeenskapsdiens. Dit staan in direkte kontras met die leë politieke grootpraterij van Paul. Sy en Martha gee borduurlesse aan die vroue wat "met bywoningstifikate terugkeer van die veldwerkers af". Sy maak 'n doelbewuste besluit: "Ek gaan nie terug Kaapstad toe nie" (VR 167). Haar pa is trots op haar. "Hoe wonderlik om jou eie besigheid te begin en werk te skep" (VR 168), sê haar pa. Hierteenoor vertel Dominique dat Paul sy vakleerlingskap kwyt is.

Haar ma wil haar die status van ingelyfde dogter gee. Haar verwysing na meisies wat trousseau bymekaarmaak en die beddens wat hulle eendag vir hul eggenote gaan opmaak (VR 168), is Dominique se ma se visie vir haar dogter: om haar rol in die gemeenskap met die status van getroude vrou op te neem. Die gemeenskap verwag dit van jong, vroulike volwassenes.

Daarteenoor doen Paul die teenoorgestelde van wat die gemeenskap van hom verwag. Sy terugkeer huis toe gebeur op 'n dag wanneer dit storm en hael. Saam met hom is Adi, 'n vriend van Paul "van Pietermaritzburg se dae" (VR 172). Adi is 'n persoon wat in teenstelling met Paul iets van sy lewe gemaak het. Hy het klaar gestudeer en was in Engeland. Paul se opmerking oor Adi se belangstelling in landelike opheffing suggereer 'n moontlike toekomstige verhouding met Dominique. Haar broer en ouers spreek hul goedkeuring vir só 'n (standvastige) verhouding uit.

Die kontras tussen Adi en Paul is duidelik. Paul is rigtingloos, iemand wat nie bereid is om binne 'n gemeenskap se verwagtinge op te tree nie. Adi, daarteenoor, is iemand met rigting, iemand wat studies afgehandel het en gereed is om homself te vestig en deel te word van 'n gemeenskap waarbinne hy 'n bydrae kan maak. Paul se siening van sy liminale bestaan word duidelik uit sy woorde aan Adi:

Ek is byna binne bereik van my emigrasiefantasie. ... Ek het 'n handves in my tas en 'n biblioteek in my kop. ... Dit gaan my paspoort uit hierdie woesteny wees. (VR 174)

Die leser bly bewus van hierdie kontras tussen Paul en Adi: Paul is op die pad van selfvernietiging terwyl Adi iets van sy lewe wil maak en deel van die groter samelewing wil wees. Dominique merk op dat Adi "die slaggate van politieke oorgang en die vestiging van strukture" (VR 180) verstaan.

Saam met hierdie insig groei Adi en Dominique se verhouding. Sy trek agter hom aan en bly in 'n kothuis in Melville, Johannesburg. Sy sê vir haar pa hy hoef nie bekommerd te wees dat hulle soos man en vrou sal saamwoon nie, maar sy erken teenoor Paul dat hulle saam is. Hulle gaan naweke saam plaas toe en uiteindelik verklaar Adi sy liefde teenoor Dominique: "Ons is met mekaar verweef. ...Die eerste keer dat ek jou gesien het toe jy veertien was, het ek geweet ons gaan saamwees" (VR 186).

Dominique se herintegrasie as volwassene vind nie sonder probleme en versoekings plaas nie. Sy gaan terug na Paul waar hy in Kaapstad woon. Haar beskrywing van Paul se huis in Groenpunt herinner aan sy huis in Melville. Dit word beskryf as 'n tussenplek met ambivalente karakters. Daar is die prostitute by die verkeersligte wat vir Paul ken en vir hom waai en Paul se huismaat wat Paul as "skadeloos" (VR 189) beskryf. Die huis het nie sleutels nie; Paul het hulle verloor. Vroue kom en gaan. Daar is 'n tuin met 'n frangipaniboom waarvan niemand die blare en blomme optel nie en 'n oorgroeide grasperk (VR 189). Die huis is vuil. Dominique merk op daar is nie gordyne voor die vensters nie en sien die opgeligte Marley-teëls in die badkamer, die vrot waslap en 'n paar skaamhare in die wasbak (VR 191). Paul se ou Olivetti staan op 'n opslaantafel tussen stapels boeke. Teen die muur is 'n vel papier met 'n paar sinne in Paul se handskrif. Dit som Paul se selfkoesterende ambivalensie op:

Here I look to be lauded and applauded for nothing said, nothing done. A dreamy conductor of silent symphonies. Haunting notes of fraudulence ring hollow. (VR 191)

Dominique skryf in as student en kry werk as kelnerin by 'n Italiaanse restaurant. Dit is haar poging om weg te kom van Paul se "kokaiën-aangevuurde tirades" (VR 192) en losbandige lewe saam met prostitute. Sy word egter beproef en slaag nie daarin nie, want kort hierna het sy seks met 'n onbekende man. Hierdie optrede beëindig haar verhouding met Adi en sy stel haar ma teleur.

Daar is 'n man langsaan wat my elke dag van sy balkon groet. Hy is met 'n sportbeurs op universiteit en glo in God en dat jy jou vyand moet ken. Ek koop 'n fiets. Hy help my met die ketting wat bly afval. Ek val in sy arms. Ek steek 'n dolk in Adi se hart. wanneer ek hom oorsee bel om ons jare lange verhouding te beëindig, sê hy vir my

dat hy bly is vir my omdat hy my liefhet. Nadia huil oor die telefoon toe ek haar vertel. Ma sê ek is net soos Paul. (VR 194)

Dominique se moeder trek 'n vergelyking tussen haar twee kinders en gee aan haar dogter te kenne dat Dominique dieselfde paadjie gaan bewandel as haar broer. Dominique se aankondiging, "Ek vertrek vanmiddag met die Greyhoundbus plaas toe" (VR 197) suggereer egter 'n terugkeer na die plaas en 'n breuk met Paul. Op die stasie vertel Paul dat hy Engeland toe gaan vir werk. Sy woorde aan haar is byna iets wat sy vir hom kon gesê het: Ek "moet wegkom van hier af. Weg van die dwelms" (VR 197).

Dominique voel sy moet teruggaan na haar wortels. Dit is 'n verantwoordelike besluit. Hierteenoor is Paul se keuse om "reisiger" te bly 'n nomadiese lewenstyl wat hy met sy "emigrasiespaargeld" (VR 197) wil realiseer. Sy besluit kom uit die verwarring wat hy as gevolg van 'n soeke na 'n identiteit te midde van grootskaalse politieke omwenteling beleef.

Dominique se terugkeer val saam met die nuus dat Paul sy eie lewe geneem het. Die teks suggereer dat Dominique se flankerders, via haar broer, met die keersy van die maatskappy hiermee finaal verby is. Haar huldigingswoord aan haar gestorwe broer bevestig haar as getuie van die lotgevalle van mense wat nie toegerus is om in roerige of woelige tye te oorleef nie.

3.3.8 Herinnering as liminale ervaring

Dominique Botha, die skrywer, herbeleef die oorgang van kind na volwassene deur die oproep en neerskryf van die verlede soos sy dit onthou. Botha se verhaal self is egter 'n uitbeelding van 'n tussenruimte: naamlik die soom van herinnering. Die leser begryp die boek as die mededeling en getuie van 'n ouer, volwasse persoon wat die verlede herbesoek deur haar na 'n bepaalde tyd en ruimte te verplaas. Met die inset van die verhaal word die gebeure aanvanklik as kind herbeleef en skuif algaande na 'n meer volwasse toon. Die teks self word op dié manier 'n deurgangsfase by benadering, of as manier om rou en verlies 'n plek te gee. Die oproep van herinnering en die neerskryf daarvan word inderdaad met die sfeer van die liminale geassosieer (Vergelyk Viljoen, 2005c:8).

Om die verlede uit te beeld, is 'n tydelike verplasing van die verteller van die hede na die verlede, gevolg deur 'n herbeleving van die verlede en 'n uiteindelijke terugkeer om die verhaal neer te pen. Die resultaat is 'n teks wat 'n bepaalde tussenruimte verteenwoordig.

Tydens hierdie proses is daar skeiding, oorgang en heropname. Botha (die volwassene) se besluit om die verhaal na aanleiding van die dood van haar broer te skryf, lei tot 'n herbesoek van ('n oorgang na) haar kinderdae, die totstandkoming van die roman en Botha se vestiging binne 'n bepaalde gemeenskap (heropname).

In Botha (die skrywer) se onderhoud met Murray la Vita (in "'n Gesprek met haar broer") verduidelik Botha dat sy die boek nie alleen ter nagedagtenis aan haar broer geskryf het nie.

Ek moes êrens begin, ek wou iets doen, en dit is waar dit begin het. So, dit was nie heeltemal net 'n onselfsugtige behoefte 'ter nagedagtenis aan' nie; dit was ook 'n manier vir my om 'n skrywer te word (La Vita, 2014).

In haar onderhoud met die skrywer merk Joan Hambidge (2013) ook op: "Jou broer se lewe en dood is die tema van Valsrivier. Jy "voltooi" as't ware sy kreatiewe impuls wat deur sy dood gekortwiek is" (vergeelyk Hambidge, 2013). Volgens Visser (2014) is Hambidge se oortuiging die belangrikste gevolgtrekking ten opsigte van Botha se skryfwerk en bevestig dit die nosie dat sy besig was om dit namens Paul te doen: "...even while Botha was penning her own story of loss she was concomitantly acting on behalf of her brother" (2014:11). Die skrywer bevestig Hambidge se lesing:

By nabetragting sou 'n mens kon sê dat die kortwiek van my broer se kreatiewe impuls uiteindelik vleuels gegee het aan my eie stem. Ek neem die vertelling oor. Baie versigtig in die begin, maar soos die verhaal ontplooi, so beweeg die susterstem geleidelik weg uit die skadu van die ouer broer se talent, asook uit die skadu van verlies. (Hambidge, 2013)

In 'n meta-teksoomblik word Dominique deur Botha beskryf as iemand wat sukkel om te skryf, veral in die teenwoordigheid van haar broer. In die roman sit Dominique op die balkon van Paul se woonstel in Kaapstad, besig om 'n brief te skryf aan Adi, haar geliefde, wanneer sy deur fisiese en emosionele moegheid oorval word: "Ek teken prentjies van sterre en mane in die kantlyne en trane wat op die bladsy drup ... Balpuntepenkomete streep oor halwe waarhede. My pen loop mank op die papier. Dit is nie vir my maklik om te skryf nie, nie soos Paul nie, wie se woorde en gedagtes soos oorgretige hoere op hom toesak" (VR 193).

Dit is belangrik om op te merk dat die Dominique-karakter "halwe waarhede" skryf terwyl Botha 'n outobiografiese roman, 'n fiktiewe memoire skryf. Die potensiële skryfinstrument waarmee Dominique haarself probeer uitdruk, die pen, "loop mank" oor kindertekeninge wat haar bewoording van persoonlike pyn en ongelukkigheid veronderstel.

Daarteenoor word Paul se onbeheersbare inspirasie en losbandige artistieke ekspressie met "oorgretige hoere" vergelyk wat hy na hom toe aantrek, maar waarvoor hy die hoogste prys betaal. Bogenoemde demonstreer hoe Dominique se stem deur Paul se oorheersende kreatiwiteit gemarginaliseer word, verlam word deur Paul se ooglopende literêre viriliteit (as toevoeging tot sy sosiale losbandigheid), en versterk deur Botha se insluiting van sy (eie oorspronklike) skryfwerk in die teks. Daarmee saam wil ek soos Visser (2014) aanvoer dat Botha, terwyl sy haar as skrywer deur die skryf en publikasie van die roman, *Valsrivier*, gevestig het, 'n ontkenning van die self ("a diminution of self") ondergaan het, 'n soort self-opheffing ("an un-becoming"): Botha sê self: "Skryf is ook 'n dissipline waardeur 'n mens geleidelik van die sin van uniekheid van die self verlig word; 'n bevrydende gestrompel in die rigting van nederigheid" (Hambidge, 2013).

In die tussenruimte (die teks) wat Dominique Botha as volwasse skrywer wat terugkyk na haar kinderlewe tot stand bring, word Dominique Botha via narratiewe tegnieke die fiktiewe protagonis wat die ontwikkeling van kind na volwassene meemaak. In haar aanbieding van die verhaal is daar, volgens Visser (2014), 'n doelbewuste verwydering van die self, 'n onoortuigende en wisselvallige kinderperspektief wat 'n verwarring bring wat die stem van die kinderpersepsie en die ouer bewussyn betref. Daar is duidelik 'n tweede, ouer, geïnisieerde stem wat die jonger stem projekteer. Daar is terselfdertyd 'n afwesigheid wat haar binnelewe betref, 'n soort stilte rondom haar eie gevoelens asof sy bloot die gebeure rondom haar gadeslaan.

In haar studie identifiseer Visser (2014) 'n tweede, ouer, geïnisieerde stem wat 'n jonger stem projekteer, namens haar beskryf van wat die jong Dominique Botha sien of ervaar. Volgens Visser slaag Botha nie daarin om die jonger stem kongruent gestalte te gee nie; dit wil sê, die jonger karakter klink nie altyd soos 'n kind nie (2014:16). Hierdie ouer, ordende stem neem die rol van 'n sosiale 'filter' of 'n redigeerder aan wanneer dit duidelik word dat die verteller/skrywer doelbewus kies wat die sy van 'n agtjarige karakter/verteller aan die leser wil verklap. Visser noem hierdie ouer stem 'n "skrywer-surrogaat" (2014:16). Sy wys ook daarop dat *Valsrivier*, in teenstelling met die Engelse teks, in die teenwoordige tyd aangebied word. Die onmiddellikheid in die Afrikaanse weergawe bied die moontlikheid dat die verhaal as 'n herbelewing van gebeure gelees kan word.

Die voorneme om Paul se lewe in herinnering te roep deur te skryf, is 'n doelbewuste grensoorskryding. Hierdie oorgang herinner aan wat Marlies Taljard (2013) oor die skryfproses in Antjie Krog se bundel, *Kleur kom nooit alleen nie* (2000), beweer. In haar gedig, *Skryfode*, maak Krog naamlik gebruik van binêre opposisies, naamlik "binne" teenoor "buite" en "daglig" teenoor "ondergronds", asook die verklaring dat die skrywende ek haar "te buite" moet gaan om te kan skryf. Die woorde "kom" en "gaan" dui volgens Taljard op die verwisseling van ruimte, die nosie wat Viljoen (2005c:18) oor liminale karakters het. Tydens die skryfproses bevind sy haar as't ware in 'n skemergebied van intensiewe selfondersoek en selfkonfrontasie. Wanneer die spreker in *Skryfode* haar dan voorneem om "ondergronds" te gaan, is dit 'n verklaring dat sy die ruimte binnegaan wat volgens Taljard (2013) tradisioneel aan die kunste en veral aan die skryfkuns toegedig word.

Botha (aangehaal deur Hambidge, 2013) sê die volgende oor haar boek:

My besluit om nie 'n memoire te skryf nie was deels omdat ek al hoe meer beseft het die volkome waarheid is nie haalbaar nie. Mense is besitlik oor die geldigheid van hulle uiteenlopende herinneringe. Ons onthou op 'n manier wat ons wil onthou. Die geheue is feilbaar en word ingehaal deur tyd. Selfs feite groei skeep.

Hierdie insig word ook in die verteller se biewoorde in die ode aan haar gestorwe broer, Paul, verwoord:

*ek wou jou so graag
aan ons plek van herkoms
bind met woorde
om weer te begin
met 'n skildwag teen toeval
met 'n ompad
met 'n lang potloodstreep
wat vervaag oor blou heuwels
in my vergeelde tekenboek (VR 205)*

In haar analise van V.S. Naipaul se roman *A way in the world* (1994), verstaan die kritikus, ZHU Ying (opgesom deur Viljoen en Van der Merwe: 2006), die konsep 'liminaliteit' as die onvolledigheid en eensydigheid van voorstellings van die verlede. Zhu bespreek liminaliteit eerstens as die herbelewing van die verlede in die hede deur spore

(herinnerings) van die verlede te bewaar en verbeeldingryk te interpreteer. Die skrywer, Dominique Botha, doen iets soortgelyks met *Valsrivier*. In die flapteks van die boek word die leser daarop voorberei dat die verhaal nie die volkome waarheid is nie, dat dit slegs op "ware gebeure gebaseer" is.

Naipaul doen dit, volgens Zhu, (in Viljoen en Van der Merwe) deur ongeskrewe of verlore verhale uit 'n persoonlike verlede in te skryf in die aanvaarde geskiedenis van Trinidad. Zhu bespreek Naipaul se strategie om die wêreld vanuit die waarnemingspunt van 'n skrywer-reisiger te herskryf. Deur hierdie fokalisator te kies, skep Naipaul die soort afstand wat reg laat geskied aan die eendersheid en vreemdheid van die self, die geskiedenis en die wêreld.

Dayal (in Viljoen en Van der Merwe) noem dit wat Naipaul doen "'n dubbele bewussyn" (2006:51). Die skrywer se liminale toestand word volgens Dayal deur sy ervaringe as skrywer tot stand gebring. As skrywer verplaas Naipaul haarself van een ruimte na 'n ander en 'n proses van transformasie vind plaas. Die bekende en veilige word gedekonstrueer tot die Ander; voltooidheid word gefraksioneer Die terugkyk deur middel van herinnering bring vervreemding mee omdat ook die bekende ná die blootstelling aan die ervaring anders lyk. Hierdeur word ook herinnering 'n hibriede gegewe; verbeel en onthou is dikwels onlosmaaklik vervleg (2006:51-54).

Die konsep van herinnering word nêrens meer akuut verwoord as in Dominique se lofgedig vir die broer nie. Die skrywer as digter-spreker is volgens my hier aan die woord. As liriese subjek staan sy nog 'n entjie verder van die verteller in die verhaal. Die vorm van verhewigde spreke (die versvorm) word gekies om die hoogtepunt van die skrywer se verledetydsbemaagtiging te merk en daarmee die slotkadens van 'n rouproses uit te maak:

ek roep jou

ek wag onder die peperboom

ek sal jou stem ken

moet jou houvas nie verloor nie

ek het al die sterre gesoebat

op hulle brandende voetpaadjies

dralend deur rook

van nagte vol onthou (VR 205)

Die beeld van 'n herinneringsreis as 'n voetpaadjie wat die karakter, Dominique, saam met haar broer loop, vorm 'n goue draad deur die roman. Dit veronderstel 'n beweging van een ruimte na 'n ander met transformerende ervarings op pad. Die transformasie van die skrywer, Dominique Botha, word teweeggebring deur die herinneringsproses en taal word die instrument waarmee die herinnering herroep en herverbeel word. Volgens Adèle Nel (2006:190) veronderstel liminaliteit 'n drumpel tussen die konkrete en abstrakte ruimte aan die een kant, en die innerlike of metafisiese ervaring wat in die skryfproses uitgedruk word. Taal word as't ware aangewend as wyse om 'n grens oor te steek en om die self binne die ruimte van die verlede te plaas.

Die hoogtepunt van die verhaal is die roudig of elegie waarmee Botha die verhaal eindig. Met treffende taalkundige selfvertroue staan Botha se roudig in direkte teenstelling met die jonger stem in die verhaal wat sukkel met die las van vertel; wat sukkel om van haar broer se selfvernietiging te getuig. Die einde van die verhaal sluit Paul se storie af, en die elegie is duidelik geskei van die res van die roman deur die skielike onderbreking, tipografie en die poëtiese vorm. Tog is daar leidrade in die gedig wat wil aandui dat die karakter, Dominique, moeite het om die dood van haar broer te verwerk en dat sy steeds in 'n liminale toestand van rou is. Dominique se aanbieding in die elegie is byna in afwesigheid van haar liggaamlikheid en sluit aan by die res van die verhaal se verwysings na haar drome, haar nagwandeling en haar eetversteuring. Die gedig is gelaai met kodes en ryk aan simboliek. Sy steek haarself as't ware weg in die vorm van die gedig en onderbreek haar eie ervaring ter wille van haar broer in 'n hernieude soeke na die intimiteit van hul verhouding: "'n man met 'n kapbeitel / het my oopgevlak / gelem soos 'n lewende vis / die heks het my littekens gestreel en gefluister / laat hom nou gaan / (Ek het vir jou op die verkeerde plekke gesoek)" (VR 203). Dominique probeer haar broer volg, maar sy kan nie. Sy word agtergelaat om self te praat en die verlede sonder die hulp of stem van haar broer neer te pen. Dit maak haar angstig, want "die vlamme wind suiker jou woorde weg" (VR 205) skryf sy in die elegie. Die doel van 'n elegie is om 'n einde te bring aan rou, maar, in plaas daarvan, bied Dominique vir Paul 'n "kaart" van die plaas sodat hy sy pad kan terugvind (VR 203). Die doel van Dominique se "kaart" is vir Paul om sy familie te kan opspoor en weer by dit wat bekend is uit te kom. Sy "roep" (VR 205) hom in die gedig en sy "wag" (VR 205). Die laaste reël van die elegie, "jy het my altyd vooruit geloop" (VR 206), herinner aan die omslagfoto van die roman, waar Paul vir Botha vooruithardloop. Dit roep ook die openingsbeeld van die roman op waar Paul

en Dominique op pad na die familiebegraafplaas is: "Paul stap vooruit op die voetpaadjie wat soos 'n lint deur die lang gras ooprol" (VR 7).

Die elegie is die verteller se poging om die verhaal af te sluit en daarmee berusting te vind. Dit is die elegie in die boek waaroor kritici (soos Hambidge) gaande is. Dominique word die skrywer wat Paul moes word. Sy dood is die kreatiewe impuls. Na sy dood skryf sy vir hom 'n roerende lykdig. Die skrywer, Dominique Botha, skryf 'n boek om haar broer se lewe te huldig, 'n boek wat haar as skrywer vestig. Sy wen die Eugene Maraisprys vir haar debuut en word daarmee in 'n gemeenskap van skrywers opgeneem. Binne hierdie gemeenskap van skrywers lewer sy kommentaar op die verknoeië Suid-Afrikaanse samelewing en die invloed wat dit op die grootwordprosesse van jongmense het. Sy het haarself in hierdie boek laat sien as 'n ander soort "projek" van die sosiale en politieke transisie, 'n bewoë getuie en skribent eerder as 'n ontvlugter.

HOOFSTUK 4 – SLOT

Die konsepte van “liminaliteit” en “*Bildungsroman*” is in hierdie studie vryelik aangepas om ‘n greep op Jeanne Goosen en Dominique Botha se romans, o.a. *Daantjie Dromer* en *Valsrivier*, te probeer kry. Goosen en Botha se werke is vir hierdie studie gekies op grond van die karakters se leeftog vanaf kind na volwassene. Hierdie studie toon aan dat die skrywers via die uitbeelding van moeisame oorgangsperiodes in hulle karakters op gekompromiteerde samelewingstrukture kommentaar lewer. Doelbewuste onttrekking van kinders en jongmense uit 'n bepaalde gemeenskap verklap naamlik die sosiale foutlyne op besonder pikante wyses, en bied terselfdertyd ryke dramatiseringsmoontlikhede vir die skrywer. Oorgangsruimtes is plekke waar weggekrui of weggevlug word. Hulle bied ontvlugting eerder as oplossings, en wel via droomtoestande van dwelms, musiek, idees oor goddelikheid en 'n behepthed met die self. In hierdie gemankeerde transisies word daar nie soos in tradisionele “rites of passage” van krisis, via deurgang tot herintegrasie gevorder nie. Elemente van grens/ drumpel/ tussengebied/ oorgangsfase in die belewing van die karakters van albei boeke is beskryf, maar, net soos in my eie roman, is die kern waaromheen alles wentel die feit dat die karakters in 'n tyd van sosiale teenstrydigheid en sosiale transisie grootword. Die karakters se transisionele staat of toestand is 'n ruimte vanwaar die bestaande sosiale toestande bevoorgrond word as (deels) die rede vir die vreemde prosesse van onthechting en verwarring waardeur hulle gaan. Die vertelde tyd in die romans produseer as't ware die karakters se wording tesame met of gelyklopend aan die (komende) sosiale transisie.

Die karakters in o.a. *Daantjie Dromer* en *Valsrivier* is daarom nie op vaste aarde in vertroude gelykblywende gemeenskappe nie maar op losse sand besig om in tandem met sosiale transisies of in die greep van sosiale kontradiksies groot te word. Hulle wordingsproses loop gelyk aan en word gekristalliseer deur die sosiale omgewings wat rondom hulle druk en skaaf en dreig om te verander.

Die verwarring wat hulle voel, het met hulle adolessente hormone en identiteitsoeke te make, maar dit het ook te make met die verwarring en nuwe-effekte van die onsekere sosiale omstandighede en polities-voorgeskrewe, vertekende en geopponeerde rasse- en klasse-identiteite. Hulle wordingsprosesse word deels deur die effekte van sosiale veranderinge of pre-transisionele, sosiale spanningsmomente bepaal.

Hierdie is een van die groot insigte van Bakhtin in sy aantekening oor die realistiese *Bildungsroman* waarvan dankbaar gebruik gemaak is in hierdie studie. Die karakter groei nie

om 'n volwasse invoeging in vaste strukture te geniet nie, maar die sosiale strukture verander self terwyl dit die karakter produseer.

Die projeksies en eksperimente van die karakters is utopies of distopies (musiek/ kuns/ godsdiens/ dwelms/ kommunes). Hierdie projeksies en eksperimente verteenwoordig die outeurs se worsteling om die inhoud van (komende) sosiale transisies op romanmatige maniere onder woorde te bring, dit wil sê, via karakters en stories. Die perspektief van die kind is in hierdie opsig voordelig omdat die outeur 'n spanning tussen die kind se nuwe en deels onskuldige ervaring van onstellende sosiale wantoestande en die beter wete van die leser kan ontgin. Die leser word op die manier gesuspendeer in die tragedie van onvermydelike historiese geworpenheid waaraan alle mense deelagtig is.

'n Mens het te doen met min of meer kortsigtige of onskuldige karakters waarvan die vormingsjare en wordingspyne parallel loop aan en bepaal word deur maatskaplike en politieke spanning in die proses van (komende of dreigende) verandering. Daar is oorvleueling van die drumpel of krisis waarop die karakters staan en die drumpel of krisis van sosiale verandering. Die klein karakterdrumpel is ingebed in die groot sosiale drumpelmoment. Die klein karakterdrumpel of -krisis word vir 'n groot deel (via die ruimtes van die roman en die handelingsverlope) gemobiliseer deur die onsekere, ongerealiseerde, beginnende, krisis-deurspekte sosiale of historiese deurgangsmoment.

Die uitkoms aan die ander kant van die karakter se liminale fase kan nie een wees van probleemlose herintegrasie in 'n stabiele onveranderde vertrouwd-gestruktureerde omgewing nie. Daardie omgewing self is aan die kraak en bewe. Identiteite en magsverhoudinge is besig om te skuif. Sosiale veranderinge neem baie langer om voltrek te word en die karakters kan alleen maar uit enige persoonlike krisis uitgegooi word om weer binne-in 'n verdere, voortdurende, onsekere, wordende omgewing en toestand te beland. Hulle kan hulle lewe miskien 'n bietjie beter begin verstaan as onherroeplik gekoppel aan die sosiale veranderinge, maar hulle word nie verlos en genees en gesond in 'n sigself welbevindende, sosiale liggaam opgeneem nie. Hulle steek vas of huiwer op die drumpel. Hulle kan ook opgesluit word (deur hulle miskien ewe onsekere en verwarde outeurs) in minder of meer geïdealiseerde, escapistiese of selfvernietigende gedrag as perversie van 'n in sigself onmoontlike en hoogs-misplaaste "oorgangsrite". Al twee romans is geskryf deur mense in hulle veertigs/vyftigs wat iets probeer artikuleer van 'n diep skade aan die psige van familieledes en wat self getuies was van die drama van grootskaalse magsverskuiwinge.

Miskien is die tragiek van die romans dat hulle probeer verwoord dat 'n "normale" onvertekende adolessensie en volwassewording onmoontlik is en in 'n land soos Suid-Afrika noodwendig moet uitmond in sielkundige patologie, dat die patologie miskien verklaar kan word deur die feit dat die swart meerderheid van die bevolking deur koloniale, rassitiese denkbeelde permanent in 'n staat van gedienstige knegte, *Boys* en *Girls*, geïnfantiliseer en ontmagtig is. Die kinders van die vroeëre wit magshebber kan met ander woorde nooit deursteek na gesonde volwassewording indien hulle 'n twyfelagtige struktureel-bevoordeelde plek beklee van jongelinge wat na swart volwassenes kan verwys as kinders of onmondiges of skepsels nie. Wit kinders moes volwasse word in die skaduwee van 'n politiegemanipuleerde meerderheid van swart mense wat as groot, behoeftige of permanent afhanklike "kinders" aan hulle voorgehou word of was. Sulke wit kinders sal beslis op die een of ander manier psigologies geskaad wees as hulle grootword, ook al veroordeel die ouers van die wit kinders die politieke status quo in 'n mindere of meerdere mate as moreel laakbaar en al probeer hulle dit op kleiner of groter maniere verander. Om desondanks klein reste van die warmte en intimiteit, van vertrouwe en liefde waarin 'n normale kindertyd sy bestand vind fiksioneel te probeer red, is miskien die mees skreiende aanduiding van die stryd van ouer Suid-Afrikaanse outeurs van jeugverhale om in die reine te probeer kom met die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis, 'n geskiedenis wat van die toekoms 'n onafsienbare en onheilspellende uitvalsgebied maak.

ADDENDUM 1

Giliomee en Mbenga (2007) se chronologiese opsomming van die hoofmomente in die geskiedenis van Suid-Afrika tussen 1948 en 2004 dui op Suid-Afrika as 'n land in durende transisie. Die volgende momente is vir hierdie ondersoek van belang:

- 1948: Die Nasionale Party onder D.F. Malan wen die verkiesing.
- 1948 – 1953: Die meeste apartheidswette word aangeneem.
- 1951 – 1956: Die verwydering van bruin kiesers van die gemeenskaplike kieserslys veroorsaak 'n grondwetlike stryd.
- 1952: 'n Versetveldtog onder leiding van die ANC begin.
- 1958: H.F. Verwoerd volg J.G. Strydom as eerste minister op.
- 1959: Verwoerd kondig die plan aan om alle swart verteenwoordiging in die Parlement af te skaf en opper die idee van swart "tuislande".
- 1960: Die polisie skiet 69 protesteerders in Sharpsville dood; die regering kondig 'n noodtoestand af; die ANC word verbied; die meeste leiers verlaat Suid-Afrika.
- 1961: Die Republiek van Suid-Afrika word uitgeroep; Nelson Mandela vorm Umkhonto weSiswe; internasionale sanksies word teen Suid-Afrika ingestel.
- 1961 – 1973: Suid-Afrika ervaar sterk ekonomiese groei.
- 1963: Mandela en nege ander staan tereg; die meeste kry lewenslange vonnisse.
- 1966: Verwoerd word vermoor en deur B.J. Vorster opgevolg.
- 1967: Steve Biko begin die Swart Bewussynsbeweging.
- 1973: Die eerste onafhanklike vakbonde word gevorm.
- 1974: 'n Staatsgreep in Portugal lei tot onafhanklikheid vir Angola en Mosambiek.
- 1975: Suid-Afrikaanse troepe val Angola voor die oordrag van mag binne.
- 1978: P.W. Botha word eerste minister.
- 1979: Die regering skaf die beperkinge op swart arbeid af en laat swart vakbonde toe. Die ANC verskuif sy klem van die gewapende stryd na die skep van 'n ondergrondse binnelandse politieke beweging.
- 1981: Suid-Afrika stuur 'n veldtog van stapel om die streek te destabiliseer ten einde sy veiligheidsdoelwitte te bereik.
- 1984: Nuwe grondwet word ingestel; 'n Driekamerparlement met afsonderlike huise vir wit, bruin en Indiërs gee aanleiding tot wydverspreide teenstand.
- 1986: Wydverspreide onluste; die regering stel 'n algemene noodtoestand in.
- 1989: F.W. de Klerk word staatspresident; verskeie politieke gevangenes word vrygelaat.
- 1990: De Klerk skrap die verbod op die ANC; Mandela word vrygelaat.
- 1991: Veelpartyonderhandelinge begin; die regering skaf alle apartheidswette af.
- 1994: Die eerste demokratiese verkiesing vind plaas; Die ANC kry byna twee derdes van die stemme; Nelson Mandela word president en lei 'n Regering van Nasionale Eenheid.

BRONNELYS

Aquirre, M., Quance, R. & Sutton, P. 2000. *Margins and thresholds: an enquiry into the concept of liminality in text studies*. Madrid: The Gateway.

Bakhtin, M. 2004. *Speech genres & other late essays*. Austin: University of Texas Press.
Vertaal deur Michael Holquist en Carol Emerson.

Barendse, Joan-Mari. 2016. Die tante uit Nederland as liminale karakter in Etienne van Heerden se *Kikoejoe* (1996) en *30 nagte in Amsterdam*. (2008). *LitNet Akademies*, 13(1).

Behr, Mark. 1993. *Die reuk van appels*. Kaapstad: Queillierie.

Benjamin, S.P. 1997. *Die reuk van steenkool*. Kaapstad: Queillierie.

Berman, Jessica. 2011. *Modernist commitments: ethics, politics, and transnational modernism*. New York: Columbia University.

Boes, Tobias. 2006. Studies and the Bildungsroman: A Historical Survey of Critical Trends. *Literature Compass*, 3(2): 230–243. doi: 10.1111/j.1741-4113.2006.00303.x

Botha, Dominique. 2013. *Valsrivier*. Kaapstad: Umuzi.

Carstens, H. 2007. *Drempellewens: Die uitbeelding van bewussyn in vyf debuutromans*. Ongepubliseerde magistertesis: Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Chipkin, I. 2007. *Do South Africans exist? Nationalism, democracy and the identity of 'the people'*. Johannesburg: Wits University Press.

Conradie, Renée Rautenbach. 2010. 'n Ontleding van die konsep 'liminaliteit' soos dit vergestalt word met betrekking tot hoofkarakters in: '*n Ander land* deur Karel Schoeman; *Die son kom aan die seekant op* deur Jeanette Ferreira; *Lang skaduwees in Afrika* deur Connie Luyt. Magistertesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Du Plooy, Heilna. 2006. Afstand en belewenis: liminale ruimtes en oorlewing in *Niggie* deur Ingrid Winterbach. *Literator*, 27(1), April 2006.

Forster, Petronella Hermiena. 2004. Marginale en liminale karakters in die werk van Lettie Viljoen/ Ingrid Winterbach: sosiale kommentaar en die ondermyning van grense. Magistertesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Goosen, Jeanne. 1990. *Ons is nie almal so nie*. Pretoria: HAUM.

Goosen, Jeanne. 1993. *o.a. Daantjie Dromer*. Strand: Queillierie.

Giliomee, Herman & Mbenga, Bernard. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Hambidge, Joan. 2013a. Aangrypende debuut wat gelees moet word. Resensie *Valsrivier*, Dominique Botha. *Die Burger*, 18 Augustus 2013.

Hambidge, Joan. 2013b. Botha se 'Valsrivier' haar protes teen die vergetelheid. Onderhoud met Dominique Botha. *Die Burger*, 23 Augustus 2013.

Hirsch, Marianna. 1979. "The novel of formation as genre: Between Great Expectations and Lost Illusions." *Genre (Norman, Okla.)* 12.1 (1979): 293-311. EBSCO. Web. 21 Feb. 2014.

Li, Hua. 2007. *Coming of age in a time of trouble: The Bildungsroman of Su Tong and Yu Hua*. Doktorsgraad: University of British Columbia.

Krog, Antjie. 2000. *Kleur kom nooit alleen nie*. Kaapstad: NB Uitgewers.

La Vita, Murray. 2014. "'n Gesprek met haar broer." Onderhoud met Murray La Vita. *Die Burger*. 23 Mei 2014.

Mbembe, Achille. 2001. *On the postcolony. studies on the history of society and culture*. Berkeley: University of California Press.

Nel, A. 2005. Tot verhaal kom: Dagboek teen ontheemding en verlies. *Stilet*, XVII(2), Junie: 87–102.

Nel, A. 2006. Die digter in transito: reisverhale en liminaliteit in *Lykdigte en Ruggespraak* van Joan Hambidge. *Literator*, 27(7), April: 189–210.

Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. 2005. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Roets, Kristèl. 2008. 'n Vergelykende studie van twee jeugromans: *Winterijs* (2001) deur Peter Gestel en *Roepman* (2004) deur Jan van Tonder. Magistertesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Sammons, Jeffery L. 2000. "The *Bildungsroman* for nonspecialists: an attempt at a clarification" in *Reflection and Action: Essays on the Bildungsroman*, p.42.

Taljard, Marlies. 2013. "Die skryfproses: "Skryfode" van Antjie Krog." *Versindaba*, 6 April. versindaba.co.za/2011/04/29/artikels-lesings/

Trubshaw, B. 1995. *The metaphors and rituals of place and time: an introduction to Liminality* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.indigogroup.co.uk/foamycustard> [2008, 6 Oktober].

Turner, Victor W. 1967. *The forest of symbols: aspects of Ndembu ritual*. Ithaca/Londen: Cornell University Press.

Turner, Victor W. 1969. *The ritual process: structure and anti-structure*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

Turner, Victor W. 1974. *Dramas, fields and metaphors. Symbolic action in human society*. Ithaca/Londen: Cornell University Press.

- Van Coller, Hennie & Van den Berg, Cilliers. 2009. Trauma, verlies en die semiotiese bewussyn in *Karolina Ferreira* en *Niggie* van Ingrid Winterbach. *Stilet*. 21(2): 29 – 51.
- Van Gennep, Arnold. 1960. *The rites of passage*. Vertaal deur Monika B. Vizedom en Gabrielle L. Caffee. Londen: Routledge & Kegan Paul.
- Van Niekerk, Marlene. 1995. *Triomf*. Kaapstad: Queillierie.
- Van Vuuren, Helize. 2014. "Valsrivier deur Dominique Botha wen Eugène Maraisprys". *Book Lounge*. 2 April 2014.
- Van Zyl, D. 2006. Die ontginning van liminaliteit in *Vaselientjie* deur Anoesschka von Meck. *Literator*, 27(1) April 2006.
- Viljoen, Hein & Van der Merwe, Chris. 2006. "Oor die drumpel: liminaliteit en literatuur". *Literator*, 27(1), April, ix-xxvi.
- Viljoen, Louise. 2005a. "Roepman is 'n aangename verrassing". *Litnet*, 13 Januarie.
- Viljoen, Louise. 2005b. "Jan van Tonder – die roepman". *Litnet*, 13 Januarie 2005.
- Viljoen, Louise. 2005c. 'n 'Tussen-in' boek. Enkele gedagtes oor liminaliteit in Breytenbach se *Woordwerk* (1990). *Stilet*, XVII:2: 1–25. New York: Columbia University Press.
- Visser, Lisa M. 2014. *Absence as narrational trope in the fictionalised transliteration of experience: a discussion of Dominique Botha's False River*. Magistertesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Vorster, Carla. 2013. 'Hoe vertel jy op papier wie jy was en wie jy nou is?' Die konstruksie van die vroulike subjek in twee bildungsromane: *Annerkant die longdrop* van Anoeschka von Meck en *De vriendskap* van Connie Palmen. Magistertesis: Stellenbosch. Universiteit van Stellenbosch.

Roet (roman)

Marthinus Jacobus (Kobus) Grobler

Roman ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van

Magister

in die

Lettere en Wysbegeerte

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleiers: Prof M. van Niekerk en Dr W.P.P. Anker

"There are not many entrances by which one may come to the past again, but every bait fisherman knows in his heart this is one of them. And while he laughs by the river, and casts into the eddy, and sets his rod on the forked twig, his is that essence of happiness which is not often given – the present tintured by the past."

BEN HUR LAMPMAN

Vir Pa

JANUARIE

Jaco staan voor die venster en kyk na die roet op die lawn. 'n Poliesvan hou voor die hek stil. Dit is Piet Poliesman.

Sy ma kom om die hoek van die huis om te hoor wat aangaan. Sy wil Elsa neersit, maar sy klou aan haar soos 'n apie.

Hy kry sy skooltas.

"Is dit julle meid?" vra Piet deur die oop venster. Hy klim uit. Sy gun hang aan sy belt. Hy sien die sweetkol op Piet Poliesman se rug wanneer hy die agterkant van die van oopmaak.

Ou Louise Rökkies ry verby in haar blou Ford Fairlane, draai haar nek af soos sy kyk.

Maria bondel haar rok tussen haar knieë terwyl sy afklim. Sy hou haar oë op die grond en sy vryf haar hande asof sy koud kry. Allesbehalwe koud. Dit is Malelane hierdie en Jaco voel al klaar die klammigheid in sy kieliebakke.

Maria wag dat iemand iets moet sê.

"Jy's laat," sê sy ma.

Sy kyk op. Elsa hou haar arms uit.

"Waar was jy?" vra sy ma.

"Sy het nie haar pasboek by haar nie."

"Jy weet mos jy moet dit by jou hê."

"Mies het hom die pasboek by my gevat."

"Bly sy hier by julle?"

Hy sal moet waai as hy betyds wil wees vir skool, maar hy wil niks mis nie. Piet Poliesman staan soos 'n cowboy met sy duime in sy broek. Sy hemp span oor sy bors en die naamplaatjie blits in die son: Kaptein Piet Malan.

"Nee," sê Ma. "Sy bly in die lokasie. Hannes hou nie van meide in sy agterjaart nie."

"Hoe lank werk sy by julle?"

"Ons het haar saamgebring toe ons van Pongola af hierheen gekom het. Sy is van Zoeloeland."

"Julle het 'n pasboek vir haar?"

"Ja. Ek moet dit nog invul. Ek sal sorg dat sy dit kry," sê sy ma en sit Elsa neer.

"En haar naam?" Hy kyk na sy vingernaels.

"Ek is Mbalinhle Miriam Mkwanzazi van Nongoma. Ek werk by Mies Gerber-hulle vir 10 jare nou."

"Moenie vir jou staan slim hou nie, Meid. Ek praat met die miesies."

"Jammer, Baas."

Elsa staan op haar tone, wys Maria moet haar optel. Die hond spring ook teen haar op. Maria vryf sy kop.

"Toe, loop nou, Maria. Die werk wag."

"Yebo, Miesies."

Elsa druk haar gesig in Maria se nek. Die hond hardloop agterna.

"Nou toe Jaco, vir wat staan jy so en ginnegaap?" vra sy ma. "Jy en Henk gaan laat wees vir skool."

"Tot siens Ma. Tot siens Oom Piet."

Ginnegaap se gat.

Sy pa sê daar is drie soorte mense. Verloorders, verderverloorders en windgatte. Hy dink daar is 'n vierde soort. Soos hy. Hulle sien te veel en hulle hoor te veel en hulle voel te veel.

Standerd 5 gaan 'n grote wees. Hy weet nie hoekom nie, maar hy voel dit. Miskien moet hy een van daai Croxley Hard Covers kry en dagboek hou.

Hy sien hulle in die skoolvierkant onder die flambojant.

"Tjips, hier kom ou Soetjiespoep," sê Leendert. Hy gryp Jaco se tas uit sy hand en pass dit na Hendrik van Dyk, wat dit soos 'n goeie rugbykaptein vang en aangee. Christo vang mis en hy sien sy tas op die grond val en oopspat. Die Tupperware kosblik kletter agterna.

Bloed klop in sy kop.

"Wat het die meid vandag vir Jaco'tjie op sy brood gesit?" vra Leendert.

"Ek het self my brood gemaak."

"Nou laat ons sien." Hy ruk die Glad af, kyk na die toebroodjie en vat 'n hap. Hy kou en trek sy gesig.

"Hier's dan fokkol op," sê hy met sy mond vol. Sy bek trek op 'n knop. Mens kan sien hy maak die brood bymekaar in sy mond om dit uit te spoeg. Die brood gob deur die lug.

Die seuns lag.

"Dis nie snaaks nie, julle!" roep Jaco.

Leendert plak die res van die brood terug in die kosblik en loop staan voor Jaco. Hy stoot sy bors uit, maak sy hande slap en tart met 'n meisiestem: "Dis nie snaaks nie, julle!"

Die klok lui.

"Daar is drie belangrike 'goed' wat hierdie jaar moet gebeur," sê Ou Brewis. "Een: Die 'inwyding' van die nuwe skoolsaal is in Augustus en daar sal 'n konsert gehou moet word en Twee: Julle Standerd 5-afskeid moet 'gereël' word. En dan moet julle ook Standerd 5 slaag."

Ou Brewis sit graag sy woorde in aanhalingstekens. Hy onthou toe sy pa dit die eerste keer gesien het. Dit was laasjaar met Krugerdag, 10 Oktober. 'n Groot storie. Daar was voordragte en kore. Die Voortrekkers het die vlag gehys en *Die Vlaglied* gesing.

Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra

Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika

En toe kom Brewis se speech. Die een scare quote na die ander.

"My got, wat gaan aan met die man?" het sy pa vir sy ma gevra.

"Paul Kruger was 'n Afrikanerleier wat die 'moed' gehad het om teen Britse oorheersing 'op te staan'," het Brewis sy vingers om die woorde gehaak.

Jaco weet van niemand anders wat so praat nie. Dit was ook nie lank nie of die kinders in die klas begin woorde in hakies sit.

"Kan Meneer asseblief verduidelik wat 'n 'oop lettergreep' is?"

"Meneer, kan ek asseblief gaan 'kamerverlaat'?"

Arme Brewis het nie agtergekom hulle spot met hom nie.

As hy wat Jaco is, so begin praat, sal sy pa hom 'n klap teen die kop gee en sê: "Is jy nou 'n nancy?"

Voor hy huis toe gaan, maak hy 'n draai by Minty se winkel. Hy koop vir hom 'n Croxley Hardcover met die geld wat hy nog van Kersfees oor het. Dit kos 10 sent.

Hy loop af in Buffelstraat. Hy is honger. Sy kos lê nog net so in sy kosblik soos Leendert dit verniel het.

Hy sien Henk van onder af aankom. Hy weet al: dis 'n storie van wie eerste by Maria se bord toebroodjies kom. Sy broer begin hardloop.

Hulle is gelyk by die hek. Henk skouer hom uit sy pad. Nou vir die laaste straight af in die driveway agterdeur toe. Sy hand is eerste op die deur se handle, maar Henk gryp hom

om sy middel en trek hom weg van die deur. Hy klou vir al wat hy kan. Hy voel naand hy hang in die lug.

"Los, fok!" skree Henk.

Die deur slaan oop en toe.

"Hawu, Kleinbasies," sê Maria. "Julle moenie maak so nie."

Henk sien 'n gap. Wanneer die deur oopswaai, druk hy Jaco tussen die deur en die muur vas en glip in.

Maria moet pad gee.

Henk pluk die vadoek van die bord af en gryp vier toebroodjies. Daar bly twee oor. Jaco sien die broodmes in die sink. Henk hardloop kamer toe en slaan die deur toe. Hy probeer dit oopstoot, maar sy broer druk die deurhandle van die binnekant af op sodat dit nie kan oopmaak nie.

Hy gaan sit voor die toe deur met die mes in sy hand.

"Ek sal jou terugkry, Snotkop." Hy druk die mes onder die deur in. Hy kap iets raak.

"Jissis, jy sal my tone afsny!"

Nou weet hy, hy het te ver gegaan. Die klikbek sal na sy pa toe hardloop en vir hom vertel.

"Hier is jou brood," sê Maria. "Peanut Butter en stroop."

"Ngiyabonga, Maria." Hy vat die bord en gaan sit by die eetkamertafel.

Hy haal die Croxley uit. Hy moet die jaar beplan. Hy moet dagboek hou. Hy haal 'n pen uit sy tas en skryf: Januarie 1973.

Dit is 'n begin, maar hy weet nie hoe verder nie. Dit was anyway 'n stupid idee. Hy moet nog huiswerk ook doen. Hy kan nie nou wil sit en niks doen nie. Miskien is dit die hitte wat hom so moeg laat voel vir huiswerkdoen. Selfs Maria kry vandag warm. Sy vee sweet van haar voorkop af en sy stink. Op die stoof prut vanaand se kos. Dit het sy klaar, maar daar is nog sy pa se safaripakke wat sy moet stryk. Sy spat water op die klere en spoeg op die yster voor sy begin stryk.

Maria, skryf hy op die volgende bladsy en besluit om dit te onderstreep.

1. Maak huis skoon. Maak beddens op.
2. Skrop die bad en toilet.
3. Was die vloere. Was die vensters. Was die siwwe.
4. Was en stryk en pak klere weg.
5. ~~Sy stink partykeer.~~ Maak kos.

6. Vee die sement.
7. Gee die potplante water.
8. Bad en voer Elsa. Speel met Elsa. Stap met Elsa.
9. Gee die hond kos. Praat met die hond.
10. Twee R10-note aan die einde van die maand.
11. Moet haar pas by haar dra.

"Dis five o'clock," sê Maria. Sy hang haar pienk housecoat agter teen die kombuisdeur op. Voor sy loop om te gaan was, druk sy die rys en vleis in die lou-oond.

Hy bêre die Croxley in sy tas, gaan kyk of sy ma al die pasboek ingevul het. Dit lê langs die ketel.

Republiek van Suid-Afrika Republic of South Africa

Bevolkingsregister (Naturelle) Persoonskaart

No. V/F 1671852

Naam: Mbalinhle Miriam

Van: Mkwanazi

Groep: Zoeloe

- *Burgerskap: Ja*
- *In die geval van 'n Naturel wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.*

Uitstroom- en instroombeheer

Dit is hier waar sy ma moet invul:

Naam van werkgewer

Adres van werkgewer

Datum van indiensneming

Hantekening van werkgewer

Hy ruik Maria se Lifeboy. Sy staan in die deur en sê sy gaan loop.

"Sala kahle," groet sy.

Hy loop saam met haar hek toe.

"Hamba kahle," sê hy terug.

Soos dit sy gewoonte is, begin hy stap om sy ma te gaan haal.

"En hier suffer ons," sug sy ma wanneer hy haar oorkant Koos Strauss-hulle se huis kry. Klippetie-klip loop sy op haar highheels. Hy weet nie hoekom sy nie maar die skoene uittrek nie. Seker bang die mense dink sy is common.

Koos Strauss het die mooiste tuin in die dorp. Wanneer hy af is, is hy in die jaart. Mens hoor sy lawnmower. Die enigste lektriëk op die dorp. Sy umfaan help trek die lektriëkkoord uit die pad of tel dit oor die Southern Cross wanneer hy wil omdraai. Die lemme stel hy op sy hoogste. Hy sny 'n baan al langs die bedding teen die stoepmuur af. Nog 'n baan wanneer hy omdraai. Wanneer hy klaar is, sien jy die reguit lyne oor die lengte van die jaart. Die umfaan rol die koord op.

In die droë maande gooi hy topsoil en sit sy spreier aan. Somertyd wanneer dit reën, gooi hy kunsmis wat hy by TSB 'aanskaf'. Hy plant blomme. Daar is agapanthusse, daisybosse, daglelies, vingerhoedjies, leeubekkieë en delphiniums.

Koos staan met sy hande in sy sye en kyk na sy tuin.

"Haai," groet sy ma. Ou Rita Blommetjies kom uitgeloo met 'n bier.

"Nogal op 'n skinkbord," sê sy ma agter haar hand. "Dink seker sy is Audrey Hepburn."

"Dag, Lenie," groet sy.

"Dag, Rita."

Audrey Hepburn se make-up sit dik op haar gesig.

Sy hou vir Koos die skinkbord.

"Het jy uit die fridge gehaal, Marieta?" vra hy en knak dit oop.

Sy waai 'n vlieg weg van haar gesig. Sy kyk vir hom. Hy drink sy bier dat dit langs sy mond en in sy nek af loop.

"Daai meid van jou," sê hy met sy bierbek, "sy kuier darem lank hier by Gertrude deur die dag. Het sy dan nie genoeg werk nie?"

Hy sien sy ma maak haar rug hol voor sy begin praat. "Koos, ek gee my bediende genoeg werk. Maar as jy nie wil hê sy moet by Gertrude kuier nie, dan sal ek so vir haar sê. Tot siens, Rita."

Sy ma draai om en begin loop. "Ek weet nie wat Rita in daai man sien nie. Regte drol. En die arme vrou is so nice, kan haar altyd deur 'n ring trek."

Die ry huise aan die een kant van Buffelstraat kyk uit oor die veld. Hulle lyk almal dieselfde: skerp dakke met 'n groot venster aan die voorkant, almal stoepe aan die kant, 'n flambojant, 'n hek en 'n driveway.

"Hier bly gewone mense," sê sy ma.

Piet Poliesman se hond blaf.

"Dis oor Piet die blêrrie hond aan 'n ketting het dat hy so kwaai is," sê sy ma.

Almal is bang vir die hond. Hy storm op mens af as jy verbyloop. Dit is hoekom hulle nou met 'n wye draai om die hoek loop. Maria is net so bang vir die hond en ou Louise Rokkies het haar eenkeer natgepie toe die hond op haar afstorm.

"Haar verdiende loon," het sy ma gesê. "Dink mos sy is beter as die res."

Sy pa sê Piet hou die hond honger vir wanneer hy in die nag patrollies doen. Piet maak die hond los en laat hom agter in sy van spring. Dan gaan die hond mal. Hy het al gesien hoe wild die hond is. Hy blaf en hap na die tralies totdat sy bek bloei.

Langs Piet bly Susan en Anton Barnard, by nommer 27. Sy is so bekend vir haar hairdo's dat almal by haar wil hare doen, selfs die boere se vrouens. Sy het die garage 'omskep' in 'n salon. Als in pienk.

"Gmf, steeds besig om geld te maak. Nog een van daai ryk boervrouens. Kyk die grand kar," sê sy ma.

Susan Hairdo tease hare van die môre tot die aand. Wanneer hulle skool toe loop in die oggend, staan die garage al oop vir "besigheid". Sy is so besig, sy moes vir Florence kry om te help met die kinders.

"Anton dink mos hy moet bedank en vir haar 'n salon in Witrivier oopmaak." sê sy ma. "Sy wil dit A CUT ABOVE noem." Sy gaan staan 'n ruk, kyk op na die blou lug en sê: "Mooi man, die Anton."

Llowellen en Gerty Loubser bly by nommer 29. Hulle het drie dogters. Almal op hoërskool. Hulle rol hulle skoolskirts op dat dit lyk soos mini's. Vrydagaande as hulle van die koshuis af kom, luister hulle Top Twenty op Springbok Radio. Hulle tape die liedjies van 20 tot by nommer 1, hou David Gresham se stem uit die tapes. Hulle wag dat hy moet ophou praat voor hulle die record-knoppie druk. Hulle luister die hele naweek lank Top Twenty. David Gresham se stem word uitge-pause aan die begin en einde van elke liedjie.

Die Steyns is hulle bure.

"Ek wonder vir wat huil daai kind so. Sal ook nie weet nie, die ma kruip mos weg in die huis," sê sy ma.

Die vrou sien mens nooit nie en daar is 'n babaseuntjie. Hulle dogter se naam is Marlien. Jaco dink haar regte naam is Marlien. Sy het die jeuksiekte. Sy is heel dag buite, hang aan die draad. Hy weet sy pa sal die stuipe kry as hy sien wat sy met die draad doen. Slim

een, want as sy weet hy is by die huis, ry sy nie aan die draad nie, staan net daar by die kraan met haar oë en sere op die arms dat mens haar jammer moet kry.

Hier is hulle nou. Buffelstraat 33. Hannes en Lenie Gerber se huis.

Hy sien vir Deon verder op in die pad.

"Ek gaan gou kyk wat Deon maak," sê hy vir sy ma.

"Nie te laat nie, hoor, ons eet oor 'n halfuur."

Die Gerbers het drie kinders: Jaco, Henk en Elsa. Jaco is net elf maande ouer as sy broer. Mense dink Henk is die oudste omdat hy so groot is. Elsa is drie jaar oud. Sy ma se "laatlammetjie".

Majorie en Gert Hoes du Preez van langsaan het drie seuns. Een van hulle is 'n fighter pilot in die Lugmag. Gert Hoes het 'n 'severance package' gekry omdat hy so siek is.

Langs die Du Preezs bly die Nelle. Billy is sy pa se visvangpel en Louise Rökkies wil graag sy ma se beste vriendin wees. Ou Rökkies kom pla knaend sy ma vir 'n nuwe rok. As sy 'n stuk lap oorbring, moet sy ma die boks Simplicity's gaan haal vir 'n patroon. Dan is sy ma party aande tot laat op die naaimasjien.

"As ek darem 'n rand vir elke steek gehad het wat ek op my ou Hitachi genaai het, was ek vandag 'n skatryk vrou," sê sy ma altyd. Hy dink dit is nogal snaaks as sy ma so sê.

Louise Rökkies het twee seuns: Marius en Deon Hamer. Mens sien Deon altyd met sy pa se rubberhamer rondloop. Hy sit in die driveway en slaan die grond. Hy slaan klippe en bome en hekpale en partykeer sy eie knieë. Sy ma sê die kind het wurms.

"Dag, Deon," groet Jaco.

Deon skrik en hardloop terug in die jaart. Die hamer los hy net daar langs die pad.

Jaco buk af om te kyk waar Deon gekap het. Miere.

Jaco moet huis toe. Maria se kos wag. Hy kyk op in die straat voor hy terugloop. Op die punt, heel bo bly die Sagies. Cargo Carriers mense. Vir hulle sien en hoor mens nie eintlik nie.

Skuins oorkant die Sagies en aan die bokant van die straat staan 'n ou huis. Dit is aan die veld se kant, reg langs Minty and Sons. Daar bly 'n klomp Indiërs.

"Hulle is nie ons soort mense nie," sê sy ma elke keer as hulle daar verbyry.

Hy wonder wat sy nou eintlik probeer sê. Wanneer sy ma lap en zips en knope nodig het, koop sy altyd by hulle.

Sy pa het gesê TSB het sewentig huise gebou vir sy werkers. Dit is deel van sy 'pakket'. Net witmense kry huise.

Hy is terug by 33. Hulle huis sit lokasiekant van die dorp, in Buffelstraat. Die huis het draad reg rondom en daar is 'n hek. Die driveway loop tot by die single garage.

"Ai tog," sug sy ma altyd. "Moet dit so oopstaan?"

Die garage is vol goed. Visstokke en viskatrolle, vangnette, karparte, ou tyres, oliekanne, emmers, 'n trekkertube, tools teen die muur, spanners, 'n ystersaag, 'n houtsaag, 'n welding machine en 'n ou fiets. Daar is tuinmaakgoed soos 'n ou lawn mower, pikke, grawe, 'n tuinvurk, 'n skoffel en 'n hark. Daar is huisgoed soos 'n ou stoel, 'n headboard en 'n sponsmatras. 'n Block 'n tackle hang van die dak. Planke en ysterpale word ingedruk tussen die balke. Daar êrens tussen alles is 'n tent, slaapsakke, kampstoele en gasbottels. Sy pa se braai hang teen die muur.

Die rooi 1966 Volkswagen Sedan staan voor die garage, op die sementblad wat sy pa vir TSB gevra het om te gooi.

Die huis het geel mure en 'n rooi dak. Daar is drie slaapkamers, 'n kombuis, badkamer, sitkamer, eetkamer en 'n stoep. Sy ma hou nie van die stoep nie. Daar is nie vensters nie, net siwwe en die plek is altyd vol roet. Haar delicious monster sukkel ook om te groei.

Sy pa het gesê sy moet ophou moan oor die plek. "Elke firmahuis het so 'n stoep. Dis om die muskiete uit te hou, nie om nog 'n kuierplek te maak nie."

Maria sorg darem dat die vloere Cobra Polish kry. Aan die roet kan sy niks doen nie. Sy moet elke maand die siwwe was. As jy dit nie doen nie, word hulle pikswart, roet pak naand in die gaatjies aan dat jy nie deur die siwwe kan sien nie. As mens in Buffelstraat af loop, kan jy sien wie se meide nie die siwwe was nie. Die Barnards en die Loubsers s'n is pikswart. Min gespin. Sien dit nie eers nie.

"Home sweet home," sê Jaco wanneer hy by die kombuisdeur inloop.

Hy ruik Maria se kos.

Almal het altyd dit of dat te sê oor die dorp. Sy pa sê dit was 'n Engelsman wat die wawieldorp hier langs die hoofpad 'uitgemeet' het, 'n Moslem wat die eerste winkel gebou het, 'n Jood wat water uit die dam aan die dorp verkoop het, 'n Boer wat die eerste straat laat teer het en 'n kaffer wat sy naam gegee het.

Juffrou Becker sê Malelane is 'n Swazi woord wat "Plek van die lalapalm" beteken. Die dorp lê in die "hart" van die Laeveld, suid van die Krokodilrivier, langs die N4 na Komatipoort, het Ou Brewis hulle geleer.

Sy ma sê Rob Ferreira het die flambojante geplant. Volgens haar ook dié in Nelspruit en Witrivier.

Manuel sê 'n Katoliek het die koepelkerk in Koedoestraat gebou, 'n Oumeneer de Paiva.

"Lank terug hier was baie catholics," het Manuel hom vertel. "My oupa en hom se pa het vir meneer Sebastian gewerk op die plaas. En toe vir meneer De Gouveia en later vir meneer Rodrigues-hulle. Voor hulle het al die grond aan Mkulumazonke behoort. Hy was 'n witman. Die Swazi mense het hom so genoem en hom gehelp om die kliphuis op die berg te bou."

Jaco het al baie keer na Leeuberg gekyk en gewonder waar die huis was en toe besluit dit moes daar bokant die kloof, in die oopte gewees het.

"Sê weer daai naam?" het hy vir Manuel gevra.

Manuel het opgehou spit. "Mku-lu-ma-zon-ke."

"Mkulumazonke," het hy herhaal. "Wat beteken dit, Manuel?"

"Die een, hulle almal praat van hom. Die een, hy weet alles en kyk alles."

"Amper soos die Here?" wou Jaco weet. "Amper soos God," het hy gesê en opgekyk na die berg.

"Sy huis hulle het hom afgebreek later en die mense hulle vat die klippe vir die tuine."

Hy wou Manuel vra hoekom sy vel ligter is as Maria s'n, maar sê toe: "Die toringkerk het Dominee de Clerq gebou, dit staan so daar op die hoeksteen van die kerk. In 1961."

Christo sê Waterwese het die watertoring gebou.

"Die watertoring vir die dorp, die dorp vir die meule en die meule vir die boere."

Sy pa weet van Malelane se suikerboere. "Blerrie rykgatte," volgens hom - en hy het sy lys: Johan Weyers, Barry de Villiers, Koos Burger en Gustav van Veijeren. Jy sien die boere in die dorp as hulle met vuil bakkies stilhou by die bank, "tjekboek in die gatsak". Sy pa wonder of hulle modder op hulle bakkies se grille smeer om aandag te trek, want hy dink nie hulle werk nie, sit net op die stoep en koffie drink.

Sondae sien mens hulle grand Mercedese by die kerk. Die vrouens loop met groot hoede. Die seuns is ingeprop in kerkpakke, die meisiekinders loop asof hulle eiers tussen hulle bene vasknyp. Boer en sy vrou stap ingehaak en neus-in-die-lug met die kinders agterna en gaan sit altyd voor in die kerk. Seker dat almal hulle moet sien.

"Nooit laat nie. Die kerk wag mos vir die rykes," sê sy pa vies.

Een Sondag na kerk vra Henk toe mos: "Is ons arm, Ma?"

"Ag Jirre," het sy gesug en haar arms langs haar sye laat val. Haar krulle het ook losgekom en sy het "snaaks" vir sy pa gekyk.

Sy pa het niks gesê nie, net die kar gestart. Die exhaust het 'n helse lawaai gemaak. Die boerekinders het omgekyk en gelag. Sy ma het weer na sy pa gekyk en sy pa het weer niks gesê nie. Hy het die kar toe aspris hard ge-"rev" en by die kerkhek uitgery.

Die flambojante het dik oor die straat gehang. Hy het nie geweet hoekom nie, maar die rooi van die blomme het daardie dag vir hom "hard" gelyk.

Jaco voel al weer nie lekker nie. Dit is 'n Sondag-ding. Almal eet hulle dik aan sy ma se kookkos. Nie hy nie.

Sy pa staan op van die tafel, loop fridge toe, haal 'n bier uit en sê: "Kom ons gaan ry 'n entjie."

"Is jy laf?" vra sy ma.

"Ek is 'n bok vir sports," sê sy pa.

"Bokkespôts," herhaal Elsa.

Nou jaag sy pa met hulle in sy rooi Volkswagen af in Stasiestraat.

Dit is warm. Minty se winkel bewe aan die onderend van die straat.

"Maak tog oop die vensters," sê sy pa.

Vensters oop.

Hier gaan hulle verby die winkel en oor die treinspoor. Hy voel sy ma se aartappels en hoender in sy maag. Sy pa draai Allen Garrity harder wanneer hulle deur die suikerrietland ry. Hulle sing: *Is this the way to Amarillo? Every night I've been hugging my pillow.* Sy ma se hairdo skud los van sy haarknippies en spat in krulle. Sy pa maak Al Debbo-oë en sluk die laaste bier uit die blikkie. Hy sing saam *There's a church bell ringing hear the sound of joy that it's bringing.*

As die kar oor 'n bult wip en weer die grond tref, spring die kasset in die speler, sommer in die helfte van die sin terug en dan sing hulle weer *the way to Amarillo I've been weepin' like a willow.*

Sy ma is in 'n bad mood.

"Julle is common. Kan ons nie net rustig na die musiek luister nie?"

Dreaming dreams of Amarillo gaan hulle aan terwyl sy pa nou al langs die wildtuin se grensdraad af jaag.

"Wat sê jy, Liefie?" vra sy pa.

"Ag sommer niks. En moenie so vining ry nie."

Hy trap briek.

"Daar's hulle!"

"Daashulle!" skree Elsa.

Hy hou stil en hulle klim uit, los die deure oop. Sy ma draai Allen Garrity se stem nek-om voor sy ook uitklim.

"Wragtag. Daar's hulle, dáár."

Sy pa wys na die wildevy waar die ape sit. Hulle lyk nie bang nie, draai hulle koppe skeef en kyk terug.

"Ek wonder nou wie kyk vir wie?" vra sy ma.

"Kom, kom," roep sy pa die ape nader.

Hulle makeer iets. Party ape het stompsterte, ander het stompies vir voorpote.

"Hier is een sonder hande," sê Henk.

"Daardie een het gebreklige voete," roep Jaco.

"Ag shame," sê sy ma terwyl sy na Henk kyk, "hierdie ene het nie ore nie!"

Die ape kom sit en loer vir hulle by die draad.

"Hulle kom vra kos," sê sy ma.

"Ta-da!" toor sy pa die brood onder sy hemp uit en breek vir die kinders elkeen 'n stuk af. Hy hou 'n stuk deur die draad. 'n Aap met 'n kleintjie wat klou om haar maag, hou haar hand. Haar oë spring rond. Sy vat en eet.

Die ander kom ook nou nader. Die ape tel die brood op waar hulle dit deur die draad laat val. Een gryp dit uit Elsa se hand en prop dit in sy kies. Die wat nie arms het nie, pik die kos met hul bekke van die grond af op.

"En dan kla ons oor al ons skete," sê sy ma met 'n sug. "Ons weet nie wat swaarkry is nie."

Sy pa wys vir hulle die trop se leier.

"Aapevreet sit hoog in die boom. Hou die wêreld met nabyogies dop, nè. Kyk diekant toe en daaikant toe."

Die tropleier het nie arms nie. Sy pote stut. Sy oë kyk.

"Daar's jou laaste stukkie brood," sê sy pa vir die mannetjiesaaip met die kinkel in sy stert. Die aap hou sy kop skeef. Hy soek nog.

"Whê," terg sy pa. "Wat van 'n sigaret, Meneertjie?"

Sy ma kry amper die piep en gee sy pa 'n oorveeg.

Sy pa lag net, trek sy hemp uit, lyk nou self soos 'n aap.

"Inteling," hou sy pa hom slim. "Ou Bloubal se pa se pa was te sleg om 'n nuwe stukkie van 'n ander trop af te vry, nou sit sy kinnars se kinnars met die probleem."

"Miskien kom hulle van 'n ander planeet," probeer sy ma.

Elsa wil nog verder aangaan oor die kleintjie, maar sy ma wil nou ry. Sy tel Elsa op, klim in die kar.

"Kom nou, julle. Laat die ape in vrede tog."

Die deure klap toe. Jaco sien hoe die ape hulle nekke rek wanneer sy pa die wiele laat spin. Hy kyk terug, sien hoe die ape onder die stof agterbly.

Allen Garrity is weer kliphard. *Is this the way to Amarillo? Every night I've been hugging my pillow.*

Hulle sit in 'n waentjie op die Laeveld Skou se roller coaster, wip oor die grondpad wat deur die suikerrietland loop. Die onderkant van die Volkswagen skuur teen die grond elke keer as die kar oor 'n hobbel gaan. Die exhaust ruk af.

"Daar gaan hy al weer! Fokkit!" vloek sy pa.

Klippe spat teen die bakwerk. *Dreaming dreams of Amarillo. Sha la la la la la ...*

Hulle kom van die onderkant van die dorp aangejaag. Net voor die treinspoor sien sy pa hy sal nie kan stop nie. Die kar se wiele stamp oor die spore, laat die kar vir 'n ruk deur die lug trek en met 'n hik grond toe kom aan die anderkant van die spoor. Pa hang aan die stuurwiel om te keer dat hulle nie in die sloot in die draai langs die pad land nie.

"Hannes, jy moet ons vandag nog staan en verongeluk," gil sy ma. Sy dink nie meer dis snaaks nie en druk die eject-knoppe.

Hy sien alles in slow motion: *Springbok Hit Parade* vlieg uit die speler, kap sy ma se wang, spat agtertoe waar Henk dit vang voor Elsa se gesig. Haar mond tuit nog om die "o" van *Amarillo*.

Sy ma blaas haarself op en wil nog skree, maar haar tong knoop in die draai by Minty and Sons. Sy suig teen die ruit van die kar vas soos sy pa die draai vat.

Voor Bazil's, aan die oorkant van die straat, trap hy die briek. Sy skiet haar arms uit om die skok teen die dashboard te keer. Die kar ruk, gee 'n laaste giggel voordat dit in sy spore vrek.

"Wie's lus vir poeding," skree hy voordat sy ma iets baie leliks kan sê. Hy stamp die deur oop. 'n Leë bierblik kletter op die teer. Wanneer sy ma sien hoe hy lyk, kom haar tong los.

"Jou hemp, Hannes! Ai, tog! Sommer die koerant ook," roep sy agterna. Haar stem klap teen Minty se winkel vas en bons terug. Oorkant die pad, langs die winkel, in die jaart, sien Jaco 'n Indiër-meisie. Sy loop met 'n voetpaadjie langs na die hek toe, gaan staan en kyk vir hulle.

TERRORISTE-AANVAL EIS TWEE sien Jaco op die voorblad van Rapport, 19 Januarie 1973.

"Hier kom nog groot kak," sê sy pa. Hy vat die Tydskrif Rapport en loop daarmee kombuis toe. Nou sal hy nie *Andy Capp* of *Die Skim* of *Tarzan* kan lees nie. Sy pa dink mos hulle word te slim as hulle die goed lees. Almal weet hy druk dit onder die kombuiskas in. Hy kom terug met 'n glas water en koeksoda.

"Dis daai bier wat jy so drink," sê sy ma.

"Ag se gat," sê hy en sluk. Hy sit die glas hard op die tafeltjie neer en trek sy gesig.

"Die goed is kaksleg!" roep hy uit. Hy gaan sit op sy stoel en breek 'n wind op.

Sy ma laat sak die koerant. Haar oë is kwaai.

"Is dit nou nodig? Is dit die voorbeeld wat jy vir jou kinders stel?"

"Hier kom nog groot kak," sê hy weer. "Vorster is te sag. Hy moet daai Biko kaffer uitsort."

"Hannes, jou taal. Praat liever van die naturel of die moeilikheidmaker."

Sy lees verder. "Hoor net hier," sê sy.

Sy lees van die vrou wat haar man met 'n skêr laat vermoor het. Sy het alles beplan. Sy het haar "tuinjong" geld gegee om hom dood te maak. Sy het dit laat lyk of dit 'n "inbraak" was.

"In die bed langs haar. Met 'n skêr doodgesteek."

En toe kom die hele storie uit dat sy hom "gehuur" het om dit te doen.

Hy wil sy ma vra of daar foto's is van die dooie man in die bed, maar sy pa spring op en gryp haar en gooi haar oor sy skouer.

"Hannes, wat doen jy?"

"Kom ek gaan steek jou dood," skree hy.

"Sit my neer, Hannes. Eina! Jy maak my seer. Nee!" Sy gil nie rêrig nie.

Daar klap die kamerdeur nou toe en jy hoor hoe hulle op die bed val. Hulle Sondagmiddagslapie.

Jaco gaan haal die Tydskrif Rapport wat sy pa weggesteek het. Hy sien die artikel van 'n komeet wat "sterrekykers vroeg volgende jaar in ons sterrestelsel verwag". Hy lees. Volgens hulle sal Komeet Kouhoutek "na verwagting 'n skouspelagtige stert hê wanneer dit van agter die son sy verskyning maak."

Hy loop haal die skêr. Hy weet nie vir wat Maria dit in die kas ophang nie.

"Hier kan hy nie maak seer nie," het sy eenkeer gesê en vir hom die merk op haar wang gewys.

"'n Skêr is gevaarlik. Ons moet hom bêre by die kas."

Hy sny die prent uit. Hy kry die sellotape en plak dit bokant sy bed teen die muur.

Die flambojant langs hulle huis groei al hoër as die dak. Die stam is so dik, 'n mens kan nie jou arms daarom kry nie en waar hy staan, gooi hy 'n lang skaduwee oor die kamervensters en die lawn. Daar is lekker vashouplek en trapplek om tot bo in die boom te klim.

Dit is sy boom. Dit is sy plek.

Jaco sit in die boom en sien Elsa om die hoek van die huis kom. Sy gil. Die bol in haar doek skud soos sy vir Henk probeer weghardloop.

"Die Russe is op jou!" skree hy.

Wanneer sy by die slaapkamervenster kom, druk sy haar mond toe en gaan gil weer by die volgende hoek van die huis.

"Die Lusse op jou!" skree sy elke keer. Sy lyk regtig bang vir Henk, al weet sy bokkerol van die Russe of Die Rooi Gevaar.

Hy kyk na die rooi blomme. Hierdie tyd van die jaar blom die hele dorp se flambojante. As mens van die suikermeule se kant kom, sien jy die rooi kol.

As jy in Malelane se strate af ry, is daar blomme net waar jy kyk. Oral op die sypaadjies en in mense se jaarte. Hierdie bome gee nie om in wie se jaart hulle blom nie. Die umfaans hark die blomme bymekaar, al is dit die baas of miesies van langsaan se boom. Buffelstraat 33 se flambojant hang oor in Gert Hoes se jaart. Die takke skuur al op hulle dak.

"Julle klim nie op die dak nie, gehoor. Julle kan daar afval," waarsku sy ma altyd as sy hulle in die boom sien.

Hy sit en kyk na die suikerrietlande. Dit lyk vir hom van hier af soos 'n lappieskombers. Daar ver steek die fabriek se koeltoring uit. Bokant die toring is daar altyd 'n wolk. Noord lê die wildduin met sy blou koppies. Die Krokodilrivier blink soos die braid wat sy ma aan Louise Rokkies se rokke werk. Suid lê Leeuberg met sy kop wat noord kyk. Daar onder in die kloof gaan kamp die Voortrekkers. Ou Brewis Scare Quote het hulle laasjaar die name van die 'inheemse' bome geleer. Hy onthou die Mopanie, Soetdoring, Knoppiesdoring, Hardekool, Tambotie, Platkroon, Maroela en die Koorsboom.

"Kyk, die Laeveld het van die mooiste bome," het Ou Brewis gesê.

Aan die oorkant van die straat is veld. Tom Balkrapper sê dis waarnatoe die dorp nog eendag gaan groei as hulle eers die kaffers Kaapmuiden toe verskuif het.

Daar, net anderkant die spruit, tussen die bosse en in die rook, is die lokasie. Maria se "elocashini".

"Verbode plek", want sy pa wil nie hê hulle moet daarheen gaan nie.

Die regering se "swart kol" volgens Piet Poliesman.

"Raaisplek", want Maria praat nie oor haar blyplek nie.

"Uhlalaphi?" wou hy al by haar weet.

"Elocashini."

"Hoe lyk jou huis?"

"Ek bly by die stroois," het sy gesê. Hy het gesien hoe rek die merk op haar wang toe sy "stroois" sê.

Hy volg die pad wat Maria gister en elke dag, Maandag tot Saterdag, vir die laaste drie jaar moes loop. In Buffelstraat op, verby Gert Hoes-hulle, by die Nelle regs af met die grondpad en soos hy dit 'voorstel', 'n ent verder tot by die spruit waar die lokasie begin. Hier waar hy sit, sien mens die rook.

Sy pa het gesê hy slaan hulle gatvelle vir hulle af as hy moet hoor hulle gaan soontoe. Hy het hulle "verbied" om in die veld en in die bos te speel, want dit is te naby aan die lokasie. Hy probeer kyk of hy die streep kan sien wat sy pa vir hulle getrek het. Al wat hy sien, is die veld met soetdoring, kiepersol en mopanie.

Elsa dink daar kruip toeriste weg in die bos. "Toeliste," sê sy.

"Terroriste," help hulle haar reg.

Sy ma word kwaad as sy dit hoor. "Julle moet ophou om hierdie kind bang te maak. Netnou kry sy nagmerries."

Hy lig hom van die tak af op, want sy bene steek. Hy gee een tree tot op die dak.

"*One small step for man...*"

Hy gaan sit op die dak. Hy kyk oor die suikerrietlande. Hy sien die roetkolom uit 'n vlammekeel styg en in die lug hang.

Hy staan op, bene wyd uitmekaar. Laat hulle hom dan nou maar sien. Hy voel die eerste roetkrulle op sy kop. Hy hou sy oë toe terwyl dit teen sy gesig bots, party op sy oë sit.

"Steve Biko!" skree hy en vee die roetkrulle stukkend teen sy wange.

Hy maak of hy Dingaan is en skree: "Bulala abatagathi," en weer, "Bulala abatagathi!" Hy skree dat Mkulumazonke hom kan hoor dáár waar hy op sy stoep staan.

In die roetlug op, verbeel hy hom 'n kamera wat verbygely. Hy sien deur die kamera-oog hoe die roet op hom val en hy al kleiner word. Die oog rek groter sodat hy die huis se dak, die jaart, die straat en die wawieldorp kan sien.

Hy skrik as hy die gordyne langsaan sien roer. Gert Hoes mag nie weet hy klim op die dak nie.

Dit is net 'n tree dan is hy weer terug in die boom.

Halfsewe laai die werk se bakkie sy pa voor die huis af. *TSB Transvaal Suiker Beperk* staan op die bakkie se deur. Wanneer hy nagskof werk, kom laai hulle hom op by die huis en bring hom in die oggend terug.

Sy pa kom in.

"Jaco, bring vir my 'n bord. Jou pa vrek van die honger."

Sy pa gaan sit by die kombuistafel. Hy stink na sweet en gebrande suiker. Die Maltabella stoom op sy bord. Hy gooi melk en suiker oor sy pap en begin eet.

Hy trek sy hemp uit, gaan staan en rook voor die kombuisdeur waar die hond teen hom opspring.

"Weg, jy, jou brak," sê hy en skiet sy stompie oor die draad. Hy gaan sit op die trap om sy werkskoene uit te trek. Hy kyk na sy voete.

Die agterdeur klap agter hom toe en sy reuk loop saam met hom badkamer toe. Hy maak nie die deur toe nie, sit op die toilet met sy broek op sy enkels. Sy elmboë druk op sy bene en sy gesig is agter 'n *Ruiter in Swart*. Sy ma het al hoeveel keer die boekies in die asblik gegooi; dan gaan krap hy dit uit en pak dit weer op die toiletbak.

Die pype in die dak ruk as sy pa die stort se kraan toedraai.

"Jaco, kry tog vir my 'n droë handdoek."

Hy sien sy pa se boude. Hy wil loop, want hy wil nie sy pa kaal sien nie.

"Kom ek wys jou hoe 'n man skeer," keer sy pa.

Hy moes 'n goeie skof gehad het, sy pa. Sy hand gly oor sy nat bors. Gelukkig is als nou toe en Jaco voel hy kan nou langs sy pa staan.

Hy kyk vir sy pa in die spieël.

'n Blokkie skeerseep glip uit 'n blikkie in sy hande. Sy pa maak die skeerkwas nat voor hy dit oor die seep flap tot dit skuim. Hy verf sy kakebeen, ken en nek wit met seep. Sy pa lyk vir hom soos Charlie Chaplin met sy snor en deurmekaar hare. Hy vat die skeermes wat in 'n plastic koppie in die vensterbank staan en hou dit onder die warmwaterkraan.

Sy pa sê niks nie.

'n Les in skeer.

Hy skeer 'n streep van onder sy sidy af tot by sy ken. Nog strepe van sy wang na sy kakebeen. Hy klits die skeermes skoon en skeer sy nek. Hier trek hy korter strepe, al met die nek langs.

Hy hou die skeermes weer onder die warm water voordat hy met die anderkant begin.

Hy draai sy gesig. Die skeermes girts 'n streep tot by die ken. Nog strepe van bo na onder.

Hy spoel sy gesig af. Hy druk die handdoek teen sy gesig en kyk na homself.

"This is looking at you kid," sê sy pa.

Hy haal die Old Spice uit die kassie en gooi dit in sy hand. Hy vryf sy hande teenmekaar en druk dit teen sy gesig.

"Só maak mens," sê hy soos Jan Cronjé op Springbok Radio.

Sy pa gaan staan handdoek om die lyf by hulle kamerdeur. Henk slaap nog.

"Mole, mole. Opstaanvole!" roep hy.

"Ag, Pa!" hoor hy Henk kla.

"Mole, mole, haal uit julle vole uit julle ole," terg sy pa verder.

Sy pa is in 'n lekker mood.

Hy loer by Elsa in wat in haar bedjie lê en geluide maak.

"Hoe was jou skof?" groet sy ma wanneer sy hom sien.

Sy pa staan by die deur, laat die handdoek val en sê: "Dit was 'n goeie een, my vrou."

"Hannes!" roep sy ma geskok uit.

Hy hoop darem sy pa het 'n skoon Jockey aangetrek en Shield onder sy arms gespuit voordat hy in die bed spring.

"Nie nou nie, Hannes, ek moet opstaan," hoor hy sy ma sê.

Sy ma is op en kom in die gang af.

"More, more," groet sy.

"Mole, mole, vole uit julle ole," sê Elsa.

"Hannes, hoor jy wat sê hierdie kind!"

Sy ma loop na die geluide van water en skottelgoed in die kombuis.

Hy gaan kyk of sy pa nog wakker is. Sy pa lê op die bed, sy gesig glad, sy bors gaan op en af, die hare groei af oor sy maag en raak weg in sy onderbroek. Hy wil met hom praat, besluit dan liever nie.

Maria sou vir hom gesê het hy moet loop. "Die baas hy wil slaap."

Hy word de bliksem in as jy hom wakker maak. Hy onthou die keer toe Henk 'n rugbybal per ongeluk teen die venster geskop het. Sy pa het 'n stuk visstok in die garage gaan haal en hulle in die agterjaart gekry. Hy het hulle goed gemoer.

Hulle het spruit toe gehardloop, die hale oor hulle boude en rûe getel.

Maria het van toe af nooit weer nodig gehad om agter hulle aan te loop en met haar vinger op die mond "sjuut, die baas hy slaap" te sê nie.

As sy pa slaap, speel hulle maar liever in die straat. Saam met die Nelle, want oom Billy werk ook nagskof. Deon sit voor hulle hek met sy rubberhamer en slaan miere dood. Hy sit die hele dag daar en sal net kom as mens hom roep om saam giffie te speel of kleilat te gooi.

Niemand gaan huil by die huis as een van hulle seerkry nie. Marius het eendag 'n hou op die kop gekry toe hulle kennetjie gespeel het. Hy het geskree en hulle het getroos tot hy ophou. Sy kop het naand geswel, maar niemand het gaan klik nie. Nie eers by die meide nie. Hulle het hom weggevat van die huise af en sommer op Minty se stoep gaan sit waar hulle na die trekkers en sleepwaens wat verbykom, gekyk het. Marius het teen die stoep se pilaar gesit en gesê hy dink hy wil slaap. Toe kom daar 'n trekker verby met 'n sleepwa vol lemoene. 'n Klomp lemoene val toe af en hulle tel dit op. Marius voel toe beter na hy een geëet het en toe eers het hulle huis toe gegaan.

FEBRUARIE

Dit is weer payday, want sy pa het mense genooi vir 'n braai. Ná die braai 'n movie. Sy pa se "double feature".

"Tyd om te kuier. 'n Man is mos nie skaam nie," het sy pa die oggend aangekondig voor hy werk toe is.

Sy ma het gesê die plek moet reg en hulle moet vir Maria help.

Sy broer het hom aan hulle 'afgesmeer', lê in sy kamer. Manuel spuit die sementblad af. Hy en Maria dra die tuinstoele en draadtafel aan. Hulle pak die stoele teen die muur weerskante van die tafel.

Een keer per maand laat kom sy pa 'n movie en 'n projektor van Nelspruit af en wys movies teen hulle garage-muur. Hy nooi sommer die hele straat. Vir twee rand kan jy jou opvoustoel en cooler bag bring en die movie van die maand kom kyk.

Hulle kyk vanaand 'n Western. *Son of a Gunfighter* het hy op die blikke met die filmrolle gesien.

Verlede maand het hy *2001: A Space Odyssey* gewys. Niemand het dit verstaan nie, maar die nuus oor Komeet Kouhoutek het almal laat praat oor die ruimte en sy pa het gedink dit sal 'n goeie movie wees om te wys.

Selfs Oudominee se preek was oor die heelal en God se Skepping.

Juffrou Becker in die skoolbiblioteek het goed oor die ruimte op die skool se display borde gesit. Sy het boeke oor komete uitgestal.

"Het jy die boeke gezien?" het sy die Maandagmiddag met haar aksent gevra. Hy het haar eers nie mooi gehoor nie, want haar musiek was te hard.

"Het jy die boeke gezien?" het sy herhaal en oor haar bril geloer na die boeke op die tafels. Sy het afgebuk agter die toonbank na die Blaupunkt waarop 'n plaat draai en dit sagter gesit. Sy speel altyd klassieke musiek en dit is vir hom mooi. "Dis ordentlike musiek. Die moderne musiek van vandag besoedel 'n mens se gees," het sy eenkeer gesê.

"Die Encyclopedia Britannica is oop by kleurvolle prente abot komete. Jy kan gerus maar kyk."

Hy het die prente gesien en die byskrifte gelees: *Comets are often referred to as "dirty snowballs," They are left over from the formation of stars and planets billions of years ago. Comet C/1969 Y1 (Bennet) ... under observation with the naked eye from February until*

mid-May ... brilliant, long-tailed comet that is considered by many to be one of the finest of the 20th century ... spotted in the far Southern sky.

Teen sy pa se garagemuur het sy liefde vir fliëks begin. Voor sy pa Maandagoggend die movies terugstuur Nelspruit toe, kyk hy weer. Sommer in sy kamer teen die muur. Hy stop die projektor by plekke en kyk weer. So leer hy stukke uit die movies, ken later selfs die woorde.

Hy het geleer om die wêreld te sien deur 'n moviekamera. 'Gesien' die dorp is 'n plek wat tussen suikerrietlande 'neergesit' is. Gesien daar is 'gewone' mense en rykgatte. Hy voel soms hulle dorp het twee kleure. Wit en swart. Partykeer drie. Rooi, wit en swart. Wanneer sy ma met sy pa praat, het hy gekyk wat op haar gesig aangaan, wat sy met haar hande doen en hoe haar mond trek. Hy het gekyk hoe sy omdraai en wegstap. Hy het vir sy pa gekyk. Daar was 'n uitdrukking op sy gesig, sy hand wat oor sy bors gly as sy ma wegstap. Sy pa was die held, die boef, die vark. Hy het sy pa en ma in die movies 'gesien'. Sean Connery in *Gold Finger* en *From Russia with Love* was sy pa. Cowboy prente soos *The Good, the bad and the ugly*, prente met Terence Hill en Bud Spencer, Clint Eastwood in *Kelly's Heroes*, dit was sy pa. Liz Taylor in *Who's Afraid of Virginia Woolf?* en *Cat on a Hot Tin Roof* was sy ma. Musiekprente soos *The Sound of Music* en die oorlogdrama, *Sunflower* met Sophia Loren, het hom aan sy ma laat dink. Hy het gesien daar was altyd iemand siek of blind of in 'n rystoel in Afrikaanse fliëks, soos in *My broer se bril* of in *Hoor my lied*. Daar is ook altyd 'n meisie op die paal.

"Wat 'n klomp kak," het Leendert eenkeer gesê. "Ek is 'n bok om meisies in die moeilikheid te kry, ek wil nie daarna kyk nie."

En toe laat sy pa hom ompraat om vir sy ma *Love Story* te laat kom. 'n Fout.

"O nee, dis nou vir jou 'n treurmare," het sy pa in die middel van die movie gesê en 'gedreig' om dit af te sit. "Volgende maand kry ek weer 'n Western. Dié goed gee my maagwerkings."

Sy ma en Louise Rökkies het tiesjoes gegryp en snot geblaas. Sy pa kon dit nie vat nie en toe net daar opgespring en vir hom nog 'n Klipdrift en Coke gaan haal.

Sy pa hou nie van huilfliëks nie. Hy dog toe hy kry 'n fliëk met 'n bietjie avontuur en hy laat kom *Dirkie*, die storie oor 'n seun wat in die woestyn verdwaal en hoop sy pa kom hom haal. Dit was die eerste keer dat hy sy pa sien huil het.

"Ek sê jou, in die donkerte van movies huil mens maklik. In die lewe self is dit nie so maklik nie," het sy ma gesê.

En toe sê sy pa: "Ek dink 'n mens huil partykeer omdat jy meer uit die lewe wil hê."

Sy ma het na hom gekyk en gesê: "Nes jy daar sê. Mens droom van iets beters. Ons Buffelstraat-bestaan is nie goed genoeg nie."

"Ja, en as 'n mens nie iets het om oor te droom nie, kan 'n mens maar net sowel doodgaan."

Jaco het sy pa se woorde in sy dagboek geskryf. Ook van sy pa wat huil en ook van die droom wat hý het. Hy wil eendag movies maak of stories skryf.

"Op daardie noot, dames en here," sê sy pa, "kom laat ons braai!"

Sy pa se braaier is sy eie 'patent'. Dit het drie bene en 'n rooster wat aan kabels hang. Dit staan in die middel van die sementblad. Wanneer die steaks en tjops en wors op die rooster begin sis, wys sy pa hoe maklik die omdraaiery is.

"G'n tange en vingersbrand met hierdie outjie nie! Jy maak so en so en tjop-tjop is die vleis gaar. Ek gaan nog skatryk word met my patent!" Hy soek sy glas. Daar's rook in sy oë. Hy drink 'n sluk van sy brandy en Coke.

Sy ma loop ook al op 'ronde voetjies'. Uit die huis klink die klanke van haar gunsteling: Jim Reeves. Haar rooi mond maak die woorde *Adios Amigo, adios, my friend*.

Sy pa klap 'n muskiet dood teen sy been. Sy glas is leeg.

"My engel, wil jy nie vir ons nog 'n dop gooi nie?"

"Verskoon my," stryk sy ma haar mini met die agterkant van haar hand, ruk haar op vir hom en vra: "Van wanneer af dra ek vir jou drank aan?"

Hulle speel al weer *Cat on a hot tin roof*.

If I thought you'd never make love to me again, why I'd find me the longest sharpest knife I could and I'd stick it straight into my heart. I'd do that.

Sy vat die glas by hom, laat die agterdeur ekstra hard agter haar toeklap. Hulle hoor hoe sy Jim Reeves van die platespeler afruk en Elvis se *Love me tender* opsit.

Love me tender love me true, sing sy pa. Glad nie geworrie oor sy ma kwaad is nie. Sy gaan staan in die deur, arm in die sy, haar kop effens agtertoe en Jaco verbeel hom sy sê: *Oh Brick how long does this have to go on, this punishment? Haven't I served my term? ...You know what I feel like? I feel all the time like a cat on a hot tin roof.*

Sy pa kyk na haar daar waar sy in die deur staan. As dit in die flik was, het hy na haar toe geloop, kwaad en haar aan die skouers geruk en gesê: *Then jump off the roof, Maggie. Do it. Jump!*

Hy wil haar 'n vry gee wanneer sy die Klipdrift en Coke in sy hand druk, maar sy ruk haarself los.

Louise Rökkies laat haar glas met 'n afdruk van haar lipstickmond op die tuintafel staan. Sy gee 'n bier, wat sy uit die cooler bag met ys haal, vir Billy aan.

"Lucky Billy. Vra nie eers nie. Kry sommer net. Wat het hy jou belowe kry jy as jy hom so bederf?" vra sy ma.

Ou Rökkies lyk getrek. Kyk net hoe swaai sy haar gat. Sy drink Gin 'n Tonic, want sy dink mos sy is 'n trappie hoër as die res.

Elsa la-la saam met Elvis, sit langs sy ma op een van die opvoustoele met haar kombersie.

"Laf mie tente laf mie toe," sing sy. Heeltemal verby haar slaapyd.

Henk sit by die vuur en kyk vir die vleis.

"Ons lewens is net nie goed genoeg vir 'n storie op die radio nie," sê sy ma vir Louise Gin 'n Tonic. "As jy maar net weet wat ek als hoor wat in mense se lewens aangaan in daai sentrale. Goed genoeg vir die radio. Nie dat ek mense se gesprekke afluister nie, jy weet. Maar dit gebeur mos partykeer as jy deurskakel en die mense anderkant op die lyn begin praat voor jy kan afsleutel."

"Jy moet ophou ander mense se stories afluister. Jy het jou eie storie om jouself besig te hou," sê sy pa onderlangs en lig met die torch op die vleis.

"Hierdie outjies lyk vir my reg. Bring vir ons daar 'n bak, Jaco."

Die pot pap is op die stoof op laag. In die lou-oond wag die sous in 'n gravy boat. Sy ma se tamatie- en advokadopeerslaai uitgepak op 'n mooi bord. Knorr se Creamy Greek Salad Dressing staan in 'n bottel langs die bord.

Dit was 'n lekker aand. Sy pa op sy stukke. Sy ma bed toe, sy pa agterna.

Jaco sukkel om te slaap. Hy skryf woorde van sy gunsteling movies in sy Croxley neer.

Hy hoor hulle kamerdeur oopgaan. Dis sy pa oppad kombuis toe. Seker vir koeksoda. Hy hoor die glas in die wasbak. Sy pa kom boeppens verby. Gehoop hy sal darem inloer om good night te sê, maar hy loop verby.

Die volgende oggend skryf hy nog 'n droom in sy dagboek. 'n Skaap hang met bloudraad aan die dak van die garage. Bloed drup op sy pa se voete. Maria se blou kopdoek skuif die enammelbak onder die skaap in. Sy pa vat die mes en sny die pens oop. Die binnegoed gly uit. Die maag, die gal, en derms bind sy in Checkers-sakke toe. Hulle sukkel

met die vel. Maria hou vas. Sy pa sny terwyl sy die vleis van die vel afknie. Die karkas hang. 'n Jesus aan 'n kruis.

Hy maak die Croxley toe en kyk na die komeetprent. Iemand het met swart pen die komeet se stert langer gemaak. Henk. Die helse sal hy nog kry.

Die volgende Saterdag laat weet sy ma Manuel moet die kruit bring en iets by die poskantoor loop haal.

"Wat?" vra Jaco oor die telefoon.

"'n Verrassing. Sê net vir hom hy moet nou kom. En onthou die kruit."

Jaco hou die sifdeur oop terwyl Manuel en Maria sukkel om die kas in te dra. Die kas is swaar. Manuel het dit al die pad van sy ma se werk af op 'n kruit tot hier gestoot.

Die kas lyk vir hom soos daardie hokkies by die poskantoor waarin hulle briewe en goed sorteer.

"Wat wil jy met dié ding maak?" vra sy pa met sy hand in sy wit rugbybroek.

"Vir die kinders gebring."

"Vir wat?"

"Vir hulle vir speel, pakplek vir speelgoed. 'n Mooi kas. Kan dit later verf."

"Dis steel. Dit behoort aan die poskantoor. Wie het jou toestemming gegee?"

"My sup."

"Jou superintendent! Daai vent. Van wanneer af is hy baas oor die staat se goed?"

"Los hom hier, Maria," ignoreer sy hom. "Teen hierdie muur," wys sy. "So ja. Wat dink julle?"

Die kas staan skouerhoogte teen die stoepmuur. Net laer as die koorknappie-almanak wat aan 'n spyker in die muur hang. Daar is twaalf hokkies. Hy sien daar moes meer gewees het, want hulle het die blaai tussen-in uitgehaal om dit groter te maak. Nou is daar sulke gleuwe in die hout.

"'n Ou sorteerkas. Vir die kinders," sê sy ma. "Jy gee mos hulle speelplek weg vir Bill."

Sy stoot hom uit die pad waar hy in die deur staan. Hy kyk haar agterna en gooi sy arms net soos sy in die lug, loop dan ook 'kwaad' by die huis in.

Then jump off the roof, Maggie. Do it. Jump!

"Hawu," sê Maria, "die baas hy maak soos 'n vroumens." Sy lag.

Daar gaan hulle al weer. Moet hulle altyd baklei?

"Jy gee mos hulle speelplek weg vir Bill." Sy ma praat van die buitekamer wat sy pa vir Oom Billy gegee het. Vir sy slange.

Nou die aand het sy pa die buitekamer, soos sy ma sê, "in sy dronkenskap" vir oom Billy gegee.

"Die plek? Met graagte, Bill. Jy kan dit gebruik, sê net wanneer. Ons meid bly in die lokasie."

Sy ma moes die volgende dag, "op die heilige Sondag", die teekiste uitpak.

"Ek moet suffer en hý slaap!" het sy gemoan. Die teekiste is vol breekgoed, beddegoed, materiaal en rokspatrone; nog net so ingepak van die trek van Pongola af. Sy het dit in die buitekamer gehou, want daar was nie genoeg plek in die huis nie. Sy het partykeer die kamer gaan oopsluit en die bokse vol rokspatrone van McCalls en Simplicity gaan haal om die een of ander een vir Mevrouw Joubert of Louise Rokkies te loop soek. Hulle moes toe sy ma help om die goed in te dra sodat sy dit bo in die ingeboude kas in die gang kon bêre. Sy pa het van die 'commotion' niks geweet nie, geslaap want hy was moeg, terwyl sy die bokse wat nie in die kas kon pas nie, onder in haar eie kas moes pak. Sy het aspris lawaai gemaak om hom te pla, maar hy het elke keer net weer omgedraai en verder gesnork. Oom Billy het dieselfde middag nog sy glastenks gebring. Toe is sy pa skielik wakker om te help indra. Sy was lekker kwaad vir hom.

Billy het die slange een vir een in die glastenks losgelaat. Hulle was ook lekker die moer in, want hulle het die hele tyd teen die glas gepik.

Sy pa het 'n six pack uit die fridge loop haal en begin drink.

"Iets vir die babelas," het hy gesê.

"Julle kan nie nou drink nie, Hannes."

"Ag moenie so upstairs wees nie, my liefie. Kom kyk na Bill se pofadder."

"Dis pofadders, mambas, kobras en boomslange! Ek wil hulle nie sien nie!"

En toe daardie gil.

Hulle het gaan kyk wat aangaan en toe gesien hoe Billy aan sy pa se hand suig.

"Die mamba het hom gepik," het oom Billy geskree.

"Ag Here tog," het sy ma uitgeroep, die gordyn voor die venster afgepluk, dit met een ruk middel deur geskeur terwyl sy hulle beveel het om vir dokter Radley te bel.

Net voor sy ma die tweede reep van die stuk gordyn skeur, het sy pa se boep begin ruk. Hulle dog eers hy gaan dood.

"Het julle! Het julle! Julle fools," het sy pa begin lag.

Sy ma het hom met bokkie-oë aangekyk, omgedraai en die buitekamerdeur hard toegeslaan.

Later het sy pa probeer jammer sê, maar sy ma wou niks weet nie.

Dit is nou al 'n week later en hulle praat nog steeds nie met mekaar nie.

Sy ma sit die stoof af. Die kos is klaar.

Jaco dek tafel.

Hy hoor sy pa inkom. Sy ma ruk die koerant uit sy pa se hande wat hy saam met brood, melk en ice-creams van die Griek se kafee af gebring het.

Ai tog.

Teen twaalfuur staan sy op, skep ses borde kos. Die ekstra bord is haar gewoonte. Dié bêre sy sodat sy pa dit by die werk vir lunch kan eet.

Sy gaan sit die borde op die eetkamertafel neer.

"Kom eet," roep sy.

Sy pa kyk na sy bord en sê: "Jy weet ek hou nie van die vlerkies nie."

Sy gaan staan agter haar stoel. "Vir 'n week lank praat ons nie met mekaar nie. En wanneer jy jou bek oopmaak, kla jy. Dè, hier is jou bord. Die vlerkies is myne."

Sy sit die bord kos so hard voor hom neer dat die rys, aartappels, groente en hoender deurmekaar skud.

Sy pa kyk na sy bord, stoot sy stoel met 'n skraapgeluid terug, tel sy bord op en laat val dit op die vloer. Die bord tref die vloer met 'n kletterslag. Die kos wip van die bord af. 'n Stuk pampoen skiet teen die muur.

Sy ma se lippe word dun.

"Jy...!" skree sy.

"Jou moer!" skree sy pa terug.

Elsa begin huil.

"Ek haat jou," sis sy deur haar tande. "Jy het my weggevat van my ma. Jy het my gevat en my getrou voor die magistraat en my laat kom vrek in hierdie verdomde plek. Ek werk moer hard in daai sentrale. Van agt in die more tot vyfuur in die middag, van Maandag tot Vrydag sit ek op my gat en sê 'nommer asseblief' en 'Ek skakel u deur'. Nie vir my plesier nie, vir jóú, want jy kan nie vir ons ordentlik sorg nie. Jou salaris kry ons nie deur die maand nie, Hannes."

"Geld, geld, geld! Daar gaan jy alweer. Gee ék die geld uit, op klere, op haredoen, op handsakke en skoene?"

"Ha!" skree sy, haar stem soos hy dit nog nooit gehoor het nie. "Hoeveel het jou visvangnaweek saam met Bill laasmaand gekos? Wie het 'n nuwe viskatrol van oor die honderd rand gekoop? En vleis en drank vir die naweek?"

"Jy kan dit nie vat dat ek en Bill visvang nie. Dis my tyd om weg te kom van hierdie huis en van jou en van jou moods."

Sy vat haar bord kos en gooi dit ook op die vloer.

Sy pa spring op, vat hul borde een vir een en gooi dit stukkend op die vloer.

Elsa druk haar ore toe. Sy spring in sy ma se arms, boor haar kop in sy ma se maag, asof sy wil terugklim van waar sy vandaan gekom het.

Sondag.

Sy ma het met Elsa gaan loop. Sy pa slaap.

Hy en sy broer het die kos van die vloer af opgeskep. Hulle het die borde en goed in die wasbak gepak, die vloer gemop.

Sondag.

"Moenie dink hierdie kas is joune nie," sê Henk later. "Hoekom vat jy al die boonste rakke?"

"Omdat ek die oudste is."

"Jou hol."

Henk stoot hom uit die pad en gooi sy goed van die rak af.

"Nool," skree Jaco vir Henk.

"Poephol," skree Henk terug.

Hy buk om sy goed op te tel, sy Bybel en gesangeboek, 'n koevert met ou skoolrapporte en sertifikate, sy blikkie met 'n ou horlosie en mansjetknope, 'n boekie oor die Voortrekkermonument, 'n plakboek met koerantknipsels en sy briewe van Ouma Bessie.

Hy sien sy ma met Elsa aankom. Hy wens dit was sy broer in die stootkarretjie. Dan het hy nou 'n nat doek gehad met rooi boude. Hy voel dadelik skuldig dat hy sy sussie wil wegwens. Sy is die oulikste dogtertjie wat hy in sy lewe gesien het en hy is baie lief vir haar.

Die hond spring teen hom op. Jaco voel sy snoet teen sy been.

"Nie nou nie, Brak," sê hy. Maar die hond volg hom tot by die hek.

"Is Ma okay?"

"Moenie dat my en jou pa se dinge jou omkrap nie, Jaco." Sy loop verby.

Die sifdeur slaan toe.

Sondag.

Jaco tel 'n stok op en slaan dit teen die draadheining. Die hond skrik en draf terug huis toe.

Hy trek die stok oor die heining om 'n geraas te maak. Al met die straat af en weg van die huis.

Die straatligte brand al. Hy gaan staan en luister na die mossies hier naby hom in 'n donker boom. Leeuberg het nog 'n laaste stukkie son.

Daar is stemme by die Steyns. Hy sien hulle deur die venster.

"Ek kan nie meer nie," huil die vrou.

Die man ruk aan haar. Die kind skree.

Oom Llewellen se kardeur slaan hard toe.

"Ek is siek en sat daarvoor," skree hy.

Gerty bly sit in die kar en skree iets terug. *Tie a yellow ribbon round the old oak tree* speel kliphard.

"Your number two this week and still climbing," sê David Gresham voor sy die radio afsit. Sy sit die dakliggie aan, druk die karspieëltjie na haar toe en kyk daarin. Sy draai haar gesig kante toe. Kyk. Sy klim uit en slaan die deur toe. Die dakliggie bly brand.

Hy sien Hairdo se garage is nog oop. Sy trek 'n trollie nader en pak goed daarin. Handsome Anton lê in 'n stoel by die wasbak. Hy lig sy kop op en wys sy moet kom, maar sy ignoreer hom. Hy staan op en kom staan teen haar. Sy stoot hom weg, maar hy bly nader kom. Dit lyk soos 'n dans. Uitmekaar gaan hulle en na mekaar toe kom hulle weer.

Anton gaan staan in die opening van die garage. Hy lig sy arms om die garagedeur toe te trek, maar staan eers 'n ruk en kyk in die donker.

Die stuk lig word kleiner soos hy die deur toetrek.

Jaco skrik wanneer hy Piet se van sien aankom en kruip weg agter die Barnards se boom. Piet draai nie in by sy jaart nie, stop sommer so in die kruising. Iemand klim uit. Dit is Gertrude.

"Ja, my baas. Sal nie sê nie, Baas," sê sy en loop.

Hy wag tot die van se ligte indraai by die jaart, Piet uitklim en sy hond blaf.

Hy moet teruggaan huis toe. Dis laat en hy wil nie hê sy ma moet wonder waar hy is nie.

Dit is donker by die huis. En stil. Ook die krieke hou op met kriek, want hulle hoor hom aankom. Hy gooi die stok oor die pad en luister hoe dit êrens in die bos val voordat sy voete die paadjie agterdeur toe vat.

Die kamerdeur gaan eers die volgende Sondag weer toe vir hulle 'middagslapie'. Sy ma-hulle is weer lovey dovey. Dit het als vanoggend begin toe sy pa sy hand in sy rugbybroek druk en sy toolboks regskuif. Jaco het gewonder watter kant toe dit vandag gaan wees.

Linkerkant toe of regs?

"Kom, Jaco," het hy oppad kombuis toe gesê. "Vandag maak ek vir julle brekfis."

Dit was bacon, eiers en toast. Sy pa het vir hom gevra om 'n blommetjie in die tuin te loop pluk en toe hy terugkom met 'n paar kappertjies, het sy pa 'n glaspotjie uit die kas gehaal. Die skinkbord reeds gedek. 'n Ou papierservet van laasjaar se Kersfees het uit die vurk gewaaier.

Dit is vandag regterkant toe vir sy pa.

Daar is vrede in die huis.

Hy kry Elsa op die stoep waar sy heel tevrede op haar eie speel. Sy druk haar speelgoed in die poskantoorkas. Haal dit weer uit, druk dit terug. Hy het 'n plan. Hy gaan haal sy Croxley en teken die twaalf hokkies. Hy besluit dit is die twaalf kamers van Elsa se nuwe pophuis. Sy pa se mood inspireer hom.

Hy gaan soek pophuisspeelgoed in Minty se winkel. By die speelgoedafdeling, langs die Barbiepoppe kry hy dit. Kombuisstelle met stofies en fridges, eetkamerstelle met tafeltjies en stoeltjies, slaapkamerstelle met bedjies, bedkassies en spieëltafeltjies en sitkamerstelle met rusbankies en leunstoeltjies.

Dit is nogal duur en hy sal moet spaar as hy die goed wil koop. Hy sien nie die Indiër-meisie naderstap nie.

"Kan ek help?" vra sy hier naby hom. "Speel jy pop?"

Hy skrik eers. "Ja," antwoord hy en voel sy wange warm word. "Ek bedoel nee! Ek kyk net."

"Het jy die pophuis gesien? Kom saam, dan wys ek jou."

Sy het 'n lang nek en wanneer sy loop, hou sy haar kop hoog. Nes 'n pou. Sy is toegedraai in lap. Daar is 'n stuk lap wat oor haar skouer hang en flap teen haar rug. Hy wil hê sy moet stilstaan dat hy kan kyk waar die res van haar lyf is.

Sy gee klein treetjies. Af met die speelgoedry loop sy terwyl die flap vir hom wys hy kan kom.

Sy gaan staan by die pophuis op die punt van die ry.

"Kyk net hoe mooi," sê sy. Sy vat twee stelle pophuismeubeltjies van die winkelrak en begin weer loop. Weer die treetjies en die flap wat beduie.

By die toonbank gaan sy staan.

"Lali, my darling girl," sê die man agter die toonbank. Wit klere en 'n geborduurde onderbaadjie. 'n Fes op sy kop.

"Kan ek hierdie twee betaal asseblief?" Sy laat lê die bruin R1-noot op die toonbank.

"Vandag is hulle verniet," sê die man, "net vir jou."

"Dankie, Pappa," sê sy. "Dit is eintlik vir my nuwe vriend."

"O," sê die man. "Wat is jou nuwe vriend se naam?"

"My naam is Jaco, Oom. Jaco Gerber." Hy vat aan sy gesig, want dit voel al weer warm.

"Bly te kenne," sê hy. "Ek is Lali se pa en ek is bly sy kon jou help."

Lali kry die papiersak by haar pa en trek aan Jaco se arm.

Buite op die stoep staan hulle. Sy oë brand van die skerp lig.

"Vir jou," sê sy en druk die papiersak in sy hand.

Op pad huis toe tel hy 'n albaster op wat in die pad lê en druk dit in sy mond. Hy laat rol haar naam op sy tong: Lali, darling girl.

Hy kan vir niemand van die pophuis op die stoep vertel nie. As iemand uitvind, sal hy sê dis 'n geskenk vir sy suster. Net Maria weet, want sy help hom na skool daarmee. Hy knip en sy plak die binnekante van die kas met stukkies lap wat hulle in sy ma se lapbokse kry.

"Mayibabô," sê Maria as sy sien wat hy klaar het. "iLihle, Kleinbaas. Die pophuis hy is mooi vir Elsa."

'n Helse knal knyp die skêr toe, verfomfaai die kartonsirkel wat hy besig is om te sny. Elsa skrik met 'n gesig wat lyk of die Rooi Gevaar toe uiteindelik gekom het. Maria moet optel, dra haar op die heup na buite. Wys. Troos.

Majorie kom uitgehardloop en gaan staan in die pad. Gert Hoes kom uitasem in sy pajamabroek en frokkie ook in die pad staan. Gaan sit dan op sy hurke en kyk met sy grys oë na die lug. Drie vliegtuie, regte fighter jets. Een vlieg Leeuberg toe, draai om en kom van die Weste af, laag oor die dorp gevlieg.

Jaco hoor daardie musiek aan die einde van *2001: A Space Odyssey* soos die vliegtuig naderkom en laag oor hulle koppe "verbyskeur" en in die Weste al kleiner word. Als saam met die musiek.

"My seun, my seun. Kom huis toe," roep Majorie. Die vliegtuig bars deur TSB se wolk, word 'n kolletjie en verdwyn.

Majorie gaan sit langs 'n klomp vuurpyle.

"Here," bid sy, "hou hom veilig. Hy is nog so jonk. Spaar hom. Sy lewe lê nog voor, hy mag nie nou iets oorkom nie. Sy pa is siek en hy wag vir hom. Bring hom huis toe, asseblief."

Haar voorjaart is 'n toneel in 'n movie. Sy kniel voor op die lawn. Hande bymekaar soos wanneer mens bid. Gesig boontoe. Gert staan agter haar. 'n Silhoeët. Treurige musiek speel.

Gert Hoes staan op. Die kamera bly rol. Hy loop stadig terug huis toe. Hy stap hoes-hoes deur die huis, eers deur die sitkamer, dan in die gang af.

Grootmense wat met kinders speel, doof uit. 'n Datsun bakkie ry verby. Die aandster flikker. Sal hy hartseer musiek hier indoof? Gert se hoes is al wat mens hoor. Hy voel aan sy gesig, voel die bietjie baard onder sy ken.

Hulle wag vir die rooi Volkswagen om te kom. Hy hoor Freddy Breck se "*We believe in tomorrow*" wanneer hy die ligte van die kar onder in Buffelstraat sien aankom. Hulle is laat.

"Hier hulle is nou," sê Maria. Sy ma het gesê sy moet wag.

Sy pa druk sy gesig plat teen die kar se ruit wanneer hy by die hek indraai. So lyk Charlie Chaplin.

Die kar hang laag op sy wiele. Maria maak die hek toe en kom help om al die checkerssakke in te dra.

Sy pa haal 'n bottel Klipdrift uit een van die sakke.

"Payday het ook net in tyd gekom." Hy draai die bottel se nek om en gooi twee shots in die glase op die tafel. Hy soek sy Coke.

Jaco wag dat hulle iets moet sê van sy geskenk, maar dit lyk vir hom hulle het vergeet. Sy ma staan op en vra waar is haar drienk. Sy drink 'n sluk en kyk na hom. Sy lig die glas op en sê: "Op my oudste se dertiende verjaarsdag. Ma het nie vergeet nie. Jou *Springbok Hits* is hier êrens." Sy buk af en kyk in een van die sakke. "Dit was saam met die Huisgenoot en jou pa se sweets."

"Cheers," sê sy pa.

"Maria, jy moet vanaand na die kinders kyk. Ek en die baas gaan uit. Ons gaan by die dans," sê sy ma. Sy praat al weer so verkeerd. Hy weet nie hoekom sy dit doen nie. Sy tuit haar mond om die rand van die glas. Sy trek haar gesig.

"Jis, moet jy die goed so sterk gooi, Hannes!"

Later sit sy pa in die sitkamer en wag vir sy ma. Hy het geskeer. Sy Old Spice kan mens ruik. Elsa sit op sy skoot en speel met sy gesig.

"Njar," maak hy wanneer sy aan sy snor vat.

Sy lag elke keer as hy dit doen.

"Njar!"

Dit klink of sy die lag uit haar maag haal.

Sy ma kom uit die kamer. Hare opgedollie, rooi rok, rooi lippe. Sy pa gee 'n fluit.

"Jy moet jou gedra, Hannes! Ek is nie cheap nie," wys sy vir hom vinger terwyl die brandy in haar glas tjommel. Sy sit die glas neer op die sitkamertafeltjie en sê: "Help my tog met die necklace."

Sy rondomtalie vir hulle en vra hoe sy lyk.

"Soos Elizabeth Taylor," sê hy.

"Julle sal orraait wees, Jaco?" vra sy en gee nog laaste orders aan Maria.

Sy ma soen hom. Hy voel die rooi lipstick op sy wang.

"Kyk mooi na die kinners. Ons sal by die huis wees twaalfuur."

Sy pa hou vir sy ma die agterdeur oop, loop om die kar om vir haar die deur oop te maak, hardloop terug en klim self in die kar.

We believe in tomorrow is nog steeds in.

"Sagter, Hannes, gee-whiz!"

Sy pa druk die Volkswagen in reverse. Maria is by die hek. In die pad laat hy die wiele 'n keer spin. Hy doen dit moedswillig, want hy weet Maria sal 'n bietjie skrik. Sy ma se hare knik agtertoe. Sy gee hom 'n klap teen die kop.

Jy hoor die kar soos hulle wegry, regs af by Piet Poliesman se huis, op in die straat tot mens net die krieke in die jaart hoor.

Maria kom teruggeloo, kyk 'n slag op na die sterre.

"Kan ons nou roomys kry?" vra Jaco as sy by die huis inloop.

Sy deel hulle een vir een uit.

"'n Zoom ice-cream vir jou, Kleinbasie. En vir jou Elsie. En vir jou, Buthi Jaco, vir die verjaarsdag."

Jaco skeur sy roomyssakkie af. 'n Pienk vuurpyl met 'n chocolate punt. Hy byt 'n stukkie af. Hy haal die kaartjie van die Groot Trek uit.

"Piet Retief. Ons het hom al," sê Henk.

Jaco help Elsa om haar kaartjie uit te haal. "Dis 'n Louis Trichardt. Het hom al. Myne is 'n Gert Maritz."

Jaco kyk na die kaart van die Groot Trek teen die muur.

Sy pa het dit een Vrydagmiddag voor hulle oopgerol.

"Na honderde rande se ice-creams het hulle my geskuld. Daai Griek kon sien hierdie ou loop nie voor hy nie een van daai kaarte het nie," het hy gesê.

"Jaco, gaan haal vir ons die Sellotape."

Toe vloek sy pa, want hy kon nie die begin op die rolletjie kry nie.

"For fuck sakes! Help my tog, Jaco!"

Henk en sy ma het die kaart teen die muur vasgehou en gewag dat hy die Sellotape se begin moet kry. Hy kon sien sy pa was 'ongeduldig' en dit was nie maklik nie. Toe kry hy dit.

Hy het stukkie afgeskeur en dit vir sy pa aangegee.

"Vat so," het sy pa gesê en die eerste stuk Sellotape geplak. "Vat so, vat so en vat so," het hy 'n stuk op elke hoek van die kaart gedruk. Toe het hy teruggestaan.

"Ta-da! Die Groot Trek!" het hy aangekondig asof hy president Strydom was wat die Jan Smuts lughawe 'oop' verklaar het.

Jaco het nou tyd om rustig na die kaart te kyk. Hy lees. Die Groot Trek (1835 – 1848). Hy volg die trek van Lang Hans van Rensburg van die Kaapkolonie na Thaba Nchu, oor die Vaalrivier waar hy Carel Trichardt ontmoet het tot waar hy in Julie 1836 'n draai anderkant die Limpopo maak, omdraai en al langs die Limpopo ooswaarts beweeg en eindig. Hier is hulle tot die laaste man, vrou en kind uitgemoor, sê die kaartjie. Hy wys vir Maria waar.

Hulle volg die roete van die Trichardt trek. Die kaartjie sê: Vader van die Voortrekkers. In 1835 het die Trichardts saam met ander families noordwaarts oor die Grootrivier getrek tot by die Soutpansberg en toe terug na die Olifantsrivier deur die Laeveld tot by Lourenco Marques. Delagoabaai staan tussen hakies. Hy lees die

verduideliking al langs die stippellyn oor die see al met die kus langs na Port Natal:
Oorlewendes van die Trichardt-trek in Julie 1839 terug.

Hy lees vir Maria die name van die stamme: Basoetoe, Barolong, Batlou, Bapedi en die Magwamba. Hy wys haar op die kaart die Swazi en die Zoeloe. Sy lag as hy Umgungundhlovu lees. Sy help hom met die uitspraak. Hulle lag vir Dingane se vet lyf en sy vertel hom van die ding op sy kop. Retief en Dingane onderteken die traktaat. Sy wys vir hom Dingane se indoenas wat agter hom kniel, want hulle koppe mag nooit hoër as syne wees nie. In die volgende kaartjie skree hy: "Bulala abathagathi!"

Hulle kyk na die res van die kaart. Hulle volg die "verloop" van Die Groot Trek.

Moord op Retief en sy manne.

Zoeloe-aanval op laers by Bloukrans.

Dirkie Uys verdedig sy vader.

Aankoms van Pretorius.

Aflegging van Geloofte.

Die slag van Bloedrivier, 16 Desember 1838.

Geloftekerk word gebou.

Dingaan deur die Swazi vermoor, 1840.

Hy wys vir Maria die oop spasie net voor Bloedrivier. Sarel Cilliers met die aflegging van die gelofte. Dit is die enigste kaartjie wat kort.

"Hy sal kom, my basie," sê sy, "ons sal hom kry ..."

Hy het ook 'n storieboek oor die Groot Trek gekry. Juffrou Becker het dit spesiaal vir hom gegee om te lees. F.A. Venter. *Offerland*.

"'n Boek abot die Groot Trek. Jy sal baat vind om det te lees," het sy met haar Joodse manier gesê. "Jy mag det ook niet huis toe vat. Lees det daar in jou hoek."

Hy wens hy het nou die boek gehad om verder te lees. Hy is nou by hoofstuk 11 waar Rudolf Dreyer by Blesberg aankom en sien die waens is weg. Sy perd se naam is Appelkoos.

Daar is nie boeke in die huis nie. Hy sal iets anders moet kry om hom besig te hou.

Die badkamer ruik soos sy pa. Hy maak die badkamerkassie oop. Sy pa se skeermes en tandeborsel staan regop in 'n plastic koppie. Hy sit 'n bietjie van sy pa se Old Spice op sy gesig.

Hy maak sy pa se klerekas oop. Hemde en broeke netjies gestryk en opgehang, soos net Maria dit kan doen. 'n Ry skoene, 'n hophie Jockey's. Hy vat aan sy pa se kerkpak. Dit

voel vir hom snaaks om daaraan te vat. Bo in die kas is 'n stapel ou *Stywe Lyne*. Hy sien die silwer blikkie waarin sy pa sy goed bête. Hy kry die Checkers-sak met sy pa se sweets. Hy maak dit oop en vat 'n marshmallow.

Sy pa hou van sweets. Jelly Tots, Liquorice All Sorts, appelkosies en marshmallows. Hy steek dit weg bo in sy kas. En hy besluit wanneer hy wil deel. Sy ma sê dis oor hy in 'n weeshuis grootgeword het. Sy pa se ma het hom glo saam met sy drie broers en drie susters gelos en met 'n ander man weggeloop. Hy was drie jaar oud. Oupa Lodewyk was toe in die oorlog.

Jaco maak die silwer blikke oop. Hy kyk na die poskaart uit Noord-Afrika.

"Generaal Smuts het ons in Engeland se oorlog laat veg," het sy pa hulle eenkeer vertel. "Vir 19 pond per maand het Oupa Lodewyk aangesluit as vrywilliger en ou Rommel by El Alamein help verslaan."

Jaco lees die agterkant van die poskaart. Sy oupa se handskrif: "Hier is jou papie. Papie kom. Liefdegroete. November 1942." Dis vir hom snaaks dat sy oupa nie kon spel nie.

Sy pa bête die poskaart in die blikkie saam met sy mansjetknope en dasspelde. Dit moet vir hom baie spesiaal wees.

Sy pa se visvanglisensie is ook in die blik. Dit is 'n kaartjie met 'n swart-en-witfoto met sy volle naam en nommer. Johannes Lodewyk Stephanus Gerber. 3902286618087.

Hy kan in enige dam of rivier in die Transvaal visvang. As hulle vir Ouma Bessie gaan kuier, gaan hulle Douglasdam toe. Hulle groet en kuier skaars of sy pa wil dam toe, net om eers te gaan kyk en te besluit waar. Die volgende oggend baie vroeg maak hy vispap in Ouma se kombuis. Hy sit kerriepoeier of Moir's Vanilla Essence in die pap. Hy brei die pap met sy hande in bolle en maak dit toe in Glad. 'n Geel bol en 'n rooi bol.

Sy pa dink aan niks en niemand as hy visvang nie. Sy ma raak gou verveeld en ry saam met Ouma huis toe. Hy en Henk bly. As sy pa teen die middag nog nie vir hulle vis gebraai het nie, eet hulle sy kerriepap as hy nie kyk nie.

Sy pa praat nie baie as hulle by die dam is nie. As hy praat, is dit oor visvang. Sy pa het die Oos-Transvaal rekord vir die grootste karp. Ouma Bessie het hom met haar Polaroid afgeneem en die foto vir *Die Laevelder* gestuur.

Sy pa praat net wanneer hy opdragte gee soos wanneer hulle hout moet gaan soek of wanneer hulle sy hoeke en sinkers moet invat met die kano. Hy kyk oor die water en kyk na sy stok se punt. Hy vra vir nog 'n bier. Daar is altyd koue bier in die cooler bag.

Hy is skaam vir sy pa en sal hom nie sommer iets vra of vertel nie. Hulle sal langs die water op hul hurke sit en visse krap en niks praat nie. Hy sal die visse vir sy pa aangee en sy pa sal dit by hom vat sonder om 'n woord te sê. Dit is sy pa.

Sy pa het mooi hande en hy wou al vir sy pa sê hy het hom nog nooit sonder sy trouing gesien nie. Sy pa sal nog 'n geelvis oopsny, die derms uittrek, dit in die dam gooi en sy hand uitsteek vir die volgende een. Hy sal die skottel vir sy pa hou vir die vis wat klaar is en hy sal wag dat sy pa dankie sê of iets, maar sy pa sê niks nie.

As sy pa Klipdrift drink, praat hy. Hy vertel grappe en mense lag. Sy ma kry ook aandag. Hy sal haar vashou en haar soen. Hy sal haar gryp en met haar dans. Hy sal vir Elsa optel en met haar rondomtalie tot sy lag. Sy sal aan sy gesig vat en aan sy snor. Hy wens hy kan ook aan sy pa raak.

Sy pa praat baie oor rugby. Hy praat graag oor rugby, hy sal sê wat fout is met die Springbokke wat so sleg vaar teen Wille-John McBride se span.

Net eenmaal het hy sy pa hoor sê hy het 'n slim seun. Dis toe sy ma vir hom sy standerd 4-skoolrapport gewys het.

Hy kan nie onthou dat sy pa al ooit vir hom gesê het hy is lief vir hom nie.

As hy pa praat, luister almal. Billy Nel en Tom Crause dink sy pa weet alles. Hy lees koerant en is 'op hoogte' van wat in die land aangaan. Jaco stem nie altyd saam met wat sy pa sê nie, maar hy mag nie saam praat nie. "Kinders moet gesien word, nie gehoor nie." Hy sal jou wegjaag as hy jou vang 'tande tel' of kwaai aankyk as jy 'n 'eiertjie lê'. Dit is hoe sy pa-hulle grootgemaak is en dit is hoe hy dit in sy huis wil hê.

Jaco trek een van sy pa se safari-pakke aan en gaan staan voor die spieël. Hy probeer iets sê wat soos sy pa klink.

"Kom ek en jy gaan vang 'n bietjie vis."

Hy probeer om soos sy pa te loop, sy skouers terug te trek, sy arms vorentoe en agtertoe te swaai en sy knieë uitmekaar te hou.

"Om seun vir Pa te wees," het hy agter in sy Croxley geskryf en 'n lys gemaak.

1. 'n Seun huil nie.
2. Hy kruip nie weg in boeke nie.
3. Hy hou van Cowboy fliëks.
4. Hy hou van karre en weet wat 'n wankelenjin is.
5. Hy haal goed uitmekaar en hou van rugby. ~~Dit is hoekom Pa liever is vir~~

~~Henk.~~

Hy trek die safari-pak uit en staan in sy slaapbroek. Dis hoe sy pa vir hom lyk. Sy broek hang laag oor sy boude. Sy gleuf steek uit wanneer hy sy visstok in die water gooi, sy kuite span as hy wegstap, sy bene uitmekaar as hy sit.

Hy moet onthou om ook in sy dagboek te skryf: 'n man drink brandy en Coke, skiet 'n bierbottelprop weg dat dit woer, rook en hou sy sigaret vas soos die man in die Camel advertensie. Clint Eastwood is 'n man.

Die slaapkamer ruik soos sy ma.

Hy blaai deur haar foto-album wat sy in die kassie langs haar bed bêre. Daar is ou foto's van haar toe sy nog op skool was, 'n foto van 'n lentekoningin, van neefs, ooms en tantes. 'n Skoolportret. 'n Foto van sy ma in 'n swimming costume saam met niggies op Durban se strand. Ouma Bessie se troufoto. Haar ruiker is varkore en varings. Oupa Hendrik staan voor 'n groot, ou kar. 'n Foto van sy ma saam met Ouma en Oupa voor 'n hek op die plaas naby Kendal. Oupa Hendrik se begrafnisfoto's. 'n Foto van sy pa toe hy nog 'n brandweerman was. Nog troufoto's.

Geen troufoto van sy pa en ma nie.

Hy gaan kyk hoe laat dit is op die horlosie in die kombuis. Die horlosie teen die muur sê dis kwart oor een. Die sekondewyser tik oor die swart letters. Ses, sewe, agt, nege...

Hy is vaak en gaan kamer toe. Maria lê op die vloer. Sy sal nooit op een van hulle beddens sit nie, wat nog van slaap.

Hy gaan lê. Daar is 'n muskiet teen die muur.

Die volgende oggend probeer hy die droom onthou. Hy gaan haal die Croyley en skryf dit neer. Sy ma se gesig skyn deur die Volkswagen se ruit. Sy lyk soos Liz Taylor in *Giant*. Sy bestuur. Sy draai die musiek harder. Sy pa sit voor op die bonnet. Sing saam met Tommy Oliver *I wanna live*. Die wind ruk sy hemp oop. Die nag bokant hulle is swart. Die kar trek 'n streep lig deur die rietland. Dit lyk soos 'n komeet se stert.

Dit was 'n Dinsdagmiddag. Hy het in die reën huis toe geloop. Hy kry Maria in die kombuis waar sy vir Elsa voer. Sy knoop die res van die brood in die sakkie toe en bêre dit in die broodblik. Sy het gesorg dat daar toebroodjies oor is vir hom.

"Hoeveel tale praat jy, Maria?" vra hy.

"Ek praat vyf. isiZulu, isiXhosa, siSwati, Engels en Afrikans."

"Afrikaans," help hy haar reg.

Elsa prop nog brood in haar mond.

"Nou lyk jy nes bobbejaan met jou mond so vol," sê Maria.

Jaco sing *Bobbejaan klim die berg*.

"Bo-jaan klimmie bêg," sing Elsa met die brood wat aan haar tande vassit.

"Julle Boere en julle se taal," lag Maria.

"...om die Boere te vererg, hoera vir die jolly bobbejaan."

"Hoela villie jollie bo-jaan!"

"Praat weer 'n bietjie Zoeloe," vra hy om die piep uit sy stem te kry.

"Sawubona. Ungubani igama lakho?"

"Ngingu Jaco," antwoord hy en weet wat sy hom volgende gaan vra en spring haar voor: "Uvelaphi?"

"Ngivela eNongoma."

"Jy kom van die lokasie af!"

"Nee, ek bly elocashini omdat ek werk hier. My huis is daar by Nongoma."

"Hoekom het Ma jou weggevat van Nongoma?"

"Sy vat my want ek werk hier."

"Verlang jy na jou mense?"

"Ek verlang hom baie. Miesies hy het gesê hy koop die busticket vir my vir Christmas om by die huis te gaan."

Sy vee met die vadoek die broodkrummels van die tafel af in haar hand en spoel dit in die wasbak weg. Dan vra sy: "Wena, unguBunu na?"

"Hoekom sê julle ons is Boere? Ons is Afrikaners!"

"Maar julle is mos van die Boerenasie."

"Jy bedoel die Voortrekkers. Die mense van my geskiedenisboek en die mense van die ice-creamkaart."

Voor hy haar kan vra oor die merkie op haar wang, wys Elsa met haar arms.

"Optel," sê sy.

"Wil jy doedoe?" vra Maria.

Sy vat Elsa kamer toe.

Hy hoor haar sing: *Thula, thul' baba thula sana*.

Hy loop kamer toe en kyk na die kaart. Sondag se ice-creams het weer niks gehad nie. Weer 'n Piet Retief, 'n Andries Pretorius, twee Potgieters en 'n boepens Dingaan. Hy het

die koevert met die ekstras skool toe gevat om te ruil, maar niemand, nie eers Christo, het 'n Sarel Cilliers gehad nie.

Sy pa sê Dairy Maid se mense is slim. "Hulle sal die ice-cream met die laaste kaartjie uithou totdat hulle al ons geld gevat het."

Maria het ophou sing. Elsa slaap.

Hy kry haar voor die venster in die sitkamer.

"Kyk die reënboog," sê sy en wys. Sy laat haar oë verby die reënboog gaan, verby Leeuberg, verby Mkulumazonke.

Daar is hartseer in haar oë. Sy sien annerkant daai berge. Die Pongola rivier, Nongoma se heuwels, Zoeloeland. Die kraal van haar familie. Daar waar haar broers agter die izinkomo aan loop en haar susters die izinbongo melk, soos sy hom vertel het. Haar ubhaba wat wag, haar umama wat hout loop soek en op 'n heuwel staan en na haar roep...

"Mooi," sê Jaco.

"iLihle," antwoord sy, laat val haar arms met 'n sug as sy die stof op die vensterbank sien. Vir 'n oomblik kyk sy hom in die oë, laat sak haar kop.

Sy gaan haal 'n stoffer in die kombuis.

Sy kom terug.

Hulle sien vir Manuel in die voorjaart.

Jaco onthou sy ma het hom gekry toe hy een Saterdagoggend in Buffelstraat loop en vra vir werk. Saterdag, het hulle besluit. Die res van die week is hy by die Katolieke kerk, in Vader Francis se tuin. Ná skool sien Jaco hom daar. Partykeer staan hy met die hose pipe in die hand. Ander keer pluk hy vye van die boom wat hy en Vader Francis geplant het. Of hy sit saam met die priester by 'n ronde tafeltjie onder 'n prieel met pers blomme.

Manuel se tuin is 'n prentjie uit Rooi Rose.

Hy kyk vir oulaas na die tuin voor hy loop. Hy dra sy pa se wit hemp wat sy ma vir hom gegee het.

"En dit?" vra Jaco.

"Imihlwa!"

"Dis rysmiere. Hulle kom uit 'n gaatjie in die grond."

Hulle vlieg om hom. Manuel gooi sy arms in die lug en lag.

Hulle waai vir hom deur die venster.

Hamba kahle, Manuel.

Jaco gaan sit op die vloer voor die pophuis op die stoep. Daar is roet op die vloer. Hy kyk na die hokkies van sy ma se gesteelde poskantoor. 'n Goeie begin. Januarie en Februarie van 1973 kan hy in die eerste twee van die twaalf hokkies pos.

Hamba kahle.

MAART

Daar is geluide in die kombuis. Hy hoor sy ma opstaan. Kasdeur oop vir haar japon. Kasdeur toe. Af in die gang kom sy, kombuis toe waar Maria die as uit sy pa se asbakkie krap.

"Môre Maria."

"Yebo, Miesies."

Sy ma kry koffie.

So gaan dit. Van Maandag tot Saterdag begin Maria hulle dag. Jy hoor haar.

Vir hom is sy soos Minty se winkel aan die onderend van die straat. Sy is daar, maar niemand sien haar regtig raak nie. Hul praat is ook nie vir haar nie. Hul paaie loop om haar en verby haar.

Vroegoggend begin sy werk as hy die kombuisdeur hoor oopgaan, die sifdeur soos 'n 'after thought' toeklap. Hy hoor die geluide in die kombuis. Dis skottelgoed in die wasbak. Eers die koppies en pierings en dan die potte en panne. Krane oop, krane toe. Hy ruik Maltabella op die stoof.

As sy ma van die werk af kom en haar skoene by die hek uittrek, is die groente in die lou-oond, tafel gedek, die huis skoon, wasgoed gestryk en weggepak, Elsa gebad en gepajama.

Wanneer sy pa nagskof werk en hy moet slaap, sorg Maria dat hulle wegbly van sy kamer. "Julle kinnes moet sjuut. Die baas hy moet slaap," raas sy met 'n wysvinger op die mond.

As sy die dag nie daar is nie, dan 'weet' jy van haar. Skottelgoed hoop op en die fridge is vrot van Saterdaggaand se leftovers. Die bad het 'n ring en die toilet 'n bruin streep. Sy pa se dooie stompie staan op die wasbak se rand en handdoeke en klere lê op die vloer. Vensters is vuil en vensterbanke vol roet. Die beddens is nie opgemaak nie, die vloere taai en Elsa loop met 'n stink doek.

Hy sal moet opstaan anders is hy laat vir skool. Hy voel siek. Sy maag pyn as hy aan Leendert dink. Hy weet nie wat Leendert se case is met hom nie.

"Het Meneer Christo se pers fiets gesien?" vra Leendert net voor Brewis hulle nog 'n taal oefening kan gee.

"Pers? Loop haal dat ons 'n bietjie kan sien," sê hy.

Hulle staan in die vierkant en wag. Leendert gaan staan langs Louwtjie en gryp na sy ballas.

"Eina!" skree hy en wil hom terugkry. Leendert hardloop tussen die kinders in en druk hulle in Louwtjie se pad om te keer dat hy hom kan vang.

"As julle seuns julle nie kan 'gedra' nie, gaan ons terug klas toe en oefen konsert."

"Is jy mal?" vra Louwtjie wanneer hulle weer langs mekaar staan en Christo opdaag met sy fiets.

Jaco het nog nooit so 'n fiets gesien nie. Dit is nie 'n dikwiel wat mens by Minty's koop of iets wat voor op die stoep van die poskantoor staan nie. Dit is 'n fiets met spikkelverf, handles wat lyk soos bokhorings, 'n groot agterwiel, handratte en 'n saal met 'n rugleuning.

"Dit is 'beslis' 'n fiets wat sy tyd ver vooruit is," sê Brewis.

"Alan Oakley van Raleigh het dit ontwerp," vertel Christo.

"Spif," sê Leendert. Hy mik weer vir Louwtjie se privates, maar Louwtjie keer betyds vir sy wickets.

"Bevange," sê Theo.

"Sowaar 'n 'droom' van 'n fiets," sê Brewis.

Die hele dag drom die skool om Christo se fiets. Hy hoor party kinders het uitskryfwerk gekry omdat hulle laat was vir klasse.

Maandagoggend lees Ou Otto die tien gebooie. Hy hoor die deel van, *Jy mag nie jou naaste se goed begeer nie*. Dit klink of Otto klem wil lê daarop. Dit is sy boodskap vir die skool. Die kinders sit doodstil en luister, want die onderwysers pluk jou sommer voor almal uit as jy jou nie gedra nie. Christo se fiets staan voor vir almal om te sien, maar dit is toegegooi met 'n stuk lap.

"Sulke volksvreemde goed duld ek nie op my skoolgrond nie," ruk Otto sy bril af. Dit lyk of Otto vir hóm kyk.

"Ek doen 'n beroep op julle om julle te weerhou van die begeerlikhede van hierdie wêreld, julle toe te spits op die uitbreiding van sy koninkryk. Die duiwel kom in allerlei vorms na ons toe en hierdie pers affêre is 'n voorbeeld daarvan. Ek wil vra dat sulke goed nie weer skool toe gebring word nie," sê Otto.

Brewis kan nie stil sit op sy stoel nie. Hy gooi sy been oor sy knie en laat dit op en af wip.

Christo se skouers hang en sy oë is toe.

"Wie de hel dink hy is hy?" vra Jaco terwyl Christo sy fiets deur die skoolhek stoot. Hy met sy wit Mercedes wat onder die enigste afdak by die skool staan, wat Jabulani elke week moet was en blink vryf." Hy voel die bloed in sy kop klop. "Otto is 'n drol."

"Klim op," beduie Christo.

Hy klim agterop. De hel met Otto. Vandag "rebelleer" hy. Anti skoolhoofde, skoolreëls, skoolhekke, rooibaksteen-poskantoorgeboue, stoptekens, toegetekens, sypaadjies, Whites Only.

By die watertoring klim hulle af. Soos 'n spaceship met lang bene staan hy daar, toegekamp met GEEN TOEGANG op die hek.

Die ketting gly los uit die slot.

"Almal dink dit is gesluit," sê Christo en stoot die hek oop.

Hy maak die fiets aan die binnekant van die heining staan. Hulle klim teen die trapreling op tot bo en gaan sit op die rand van die watertoring. Hulle bene hang ondertoe. Die hoogte kriel in Jaco se maag.

Hulle kyk uit oor die dorp: 'n wawiel met strate, ingekleur met groen jaarte en rooi flambojante. 'n Teerstraat loop reg in die middel van die dorp, 'n swart streep wat by hom en Christo begin en daar by Minty's doodloop.

Hy sien die kant van Christo se gesig, die ken, die neus, die kuif wat opwaai in die wind. Soos wanneer hy na die lint toe hardloop met interskole atletiek en die meisies mal raak. Christo val agteroor op sy rug, strek sy arms uit, trek die lug diep in en laat dit als tevrede uit asof hy op 'n king size bed lê.

Die son word 'n goudgeel bal. Die lug is Ouma Bessie-blou.

Hy moet terug huis toe. Sy ma sal wonder waar hy is.

Hulle ry in die halfdonker af met Stasiestraat. Net bokant Minty se winkel hang die aandster. Die ligte by Lila-hulle se huis brand al.

Buffelstraat se hekhanger wag vir hulle, asof hy iets weet wat hulle nie weet nie.

"Twee poefters op 'n pers fiets," terg Henk.

Jaco sien sy pa in die stoeplig. Hy is op die stoep. Hy weet van die pophuis.

Christo groet. Daar gaan die cowboy alweer.

"Bye-bye, poeftertjie," spot sy broer.

Jaco kyk vir Christo agterna. Hy wil nie hoor wat sy pa oor die pophuis gaan sê nie. Christo skyn in die straatlig, maar raak weg in die donker tussenin, verskyn dan weer by die volgende lig. 'n Swart en wit movie. Hy draai regs by Piet Poliesman se huis, skree as Piet se hond na die straat toe storm.

Die garage-deur hang oop, gooi lig oor die Volkswagen. Henk staan by sy pa se werksbank. Hy ruk die toolboks oop en sit die elektriese boor aan. Hy buk vooroor en laat dit tussen sy bene deur skreeu. Hy smyt dit neer en gryp 'n soldeerbout. Die soldeersel drup op die werksbank en op sy been.

"Eina, fokkit," skree hy en gooi die soldeerdraad dat dit trek.

"Stupid fool," sê Jaco en loop by die huis in.

Henk loop agter hom aan. Jaco is lus en draai om en slaan hom. Sommer dood, soos Kain vir Abel. Hy sal vir ou Otto 'n rede gee om te preek. *Jy mag nie doodslaan nie.*

Henk gaan staan voor die kas. Hy haal 'n skoon broek uit 'n hophie. Die res beland op die vloer.

Hy gaan sit op die bed, sy bemorste broek nog op sy enkels. Hy tel die skippie wat hy uitmekaargehaal het op. Twee batterye rol van die bed af en kletter op die vloer. Hy trek die skippie se skroef van sy stangetjie af en hou dit tussen sy lippe. Dan vroetel hy daarmee totdat dit loskom uit sy gleuf. In en uit trek hy dit by die opening. Die skroef val uit sy mond.

"Maak my 'n kleintjie, Baby!" roep hy hard en lag.

Hy hoor sy pa: "Jaco, kom 'n bietjie hier."

"Na-na-na-na-na," koggel Henk, swaai sy vingers voor sy gesig.

Hy is lus en pot hom, maar sy pa wag vir hom.

"En dié?" vra sy pa.

"Elsa se pophuis. Ek en Maria maak dit vir haar."

"Waar kry jy die? En die?" Hy wys na die pophuisgoed.

Hy wil eers jok en sê hy het dit gekoop met die verjaarsdaggeld wat Ouma Bessie vir hom gestuur het.

"Ek het dit by Minty's gekry. By Lila."

"Ek verstaan nie hoekom jy jou besig hou met meisiegoed nie. Seuns is net nie so iefie met popspeelgoed nie. En wie is Lila?"

"Sy is 'n meisie by Minty se winkel."

Sy pa begin die muurpapier saam met die speel-speel skilderye van die kante afskeur. Hy stamp die bokant van sy hand teen die kas.

Hy ruk die matte op en die meubeltjies val op die vloer. Hy trap 'n stoeltjie stukkend. Hy knak die eetkamertafeltjie se pootjies tussen sy duim en wysvinger, die bedkassie se deurtjie breek hy af. Hy probeer die sitkamerstel wat Jaco van oorskiethout gemaak het, breek, maar die gom is te sterk. Hy trek die lap af.

"Sies man, kry vir jou iets beters om te doen."

Hy sien bloed aan sy pa se hand.

Sy pa loop weg.

Jaco luister na die stemme in die huis.

"Gaan kyk wat daai seun van jou besig is om te doen," hoor hy sy pa vir sy ma sê.

"Henk, tel op hierdie battery in die gang. Netnou trap iemand daarop en val," skree sy ma.

"Elsa se doek vrot. Kom haal haar en maak haar skoon."

"Dink jy nie ek is ook moeg nie?"

"Sorteer jy net jou kinders uit. Ek moet slaap."

"Jy moet slaap! En ek moet die kinders uitsorteer! Jy dink net aan jou self, Hannes Gerber."

"Ek dink nie net aan myself nie. Jirre, ek moet slaap! Twaalfuur in die nag moet ek werk toe gaan!"

Die deur klap toe.

Well then there now. Are you having a ball, Dad? Well everybody has been having a ball. You are the king of the ball, Dad?

Hy staan voor die kas, skiet sy arms uit om daaraan vas te hou. Sy kop hang tussen sy skouers. Soos daai ou in *Rebel Without A Cause*. Hy kyk na sy ma se koorknapie teen die muur en sê:

Boy, if I had one day, when I didn't have to be confused and I didn't have to feel that I was ashamed of everything. If I felt that I belong some place, you know, then...

Hy is dors. Hy loop kombuis toe en maak die fridge oop. Hy haal sy pa se bottel Coke uit, draai die prop af en begin drink.

Die volgende dag kry Jaco hulle op die stoep.

"My pophuis gebleek," sê Elsa.

"Jy moenie jou aan jou pa steur nie," sê sy ma. Haar vingers maak 'n kerkie.

"Hoekom nie, Ma?"

"Ag, dis jou pa en hy is maar so." Sy tel vir Elsa op. "Kom, Elsa. Dis slaapyd."

Hy gaan haal 'n Checkers-sak in die kombuis en gooi al die gebreekte goed daarin.

Hy sal oor begin.

Die laaste Sondag van die maand is hulle in die kerk vir die nuwe dominee se eerste preek. Die kerk is vol. Die gemeente sing harder as gewoonlik. Petrus Orrel moet 'n noot langer inhou, want die gemeente trek. Eintlik is dit die ouderlinge wat so stadig sing. Kyk net daar, boekies hoog in die lug, monde oopgerek, gesigte rooi. Sy pa sing ook harder as gewoonlik, al is hy by die verkeerde lyntjie in die gesangeboek. Sy ma pomp hom in die ribbes. Hy kyk vererg na haar en sing verder.

Hulle sit al, maar Petrus Orrel maak nog 'n draai met die musiek. Hy trek die orrelpype oop en laat wysies uitmekaarspat en weer bymekaarkom. Wanneer hy sy hande op die klawers druk, klink dit of alles ontplof.

"Broers en susters in onse Here Jesus Christus," groet dominee Retief. Sy stem klink vir hom mooier as Oudominee, sy gesig is jonk. Sy wit kuif is na die een kant toe gekam en sy oë is blou, amper soos sy ma se koorknapie.

Hy lees die gelykenis van die twee seuns. Van die pa wat vir sy seun vra om in sy wingerd te gaan werk en die seun sê 'nee'. Die seun het later spyt en gaan. Vir die tweede seun vra die pa ook. Hy antwoord 'Goed, Pa,' maar gaan nie.

Hy blaai in die Bybel na nog 'n gelykenis.

"Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n koning wat vir sy seun 'n bruilofsfees voorberei het," lees hy. Hy kyk op asof hy wil seker maak die gemeente luister. Sy pa skuif rond, vou sy arms. Sy ma hou haar wysvinger op haar mond, want Elsa wil iets sê van die kandelare in die dak.

"Nie nou nie, Elsa," fluister sy.

Dominee Retief maak die Bybel toe en vou sy notas oop.

"Uitnodigings, broers en susters, het nie net te make met mense wat mense nooi nie. Ook God, ek wil amper sê, veral God, nooi uit. Ons God is 'n God van uitnodigings, het iemand eendag gesê, en daarom is die Bybel vol wonderlike uitnodigings."

Dominee Retief praat met sy hande.

"Regte Dominee Handjies," sê sy pa sag.

Hy kyk op. Majorie help vir Gert om op te staan. Hy hoës vandag darem baie erg. Dominee bly 'n ruk stil todat hulle uit is voordat hy aangaan.

"In die Bybel is daar baie voorbeelde waar God die mens uitnooi," sê hy. "In Jesaja 1:18 lees ons *Kom nou laat ek die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, hulle sal wit word soos sneeu*. In Jesaja 55:1 lees ons *O almal wat dors het, kom na die waters*.

"*Kom na my toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee*, Mattheus 11:28. *Kom agter my aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word*, Markus 1:17, om maar net 'n paar te noem."

"Verder, broers en susters, is daar ook verhale in die Bybel wat handel oor mense wat genooi is, deur ander mense, maar eintlik deur God. Want dit is waaroor die meeste van hierdie verhale handel. Beslis, in elke geval," gaan sy stem op en dan af, sy hande in die lug, "die twee verhale wat ons vanoggend saamgelees het, die gelykenisse oor die twee seuns en die koning wat vir sy seun 'n bruilofsfees gehou het."

"En soos Jesus die mense in sy tyd genooi het, broers en susters, nooi God vandag nog, vir u en vir my."

Sy pa speel met sy snor.

"Hy nooi ons om deel te word van sy koninkryk, 'n koninkryk wat te make het met hierdie lewe en die lewe hierna. Vir wie nooi Hy? Hy nooi almal wat wil kom. Hy nooi almal. Hy nooi vir jou en vir my."

Buite huil die kinders.

"Kan die meide vandag nie die kinders stilhou nie?" vra sy pa.

"Vir wie nooi Hy? Hy nooi almal wat wil kom. Hy nooi vir jou en vir my, ook vir die bediendes daar buite wat vandag onder die bome sit en na julle kinders kyk."

Sy pa maak sy rug reguit en knoop sy baadjie los. Ander skuif ongemaklik rond.

"Kyk," sê Elsa en wys na die kandelare. Sy ma druk haar hand op Elsa se mond.

"God se uitnodiging, broers en susters, is verder ondubbelsinnig en baie spesifiek: Hy gee alles, letterlik alles, en daarom vra Hy alles. Eintlik baie eenvoudig. En die keuse is ons s'n. Oor baie dinge in die lewe het ons geen beheer nie. Ek kon nie kies hoe groot my voete moes wees, hoe lank ek gaan word, of hoe vinnig ek kan hardloop, of wat die kleur van my vel is nie."

Een van die ouderlinge, Jan Swanepoel, staan op uit die bank en loop uit. Sy pa kyk hom agterna en sê iets vir sy ma.

"Maar wanneer God nooi, broers en susters, dan kan ons kies. Moet ons kies."

Dominee Retief kyk na die ryk Van Vijerens en sê: "Gee meer aandag aan jou verhouding met My, sê God terwyl Hy by die deur staan en klop."

Hy kyk vir die Jouberts en sê: "Ek hoor Here, antwoord ons, maar net nie nou nie, later."

Hy kyk op na die galery en sê: "Sien raak dat Ek jou versorg, en veral versorg het toe jy dit bitter nodig gehad het," sê die Here.

Hy kyk vir Koos Burger-hulle. "Ek sien dit raak, Here, baie dankie, maar net nie nou nie. Ek is te besig."

"God nooi ons om deel te word van die ewigheid, liewe gemeente. 'Glo in My, en jy sal lewe,' sê die Here."

"Wat maak ons met al die uitnodigings wat Hy aan ons rig?" vra hy en hou sy een hand lank in die lug. Hy kyk vir die gemeente en dan na die horlosie teen die muur.

"Hoor u en ek nog God se geklop teen die deur, broers en susters? En as ons hoor, hoe reageer ons op sy uitnodiging? En onthou: Hy nooi vir u en vir my, ons almal, omdat ons sy skeppinge is, omdat ons vir Hom spesiaal is. Wat gaan u en ek hierdie jaar met sy uitnodigings maak? Want weet maar goed: ons is genooi!"

"Amen," sê hy.

"Regte kafferboetiepredikant," sê sy pa wanneer hulle ná kerk in die kar klim om te ry.

"Haai, Hannes, hoe kan jy so iets sê? Die Here hoor vir jou."

"Ek werk in elk geval meeste van die tyd op Sondag. Ek het nie tyd vir dominees met swart handjies nie.

'n Week van skool en spot is verby. Jaco ry saam met Christo huis toe. Verpad. Dit is nie aldag dat 'n mens op 'n chopper kan ry nie. Van Stasiestraat af draai hulle regs in Gert Maritz, verby die NG-kerk en pastorie. Christo draai links af in Andries Potgieter en trap hard tot by Volkskasbank waar die pad sirkel word. Hier jaag hulle om en om, verby die garage, die apteek, die poskantoor, Barclays en die Boeresaal. Hulle draai links af by die polisiestasie in die straat waar Koos Strauss sy blomme natgooi.

"Dag, Oom," groet hulle.

In Buffelstraat draai hulle links, verby Piet Polisieman, die Barnards se huis, die Loubsters, die Steyns en hô-nou by 33. Hulle val neer op die lawn. Die hond dink hulle wil speel. Lek Jaco in die gesig. Lek dan Christo se vingers.

Ma-lien staan teen die heining.

"Kom speel met my," roep sy. Hy probeer om nie vir haar oë te kyk nie, sien die sere op haar arms. Hulle loop verby. Die bord toebroodjies is leeg. Sy broer het alles geëet.

Hy wil vir Christo die poskantoorkas op die stoep gaan wys, maar gaan wys hom eerder Dairy Maid se ice-cream kaart.

"Ons kort nog net hierdie een kaartjie," sê hy en wys na die oop plek op die kaart.

Hy wil hom vra of hy 'n tent in die jaart wil opslaan vir Cowboys en Kroeks, maar gaan haal die rugbybal onder die bed.

Christo se regterbeen skiet vorentoe, sy bobeenspiere span, sy voet punt en die bal trek deur die lug. Die bal land op die dak.

"Ek sal die bal gaan haal," sê Christo.

Hy klim in die boom.

"Wag, ek kom," sê Jaco. Sy pa is nog nie by die huis nie. De hel met sy broer.

Hulle sit op die dak en kyk uit oor die suikerrietlande.

"Van hier af sien mens nogal ver," sê Christo.

"Sien jy die koeltoring se wolk?" vra Jaco vir hom.

"Ja, ek het nie geweet daar's 'n wolk nie."

"Ek sien dit altyd daar."

Hy sien TSB se bakkie aankom.

"O, hel! My pa is hier."

Jaco wag totdat hy die kombuisdeur hoor klap voor hy wys hulle moet afklim. Hy hardloop om die huis en gryp Christo se fiets.

"Kom ons waai. Klim agterop!" beveel Jaco.

Wanneer hy met Christo verby die Sagies ry, skree hy: "Kom Appelkoos, my perd, Noorde toe!" Een van die Sagies staan in die jaart en gaap hulle aan.

Voor Minty se winkel sê Jaco: "Hô-nou, my perd. Hier klim ons af."

Hulle loop rond in die winkel en "verdwaal" tussen al die goed. Hulle loer na Dinky Toy-karretjies. Hulle kyk na speelgoedgewere en looppoppe. 'n Man kyk na messe. Daar is visstokke en laaie vol kunsas. 'n Seuntjie sit op 'n kampstoel.

Jaco gaan kyk na die pophuis by die speelgoedafdeling en wonder waar Lila is. Hy loop 'n draai by die materiale. 'n Vrou soek lap. Sy vat aan die lap. Haar vingers gly oor upholstery lap, gordynlap en roklap.

"Kom ons waai," sê Christo.

Hulle staan op Minty's se stoep in die son. Twee rondloperbrakke naai aan die oorkant van die straat. Basil wys vinger vir 'n ou man op krukke.

Hulle ry op in Stasiestraat tot by Koedoestraat, eerste straat links, tot by die Katolieke kerk met sy pienk mure en goue koepel. Hulle klim af. Hy sien nie vir Manuel nie. Seker agter in die tuin.

Die houtdeur is oop. Dit is doodstil binne. Die koeligheid voel jy aan jou arms en bene. Mens wil sommer op jou knieë gaan. Hy kan sy hart voel klop. Moses moes só gevoel het by die brandende braambos.

Hulle kyk na die beelde in die kerk. Dáár is die Kindjie Jesus en Maria. Dáár is Jesus aan die kruis. Dáár vaar Hy op na die Hemel.

"My Pa maak my vrek as hy moet weet ek is hier."

Christo hoor hom nie. Hy drink uit die fonteintjie.

"Good afternoon my children," hoor hulle die pater.

Hulle skrik vir sy stem.

"O, gotta," skree Christo en hardloop.

Voordat Jaco ook weghardloop, sê hy: "Jammer, Vader, ons het 'n bietjie van jou water gedrink."

Buite skree die dag. Hulle spring op die chopper, trap terug tot in Stasiestraat, regs af in Buffelstraat. Verby die Sagies, verby die Nelle en die Du Preezs tot by die huis waar sy pa vir hulle wag by die kar. Visstokke steek deur die halfoop venster, 'n reuse trekkertube bult bo-op die dak.

Jaco is nog nie heeltemal van die fiets af nie of Christo groet en maak dat hy wegkom.

Hulle ry as die roet begin val.

"Spargodam toe," sê sy pa. "Ons mannenaweek het begin."

'n End uit die dorp op die nasionale pad, net voor die Van Vijeers se padstal, draai hulle af. "Mangoes R5 'n boks" sien hy wanneer sy pa in die draai die Volla terugdruk in derderat. Die kar sluk.

Oom Billy kap sy voortande met die bierbottel raak en skree: "Stadig, Vetpens!"

Hy noem sy pa altyd so op 'n visvangtrippie. Sy pa antwoord terug: "Aapvel, gee vir my nog 'n Leeu voor ek van die droogte omkom."

Hulle vlieg oor die aarde. Die klippe spat terwyl 'n stofstreep van die pad af opstyg, die trekkertube se wange klap en die visstokpunte wirrrr in die wind. Hulle sit doodstil agter in die kar: Marius, Deon, Henk en hy. Sy pa sing saam met Niel Diamond. *Oh I love my Rosie child – You got the way to make me happy. You and me, we go in style... Craclin' Rose, you're a store bought woman You make me sing like a guitar hummin'*. Hy drink sy Leeu, druk die kar in 'n laer rat en skree: "Spargodam se vis, hier kom ons!"

Hulle ry deur suikerlande en lemoenboorde, verby die Van Vijerens en Jouberts se plase, volg die pad waar hy stertkant van Leeuberg regs swenk en verby die steenmakery hou. Weer gooi sy pa die kar in derde en dan in tweede, want hier word die pad steil, op in die kloof met Buffelspruit doer onder in die ruigtes. Die pas is jare terug hier uitgekap. Die damwal is klip vir klip uitgepak. Die Volkswagen sukkel teen die opdraende uit. Skielik sluk die kar weer, gee 'n paar snorke en gaan staan soos 'n beneukte bees.

"O fokkit," roep sy pa. Hy ruk die handrem op, maar die kar bly agteruit gly.

"Vetpens, as jou kar hier met ons oor die afgrond donner, is ons almal moertoe!"

Deon byt die rubber van sy hamer.

Jaco kan nie besluit wat die ergste is nie: visvang of die dood? Dan vat die Volkswagen met 'n knal. Dit spoeg blou rook terwyl sy pa dit rev en rev teen die bult uit tot bo.

Die dam lê blou wanneer hulle bo uitkom. 'n Spieël. Water na weerskante toe opgedam: Oos lê die dam al om Leeuberg. Wes stoot hy inhamme op tot daar waar jy die Buffelspruit sien inkom. Dit is hier waar sy pa en oom Billy altyd visvang.

Hulle ry al om die dam. Sy pa ry verby die wildevy se koelte, parkeer die kar 'n paar meter weg van die dam. Sy pa kan sy lus nie meer hou nie. Hy wil so gou as moontlik sy stokke in die dam kry, maar hy moet eers pie. Hy skree: "Vaalpens hier gaan ons vandag die vis moor. Kyk net hoe breek die water daar. Maak gou, die lig is reg, die vis is honger!"

Die hingsel van oom Billy se Daiwa katrol het net teruggeklap na die ingooi en sy pa nog besig om sy lepeltjie aan die hoek te sit, toe die eerste vis byt. Billy se lyn ruk styf, die stok buig krom.

"Vandag moor ons die bass, Vetpens."

Hy katrol die vis in. Stadig. Hou die visstok op. Kort-kort kyk sy pa op na Billy se stok.

Die vis breek water en 'n mens kan sien dis 'n grote. Sy pa is in sy noppies, ook nou reg om sy stok in te gooi. Hy roep Henk om die vangnet nader te bring.

Nie lank nie of die vis flap teen die binnekant van die net.

"Ek skat hierdie outjie 2½ kilo's, Vetpens."

"Mooi man. Kom ons kyk of Hannes Gerber daai een kan beat," sê sy pa kniediep in die water. Hy draai sy lyf na hulle wat op die wal staan, ruk dit dan om in die rigting van die dam. Sy pa se Orange Feathered val in die water, die een met die silwer lepeltjie en oranje veertjies. Wanneer hy die lyn begin inkatrol, lyk dit kompleet of 'n vissie deur die water swem, kos vir enige bass.

Hulle vang drie visse voor die son sak. Die water word dof en grys en die stokke staan skuins teen die kar terwyl die lepeltjies met hoeke aan die lyne swaai.

"Bring daai visse, Jaco, lat ons hulle kan skoonmaak. Henk, vir wat staan julle so? Pak uit."

"Deon, loop soek vir ons fynhoutjies vir die vuur. En bring vir my nog 'n Leeu," sê oom Billy.

Jaco en sy pa sit by die water. Sy pa sny die visse se pense oop en trek die binnegoed uit. Hy gee dit vir hom aan dat hy die skubbe kan krap. Sy pa was sy hande, staan op en knak nog 'n bier.

"Laat hy val waar hy wil!"

"Cheers. Op daai rekord wat ek en jy nog gaan vang, Hannes."

"Sout en peper is al wat nodig is voor hierdie outjies vuur toe gaan," sê Billy. Hy gooi Cerebos op die een kant van die visse en draai hulle om. Nog sout voor hy die peper strooi.

Sy pa se rooster staan wydsbeen oor die vuur. Die visse lyk soos wit hande op die rooster. Tussen die kole staan sy pa se potjie tamaties en uie. Sy pa se papwater begin kook. Henk hou die sak Impala mielemeel vir sy pa.

"Gooi! Nie te veel nie, stadig," sê sy pa. Water spat oor die pot soos sy pa die pap met 'n houtlepel deursoer.

"Dit was nou koning," sê Billy later toe hulle klaar geëet het. "Hier's omtrent g'n grate in hierdie vis nie," sê hy terwyl hy na sy papierbord wys.

Jaco kyk na die kaal rooster en die leë potte in die vuur.

Sy pa het die tent se pale in die garage vergeet.

"Dan slaap ons onder die sterre," sê hy oor sy skouer waar hy en Billy in hulle kampstoele sit en hulle naglyne dophou.

Hy wil daar langs sy pa gaan sit. Miskien kan hy met hom gesels. Oor die boek wat hy lees of oor rugby of oor Leendert. Maar hy is moeg en sukkel om wakker te bly.

Hy word wakker in die nag. Die dam blink in die lig van die maan. Die twee stoele staan nog by die water. Iemand sit in sy pa se stoel. Hy klim uit sy slaapsak en gaan kyk. Dit is sy pa. Hy slaap in sy stoel. Hy vat aan sy pa. Hy skrik as sy pa 'n snork gee en sy kop anderkant toe draai. Hy wonder of sy pa koud kry. Hy gaan haal sy pa se slaapsak en zip dit oop. Hy gooi die slaapsak oor sy pa en gaan sit langs hom.

"Meneer van Staden het my nou die dag gevra of hy nie saam met jou kan kom visvang nie. Hy wonder of Pa in die wildduin mag visvang. Hy hoor daar is verskriklike groot bloukurpers in die wildduin. Hy sê hy sal graag saam met die kampioen wil visvang."

Hy dink sy pa sê iets. Hy kyk, maar sy pa slaap. Daar by die kar lê die ander ook en slaap. Jy hoor hulle asemhaal. Dit voel of die berge ook asemhaal. Die berge snork saggies hier naby hom. Hy skuif sy stoel teenaan sy pa se stoel.

Hy wou sy pa nog vertel van Lila. Voor hy aan die slaap raak, val 'n ster uit haar oog.

Saterdagoggend. Billy se emmertjie klêng hulle wakker. Hy wys vir Deon die erdwurms wat hy gaan uithaal het.

"Kurperkos," sê hy.

Marius krap in die as, probeer om die vuur weer aan die gang te kry.

"Kom jy, Vetpens?" vra Billy.

"Kom nou-nou," sê sy pa. Hy kyk na hom. "Het jy lekker geslaap?"

"Ja, Pa."

Dit is seker al tienuur en sy maag skree van die honger. Sy pa en Billy staan kaal bolyf tussen die riete. Hy kan verstaan waar sy pa sy bynaam kry. Van Billy se bynaam is hy nie seker nie. Mens sien die tattoo op sy regterarm wat hy in sy jong dae gekry het. Hy sien die bruin vlek op Billy se linkersy, net onder die rib. As hy vorentoe draai, lyk dit soos 'n klossie hare wat uit sy sy groei. Miskien is dit hoekom sy pa hom Aapvel noem.

Die dobbertjie trek saam met die lyn en plonk in die dam.

"Vetpens, daar's hy nou!" vang Aapvel sy pa dagdroom. Sy pa skrik en val byna met stok en al in die water. Die dobber verdwyn twee-driemaal onder die water voor sy pa die stok regop ruk. Die stok knak, die lyn span.

"Magtag, ek hoop dis daai nuwe Transvaalse rekord. Bring die net," roep Aapvel.

Sy pa hou die stok op sodat die vis nie loskom nie. Katrol versigtig in. Aapvel vat die net by Deon, wil sy stok aangee, maar daar is skielik ook 'n ruk aan sy stok. "Hier gaan ons alweer," skree hy.

"Blou Tilapia," sê Aapvel. Kom na Pappa toe, jou tekkiebek!"

"Ek proe al die vis," sê sy pa.

Hulle sit langs die vuur. Die twee kurpers gebraai in die pan. Sy pa deel die vis uit.

"Beste ontbyt innie wêreld," sê hy.

"Dankie, Moeder Natuur," las Aapvel by.

Na ontbyt rol sy pa die trekkertube na die water. Hulle hardloop agterna, val saam met die tube in die water. Hulle probeer sy pa van die tube afkry, maar hy klap hulle met sy groot hande weg as hulle na sy arms of bene gryp. Sy pa is sterk. Nie eers Aapvel kry hom af nie.

Hy balanseer homself op die tube, slaan sy vuiste op sy bors en na-aap Tarzan se oerwoudroep. Sy stem weergalm oor die water. Henk kry dit reg om sy pa se een voet onder hom uit te ruk. Sy pa verloor sy balans, gee 'n harde poep voor hy in die water val. Almal lag.

Saterdagmiddag is almal se stokke in die water, maar niks byt nie. Die poliesmanne hang laag oor die water. Doodstil. Jaco sien die policevan aan die oorkant van die dam aankom.

"Is dit nie Piet nie?" vra sy pa.

"Dit is," sê Aapvel.

"En wie is daar by hom?"

"Kan nie mooi uitmaak nie."

"Dit lyk soos oom Tom," sê Henk.

"Hold on to your horses, friends," sê sy pa. "Hierdie paartie gaan nou rof raak."

Piet Poliesman se van kom baie vinnig nader.

"Vir wat het Piet sy blou lig aan? Wie wil hy vang?"

"Sy eie gat," lag sy pa.

Die blou lig pop agter die laaste dip uit voor hulle by die oopte kom waar hulle kamp.

Piet pyl op hulle af.

"Jissis, is die man dronk? Pasop, hier kom hy!"

Dit word 'n movie. Vaalpens en Aapvel los hulle stokke en hardloop in die water in. Marius, Deon en sy broer kruip agter die kar weg.

Piet se gesig is in die ruit. Tom Crouse se oë is groot. Hy hou seker sy ballas vas. Hier kom hulle.

"O, got!"

Hy mis die Volkswagen net-net.

"Hie-ha!" hoor hulle hom skree. Modder en gras spat agter die van uit.

"Hy jaag al in die fokken rondte!" skree sy pa.

Piet het 'n groot sirkel in die gras uitgespin. Dit lyk asof 'n UFO langs die dam geland het.

"Cut!" skree die movie director.

Tom Crause klim uit die kar.

"Hoezit manne, byt die vis darem?"

"Ek het net kom kyk of julle alles volgens die wet doen, Menere. Kom, wys my daai visvanglisensies."

Tom krap aan sy ballas en kyk rond. "Waar is die tent? Is julle dan besig om op te pak?"

"Vetpens het die tent se pale by die huis vergeet," sê Aapvel.

"Wiedefok het 'n tent nodig as 'n man 'n van het? Tommie, slaap ons vanaand in die van?"

"Se moer slaap ek in daai van waarin jy die meide naai."

"As jy eers een maal tjoklitkoek geproe het, wil jy nooit weer vanillakoek hê nie, of hoe praat ek Hannes."

Jaco verstaan nie wat Piet sê nie en sien iets by sy pa se stok.

"Pa, jou stok!" skree hy.

Sy pa hardloop om sy stok te gryp. Hy ruk dit op en die visstok buig erg.

"Wadefok!" skree Tom.

"'n Fokken vis, wat anders kan dit wees?"

"Nou hoef ons nie meer te worrie oor aandete nie," skree Tom.

"Bring hom in, Vetpens. Bring hom in, my pel!" por Aapvel aan.

'n Vin breek die water. Dit is 'n grote. Sy pa se stok trek krom. Jy hoor die katrol skree en sy pa gee skiet.

"Gee hom lyn, Vetpens. Laat hom speel. Moenie haastig wees nie. Jy wil hom nie verloor nie," sê Aapvel.

Die stok druk in sy pa se maag. "Bring my cupholder, gou!"

Aapvel help sy pa met sy stok terwyl Jaco die holder vir sy pa om sy middel vasmaak. Hy sweer hulle lyk soos daai soldate op die foto uit die Tweede Wêreldoorlog. Hulle plant 'n vlag.

"Die briek, gee skiet," skree sy pa met sy een arm in die lug. Te laat, want die vis trek al twee van hulle om. Daar lê hulle op die grond. Sy pa hou steeds die stok vas. Kry weer sy hand op die katrol en gee skiet. Aapvel help sy pa weer op. Daar is modderkolle op sy pa se knieë. Hy lyk soos 'n kolwer met swart beenskuttte.

"Bring die net, ouens."

Tom gryp die net by Henk.

"Kom hier, jou monster!" skree hy.

Die water breek en jy sien die vis.

"Lyk soos 'n geelvis. Of 'n modderbek of 'n baber."

Tom staan in die water, gereed om die vis te skep.

"Daar's hy. Skep hom Tom!"

Maar voor Tom skep, krap hy weer sy ballas. En net so, toe wip sy pa se stok van krom na reguit. Af is die vis!

"My fok!" skree sy pa. "Son of a gun!"

"Daar gaan my aandete," sê Piet en vat 'n sluk van sy dop.

Sy pa gooi sy visstok neer.

"Ek vang fokken nooit weer in my lewe vis nie."

Piet begin lag. "Hoor wie praat? Visvang is soos draadtrek. Jy kan nie sonder dit nie."

Sy pa is kwaad. Hy gryp weer die stok. 'n Stuk aas hang nog aan die hoek.

"Draadtrek?" vra hy. "Vat so, jou meidevanger."

Hy cast die visstok reguit na Piet toe. Die hoek en sinker vlieg verby Piet. Sy pa ruk die stok op. Die hoek sit êrens vas. Sy pa ruk weer en die hoek kom los.

"Eina, fok!" skree Piet. Hy gooi die plastic koppie dat dit doer trek. Daar is bloed op sy wang.

"Eina, eina, die fokken hoek het my. Hou op ruk!"

Die hoek is deur Piet se wang.

"Kyk wat het jy gedoen, jou fokker!"

Tom lag. Aapvel kyk na Piet se wang.

"Jy gaan nie daai hoek uittrek nie. Wag, ek kyk."

"Gee hom nog 'n brandy en Coke. Dan ruk hy sommer daai hoek self uit."

Tom Balkrapper laat nie op hom wag nie. Hy tel die plastic koppie op en gooi skoon brandy daarin. "Dê, drink, jy het dit nodig."

Piet sluk dit met een shot weg.

Aapvel kyk na die hoek in Piet se wang.

"Marius, bring die lamp, ek kan nie sien nie."

Balkrapper haal 'n boksie vuurhoutjies uit sy sak. Hy kap een teen die boksie. Hy kap te hard. Dit bly afbreek. Derde vuurhoutjie vat vlam en hy steek die sakkie aan die brand. Hy stel die gas op tot die sakkie wit begin brand.

"Laat daar lig wees," sê hy en hou die lamp dat Aapvel kan sien.

"Sit stil, dan kan ek die hoek uitsny."

"Se moer sny jy aan my gesig."

"Jy kan nie die verdomde hoek wil uitsny nie, Aapvel. Bring my sidecutter," sê sy pa. Hy druk die hoek dieper in Piet se wangvleis.

"Wadefok, doen jy nou Hannes?" skree Piet.

"Hou stil, man!"

Hy knip die skerp deel van die hoek af en trek die kant met die gaatjie terug. Uit is die hoek.

Piet spring op en hardloop agter sy pa aan. "Vir jou fok ek vandag op!" skree hy.

Sy pa hardloop in die water in. Piet gaan staan op die wal.

"Kom," skree sy pa. "Kom haal my as jy wil."

Piet bly staan.

"Gaan haal hom," skree Tom.

Piet vat aan sy wang. "Ek fok jou op, hoor jy vir my!"

"Kom ons drink 'n dop op 'n Poliesman wat bang is vir water," lag Aapvel.

"Vir jou fok ek ook op!" skree hy.

Hy loop na sy van, ruk die deur oop en soek iets.

"O fok, hy het sy gun!" skree Aapvel.

'n Skoot gaan af.

Jaco se ore zing.

"Wadefok doen jy nou, Piet? Sit terug daai ding."

"Wie is nou baas?" skree hy.

"Jy is die baas, Piet. Los net daai ding," paai Tom. "Kom ons drink nog 'n dop, my ou."

Hy gooi brandy in sy plastic koppie en gee vir Piet.

Piet gooi sy kop agteroor. Hy kyk vir Tom wat nie weet of hy die bottel wil vashou en of hy sy ballas wil krap nie.

Piet lag kliphard. Hy lag so hard, dit slaan teen die berge vas en kom weer terug na hulle toe oor die dam.

"Kom ek gaan red my vriend uit die water."

"Gee my eers jou geweer," sê Tom. Nou het hy nie meer hande om te krap nie.

Jaco wil huil. Sy maag pyn en hy is honger. Deon hamer die grond.

"Kom ons maak vuur," sê hy vir Marius. "Los jou hamer, Deon. Kom help."

Hulle frommel koerantpapier in bondeltjies en pak die fyn takkies wat hulle al die heel dag bymekaargemaak het, soos 'n strooidak. Marius kry die vuurhoutjies by Tom en steek dit aan. Nou pak hulle groter takke bo-oor en nog dikker takke.

Hulle sit langs die vuur. Sy pa kom staan langs die vuur vir 'n bietjie warmte. Sy broek is nat. Sy beenhare sit soos strepies op sy bene.

"Hier is vir jou 'n dop, my vriend," sê Piet. "Cheers op Hannes!"

"Op die grote wat weggekrom het," sê sy pa.

"Tjorts!"

"Laat hy val waar hy wil."

"As die manne nie vis het om te braai nie, sal Piet Malan seker vir die manne moet uithelp. Tom, kom jy saam?"

"Vir wat?"

"Kom ons gaan kyk of ons nie 'n bok kan klits nie."

"Hierdie tyd van die aand?" wil Tom weet.

"Kom jy of bly jy?"

Piet Poliesman spin weer sy van en jaag pad toe. Dit lyk of Piet agter sy ligte aan ry. Aan die oorkantse oewer draai hy van die pad af. Jy sien die van se agterligte. Die kopligte maak 'n baan in die veld. Hy ry om 'n maroela en mis 'n mopanie. "Gwar," jaag hy.

"Die man is mal," sê Aapvel.

"Hy het sy varkies verloor," sê sy pa.

Die van wip op en af soos hulle deur die bosse jaag.

Die van gaan staan met sy gat in die lug. Die deure gaan oop en Piet hardloop in die lig, staan en mik na iets.

"Dwa!" gaan die skoot af. "Dwa-dwa-dwa," eggo dit terug.

Tom hardloop na die ding wat Piet geskiet het. Hy buk, kom regop en hou die dooie haas op in die lug.

Tom skree. Dit klink soos "Skiet hom in die hol, Blespoephol"

"Bles-bles-bles, hol-hol-hol!"

Piet kom teruggejaag.

Hy klim uit. Tom hou die haas vas. Bloed drup oor die vel en in die grond.

"Bring die mes dat ons dit kan slag."

Hy sit die haas op 'n stuk koerant. Daar is 'n foto van Vorster saam met 'n swartman op die voorkant.

Piet wys waar die koeël deur die kop is.

"Ek eet nie aan daai haas nie," sê Aapvel.

Piet bind sy sakdoek oor sy neus en mond. Hy vat die mes en sny die haas se maag oop.

"Ek het mos gesê dit stink." Hy trek die derms uit en vou dit toe in 'n stuk papier. Hy sny die kop en voete af. Hy wys vir hulle die hart en longe.

Nou die vel.

"Hou vas, Tom. En staan weg van die lig dat ek kan sien."

Piet begin by die nek. Tom hou vas en trek. Sny-trek, sny-trek. Nou lyk die haas baie klein. Die vleis is pienk en die spiere om sy boude en bene is fyn.

"Frêns Koesien, sê ek vir julle." Piet gooi die haas op 'n skoon stuk papier.

BOKAFRIGTER PRAAT OOR SPAN.

"Sout en peper en dan vuur toe met jou, my hasie."

Piet druk 'n dik stok deur die haas en laat lê dit tussen twee klippe in die vuur.

"En toe word ons dors," sê hy. Dit is 'n skimp vir iets om te drink. Tom bring.

Piet staan op sy hurke en sny die vleis in stukke.

"Born-up-a-tree," sê Piet terwyl hy die plastic koppie ophou.

Hulle eet.

Hy kan nie na nog 'n Piet-storie luister nie en besluit om in die kar te gaan lê.

Hy skrik wakker.

Die maan sit agter hulle.

"Nou praat jy kak," hoor hy sy pa sê. Hulle staan by Piet se van.

"Ek ish lief vir jou, Tjom. Ek sal jou mosh nooit wil skiet nie."

Piet bly teen sy pa val en sy pa bly hom wegdruk.

"Jy ish my broer, Hannesh. My brother-in-armsh."

"Is jy orraait? Sal jy kan bestuur?" vra Aapvel vir Tom.

"Ek is altyd orraait. Ek kan my drank vat. Kom Piet. Los nou vir Hannes lat ons kan ry."

Hy start die van.

"Ek is reg soos 'n roer, orraait."

"Tot weersjiensh, my broer," skree Piet wanneer Tom die van begin rev.

Hy hoor die van soos dit om die dam ry. Hy sweer hy hoor Piet se stem nog steeds.

"My brother in armsh."

Sy pa se mannenaweek is verby. Hulle pak op. Die trekkertube, die visstokke, sy pa se braaier, die slaapsakke, die tent sonder pale.

Aapvel sorg dat die vuur dood is voor hulle ry.

"Dis wat manne doen," sê sy pa wanneer hy hom vang na hom loer in die kar se spieëltjie.

Buite kriek dit. Hoe laat kan dit tog wees? Hy kry warm. Is dit al Maandag? Die krieke hou op met kriek. Verbeel hy hom of loop iemand by die venster verby? Iemand wat die aandklokreël oortree? Vader Francis, Manuel, of 'n rietkapper met 'n kalemba? Hy hoor sy pa snork bo die geluid van die air conditioner. Oom Gert hoes langsaan, Henk kners op sy tande, die dak kraak, 'n kraan drup, goggas fladder teen die badkamerlig en die brak blaf alweer. Hy sweer dis hulle hond wat die blawwery begin. Ander honde laer af in die straat blaf ook nou.

"Voertsek," het sy pa al hoeveel keer in die middel van die nag by sy kamervenster uit geskree.

"Hoe die blêrrie brak die leier van die blafbrigade kan wees, weet ek nie."

Jaco bly wakker tot hy die mossies in die boom hoor. Die son wat deur die venster val, maak 'n hoek teen die muur. Die kombuisdeur gaan oop, die sifdeur klap. Skottelgoed in die wasbak: koppies en pierings, potte en panne. Krane oop, krane toe. Maltabella op die stoof.

Hy maak die badkamerdeur toe en klim in die bad. Net sy kop wat teen die bad se skuinste druk, steek bo die water uit. Hy hoor die kraan drup. Dit klink of dit hier naby sy ore is. Hy bly lê in die bad tot hy sien sy vingers maak plooië. Hy staan op uit die bad. Die

water drup. Hy voel soos 'n mens wat uit 'n vis klim. Hy sien die haartjies in die spieël.
Klein strepies tot by sy naeltjie.

APRIL

Hy wil nie praat nie, want dit klink nie soos hy nie. Sy stem breek. Die kinders draai hulle koppe om as hy praat. Hy is skaam vir sy stem. Hy is skaam vir meisies. Veral vir Angelique. Almal weet van haar "danigheid" met seuns. Hy hoor Ou Brewis. Die seuns maak stories oor haar, praat oor goed wat hulle graag met haar sal wil "doen" soos steek, vinger en bloujob.

"Luister jy Top Twenty?" vra sy terwyl sy haar hare na agtertoe skiet.

Hy sukkel om te praat. "Op Springbokradio?"

"Ek's mal oor David Bowie. Ken jy die liedjie, *Sorrow*?"

Hy vat aan sy nek en vryf oor sy kraag. Hy stamp aan Christo en vra: "Ken jy David Bowie se liedjie?"

"*With your long blonde hair and your eyes of blue,*" trek hy los; "*the only thing I ever got from you was sorrow,*" sing hulle.

"Ek sien 'n paar van julle "vra" vir 'n bietjie meer huiswerk as die res van ons," waarsku Brewis.

"Jammer, Meneer," sê sy en rol haar oë.

Die liedjie bly in sy kop. "*Something tells me you're a Devil's daughter, sorrow, sorrow, ahhhh, ah, ahhhh.*"

"Wil jy vir my kom kuier op die plaas? Dan kan ons mango's in die boord gaan eet." Haar mond maak 'n tuit om die woord "mango's" en sy vang hom kyk hoe sy die punt van haar tong oor haar bolip laat gly.

"Dit sal lekker wees," sê hy. Hy voel hoe almal vir hom kyk. Sy stem het seker weer 'n piep gemaak.

Hy is geruk vir die res van die dag. Brewis se geskiedenisvrae oor die Franse Rewolusie word 'n blur. Hy kan nie konsentreer nie, Angelique se oë brand op hom; vra 'n liniaal, 'n potlood, 'n uitveër. Sy gee elke woord 'n bloujob.

Hy voel soos 'n aap. "Here, help my, ek brand op." "*The only thing I got from you was sorrow, sorrow, oh-oh-oh-oh.*"

Die klok lui.

Hulle loop verby die seuns wat nog albasters skiet en giffie speel. Hulle gaan staan in die son, praat oor die 1972 Cadillac Sedan DeVille wat Theo laas Saterdag voor die

poskantoor sien verby ry het, oor Louwtjie se wet dream, oor Leendert se knop in sy broek en Saterdag se rugbywedstryd teen Komatiepoort.

Na skool oefen hulle. Meneer van Staden skree vir Christo hy moet assefokkenblief nie elke keer die bal wegskop nie: "Trek die opposisie eers in en pass dan of gaan af grond toe met die bal!"

Sy geskreeu, die reuk van sweet, die sak in 'n skrum, die optel in lynstane, die tackles, die stormlope, die side steps, laat hom die groei in sy lyf voel en hom laat hoop om eendag so vinnig soos Christo te hardloop, of spiere soos Louwtjie te maak of om tools soos Leendert te hê. Snags in die bed as dit so warm is, voel hy die seer, meet hy homself, soek hy troos. "*Sorrow, sorrow, oh-oh-oh-oh.*"

Hy voel jammer vir homself.

Meneer van Staden laat hulle nog 'n slag om die rugbyveld hardloop voor hulle huis toe kan gaan.

"Doos," sê iemand.

"Ek het dit gehoor, manne. Nou hardloop julle twee maal om die veld."

"Jis, ouens, hou julle bekke en doen dit net," raas Hendrik.

Hulle hardloop in 'n bondel. Van Staden het hulle klaar. Hulle is doodmoeg. Selfs Louwtjie se spoed is gebreek. Hardloop ook nie meer voor nie; poegaa.

Om hulle hang 'n wolk van sweet en stink voete. Doef-doen-doen hardloop hulle verby Van Staden wat met 'n grin op sy bakkies vir hulle staan en kyk.

"Fokken kont," sis iemand. Hy sweer dis Leendert. Wil hy wragtag hê hulle moet weer 'n keer om die veld?

Wanneer hulle aan die anderkant van die veld hardloop, sien hulle Van Staden wegloop en in die skoolgebou verdwyn.

"Moerskont," sê iemand.

Party seuns besluit "fok dit" en hardloop kortpad oor die veld. Ander volg die kaptein, hardloop om die pale en gaan staan geknak langs die veld.

"Hy het ons vandag wragtag opgefok," sê Theo.

Party seuns kry hulle skooltasse en loop deur die skoolhek huis toe. Ander gaan eers stort.

Leendert is eerste in die storthok, skree iets baie leliks as hy die koue water op hom voel.

Daar breek 'n helse geskree in die stort los as die ander ook die krane oopdraai.

Jaco trek sy oefentruie uit en wonder of hy ook moet stort.

"Kom," sê Christo. "Is jy skaam?"

Hy pluk sy rugbybroek af en hardloop storte toe. Wit boude.

Jaco join in. Skaam.

"Donkiepiel," skree Theo wanneer hy vir Leendert sien.

Hy swaai sy lat vir almal om te sien. Hy is nie skaam nie.

"Blerrie show-off," sê Hendrik.

"Ek hoop jy kan hom gebruik," spot Theo.

Jaco kan dit nie help om na Leendert se ding te kyk nie. Dis wragtag so lank soos 'n liniaal.

"Kom ek wys jou," sê Leendert vir Theo.

"Bly jy weg van my. Ek is nie daai soort nie."

Leendert knik vir Theo en stap oor na Christo. Hy gaan staan agter hom. Arme Christo weet van niks nie.

"Hie-ha," skree Leendert. Hy pomp hom so hard dat Christo sy kop teen die muur stamp.

"Whaa!" lag almal.

Leendert Joubert. Hy is Malelane se nommer een driedrukker. As Leendert die bal het, kry jy hom nie getackel nie. Hy is Meneer van Staden se belangrikste wapen in wedstryde teen ander skole. Skoolhoofde kla. Hulle dink hy moet al in die hoërskool wees.

Almal weet van hom. As hy op jou afstorm, is dit maar weer so. Hy hardloop met daardie groot skouers, arms en bobene dwarsdeur vir 'n drie. Wanneer hy oordruk en druk, spring hy op soos Simson wat 'n leeu se bek kan oopruk en skreeu dat die pawiljoen bewe.

Met Leendert wat hier saam met hom in die stort staan, kom hy agter wat fout is met hom, sy lyf: dun arms, maer bene, 'n adamsappel met 'n piepstem en tools wat hy maar net sy "tierlantyntjie" kan noem.

Leendert skop die bal bo-oor die jaart. Dit hop op Gert Hoes-hulle se dak en rol af en land in die pad.

"Het julle iets om te eet? Ek is honger."

Leendert is altyd honger. Hy ruk die fridge oop.

"Het julle nie ham of kaas of viennas nie?"

Leendert kry twee hoenderboudjies in 'n Tupperware bakkie. Dit is sy pa se lunch, maar hy weet dit nie. Hy gryp die melk en drink dat melkstrepe teen sy wange afloop.

"Waar is die toilet?" vra hy wanneer hy die leë melkboks in sy hande plat druk.
"When a man has to go, a man has to go."

Hy weet nie hoekom hy nie vir Leendert gesê het hulle gaan vir die naweek weg nie. Nou sit hy met hom tot Saterdag.

Sy ma is ook geïrriteerd. "Ons het dan nou net van die tafel af opgestaan. Hy kan nie nog honger wees nie. Die kind sal ons bankrot eet en wat maak hy so lank in die toilet?"

"Ons gaan 'n bietjie buite speel, Ma," sê hy later om Leendert uit die huis te kry.

"Nie te laat in die donker nie, hoor."

"Moenie worrie nie, Tannie, ek is doodbang vir die donker," sê Leendert terwyl hy vir hom oogknip.

Wanneer hulle by die hek kom, ry Piet Poliesman verby.

"Piet is weer op patrollie," sê Jaco.

"Piet is seker lus vir 'n bietjie meidnaai vanaand," sê Leendert. "En Baas se brak wil 'n paar kroeskoppe gaan byt."

Hy wil vir Leendert sê mens praat nie so van swartmense nie.

Leendert gaan staan voor die Loubsters se hek.

"Hoor jy?" fluister hy.

"Ek hoor David Gresham."

"En?"

"Lowellen se dogters is by die huis."

"En dit beteken?"

"Hulle luister Top Twenty?"

"Nighties, panties, tiete, onnosel!"

Hy tel 'n klip op en hardloop in die jaart in. Hy gaan sit op sy hurke voor die kamervenster. Hy gooi die klip teen die ruit en wag.

Jaco sien die gordyne roer. Hy sien die hand wat die venster oopstoot. Haar hare waai soos sy probeer uitvind wat dit is. Haar borste druk teen haar nighties.

Sy trek die gordyne weer toe.

Leendert spring op, hardloop hek toe, druk sy vuus in die lug asof hy nou net 'n drie gedruk het.

"Wat het ek jou gesê!"

"Tien uit tien vir jou. Kom ons loop."

"No ways, Tjom. Dis nou jou beurt. Gaan klop aan die deur."

"Nee, vir wat?"

"Dink net. Jy klop, sy maak oop en jy sien the full frontal. Is jy 'n sissie?"

Jaco loop versigtig deur toe. Hy hoor die hond by hulle huis. Daar begin die blafbrigade.

Hy staan voor die deur. Die lig skyn op hom. Hy hou sy hand reg om te klop, besluit dan liever nie en hardloop terug hek toe.

"Jou banggat! Laat ek jou wys hoe dit gedoen word."

Hy spring op, hardloop en gaan staan voor die deur. Hy hou sy hand reg om te klop. Hy draai om om te sien of Jaco kyk wat hy doen.

Leendert klop hard teen die deur.

Jaco gaan lê in die gras aan die oorkant van die straat. Hy hoor hoe die grond onder hom bewe wanneer Leendert oor die pad hardloop en langs hom kom wegkruip.

Die deur gaan oop. In die raam staan sy. "The full frontal" soos Leendert gesê het: nighties, tiete en panties.

Sy hang vorentoe met haar arms wat vashou aan die kosyn om te kyk of sy iemand sien.

"Hier is niemand nie, Pappie," sê sy. Wanneer sy omdraai, sien mens haar boude waarin die panties optrek.

Sy druk die deur toe.

Jaco spring op en hardloop weg. Leendert is agter hom. Hy hardloop af in die straat verby Piet Poliesman se jaart tot by Koos Strauss se Tuin van die Jaar.

"Fok," hyg Leendert hier naby hom, "daai girl het ek amper net daar gegryp!"

Hy sien Leendert se gesig in die lig van die straatlamp. Sy oë is groot, sy tong hang uit.

Jaco loop weg van die lig en gaan staan in die donker in Koos Strauss se jaart. Leendert kom staan wydsbeen langs hom. 'n Dik straal sjor op Koos se delphiniums. SJOR, SJOR. Hy het genoeg om die hele blêrrie tuin nat te maak.

Leendert skud sy ding af en druk dit terug in sy broek.

"More skiet ons duiwe," sê hy.

Hulle is in die veld aan die "verkeerde kant" van Buffelstraat. Sy pa sal tog so trots wees op hom as hy moet weet hulle loop rond met 'n geweer.

Leendert skiet twee maal mis. Die derde skoot is raak. Hy tel die duif op, wys vir Jaco waar die koeël deur is, gee dit vir hom. Die bloed maak 'n straaljie af teen sy hand. Hy vou die duif se kop toe onder die vlerke, hou dit styf vas.

Hulle loop terug met die paadjie waarlangs hulle gekom het. By 'n jong mopanie gaan Leendert staan. Hy dog Leendert sien nog 'n duif, maar Leendert kyk snaaks na hom. Dan sien hy die knop in sy broek. Leendert laat staan die geweer teen die stam en spoeg in sy hande. 'n Troupand vlieg uit die boom: blou vlerke, gevurkte stert.

Voordat hulle weer in die straat kom, sien hulle die geelkobra in die paadjie bakkop maak.

"Waar het julle die slang gesien?" wil sy pa aan tafel weet.

"In die pad by die Sagies," lieg hy.

"Ek moet vir Billy laat weet," sê hy met aartappel in sy mond.

Billy is in die jaart besig om sy kar te was. Die deure van sy Fairlane hang oop. Neil Diamond speel kliphard van die kassetspeler.

"I'm a believer, not a trace of doubt in my mind, I'm a believer," sing hy. Sonder om die musiek sagter te sit, groet hy. Sy pa vertel hom van die slang. Billy hoor nie mooi nie, sit dan die speler af.

"Slang? Waar?" vra hy terwyl hy sy vingers deur sy James Dean kuif trek. Sy maag is plat en sy arms is dik. Die tattoo op sy bo-arm is duidelik. 'n Mes en 'n slang.

'n Rukkie later kom Slangvanger met langbroek, boots en stok.

"Regoor die Sagies?" vra hy terwyl hy sy kouse oor sy broekspype trek.

"Ja," sê Jaco en dink: presies daar waar hy die duif onder 'n klip gelos het.

Die stok lyk soos 'n gun, net langer en aan die bopunt is 'n strop. Hy gee die stok vir sy pa terwyl hy 'n sak uit 'n kas haal. Aan die binnekant van die deur is 'n poster van 'n kaal meisie met 'n slang. 'Glenda Kemp' staan in geel letters onderaan die prent. Hy maak die kas toe, haak die slot in sy oortjie en knip dit toe.

"Kom ons gaan vang daai slang," sê hy.

Slangvanger laat Jaco voor loop. Sy pa volg en die res kom agterna: Henk, Marius, Deon, sy ma, Elsa en Louise Rökkies.

Hy wys vir Slangvanger die bospaadjie waar hulle die slang gesien het, maar hy vertel hom nie dat hulle daarin afgeloop het nie. "Verbode grond". Hy jok en sê: "Ons het

hier in die straat geloop en die slang gesien, net hier en toe het dit in hierdie paadjie afgegaan en verdwyn."

"Wag julle hier," sê Billy en loop saam met sy pa in die bos in.

"Kom hier, my slangetjie," hoor hulle vir Slangjagter roep.

"Het hom!" skree sy pa.

Slangvanger staan in die pad en wys sy slang. Dit krul om die stok. Sy ma gril. Elsa maak groot oë as hy naderkom.

"Baie geld werd, Bill?" vra Louise Rökkies.

"Ja-a, dis 'n bielie. Egiptiese kobra. Ek skat twee meter lank. Kan tot R500 vir dié ene kry."

Hy knoop die slang in die sak toe en sê: "'n Paar van hierdie outjies elke maand en ons gaan vang vis op die Kariba!"

"Julle kan nou maar kom kyk," sê sy pa nadat Slangvanger sy slang in die glaskas in die buitekamer losgelaat het. Die slang is kwaad. Hy blaas en pik na hulle vingers wat aan die buitekant van die glas raak.

Tussen die vierde en vyfde hokkie van sy ma se poskantoorkas slaan hulle 'n cowboy tentjie op in Leendert-hulle se jaart. Hy wys vir Jaco hulle huis. Dit is baie groter as hulle s'n. Leendert maak die fridge oop. Daar is melk, botter, kaas, ham, eiers en bier. In die deur staan twee bottels Coke. Ook tamatiesous, worcestersous en mayonnaise. Hy maak die vrieskasdeurtjie oop om te sien wat daarin is. Gevriesde groente, wors, tjops en hoender. Uit 'n volgepakte kruidenierskas haal hy Simba tjips. Hy skeur die pak oop en druk sy groot hand daarin. Eet morsig daaruit, gee vir Jaco aan.

Leendert haal 'n bier uit die fridge, draai dit tussen duim en wysvinger oop asof hy dit al jare lank doen. Slaan dit binne sekondes weg, sug tevrede en haal nog een uit.

"Joune," sê hy en gaan sit op die kombuiskas. Bene soos stompe, swaai oor die rand.

"Toe, jou beurt," daag hy uit.

Die bier proe bitter, dit weet Jaco van 'n vorige keer toe hy die laaste bietjie van sy pa gedrink het.

Leendert begin tel, sodat hy moet drink. "Down hom," skree hy.

Hy down die bier. Sy keel en oë brand. Leendert lag, gooi die leë bottels in die asblik.

Leendert se ma en pa se slaapkamer is groot. Die ronde bed met sy rooi oortreksel is vir hom mooi. Dis fluweel. Leendert se kamer is die tweede kamer regs af in die gang. Dit is 'n blou kamer met blou gordyne, 'n blou bedsprei, blou mat. Baie netjies. Ingeboude kas. Twee stickers, PERELLI en STP skree in hoofletters. Daar is 'n boekrak met seunsboeke. Trompie, Jasper en Fritz Deelman word regop gehou met 'n pienk spaarvark. Daar is ook 'n Karl Kielblock en 'n Karel Schoeman.

Leendert laat val die leë Simba pakkie net daar op die vloer. "Daai boeke koop my ma vir my. Trompie en Jasper is so outyds. Die Karel Schoeman boek is die kakste boek wat jy kan kry."

Hy staan op die bed en spring. Sy tros skud op en af. Hy val op sy rug. Vryf oor sy maag.

"Hallo, Grote," groet sy ma skielik in die gang. Jaco skrik vir Leendert wat nou anders is. Hy trek die bed reg, gryp die tjipsakkie en druk dit in die bedkassie se laai. Hy is skielik 'n lammetjie.

"Middag, Mammie," groet hy met 'n sagte stem. "Ek het vir my maatjie, Jaco, genooi om by my te kom slaap. Is dit reg, Mammie?" Hy trek die bed weer 'n keer reg, skuif die matjie voor sy bed haaks. "Sommer in die tent."

"Geen probleem nie, Grote. Onthou ons braai vanaand. Sal julle netnou vir ons vuur aansteek?"

"Ons sal, Mammie."

Leendert se pa gooi vir hom en Mommy Dearest elkeen 'n drienk. Hy top dit op met Coke. Ys klieng in die glas. Hulle gaan sit in die sitkamer. 'n Skildery van wilde perde hang teen die muur. Dit lyk of die oom en tannie liewer alleen wil wees. Gaan, gaan maak vuur, ons sal netnou eet, doen julle ding, gaan speel.

Die steaks lê in bruin slaghuispapier toegedraai op die kombuiskas. Leendert vou dit oop. Hy lig een van die stukke op, swaai dit soos 'n slinger, hou dit teen sy broek. Slinger, slinger. Dit lyk soos 'n slap penis. Dit is wat Leendert wil hê jy moet dink. Hy gryp dit, ruk dit op en af terwyl hy met sy onderlyf stoot.

"Aah...", kerm hy. Hy maak nog 'n paar rukkewegings, druk dan sy lyf vorentoe, verloor sy balans effe asof hy wil omval. Hy gooi die steak terug by die ander, stryk dit met die agterkant van sy hand asof hy wil jammer sê, vou dit weer toe in die papier.

Net voor die son sak, gooi Leendert se pa vier penisse op die vuur.

"Piele, man," sê sy pa onverwags. Sluk sy dop. Draai die vleise om, gooi sout en speserye.

"Is jy nie lief vir vleis nie?" vra Leendert se ma.

"Die vleis is lekker, Tannie, maar ek is nie gewoond aan so baie nie," probeer hy verduidelik. "Die pap en slaai is ook lekker, dankie," sê hy.

Na ete moet hulle skoonmaak. Hulle moet die skottelgoed was en dit wegpak. Hy moet onthou om nag te sê voor hulle tent toe gaan.

Leendert skop sy ma se blomme stukkend wanneer hulle uiteindelik alleen is in die jaart. Hy maak die tenttoue stywer, gooi sy slaapsak oop, lê. Hy vloek sy ma.

Jaco kruip ook in.

"Ek kry warm," sê Leendert. Hy spring op, gooi die flappe van die tent oop, ruk sy hemp af. Hy loop drink aan die kraan, druk sy gesig onder die water, maak sy hare nat, spat water oor hom.

Leendert kom staan in die tentopening, spoeg 'n straal water na Jaco.

Dit blerts op sy gesig. Hy gooi Leendert met 'n kussing.

Leendert spring op hom, dop hom om. Pen hom vas. Hy voel die kneukels in sy ribbes. Hy kry nie asem nie. Hy wil huil.

"Eina, jy maak my seer!"

"Foeitog," sê Leendert. "Is jy dan 'n sissie?"

"Is julle manne orraait?" Mommy Dearest is reg buite die tent.

Leendert spring op, weer mak soos 'n lam.

"Als reg, Mammie."

"Julle moet lekker slaap."

"Dankie, Tannie," sê hy.

Hulle lê, luister na twee krieke wat beurte maak om te kriek. Hy draai op sy sy, sien Leendert langs hom in die lig wat van die huis se voorstoep kom.

"Het jy al aan 'n meisie gevat?" Leendert se stem is naby.

"Ek het seker."

"Het jy al aan 'n meisie se tiete gevat?"

"Nee." Hy het al Maria s'n gesien. Hy het ook eenkeer sy ma se borste gesien. Hy het in haar kamer ingestap toe sy besig was om aan te trek.

"Het jy al daar gevat waar dit lekker is?"

"Nee."

"Kan ek aan jou vat?"

"Nee!"

Kriek kriek.

Leendert vat Jaco se hand sodat hy aan hom kan voel. Jaco ruk sy hand weg.

"Ek vat nie aan daai ding nie."

"Ag toe nou, man. Net voel," sê Leendert terwyl hy nader skuif.

Leendert druk sy hand by Jaco in, vat aan sy voël. Hy voel hoe hy styf word. Hy gryp aan die arm wat nou aan hom trek. Hy sit regop, sien die hand. Sy onderlyf kramp. Hy kan nie meer nie.

"Dis genoeg, hou op," sê hy.

Leendert lê, begin dan aan homself trek. Dit klink soos nat wasgoed.

Leendert kom met sy rug holgetrek.

"Wil jy daaraan vat?"

Hy wil eers nie.

Die kom lê warm op Leendert se maag. Dit ruik na Jik. Hy gril, smeer dit êrens af.

Hy weet nie hoekom hy dit gedoen het nie. Hy weet nie wat hy moet sê nie.

Leendert praat, vertel van kondome, van Rough Riders, van blow jobs en holnaai.

Hy wil nie meer hoor nie. Hy druk sy ore toe.

Uiteindelik is Leendert stil. Hy lê met sy rug na Jaco toe en snork.

Jaco lê lank wakker. Hy is dors en staan op. Hy drink water by die kraan.

Hy gaan staan in die geel lig van die straatlamp, besluit hy gaan huis toe.

Hy gaan sit op die poskantoor se stoep. Die vloer is nat. Hy kyk na die sterre. Orion se swaard hang onderstebo. Hy voel aan homself. Dit is seer. Hy draf huis toe. Sy ding skud. Hy hou dit vas.

Sy pa het die hek oopgelos toe hulle hom kom haal het vir sy nagskof. Die hond sien hom, spring teen hom op, lek aan sy hakskeene. Hy loop om die huis en klop aan sy ma se venster. Eers hoor sy hom nie, maar uiteindelik hoor hy haar sê sy sal kom oopmaak.

"Wat makeer, Jaco?"

"Ek voel nie lekker nie."

Sy ma sit haar hand op sy voorkop.

"Jy het koors," sê sy. "Kom ek gee vir jou Panado."

Hy staan in die stort, draai die krane oop. Hy gebruik sy pa se seep, was die holtes onder sy arms en tussen sy bene. Hy stoom as hy uitklim. Hy droog af, spuit sy pa se Shield for Men onder sy arms, trek sy pajamabroek aan.

Sy ma staan in die gang.

"Kan ek in julle bed slaap?" vra hy.

"Jy kan as jy wil."

Hy klim by sy pa se kant van die bed in. Hy ruik sy pa en raak aan die slaap.

Hy is vroeg wakker. Sy ma slaap nog. Hy staan op en loop stoep toe. Hy kyk na die poskantoorkas. Dit ruik vir hom soos bier. Miskien moet hy vir Maria vra om die ding te loop weggooi, sommer daar op die ashoop by die lokasie. Sy kan dit sommer more vat. Hy sal haar help om dit op die kruiwa te laai. Sy kan die kruiwa Dinsdag terugbring.

Hy is nie meer lus vir die pophuisding nie. Miskien is sy pa reg. Hy sal homself met ander dinge moet besighou.

Hy sien Elsa in die deur staan. Sy kou aan die punt van haar kombes en kom staan teen hom. Sy ruik na pie.

"Pophuis bleek," sê sy.

"Jou pophuis is gebreek. 'n Leë dop, 'n karkas."

"Nie kakkas nie," sê sy.

Hy neem haar kombuis toe en sit haar op 'n stoel. Hy sit twee bakkies neer en haal die Rice Crispies uit.

Hulle eet. Snap, crackle en pop.

Hy vra of sy nog 'n pophuis wil hê. Ja, sy wil. Hy belowe haar hy sal dit maak en sy moet hom help.

Hy gaan haal die Croxley uit sy tas, skeur 'n bladsy uit vir haar om te teken hoe dit moet lyk. Hy skryf goed neer.

Elsa se pophuis

Benodigdhede:

Hy hoop hy het dit reg gespeel.

1. Gom
2. Lap (Ma se boks)
3. Mooi papier vir die mure
4. Iets vir die vloere (Kyk in die garage vir boks Marley wat oor was)

5. Meubels (Kyk wat jy kan regmaak van die goed wat Pa gebreek het.)
6. Meubels (Maak self of koop by Lila)
7. Geld: R5 in die blikkie oor. Spaar.
8. Vra Ma of jy jou bed stoep toe kan dra.
9. Vra Lila om te help.

Minty se winkel is oop op Sondag. Hy moet om die karre loop en mense side step wat uit die winkel kom.

Binne is daar 'n mengelmoes van mense. Hier tel kleur nie. Wit en swart staan en koop dieselfde goed: meel, suiker en koffie; melk, kaas en Frozen Peas uit dieselfde fridge; groente en vrugte by "Green Grocer". Hulle staan langs mekaar en kyk na klere en onderbroeke.

Lila is by "Haberdashery". Sy help 'n vrou met knope en lint. Sy rol 'n stuk lint van die tol af en meet dit, vat 'n skêr en sny. Sy rol die lint om haar vingers in 'n bolletjie en sit dit in 'n papiersak. Sy skryf op 'n stukkie papier en gee dit vir die vrou.

Hy hoor musiek. Indiese musiek.

O, Lila, jy maak musiek.

Sy sien hom.

"Het jy vir my kom kuier?" vra sy.

Haar oë is bruin.

"Ek het eintlik kom kyk of ..."

"Kom ek wys jou ons nuwe lap. Pappa het dit van Indië af laat kom."

Musiek.

Haar hare is swart. Dit blink soos op 'n spreek se vlerk.

Sy laat hom aan die lap voel. Indiese sy, brokaat, georgette en khadi. Die lap wat van Jaipur af kom.

O, blink spreek, kan ek aan jou raak?

"Kyk net hoe mooi is die geweefde blomme op die turkoois."

Lieflike blomme op turkoois!

"My gunsteling is hierdie een. Kyk die lotusse. En die kleur is goue oker."

Die wierook hang om hulle.

O, maak my toe met oker!

Sy gooi die lap oor die tafel. Haar hande en vingers gryp aan die lap.

Laat die lappe rol, Lila!

Haar naels is rooi.

Haar mond is rooi.

Haar mond maak woorde, maar hy hoor nie.

"... die pophuis?" vang hy die stert van haar vraag.

"Ek wil pophuisgoed hê."

Sy praat en hy probeer hard om te luister.

"Eet jy roti?"

"Wat is dit?"

"Jy ken nie Indiese kos nie? Roti, samoesa, chapathi en biryani."

"Nee," sê hy.

"Dan moet jy by ons kom eet. My ma en ouma maak die lekkerste kos."

"Ek weet nie of ek mag nie."

"Ek nooi jou uit om by ons te kom eet."

Hy hou aan die tafel vas, hy voel asof hy wil omval.

"Ek sal kom, as jy my help met goed vir die pophuis."

"Deal," sê sy.

"Deal," sê hy.

"Wanneer ek weer huis toe kom, dan eet jy by ons," roep sy agterna terwyl hy deur toe stap. Hy kyk terug, sy staan met die turkoois lap in haar arms. Haar hare blink.

Die Saterdag ná Lila, hoor hy Maria sê: "Die kleinbaas wil sy se eie plek hê om te slaap."

"Jaco wil sy bed hiernatoe bring," sê sy.

Hy loop stoep toe.

"Wil jy nou regtig hier slaap, Jaco?" vra sy ma.

"Dit sal lekker wees, Ma."

"En die kas? En die pophuisgoed?"

"Ek wil graag die pophuis klaar maak, vir Elsa."

"Nou toe, Maria, dan moet ons hier skoonmaak vandag. Die vloere, die siwwe. Jaco, gaan haal vir my die boks lappe in die gangkas. Ek wil iets maak wat ons voor die vensters kan hang."

Sy haal die almanak met die koorknapie af.

"Ai, die tyd." Sy wys met haar vinger op die almanak. "Hier is jy gebore en hier staan jy voor my. Wil jou eie kamer hê. Klaar groot."

Maria kyk na die siwwe op die stoep.

"Kyk die roet," sê sy. "Ek het laasmaand skoongemaak en kyk hoe lyk dit al weer."

Sy laat staan die leer voor die venster wat straat toe kyk en klim op. Sy staan op die derde trap van die leer sodat sy bo kan bykom.

"Kleinbaas moet buite gaan nou," sê sy. "Basie wil nie stof by die longe kry nie."

"Dis reg, Maria. Ek hou my sakdoek oor my neus."

Sy haal die borsel uit haar overall se sak en begin borsel. Sy trek lang hale van bo na onder. Haar boude en borste skud. Die ogiesdraad aan die buitekant stamp teen die siwwe. Die stoep word donker van die stof.

Die leer word nader getrek vir die volgende venster. Sy borsel met vinnige hale. Boude en borste skud weer. Mens kan sien hoe die roet uit die gaatjies kom, want die lig van buite word skerper. Binne hang 'n wolk. Sy hoes terwyl sy die leer aanskuif. Nog stof. Nog strepe lig.

Hy word benoud.

"Hou die sitkamer se deur toe," sê sy. "Ons wil nie stof by die huis hê nie."

Hy gaan buitentoe.

Sy kom uit en sê: "Nou ek was die buitekant."

Sy loop om die huis en kom terug met 'n emmer. Die hond volg haar. Sy trek die hose pipe nader. Die water loop uit oor die lawn. Sy tel die emmer op en laat dit op die leer staan. Sy druk die borsel in die seepwater en begin skrop.

Dit is 'n taai storie. Die borsel maak spatmerke teen die muur. Wanneer sy klaar geskrop het, klim sy af van die leer en spuit die merke af. Die voorkant van haar overall word nat. Haar tiete wys.

As sy klaar is, gooi sy die hose pipe eenkant toe. Die hond skrik vir die water en gaan lê by die hek.

Die leer na die volgende venster toe. Borsel in die emmer. Seep op die siwwe. Spatsels teen die muur. Hose pipe. Water.

"Sal Kleinbasie gaan toedraai?" vra sy na 'n ruk en gooi die vuil water uit tussen die kappertjies.

Sy kom deur die huis met warm water en seep van die kombuis.

"Is jy klaar?" vra sy ma daar waar sy by die eetkamertafel agter die Hitachi sit. Sy stoot die lap deur die masjien.

"Net gou binne was," sê Maria.

Sy sit die emmer neer en druk die lap in die seepwater. Sy droog die lap uit en vee die siwwe af. Sy spoel die lap 'n paar keer uit in die emmer voor sy die vensterbanke afvee.

Sy staan uiteindelik met haar arms in haar sye. Sy stink.

"Nou kan mies die gordyne maar bring. Die siwwe hy is skoon."

"Dankie, Maria. Ek kom."

Jaco dra sy bed en matras in. Sy ma vra Maria om skoon beddegoed in die linnekas te loop haal. Maria trek die bed skoon oor. Sy ma gooi 'n blou bedsprei oor die bed. Hulle kry 'n ou tafeltjie in die garage vir langs sy bed. Sy ma sny 'n kleedjie vir bo-oor en Maria bring 'n paar Huisgenote. Sy Bybel en gesangeboek ook op die tafeltjie. Hy gaan haal sy skooltas en skuif dit langs sy bed in. Hy stoot die boks met sy goed onder die bed in. Hy plak die komeetprent op die muur, net onder die spyker waar sy ma die koorknapie afgehaal het.

"En wat van die Kleinbaas se klere? Hier is mos nie 'n cupboard nie!"

Sy begin lag.

"Nee, hier is nie 'n klerekas nie. Dit sal hy nog met sy broer moet deel!"

Henk kom kyk wat hulle doen.

"Hoekom kan ek nie hier slaap nie? Hoekom kry hy alles en ek niks?"

Hy wil sê ag fokof net en gaan trek jou draad, maar hy sê: "Jy het nou 'n hele kamer vir jouself. Dink net, jy hoef nie meer in my bakkies vas te kyk nie."

Jaco is by die vyfde hokkie van sy ma se poskantoorkas. Hy sal die naweek nie aan die pophuis kan werk nie. Sy pa is by die huis.

MEI

Dit is weer pay day. Die hele Buffelstraat ruik na braaivleis en rook. Sy pa staan oor die kole en draai die rooster met steaks en tjops om. Tsss, tsss maak die vleis as sy pa hulle omdraai. Vuuryster in die een hand en bier in die ander wals hy om die vuur.

"Die vleis is reg. Kom kry vir julle."

Hulle eet. Pap en sous. Steaks en tjops. Dit is hoe manne dit doen. Geen slaai nie.

"Ons is mos nie 'n klomp hase nie, of wat sê ek, Jaco?"

Sy pa skyn in die lig.

"Jy is reg, Hannes, die Voortrekkers moes onder hulle geskiet het soos die Amerikaners met die Indiane gedoen het," sê Tom terwyl hy 'n tjoppie met daai vingers vashou.

"Nes jy daar sê, Vorster moet die belhamels vasvat, skiet as dit moet," sê Billy.

Net die bene van die vleis bly agter op sy bord.

"Jaco, Henk, kom vat kombuis toe." Hy wys na die borde. Hy vat 'n stuk been en gooi dit vir die hond.

"Wat van 'n potjie darts, Menere?" vra sy pa.

"Net nie weer die gekroekery soos laas nie," sê Tom terwyl hy opstaan, die bord neersit en aan sy ballas krap. Jaco kan sweer daar is nou vetkollie op sy broek waar hy gevat het.

Sy pa is lief vir darts. Hy onthou toe sy pa vir hom en Henk, toe hulle nog klein was, in die kar voor die hotel vergeet het vir 'n potjie darts. Toe gaan vra hulle vir die vrou by ontvangs waar hulle pa so lank bly. Sy het toe haar lang rooi vingernael in die telefoon se dial gedruk en gebel.

"Kokkie, is Hannes daar by julle?" het sy gevra. "Sê vir hom sy seuntjies is hier by my."

"Jou kinders soek jou, Hans. Het jy van hulle vergeet? Siestog."

"My arme bloedjies! Angie, bestel vir ons twee Cream-soda floats, die grootste wat julle het. Asseblief my girl. Sê hulle moet dit swembad toe bring, sal jy?"

Hulle het onder 'n geel sambreel gaan sit en nie lank nie toe bring die waiter vir hulle floats.

Toe sê sy pa en hy kon hoor sy pa se s'e sleep: "Moet asseblief nie vir Ma sê waar ek was nie, hoor julle?"

Sy pa se s'e sleep weer vanaand. "Niks se gekroekery nie. Is julle ouens in?"

Lekker 'op 'n stasie'.

'n Braaivleisaand saam met Tom, Billy en Piet Poliesman moet altyd eindig met 'n potjie darts. *Three-O-One*.

Hy weet nie hoekom Balkrapper dink sy pa kroek nie. Dis gewoonlik hý wat die punte verkeerd optel sonder dat die ander dit agterkom.

"Agtien," sê Piet en Balkrapper tel agt en twintig by die totaal. Sy pa-hulle kom dit nie agter nie. Hy knipoog na Piet se kant toe as hy klaar die som met die stukkie chalk op die swartbord langs die dart bord gedoen het.

Sy pa-hulle gooi nog twintigs, dan is Balkrapper-hulle al by die dubbels. Die span wat eerste 301 punte op die bord kry, wen. En die laaste speler moet eindig met 'n dubbel.

"Fok!" skree Tom as hy vir die hoeveelste keer die dubbel 3 mis.

Nou is dit sy pa se beurt.

"Het jou," skree hy as sy derde pyltjie 'n twintig tref.

Nou Piet.

"Wadefok," skree hy as die pyltjie uit die bord gly en op die vloer val.

"Gooi daar vir ons 'n dubbel 18, Bill, dan maak ons die game klaar," sê sy pa. Hulle kort net 36 punte.

Met sy tweede gooi skree Piet: "Bars!"

"Volgende keer, Bill," troos sy pa.

"Ag p-poephol," draai Balkrapper daai p-woord nekom net toe sy ma in die deur staan met daardie "wanneer-maak-julle-klaar"-kyk.

Hy moet onthou om vir sy ma 'n geskenk te koop. Sy verjaar een van die dae.

"Moenie worrie nie, Liefie, ek wen gou vir ons die game," sê sy pa.

Sy vat 'n paar leë glase van die tafel af. Wanneer sy by hom verbyloop, gee hy haar 'n klap op die boud.

"Ek is nie jou meid nie, gehoor." Sy kyk vir hom met daai oë en plak die glase terug op die tafel. Die kombuisdeur slaan toe.

"Trouble in paradise, Hannes?" vra Balkrapper.

"Who is afraid of Virginia Woolf?" guy sy pa.

"Dit is eerder Andy Capp en Flo hierdie," sê Jaco vir die hond wat nog aan 'n been kou.

Hy staan op en loop om die hoek van die huis, verby sy ma se kamervenster.

Sy maak die gordyne toe. Hy hoor Gert Hoes, voel die klam gras onder sy voete en loop by die hek uit. Onder, af in die straat, hoor hy Barbara Ray se stem: *I don't wanna play house*. Piet se hond blaf. Boontoe, by Lila-hulle se huis, staan karre voor die hek.

Hy wil haar nog vra hoekom daar altyd karre laat in die nag voor hulle huis staan.

"Hulle hou vergaderings," het Leendert een keer gesê.

"Watse vergaderings?"

"Vergaderings. Hulle praat oor die land en die kaffers en oor die Eerste Minister."

Die nag lyk vir hom pers. Hy sien die motte fladder in die geel lig van die straatlamp. Hy kyk daarna en wonder hoekom hulle dit doen. Hy hoor vlermuise piep.

Hy staan in die pad wat lokasie toe loop. Die grondpad loop so vyftig treë reguit voordat dit na regs draai. Hy luister of hy nie die lokasiemense kan hoor nie. Hy hoor net Balkrapper en Piet Poliesman wat skree.

Hy besluit om verder te loop totdat hy nie meer die stemme by die huis kan hoor nie. Hy kyk af na sy voete. Dit lyk soos in die movies. Jy sien net die voete loop.

Die Suiderkruis hang laag aan die onderend van die pad, wys hom waarheen. Hy hoor nie meer die stemme van die huis af nie. 'n Dieseltrein dreun in die verte, gee 'n fluit waar dit agter Minty se winkel verbyloop. Hy hoor die krieke stil word terwyl sy voete verder en verder loop. Later hoor hy net sy voete op die pad.

Hy loop tot by die draai en gaan lê in die pad. Hy trek die lug diep in sy longe, voel sy hart klop. Hy trek die spiere in sy arms en bolyf saam; verbeel hom hy is kaal. Hy voel die warmte van Lila hier langs hom. Hy soek haar hand. Bokant hulle koppe, in die nag se sterre, sien hy 'n spoetnik, oos, aangedryf kom, asof Mkulumazonke dit van Leeuberg af soos 'n diskus in die ruimte in geslinger het.

Hy weet nie waarom hy skielik aan daai fliëk dink nie. "*My mind is going. I can feel it, Dave. I can feel it. My mind is going, Dave. I can feel it,*" herhaal hy Hal, die superrekenaar van Space Odyssey, se laaste woorde.

Hy skrik wanneer hy die ligte sien. Hy spring op, kruip weg in die lang gras langs die pad. Die ligte gooi 'n baan in die pad. Eers toe die bakkie by hom is, herken hy die

stemme in Piet Polisieman se vangwa. Dis sy pa, Billy en Tom. Die vangwa se agterligte lyk soos die duiwel se oë.

Hy hardloop huis toe, sorg dat hy vining in die bed kom. Hy wonder of hulle hom gesien het, wat hulle die tyd van die nag daar maak en of sy ma weet.

Hy hoor sy pa se stem wanneer hulle terugkom. Hy groet hulle by die hek.

Sy pa kom in. Hy hoor die glas, die water uit die kraan. Hy hoor sy pa in die gang.

"Waar was jy?" vra sy ma. Sy pa druk die deur toe. Hy hoor hulle praat, maar hy kan nie hoor wat hulle sê nie.

Hy droom sy pa sit aan die anderkant van die draad. Daar is iemand saam met hom. Hulle tel broodstukkies op wat 'n swart vrou vir hulle gooi.

Vandat sy pa besluit het hy hou nie van dominee Handjies nie, gaan Jaco alleen kerk toe. Sy pa sê dominee Dreyer van die Hervormde Kerk preek nie oor kaffers nie.

Hy kry vir Christo ná kerk vir Sondagskool. Leendert stamp vir Christo uit die pad om op die stoel langs Angelique te gaan sit. Hy wil seker na haar bene kyk, want haar rok is vandag baie kort.

"Wat het sy gedink?" vra Christo.

Leendert soek vir moeilikheid.

Dominee Handjies kom in en groet.

"Gaan Dominee van nou af vir ons Sondagskool gee?" vra Angelique.

"Dit is inderdaad so," sê hy en spring dadelik weg met 'n vraag oor vanoggend se preek.

"Wat doen ons om te wys ons is dankbaar vir God se liefde?"

"Ons moet ons naaste lief hê," sê Theo.

"En wie is ons naaste?"

Jaco onthou hy het al daardie vraag gehoor. Dominee Handjies is hierdie kwartaal duidelik besig met 'n naaste-tema.

"Angelique is my naaste," sê Leendert en laat sy hand op haar been rus. "My naaste is nie 'n meid onder die boom nie, Dominee."

Ou Handjies vryf oor sy kuif. Sy nek word rooi. Dit is die eerste keer dat Jaco sien 'n mens kan kwaad word in die nek.

Dit word stil in die konsistorie. Jaco sien die stofspikkels in die sonstreep wat deur die venster op die mat val. Dominee laat sak sy kop. Hy byt sy lip. Hy kyk na 'n ruk op. Sy voorkop lyk groter en deurskynend. Sy oë potblou.

Jaco voel lus en spring op en bliksem vir Leendert. "My naaste, Dominee, is al my vriende by die skool, my ma en my pa, my broer en my suster." Hy wil ook sê "die bediende in ons huis" maar hy doen dit nie.

"En jy moet jou naaste liefhê," sê Leendert terwyl hy vir Angelique grinnik.

Hy weet nie hoekom Leendert so is met die predikant nie. Hy doen maar net sy werk. Hy wil hulle tog net iets "ordentliks" leer.

Hy is nie lus vir Leendert nie. Hy sal hoor of die Hervormde dominee ook Sondagskool gee. Hy sal maar ook soos sy pa elke maand Boeresaal toe moet gaan.

Hy moet lokasie toe. Hy moet gaan uitvind wat in die lokasie gebeur het nadat sy pa-hulle by hom verbygery het. Hy loer eers by sy pa-hulle in. Saggies, want dit is hulle Sondagmiddagslapie. Sy ma lê langs sy pa met haar arm op sy maag, net bokant sy onderbroek. Haar trouing gaan op en af soos sy pa asemhaal. Sy arm is onder sy ma se kop in. Op haar wang sit 'n krul.

Hy loop verby die draai in die pad en gaan staan op die bruggie oor die spruit. Moet hy dit nie liever los nie? Maar sy voete wil nie omdraai nie. Hy stap oor die brug, verby die asgate, sien dan die lokasie.

Is dit hoe dit lyk? Sy pa se "verbode plek", Maria se "elokashini".

Hy vra die mense waar hy Maria kan kry. Hulle ken nie so iemand nie.

"Miriam," probeer hy weer.

'n Vrou vat hom na 'n sinkhuis met 'n blou deur. Sy klop. 'n Baie ou vrou maak oop. Wys dan na 'n stroois 'n ent weg, half eenkant.

Hy klop. Sy is nie daar nie.

Hy kry die groepie wat kerk hou hoër op teen die spruit. Daar is 'n man wat mense doop. Hulle het almal wit rokke aan. Hy sien haar waar sy halflyf in die water staan, mense help om uit die water te kom.

Sy sien hom.

Die lap van haar rok flap teen haar enkels. Dit drup soos sy loop.

"Kleinbaas, wat maak jy hier? Jy mag nie hier kom nie."

"Ek het vir jou gekom. Pa weet nie."

Sy stoot die stroois se deur toe sodat sy kan droog aantrek. Sy kom uit en hang die nat klere oor 'n draad.

"Jou pappie hy gaan jou slaan. Jy moenie weer kom hier nie," sê sy.

Sy wys hy moet inkom.

Haar stroois is koel. Die vloer is klei en die mure is toegeplak met koerantpapier. Dit is groter as wat hy gedink het. En netjies. Daar is 'n bed met 'n blom-deken. Dit staan op bakstene. Daar is 'n klerekas, 'n stuk spieël teen die muur, 'n tafel, twee stoele, 'n primusstografie in die hoek, 'n krat met potte en breekgoed.

"My kleinbaas honger?"

"Ek is altyd honger, Maria. Maar jy hoef nie..."

Sy steek die primus aan, gooi water uit in 'n pot.

Hy sien die stukkies marog en die paar aartappeltjies. Sy haal 'n ui uit. Hy wonder of daar vleis gaan wees.

"Ek kan sien jy soek 'n stukkie vleis," sê sy.

"Toemaar, dit maak nie saak nie, Maria."

Sy gooi 'n bietjie tiemie in die pot. Sy maak 'n blikkie bone oop.

"Ek het bone. Dit sal die pot 'n bietjie lyf gee. Spesiaal vir jou."

Daar is 'n draad waaraan Maria se klere hang. Buite lê haar kopdoeke op 'n doringbos om droog te word.

Wanneer die bredie klaar is, skeep sy dit op. Sy bid voor hulle eet.

Dit is vir hom mooi. Hy herken die woorde in haar gebed: "Inkhosi yami," "Umkhulu," "ukudla."

Is dit dieselfde Maria wat vir hulle by die huis werk? Die een wat hulle vloere skrop en kakstrepe van die toilet was? Die een wat afkyk as sy ma orders gee: "Hier is vanaand se vleis. Onthou om die boonjies te kerf. Hier is pampoen. Jy weet om beet te kook. Maak vir ons slaai."

"Dit maak nie saak van die vleis nie, Maria."

Sy lag en vee haar mond af voor sy praat. "Ek is bly jy hou van my kos."

Hier sit hy nou en eet uit haar bord. Hy gril nie om uit haar bord te eet nie. Hy dink aan die blikborde onder die sink. Hy sit die mes en vurk langs mekaar in sy bord.

"Ek proe jou hand in die kos. Dit was lekker, Maria."

"Dis 'n plesier," sê sy.

"Weet jy wat Piet Poliesman laasnag hier gemaak het?" vra hy.

Sy staan op. Sy vat die borde en sit dit in 'n skottel.

"Jy moet nie kom hier. Die mense is bang."

Hy staan op en vra: "Hoekom is die mense bang, Maria?"

Sy draai om, vee haar hande af aan haar rok en sê: "Jy moet my help. Ons moet ons goed pak. Ek soek ibokisi."

"Ek sal, Maria."

Sy sê hy moet gaan.

Hy groet.

Hy loop huis toe. Hy wonder wat sy pa sal sê as hy moet hoor hy het vandag by 'n meid geëet.

By die huis loop skop hy die rugbybal teen die garagemuur. Dit bons terug in sy hande en hy skop dit weer so hard hy kan.

"Wat dink jy doen jy, Jaco?" skree sy pa deur die kamervenster. "Kan 'n man nie 'n bietjie laat slaap op 'n Sondag nie?"

In sy Croxley skryf hy: BOKSE.

JUNIE

Henk en Leendert skop Manuel se hopies gras uitmekaar. Manuel staan met die hark wat rus teen sy bors. Hy kyk vir Jaco. 'n Kluit tref 'n laken op die draad.

"Awu, nee Buthi. Nou ek moet hom weer gaan was," raas Maria.

"Ag fokof, Meid," vloek Henk. 'n Klont spat teen die muur. Die hond wip uit sy droom.

Leendert storm op Manuel af. Hy tackle hom dat die hark eenkant toe spat.

"Kom staan teen die boom," sê Henk vir Manuel.

Manuel bly lê. Leendert ruk hom van die grond af op.

"Miskien wil jy met die baas baklei?"

"Nee Baas, ek wil nie. Los my net lat ek klaarmaak by die tuin."

"Wil jy nie met die baas speel nie?" dreig Henk.

Leendert stamp Manuel teen die bors.

"Bring hom, dan leer ons hom 'n les."

"Los vir Manuel. Hy het julle niks gedoen nie," sê Jaco.

"Wie het jou knoppie gedruk?" vra Henk.

Hulle druk Manuel teen die boom, trek sy arms agtertoe en bind sy hande vas met sy pa se geel nylontou, dieselfde een waarmee sy pa die trekkertube op die kar vasmaak.

Die son is in Manuel se oë. Die sweet rol teen sy gesig af en laat strepe op sy vel. Hy probeer op sy hurke gaan sit, maar hulle het sy arms te styf vas gemaak.

"Maak Manuel los!"

"Gaan speel jy liever by daai slamaai!"

Henk gaan staan reg voor Manuel en kyk op in sy oë.

Hulle ruik na sweet en ou gras.

"Jy geniet mos die staan teen die boom, nè my ou? Toe, kom, sê vir die Kleinbaas."

Manuel sê iets.

"Kom weer, ek kan nie hoor nie. Geniet jy dit, huh?"

Manuel se lippe bewe.

Hulle trek sy broek af.

"Maak vir Manuel los!" Jaco ruk aan die tou. Manuel se hande is geswel.

"Kyk so 'n kafferpiel," spot sy broer.

Manuel se kop hang. Sy broer lag.

"Jou lekker naaimasjien!" koggel Leendert.

Jaco hardloop om die skêr te gaan haal.

"Houtkop!" skree Henk.

Wanneer hy terugkom, is hulle weg. Daar is spoeg op Manuel se gesig.

Hy hoor die bliksems soos hulle in die straat af hardloop en skree.

Hy sny die tou los.

Manuel gryp na sy tros, hou dit toe.

"Waar is jou broek?" vra Jaco.

Hy wys na die dak.

Voordat Manuel gaan, maak hy vir hom tee.

"Ngiyabonga," sê hy en drink. Hy gee die beker met twee hande terug. Manuel groet.

"Sala kahle," sê hy.

"Hamba kahle," wil Jaco antwoord, maar Manuel is reeds by die hek.

Ou Praatpop roep al weer die hele dag vir iemand om te kom speel. Haar gesig is rooi. Sy krap haar arms.

"Nee, o siesa," raas hy met haar.

Sy gaan staan by die kraan en druk haar vingers in haar mond.

Van hy kan onthou, is die kind buite. Brand erg so in die son. Die oë kyk die hele tyd vir mens. Haar stem klink soos Elsa se praatpop wat sy laasjaar by TSB se kersboom gekry het. Hy sien die toutjie wat jy agter uit haar rug trek sodat sy kan praat: "Kom speel met my. Kom speel met my..."

Partykeer wens hy hy kan haar toutjie vir haar afsny. Enigiemand wat by die kombuisdeur uitgaan, hoor die stemmetjie: "Kom speel met my."

"Kom speel met my tot ek kom," hoor hy sy broer koggel.

"Jy is 'n vark. Jy is nes Leendert."

"Ag, hoor wie praat? Jy speel mos graag pop!"

"Gaan speel met Leendert. Gaan slaan 'n tent op in sy jaart."

Hy hoor sy pa en ma in die kombuis. Sy ma kyk deur die venster en hy vra: "Is daar nie medisyne wat haar gesond kan maak nie, Ma?"

"Blykbaar is die vrou nie so lekker nie. Ly aan depressie," sê sy ma.

"Niks fout met Steyn nie," sê sy pa. "Daai rigger by ons is die beste wat ons het. Hy is 'n gawe kêrel, kuier gereeld saam met ons na werk."

"Hoe oud is die kind? Moet sy nie al in die skool wees nie? Moet tog weer vir Martie by die wellfare bel," sê sy ma.

Sy ma ken wraggies almal op die dorp. Dis oor sy by die sentrale werk. En sy ken almal se stories en sy hoor ook alles eerste. Goeie nuus en slegte nuus. Hy onthou die storie met Susan en Anton. 'n Tragedie, het sy ma vertel.

"Anton Barnard is dood."

"Wat vertel jy my?" Ou Rökkies was bleek in die gesig.

"Hy het verongeluk op die pad na Witrivier."

"Nee! Hoe tragies! Nooit!"

"Die arme twee kindertjies."

Daarna het hy sy ma gereeld oor die tragedie gerapporteer. Dit was soos om te luister na 'n storie op Springbok Radio.

"Sy moet nou seker skatryk wees na die polis uitbetaal het," het Rökkies haar oë gerol.

"Ek hoor sy ry 'n splinternuwe BMW."

"Bly in 'n mansion in Witrivier."

"Het jy haar nuwe kêrel gesien?"

"'n Ryk Portugees wat vir haar 'n haarsalon in Nelspruit wil gee."

"Susan se ma kyk nou na die kindertjies."

Hy kry Manuel agter in die jaart.

"Ek het vir jou iets gebring," sê Manuel. "Vir laas Saterdag se loskry van die boom."

Hy het die advokadopeerboompie self van pit af "gekweek", verduidelik hy.

"Jy druk vier vuurhoutjies in die pit en laat dit in 'n beker water hang. As die pit stingel maak en wortels wys, plant jy hom by 'n leë koffieblik tot hy groot genoeg is om by die grond te plant."

Sy hande werk sag met grond. Hy trek die hosepipe nader en gee die plant water.

Hulle sny gras. Hulle kap die rante af. Hulle spit die beddings tussen agapanthusse, daglelies en kappertjies, trek bossies uit. Hulle snoei die hibiscus en trek ou blare van die frangipani's af.

Manuel draai die kraan oop, loop na die punt van die hosepipe.

"Kom," sê hy. "Kom was jou hande." Hy gaan sit op sy hurke en hou die pyp sodat hy sy hande kan was.

"Hou, dan was ek sommer jou voete ook."

Hy staan op een beentjie en probeer stil staan dat Manuel sy voete kan was.

"Staan stil," sê Manuel.

"Ek kan nie, jy kielie!"

Maria roep vir Manuel. Sy het vir hulle iets gemaak om te eet.

"Kan ek saam eet?" vra hy.

Hulle gaan sit in die koelte van die garage. Sy sit die blikborde en die skotteltjie marog neer. Daar is 'n glasbord spesiaal vir hom. Sy deel die marog.

"Ek het geweet Kleinbaas wil ook eet. Kry," nooi sy.

Hy vat 'n blikbord. Manuel kyk vir Maria, maar sy sê niks nie.

Hulle eet.

Teen vieruur groet Manuel.

"Die tuin hy is mooi," sê Maria voor hy loop.

Teen vyfuur is Maria klaar.

Voor sy loop, sê sy: "Onthou van die bokhisi, asseblief my kleinbaas."

"Ek sal by die Griek loop vra," belowe hy.

Piet Poliesman se hond gaan mal.

"Het daai hond vandag losgekom en iemand gebyt?" vra sy ma.

Hulle loop uit om te gaan kyk wat aangaan. Die Nelle se voordeur klap ook. Louise Rökkies gaan staan by die hek.

Onder in die straat kom Audrey Hepburn aan. Sy huil kliphard. Hulle sien sy swik en val vooroor op die grond. Sy ma hardloop na haar toe.

Rita staan op. Haar hande is nerf-af. Haar neus bloei. Daar is bloed op haar rok.

"Wat is fout, Rita?" vra sy ma geskok.

"Wat het gebeur?" vra Louise. "O gotta, kyk hoe lyk jou neus!"

Nou huil sy eers. Sy sukkel om te praat.

"Koos het my, het my..."

"Geslaan?" wil sy ma weet.

Sy help haar tot by die huis. Sy laat haar by die kombuistafel sit. Sy gee vir haar 'n pil om te drink.

"Hou jou kop agteroor. Dit sal help vir die bloed. Ek bel dokter Radley," sê sy ma.

"Nee, asseblief nie, Lenie. Ek wil nie hê die hele dorp moet weet nie."

Sy ma kyk na Louise. Sy sien vir Jaco in die deur staan.

"Gaan kry die watte en Germolene in die gangkas, gou, Jaco."

"Koos Strauss is 'n vark. Julle ken hom nie." Blommetjiesrok klink dronk. Haar woorde kom stadig by haar mond uit.

"Was dit die eerste keer?" vra Louise.

"Hy is goed vir my."

"Het Koos jou al voorheen seergemaak, Rita?" vra sy ma dringend.

"Jaaaa," huil sy.

"My jirre!" roep sy ma uit.

"Vroueslaner!" sê Louise geskok.

"Hy is goed vir my. Ek het als wat 'n vrou se hart begeer."

"My bliksem, Rita. Geen vrou verdien dít nie."

"Wat moet ek doen? Ek kan hom nie los nie. Ek werk nie."

"Dit gee hom nie die reg om sy hande vir jou te lig nie," sê Louise.

"Ek het hom nodig. Ek het hom nodig..."

"En waarheen is jy op pad?" vra Henk hom die middag na die geneuk met Rita Blommetjiesrok. Jaco het net klaar gebad en skoon klere aangetrek.

"Niks met jou te doen nie."

"Niks-met-jou-te-doen-nie," koggel sy broer.

By die agterdeur trap hy amper op die hond waar hy op die trap lê. Hy gaan pluk 'n bossie kappertjies voor hy loop.

Lila wag vir hom. Hy kan haar sien by die hek van hulle huis aan die bokant van die straat.

Hy hou die bossie kappertjies vir haar. Sy vat dit by hom, druk dit teen haar gesig. Hy sien die oranje en geel teen haar wang.

Die huis ruik na wierook en kos.

Lila vat sy hand en lei hom deur die huis na buite waar haar gesin reeds wag by 'n lang, gedekte tafel in die koelte van 'n boom.

"Pappa en Mamma, Ouma en my broer, Hassan."

Sy trek vir hom 'n stoel uit langs haar.

Lila se pa bid. "Allah," sê hy en "Amen" sluit hy die gebed af.

Hulle was hande voor hulle eet. Die water ruik na suurlemoen en blomme.

Hy sien nie messe en vurke op die tafel nie.

"Welkom by ons," sê Lila se ma met 'n sagte stem. "Ons dogter vertel jy het nog nooit Indiese kos geëet nie." Sy staan op en wys met die hand, "Indiese lampstowe, hoender biryani, aartappel- en ertjiekerrie, pampoenbredie, pekelvis, asyneiers en wortelslaai."

Lila se pa volg met sy oë soos sy die kos opnoem.

Sy wys ook na die souse in die bakkies. Hy luister na die woorde wat sy met haar mond maak: Koljander, komyn en vinkelsaad. Mostert, kruisement en marjolyn. Borrie, rooipeper en okkerneut.

"Moenie van die dukkah vergeet nie," sê haar ouma.

"Ons eet die kos met die hand," voeg Lila by, "of skep die kos met die naan."

"Vir nagereg kry ons sago," sê Hassan opgewonde.

"Smaaklike ete," sê haar pa.

Die hond lig sy kop op van die vloer.

"Moenie te veel inskep nie, jy moet al jou kos op jou bord klaar eet." Lila kyk vir hom asof sy ernstig is, maar lag dan en skep haar bord vol kos.

Hy het nie geweet meisies kan so baie eet nie.

Sy mond proe goed wat hy nog nooit geproe het nie, sy neus kriel van speserye wat hy glad nie ken nie.

"Jaco, ek het nog 'n hand by die winkel nodig. Iemand wat ons kan help in die stoorkamer. Sal jy bereid wees om vir my te kom werk?"

Hy dink aan die geskenk wat hy vir sy ma wil koop. "Enige tyd. Oom."

"Wanneer kan jy begin? Maandag?"

"Ek is los op Maandae, Woensdae en party Saterdag."

"As jy ses ure per week vir my kan werk, sal dit goed wees. Ek betaal jou R10 per maand."

"Dis reg, Oom." Hy kyk na Lila en vra: "Hoeveel kos lap? Ek wil vir my ma 'n stuk lap koop vir haar verjaarsdag."

"Ek het 'n plan," sê sy. "Ek help Jaco 'n stuk lap kies en dan betaal hy dit af met die geld wat Pappie hom gee."

"Gawe plan, Lila," sê haar pa en vat nog 'n hap van sy biryani. "Dan sien ek jou Maandag?"

"Dis reg so, Oom."

Ná ete was hulle weer hande.

Sy vat sy hand en lei hom deur die huis, wys hom die prent van die stad Mekka in die voorkamer, haar pa se boeke en die Koran.

Hulle gaan sit op die stoep. Hulle kyk op in Stasiestraat. Die straat is 'n blink streep tot daar waar die son ondergaan. Die watertoring staan aan die bokant van die dorp. Lila wys hom die sekelmaan.

Sy ma se stuk lap lê toegedraai in mooi papier onder in die poskantoorkas. Hy sit op die trap by die agterdeur. Sy pa staan by die hek en praat met Piet Poliesman. Hy kan nie hoor wat hulle sê nie. Hulle lyk soos cowboys in *Son of a Gunfighter*.

"Would you like to tell me who you are?" vra Piet Sherrif.

"My name is Johnny."

"And it ends there?"

Sy pa kyk na die huis. *"Somewhere around there. So you need to fetch me, Sherrif?"*

Sy pa trek 'n grashalm uit 'n pol gras wat teen die hekpaal groei.

"Nice bud. That's not usual, don't you think?" vra Piet.

"Saves time. I know just where to put my hand."

"You have all the answers for a young one, don't you?"

"Young? A man is as old as the speed of his gun. You should know that, Sherrif. Am I gonna get that ride?"

"Go get your gear," wys Piet Sherrif met sy kop in die rigting van die huis. Hy klim terug in sy van en ry.

Sy pa kom teruggeloop. Hy soek iets in die garage. Manuel bêre die grassnyer. Sy pa kyk op.

"Weet jy waar daai geel nylon tou is?"

"Nie gesien nie, Baas."

Pa gaan staan agter Maria waar sy besig is om die kombuisvenster te was.

"Waar is my tou?" wil hy weet. Sy laat val die lap in die emmer met seepwater.

Sy kyk vir Jaco met 'n wat-nou-kleinbaas, die merk op haar gesig dieper as gewoonlik.

"Loop soek die tou, al twee van julle," beveel sy pa.

Jaco staan op van die trap. Sy pa staan en wag.

Sy kry dit nie. Pa ruk sy belt uit sy broek.

Hy slaan haar tot sy plat lê op die sement.

"Asseblief, my Grootbaas. Nkosi wami!"

Manuel druk sy mond toe asof hy bang is die waarheid glip uit.

Henk kom by die huis uit en vra: "Wat het hulle gedoen?"

"Klim in," sê sy pa vir hom en sy broer. "Ons gaan 'n entjie ry."

"So lyk die hel," sê sy pa terwyl hy die kar van die pad aftrek. Hy spring uit en loop reguit na die vuur. Hy lyk klein daar waar hy staan en wys. Die suikerriet knetter. Uit die vlamme skiet die rook op in die blou lug. Jaco voel die hitte op sy wange. Die riet se blare skilfer van die stronke af, word roetkrulle wat in die lug in opwaai. Vier mans hardloop wild om die vuur. "Kyk net hoe mal," skree sy pa.

Die grond bewe. Die lug ruik na roet en stroop.

Die mans skree in Zoeloe. Jaco verstaan wat hulle sê.

"Laat die vuur brand!"

"Hoe lieflik is die vuur!"

"Ons het die mag om die vuur te maak!"

"Brand, vuur, brand!"

Sy pa dink hulle skree iets anders. Dan sien hy die ding.

"Blerrie rot!" skree hy.

'n Moerse rot kom reguit op sy pa af. Hy hou sy arms laag op die grond asof hy die rot wil vang, maar dit hardloop 'n draai om hom. Hy storm soos 'n mal mens agter die rot aan. Die rot kom reguit na die kar toe, sy pa agterna. Sy pa sukkel om sy brieke te kry, hardloop homself teen die kar se deur vas. Sy gesig druk deur die oop venster. Sy vel stoom, sy oë is snaaks.

"Blerrie rot," hyg hy en skop onder die kar in.

"Kom uit, jou fokker!" Die rot hardloop onder die kar uit, oor die teer en verdwyn in die plantasie anderkant die pad.

"Son of a gun!" skree hy vir die rot.

Sy pa klim in. Hy sit sy hande op die stuurwiel. Dit bewe. Hy start die kar, maar die kar wil nie vat nie.

"Julle moet stoot," sê sy pa.

Hulle klim uit.

"Stoot julle?"

Hulle stoot, maar die kar wil nie move nie.

"Die handbriek. Is dit af?" wil Henk weet.

"Sorrie, die handbriek was op." Sy pa lag. "Nou kan julle stoot."

Die rietkappers kom help. Hulle druk teen die kar met hulle swart arms.

"Jis, maar hulle stink," skree Henk.

Hulle voete klap op die teer. Henk hou op met stoot, want die kar begin spoed optel.

Sy pa gooi die kar in tweede. Die kar gee 'n ruk en vat.

Sy pa hou die clutch in terwyl hy die kar rev. Hy skree vir hom en Henk om te kom.

Die rietkappers bly staan.

Jaco sien 'n kar van voor af kom. Dit swaai uit vir die mans in die pad, glip van die pad af op die gruis en swaai weer terug op die teer. Die mans kyk hulle agterna terwyl hulle verder en verder weg ry.

Die vlamme en rook sluk hulle in.

Jaco is die enigste een wat onthou sy ma verjaar. Hy gaan haal sy ma se persent en gee dit vir haar.

"Veels geluk met Ma se verjaarsdag."

"Hannes, kyk hierdie seun van jou!"

Sy maak die geskenk oop en sien die stuk lap. "Jaco, turkoois is so 'n mooi kleur.

Waar het jy dit gekry?"

"Gekoop by Minty's."

"Met geld wat jy waar kry?" vra sy pa.

"Geld van Kersfees en Ouma se sakgeld," jok hy.

Sy maak die kaartjie oop en lees:

Liewe Ma

Dit gaan partykeer 'n bietjie rof hier, maar ons waardeer alles wat Ma vir ons doen.

Geluk met jou verjaarsdag.

Liefde,

Van Jaco, Henk en Elsa.

Sy ma begin huil. Hy weet nie wat om te sê nie. Hy gaan sit op die bed langs haar. Sy pa loop uit.

"Dankie, my kind. Jy is so 'n gentleman."

Hy staan op net toe sy pa terugkom. Sy pa sit sy hand op sy skouer en sê: "Boeta, dit was nou regtig nice van jou."

Hy kyk vir sy ma en gee 'n poep.

"Hannes, jou vark," sê sy ma.

"Ag, ek is jammer, my liefie. Dit was net 'n verjaarsdagpoep. Volgende naweek ry ons Nelspruit toe dan vat ek julle almal vir 'n treat by die Wimpy. Billy en die manne kan wag met die visvang.

"Dit sal lekker wees, Hannes. Dankie."

Hy kan nie glo sy ma val so maklik vir sy pa se stories nie.

"Awu, hoe kom daai klere so vol modder? Het julle gekleilat?" wil sy weet. "Gee daai hemde dat ek dit kan was. En julle kan nie by die bad nie, julle sal vir Baas wakker maak."

Malelane se grond is rooi en dit kom nie maklik uit klere nie. Hy het al gesien hoe sukkel sy om vlekke uit te kry. Sy maak die bad handhoog vol warm water, rasper Sunlight seep daarin. Sy klits die water met haar hande totdat die seep oplos, die water slymerig word. Geen skuim nie. Dis haar manier, al sê sy ma sy moet dit in Omo week.

Sy sit op haar knieë voor die bad en vryf. Sy hou die hemde op teen die lig, vryf dan weer tot haar hande wit is.

"Kom ons gaan spruit toe," sê sy broer.

"Julle mag nie, daar's krokodelle by die water! Vat liever die hosepipe."

"Daar's krokodelle by die water," koggel Henk.

Hulle hoor haar nog mompel wanneer hulle weghardloop, vat die bospaadjie na die spruit.

Leendert se broek waai eerste. Hy is mos nie skaam nie.

Henk trek sy broek ook uit en los dit op die wal. Hy spring in.

"Lekker piele," skree Leendert.

"Skewe boude," skree Henk.

Dit word 'n speletjie.

"Skewe boude. Lekker piele," skree hulle.

Hy sien Leendert styf word. "Ag fok, Leendert," skree hy vir hom. "Is dit nodig?"

Henk dink dit is snaaks en lag kliphard.

Hulle klim uit en trek broeke aan.

Hy sien hulle 'n ent verder, stroom-af, voor die stroois wat hurk op die oorkantste wal. Hulle dans op die kaalgetrapte stuk grond tussen die bosse. Iemand het 'n draadloos

gekoppel aan 'n Eveready. 'n Vrou gooi haar arms in die lug en swaai haar heupe. Sy hou haar oë toe. Die musiek tiererie-tiererie-dam.

Leendert het nog steeds 'n knop in sy broek.

"Vir wat eye julle die verdomde kaffers?" vra Henk. "Kom ons loop."

Hulle loop terug soos hulle gekom het.

Langs die pad tel hy 'n gladde klip op. Hy steek dit in sy sak.

Terug in Buffelstraat ruik hy braaivleisvuur. Bo in die straat staan Billy Slangvanger se Fairlaine in die driveway. Onder in die straat hoor jy David Gresham. Juffrou Panty sit in die venster en sing *Why me?*

"Wys ons jou panty," skree Leendert wanneer hulle verbyloop. Gelukkig hoor sy nie, waai net terug.

Leendert en Henk dink dis vreeslik snaaks en hardloop huis toe.

Hy sien sy pa in die kombuis. Sy pa sal weet hulle was by die spruit as hy sy nat broek sien en hy maak of hy saam met Leendert-hulle in die agterjaart speel. Die werk se bakkie sal seker nou enige tyd kom om hom te haal. Hy gaan sit in die son teen die meidekamer se muur. Hy onthou van die klip in sy sak en haal dit uit. Die klip is glad en net groter as 'n eier. Net platter. Hy vryf oor die klip. Hy smeer spoeg op die klip en sien hoe die kleur uitkom. Hy laat lê die klip op sy maag. Dit gaan op en af soos hy asemhaal. Die kleur van sy vel word sagter met die son wat sak. Hy wil iets op papier sit om dit te beskryf, ook hoe hy voel, maar hy weet hy sal nie woorde hê om dit te kan sê nie. Hy laat die klip in sy broek gly, dáár waar hy voel dit is die naaste aan hom. Hy kyk oor die jaart en sien die roet. Dit land saggies op die lawn.

Die tent staan in die halfdonker daar waar sy broer-hulle dit opgeslaan het. Hy hoor hulle praat en gaan nader. Leendert praat sag.

"Is jy lus?" vra hy.

"'n Suigstokkie?" wil sy broer weet.

Die tentopening is los. Die flappe hang, beweeg effens. Hy hoor 'n gevroetel, voete op die grondseil. Iemand probeer regop staan. Die kop druk die tent skeef. Dit is Leendert. Dit klink of iemand broek aftrek.

Hy hoor 'n hond. Dit klink of die hond iets lek. Hy druk die flap 'n klein bietjie weg om te kan sien. In die lamplig sien hy vir Leendert, kaal. Die tentseil span oor sy kop, sy rug

krom. Leendert gryp sy broer se kop vas. Hy druk sy onderlyf vorentoe. Hy knyp sy boude. Henk se kop stamp teen Leendert.

"Fokken etterkop," skree Leendert.

Leendert se piel glip los. 'n Draad kom hang uit Henk se mond.

Jaco voel sy slape klop. Hy kan nie meer kyk nie. Hy los die tentflap. Hy hoor Leendert op die grond val. Lê seker nou heel tevrede op sy rug.

"Etteroog," hoor hy sy broer sê. "Wat dink jy is ek? Se fok, man."

"Is daar nog Simba tjips?" vra Leendert.

Hy wil die tent oopruk en Leendert se kop oopkap met die klip in sy hand. Hy wil na sy ma hardloop en haar vertel.

Hy loop agterdeur toe. Die hond skrik wanneer hy om die huis kom en blaf.

"Verdomde brak," skel hy voor hy die deur agter hom laat toeklap.

JULIE

"Kom, ek stick julle Sondag vir LM-prawns," sê sy pa aan tafel.

"Is dit weer 'n belofte wat jy nie gaan nakom nie?"

"Wat bedoel jy?"

"Jy sou ons almal Wimpy toe gevat het en toe het jy nie. Jou visvangpelle was toe mos belangriker."

"Sorry, my Liefie, maar hierdie keer is ek ernstig."

"Waar, wanneer wil jy ons vat?" vra sy ma.

"Sondag as ek klaar is met dagskof. Ek belowe. Net anderkant die grens, by Komatiepoort. Tom sê dit is die grootste treat. Net sulke groot prawns," wys hy.

"Sikke gloot plôns," herhaal Elsa.

"Gaan hulle saam?"

"Tom, Dorie en die kinders? Ja."

"Hannes, vir wat wil jy loop soek in Mosambiek? Ek wil nie hê die terroriste moet ons staan en doodmaak nie. Jou kinders is nog klein. Jy kan nie nou iets oorkom nie. Hoor jy vir my?"

"Toeliste, toeliste," bly Elsa sê.

Hy gaan lê op sy bed en maak sy Croxley oop. Sewende kamer. Julie.

Hy weet nie hoekom hy so alleen voel nie. Hy wens hulle kan by ouma Bessie gaan kuier. Dit is mos vakansie. Maar sy ma sê hulle kan nie. Hulle moet werk. Sy pa werk dagskof. Sy ma is elke dag by die sentrale.

Die Gunther Kalmann-plaat maak hom hartseer. Hy hoor sy ma die Duitse woorde sing waar sy in die sitkamer sit.

Hy haal die verseboek wat juffrou Becker vir hom geleen het, uit sy skooltas. Hy het haar die laaste dag van die kwartaal gaan vra of sy nie 'n boek het met mooi gedigte nie. Sy het hom toe gaan wys. Daar was bundels van Totius, Malherbe, Langenhoven, Eybers, Van Wyk Louw, Opperman en ander digters wat hy nie nou meer kan onthou nie. Toe gee sy vir hom hierdie een. Die Groot Verseboek met al die Afrikaanse digters. Sy het hom gevra hoekom hy dit wou hê en hy het gesê hy soek sommer net mooi woorde vir iets.

Hy blaai deur die bundel en kry iets wat vir hom mooi klink. Hy skryf dit oor in sy Croxley:

*Ek kry 'n klein beiteljie,
ek tik hom en hy klink;
toe slyp ek en ek slyp hom
totdat hy klink en blink.*

Hy haal die klip onder sy bed uit en kyk daarna. Dís hoe hy dit nou die aand daar teen die muur op papier wou sê. Met die son wat ondergaan en die klip op sy maag.

Sy pa het hierdie keer sy belofte gehou. Hulle ry om vir Tom-hulle by sy huis te kry en dan sal hulle met twee karre van daar af ry.

Maria ry saam. Daar is plek in die kar. Sy wil by haar niggie-hulle gaan kuier vir die dag in Hectorspruit. Sy het Vrydag die boodskap saam met die Barnards se bediende gestuur dat sy die Sondag sal kom. Sy pa sal haar by die garage aflaai.

"Kom julle manne ry by my in die Peugeot," sê Tom. "Die vrouens in die Volkswagen. Lenie, jy kan mos bestuur."

"Grapgat," sê sy vir Tom wat al weer na sy ballas gryp.

Sy pa sit voor. Tom bestuur.

"Gee daar vir ons 'n bier aan, Boetie," sê hy na agter toe.

"Lenie is geworried oor die Mosambiek-ding."

"Daar's niks om oor te worry nie."

"Die kak gaan nog spat, jy sal sien, Tom" sê sy pa.

Waarvan praat hulle tog? Dit is Frelimo dit en Renamo dat. As sy ma hom só moet hoor praat, laat sy hulle net daar omdraai en huis toe gaan.

Hy sien Brewis, Scare Quotes, voor die skryfbord. "BUURLANDE" skryf hy groot op die bord en trek dan die 'buitelyne' van Suid-Afrika. Sy Suid-Afrika lyk soos 'n skewe hart voordat hy Suidwes bysit. Van Wes na Oos teken hy die lande by: Angola, Botswana, Rhodesië en Mosambiek.

"Angola en Mosambiek is Portugese kolonies," verduidelik hy. "Rhodesië was 'n Britse kolonie voordat Ian Smith die land 'onafhanklik' verklaar het."

Angelique wou weet of Swaziland en Zoeloeland ook buurlande is.

"Wie was so onnosel om vir die Swazi's so 'n klein stukkie grond op die kaart te gee," wonder sy.

"G'n wonder so baie van hulle bly in Suid-Afrika nie," sê Louwtjie.

"En Zoeloeland," hoekom is dit dan nog nie 'n land nie? En waar lê dié se grense," wil Theo weet.

Sy ma en Dorie ry in die Volkswagen agter hulle. Dorie draai haar skuins na sy ma en die hande wys en swaai deur die lug soos sy praat. Sy ma hou altwee haar hande op die stuurwiel. Hy kan sien sy praat ook. Haar kop gaan op en af, sy beduie en die lipstick-mond gaan oop en toe. Hy weet nie hoekom hy nie daar kan ry nie, nou dat hulle Maria afgelaai het, is daar tog plek vir hom. In Balkrapper se kar sit hulle ingeprop. Hy en sy broer en die jonger balkrappertjies, Boetie en Jannie, sit agter. Sy pa se bier staan ook nog by hulle voete. As sy pa sy leë blik agtertoe gee, moet hulle nog twee aangee. Boetie se mond is dik. Sy lang bene druk teen die voorste sitplek.

"Nou moet ek eers pie," roep Balkrapper. Hy hou stil langs die pad. Sy ma kom dan in 'n stofwolk 'n ent verder van die Peugeot tot stilstand. Sy het nie gesien die voorste kar hou stil nie. Dorie gooi haar arms in die lug asof sy wil vra: "Wat nou?"

Balkrapper klim uit, beduie hoekom hy stilgehou het. Hy stoot met sy heupe vorentoe, wys met sy hande.

"Wil jy gaan visvang?" wil Dorie weet.

Balkrapper wys weer. Dit lyk of hy iemand van agter wil bykom. Sy ma-hulle dink dit is baie snaaks. Hulle lag.

Oom Tom en sy pa trek gulpe af, staan wydsbeen. Die seuns volg. Die piepiestrале blink in die son.

Die vrouens klim uit. Die 'toneel' langs die pad is vir hulle baie snaaks.

"Jy moet oppas, Dorie, netnou maak jy jou pantie nat," sê Balkrapper oor sy skouer, draai dan skielik om sodat hulle sy voorkant kan sien. Dorie se lyf knak vorentoe en sy knyp haar bene toe terwyl sy lag.

Sy ma haal 'n kamera uit haar handsak. Die kamera kliek. Foto van die manne se rugkante, wydsbeen. Foto van Tom, foto van Dorie.

'n Swerm mossies vlieg laag by hulle verby; oor die vallei staan hulle en kyk na waar twee riviere bymekaar kom.

"My magtag," sê sy pa, "dis hier waar ons die vis so gemoor het. Sien jy daar waar die Krokodil en die Komati bymekaar kom, daar op die draai, net daar het ons twee visnette vol geelvis gevang."

"Glad nie 'n lekker eetvis nie, moet ek sê. Billy het als aan die kaffers by die werk verkoop, ek onthou," sê Balkrapper.

Wanneer hulle weer ry, dink hy aan Maria. Hulle het haar afgelaai, maar nooit seker gemaak dat haar mense wel gekom het om haar te haal nie.

'n Halfuur later sien hulle die karre by die grens. Die grootmense klim uit om hulle paspoorte te laat tjap. Die vlag se oranje-blanje-blou wapper in die wind. Terwyl die kinders wag, probeer hy die Vierkleur, Union Jack en Vrystaat-vlag in die middel uitmaak. Na 'n ruk kom die grootmense terug. Saam met hulle loop twee mans in uniform. Die karre word deursoek. Eers binne en dan in die kattedak. Die karre ry een vir een deur. By die volgende hek staan 'n man wat wys hulle moet weer stop. Hy kyk na die tjap op die paspoorte.

"You visit for one day only," vra die man in snaakse Engels.

"Ja," sê Balkrapper.

"And the car behind," herinner sy pa die man.

Uiteindelik sê sy pa: "Nou is ons in Mosambiek."

Die teerpad het net een baan. Mens moet van die pad afdraai wanneer karre van voor kom. Balkrapper weet dit en sy ma volg.

Hulle ry nie ver nie, want vanuit 'n hoogte sien hulle die klein dorpie. Dit is die plek waar sy pa gesê het hulle gaan eet. Hulle draai af.

Balkrapper sien die treinspoor. Hy hou stil by die stopteken. Daar kom 'n trein. Die geluid van die dieselenjin word harder soos die trein naderkom. Die grond onder hulle begin bewe. Die lokomotief bars verby. Die kinders druk hulle ore toe. Die wind ruk die kar.

Dan gaan die wêreld weer oop. Die trein is weg. 'n Vreemde stilte volg. Balkrapper trap die petrol, dink die kar het gestol, rev dit tot anderkant die spore.

Hulle hou stil voor 'n mooi gebou met 'n stoepdak wat op pilare rus. HOTEL RESSANO GARCIA, lees Jaco die letters op die gewel. Hulle klim uit.

"Ons is hier," kondig sy pa aan. Hy gee sy ma 'n druk. "Ek het jou mos gesê dis oraaait. Jy was verniet bang vir die terroriste, my engel."

Binne in die hotel is daar 'n groot eetkamer vol mense. Hulle lag en gesels in Afrikaans.

"Hulle is ons mense," sê sy pa, "en kyk net al die krewes en prawns."

Hulle kry 'n tafel in die hoek. Sy pa bestel iets om te drink: bier, wyn en Cream Soda vir die kinders. Sy ma sê die kinders is honger en vra dat sy pa vir hulle hoender moet bestel.

"Not peri-peri, plain Portuguese chicken," sê sy vir die kelner.

Die kelners is swart. Hulle praat Engels. Hulle loop regop, kyk sy pa reguit in die oë, noem hom "Sir."

"Would you like another beer, Sir?" vra hy.

"Alte vriendelik en bedagsaam," sê sy ma.

Die kinders mag opstaan en in die hotel se speelkamer gaan speel as hulle klaar geëet het.

Daar is ander kinders ook. Twee seuns ruk aan die handvatsels van 'n fuzball-tafel. Die ghoen klap hard teen die rand van die tafel.

"Yes," skree hy as die ghoen die doel tref. Hulle kyk hoe die twee seuns die mannetjies aan die stange rondruk om die balletjie in die doelgaatjies te skiet. Die seuns sien hulle nie eintlik raak nie, konsentreer op die bal, skree kliphard as die bal die gat slaan. Elsa huil, want die geskree maak haar bang. Hy vat haar na 'n tuin aan die binnekant van die hotel. Daar is 'n groot koelteboom. Sy tel een van die groot blare wat op die plaveisel lê, op. Hy loop al agter haar aan. Dan sien hulle die hok aan die anderkant van die vierkant. Wanneer hulle teen die draadhok staan om te kyk wat daarin is, spring 'n krokodil om en storm op hulle af.

Henk-hulle kom kyk hoekom sy suster so gil.

"'n Krokodil," probeer Jaco die skok oortel.

Hulle waag dit nader aan die hok. Nou lê hy net daar. Sy oog lyk soos 'n albaster. Henk begin die krokodil terg met 'n stok. Elke keer as hy die krokodil steek met die stok, trek sy bek wyer oop en blaas. Sy geel oë word dof, sy lyf slap terwyl die seuns aanhou om hom met die stok te steek.

Dit is al donker wanneer hulle weer in Hectorspruit aankom.

"Ek hoop nie die meid is laat nie," sê sy pa.

By die garage hou hy stil. Maria staan vir hulle en wag. Hy hoor sy ma vra of sy lekker gekuier het. Sy sê haar mense hy het nooit gekom om haar te haal nie.

Hulle ry.

Oor die radio speel Lauren Copley se *Kentucky Blues*.

Hy skrik wakker as hy sy pa se stem hoor. Hy staan voor hulle bed.

"Hannes, ek dink die kind het gesleep walk," sê sy ma.

Hy het weer gedroom. Sy pa vang vis. Daar lê 'n krokodil in die rivier en wag. Sy pa staan kniediep in die water. Hy sien nie die geel oë wat vir hom loer nie. Dit kom nader, gereed om hom te gryp.

"Word tog wakker, Pa!"

Wanneer hulle kamerdeur toegaan vir hul 'Sondagmiddagslapie', vat hy die pad. Hy gaan lokasie toe, na Maria toe.

Hy kry haar waar sy klere uit 'n emmer haal en op 'n draad hang. Sy skrik wanneer sy hom sien. Sy wys hy moet ingaan en stoot die deur toe.

"Jy moet nie kom hier, Kleinbaas. Die mense hier is bang. Hulle sê hier is impimpi.

"Wat is 'n impimpi?" vra hy.

"Mense wat praat by die polies. Ek wil nie moeilikheid maak by jou nie."

"Wanneer kom die lorries, Maria?"

"Ons weet nie, maar hulle sê ons moet al ons goed pak. En die mense wil nie."

"Ek het al 'n klomp bokse vir jou."

"Ngiyabonga," sê sy. "Ek sal hulle kom vat."

"Hoe het jy die merk op jou gesig gekry, Maria?"

Sy staan op van die stoel en gaan staan voor die venster, trek die gordyn effens oop en sê: "Ek was kleinmeid gewees, het gewerk by die madam, daar by eThekwini. Sy het 'n groot huis, double storey. Sy het baie domestics. 'n Cook, 'n gardener en cleaners. Ek kyk die kinders. Ek werk vir twee jare by die madam. Toe eendag sy is kwaad, sê ek het die klere van die kinders gevat. Ek sê nee, maar sy het my nie meer gevertrou nie. Sy bring die skêr, sê ek moet my hand gee sodat sy die vingers wat die klere vat, kan afsny. Ek huil, maar sy skree ek moet hou. Ek is bang en ek huil en ek sien sy maak die skêr oop. Ek skrik, ruk my hand weg. Toe die skêr hy vang my hier."

Sy draai weg van die venster, sy kyk vir hom, hou die merk met haar hand toe.

Daardie Maandag loop hy oudergewoonte om sy ma te kry. Iets is nie lekker nie. Sy loop sonder skoene verby Koos Strauss-hulle.

"My kind, iets verskrikliks het gebeur," sê sy uitasem. "Oom Gert en tannie Majorie se seun is dood."

Sy hou aan hom vas terwyl sy praat.

Piet se hond storm op hulle af aan sy ketting. Blaf en gaan tekere.

"Ag, sharrap!" skree sy. Die hond hou op en sy ma gooi haar kop agteroor soos sy met sy pa maak wanneer sy haar vererg. Sy stap verder. Haar skoene swaai in haar hand.

Sy loop dadelik telefoon toe om te bel.

"Kaptein Gerhard du Preez. Sy vliegtuig het in die see geval. Dit was 'n militêre oefening. Hulle het die lyk gekry. Tragies. Ek sal hoor of sy met julle wil praat."

Sy sit die foon neer.

"Die mense van die koerant. Die Laevelder wil 'n berig plaas."

Jaco loop uit, boom toe. Hy luister of hy Majorie en Gert Hoes kan hoor huil. Hy hoor niks. Dit is doodstil. Net die skok wat in sy ore klop.

Hy kry Manuel in die tuin. Die bossies het oral in die beddings opgeskiet. Dit is hoekom hy vandag hier is.

Hy vertel hom van die nuus.

Manuel slaan 'n kruis oor sy bors.

Maria roep hulle om te kom eet.

Die lug is grys. Hy dink aan al die kere wat die vliegtuie hier oor die dorp gevlieg het, die één wat omdraai en laag oor die huise kom. Majorie eerste uit op die straat, Gert by haar. Arms in die lug, waai asof dit die laaste keer is.

Hy gaan maak vir sy ma koffie en vat dit vir haar waar sy op die bed sit. Haar sup het haar die middag afgegee, oor die nuus wat haar so "ontstel" het. Die foto-album wat sy in haar bedkassie bêre, lê oop op haar skoot.

"Dankie, my kind," sê sy.

Hulle blaai saam deur die album. Sy ma was mooi toe sy jonk was.

"Kyk net so 'n mooi brandweerman," sug sy en wys. Dis 'n foto van sy pa.

Wanneer hulle by die laaste bladsy kom, kry hulle die koorknapie-almanak wat sy van die stoepmuur afgehaal het.

"So sereen, en kyk, sy oë lyk soos juwele," sê sy.

"Hoekom is Januarie afgeskeur?" wil hy weet.

"Ag, ek weet nie. Ek kan nie onthou nie. Dit is lank terug."

Die res van 1961 is nog daar. Op Februarie het sy 'n kringetjie getrek om sy geboortedag: 14 Februarie.

"Kom," sê sy, "ek wil 'n bos vuurpyle vir Majorie gaan pluk."

AUGUSTUS

Buffelstraat verlep van die hitte. Piet Poliesman en sy pa drink bier in die koelte van die garage. Hulle gesels oor die Springbok-rugbyspan se eerste toets op Nuweland, oor Hannes Marais en Wille-John McBride, oor die goeie ou dae van Verwoerd en oor die Vorster-regering, die Rooi gevaar en oor "Swart kolle".

Piet klink vanaand anders. Daar is 'n stasiebevelvoerder in sy stem. Volgens hom is die nuwe lokasie wes van die dorp gereed. Hy wag net op die bevel vir die "opruiming" anderkant Buffelspruit. Hulle is al op "gereedheidsgrondslag" geplaas vir enige "gebeurlikheid" in hierdie tyd voor die "hervestiging" plaasvind. Hy loop op en af terwyl hy praat, hande in die sakke, druk sy ballas reg.

Hervestiging, opruiming, gereedheidsgrondslag en gebeurlikheid, herhaal hy die woorde uit Piet se mond. Oefen hulle. Probeer hulle verstaan.

"Hoe gaan hulle die mense met al hulle goed dan verskuif?" wil sy pa weet.

"Die Weermag doen die hele ding. Hulle sal die mense en hul besittings op Bedfords laai. Ons is net daar om toe te sien dat die ding sonder haakplekke gebeur, dat dit ordelik sal geskied."

Sy pa luister "aandagtig" na Piet. Sy tong speel met spoeg in sy mond asof hy die prentjie kry.

Hervestiging. Opruiming.

"Verwag julle dan enige moeilikheid?"

"Daar is glo ontevredenheid en daar het al arrestasies in ander plekke plaasgevind. Maar hier sien ons hulle reg. Jy weet mos..."

Moeilikheid. Haakplekke. Gebeurlikheid.

"Hoeveel mense moet verskuif word?"

"Twintig gesinne."

Hy onthou Maria se bokse wat hy vir haar moet bymekaarmaak. Sy hét hom gesê. Hulle moet pak.

"Van die nuwe lokasie word 'n busdiens ingestel na die dorp. Hulle sal van nou af heen en weer pendel. Die dorp sal skoon wees. Hulle sal voortaan soos tydelike burgers met permitte hanteer word."

Hy ken nie die woorde nie. Pendel? Permitte?

Dit lyk nie of enigiemand weet van die dinge wat in die lokasie gaan gebeur nie. By die skool is die kinders besig om te oefen aan die skoolkonsert vir die "inwyding" van die nuwe skoolsaal. Meneer Brewis se standerd 5-klas oefen Die Tien Masbiekertjies. Hulle oefen die woorde van die liedjie. "*Masjamma, sjamma sjoeka, masjamma sjamma, sjoeka,*" sing hulle die koorgedeelte. Angelique het in die vakansie reeds aan die lied geoefen en speel dit vlot op die klavier. Die seuns speel die masbiekers terwyl die dogters in tradisionele Afrika-kostuums die dansende meisies sal wees.

Tien, nege, agt, sewe vorder hulle met die aftelrympie. "*Masjamma, sjamma, sjoeka. Masjamma, sjamma, sjoeka,*" sing hulle.

Wanneer hulle by die sesde Masbieker kom, word die briefie van agter af na hom toe aangegee. Terwyl hy sing, maak hy dit oop en lees: "Raai wat se haar is dit?" Hy kyk na die kroeshaar en vou dit vinnig toe in die briefie en stuur dit vinnig na die volgende Masbieker. Van die seuns sing van die noot af. Ou Brewis het nog niks agtergekom nie.

Leana se gesig word bloedrooi. Wanneer die briefie by Lise-Marie kom en sy haar gesig soos 'n apie trek, bars die seuns uit van die lag.

"Wat is nou die probleem, Elaiza-Maria?" Ou Brewis spreek haar altyd so aan as sy aanmekaar kerm sy verstaan nie. Sy steek die briefie agter haar rug weg en lyk baie skuldig.

Die klok lui vir pouse, maar Brewis laat hulle nie "verdaag" nie. Hy wil weet wat aangaan. Sy wys vir hom die briefie. Hulle bars uit van die lag. Party lag steeds wanneer Brewis die briefie oopmaak. Hy "beveel" hulle om skryfgoed en papier uit te haal. Hy wil weet wie so siek is. Hy sê hulle moet woorde neerskryf.

"Is dit vir punte?" vra Lise-Marie.

Eers begin al die woorde met 'n "r" soos: rooi, raai, roer en room. Dan woorde met "w": wie, wat, waar en winkel. En dan daar, haar, blaar en klaar. Hy neem dit in. Hy blaai deur die skryfwerk en sê dan: "Sal Leendert en Theo agterbly. Die res kan maar gaan."

Tweede pouse op die rugbyveld. Leendert en Theo staan en vertel wat hulle gedoen het. Hulle wys. Rooi riwwe van Otto se rottang lê oor hulle boude.

"Eina!" roep Christo uit van die skok.

"Dit was jón fokken idee om my balhaar met 'n briefie in die klas rond te stuur," beskuldig Leendert.

"Dis jy wat nie jou harige ballas kan uitlos nie," terg Theo.

Die seuns lag. Hendrik van Dyk laat val 'n rugbybal op Louwtjie se kop en sê:
"Laaste een op die veld is 'n meid!"

Hy kry hulle na skool op pad huis toe. Hulle staan in die straat voor die Katolieke kerk. Vader Francis staan in die deur. Die kruis wat om sy nek hang, blink in die son. 'n Swart man praat. Mans en vrouens luister. Hy bal sy vuus en druk dit in die lug terwyl hy skree. Die skare antwoord, "Viva! Viva!" Vader Francis luister, vou sy arms in 'n kruis. Jaco gaan staan in die koelte van 'n flambojant. Hy luister hoe hulle sing. Hy sien hoe hulle hul voete stamp op die maat van die lied. Die stof kom in sy oë. Hulle trap met klein treëttjies vorentoe, al in die pad af in dieselfde rigting waarin hy huis toe moet loop. Die meeste vroue dra huismeidklere en kopdoeke, die mans overalls. Daar is rietkappers ook. Hulle klere en gesigte is swart asof hulle nou net uit 'n rietland gekom het.

By die stopstraat maak die optog 'n draai, regs op na die polisiestrasie. Hy loop aan die buitekant van die draai, moet draf om by te bly. Die skooltas op sy rug wip op en af. Hy probeer saam sing. Die Lied van Jong Suid-Afrika se woorde pas nie, sing dan die masbiekerlied. *Masjamma sjamma sjoeka, masjamma sjoeka!*

By die polisiestrasie bondel hulle saam. Die meide lie-lie-lie.

Kaptein Piet Malan staan wydsbeen op die trappe.

"Hier is hulle nou, manne."

Die bondel swartes sing nou harder. Hulle voete plof in die grond en hulle hou hul vuiste in die lug. Die stof hang oor die stasie, die gewel van die boeresaal aan die oorkant lyk soos 'n ou foto.

Die singery styg op uit die mense, slaan teen die boeresaal vas en bons terug. Moet seker van die apartheid wees dat hulle sommer hier in die straat moet konsert hou, dink hy. Hy wonder hoekom daar geen applous kom van die gehoor op die trappies nie. Die son sak, die swartes is moeg, hulle stemme hees.

Piet Malan en sy manne bly staan, kyk hoe die skare een na die ander met die laaste strale van die son op hulle rûe wegloop. Die gesingery doof uit, kriekgeluide doof in.

Die polisiestrasie se wit mure en boogvensters lyk vir hom skielik groter en kwaaiër in die skemer.

Hy word wakker. Sy hande jeuk. Dit moes 'n muskiet wees wat hom gebyt het. Hoe laat is dit? Sy lyf is nat gesweet. Hy stoot die sifdeur van die stoep oop en gaan staan op die

grasperk. Die lug is koel. Die sterre is helder. Hy hoor 'n dieseltrein se dreuning in die verte. Hy gaan pie in die hoek van die tuin. Die maanblomme se soet reuk hang in die lug. Hy laat sy hand oor sy bors en maag gly, voel die warmte van die klip.

Hy loop by die jaart uit, lokasie toe.

Sy voete laat spore in die stof. Hy loop tot waar die pad 'n draai maak. Dit is stil. Geen van die naggeluide van die ander aand nie. Die bos kan hoor hy is op pad. Dit hou asem op.

Dan hoor hy Piet Poliesman se van. Soos daardie aand. Is dit sy verbeelding? Tog nie. Hy spring in die lang gras in. Drie vangwaens jaag verby. Hy hardloop agterna.

Hy sien hulle deur die bosse in die lig wat Piet Poliesman se van oor die lokasie gooi. Hulle skop deure af, ruk mense uit hul kaias. Mans, vrouens en kinders. Vrouens gil, kinders huil. Huisgoed breek. 'n Geweerkolf tref 'n man teen die kop, 'n vrou kry 'n klap. Piet Poliesman staan op die vangwa en skree. Sy stem skeur die nag middeldeer.

Hy wil hê dit moet 'n droom wees, maar dit is nie.

Hy hardloop terug huis toe. Sy bors brand as hy in die voorjaart staan. Die hond kom om die hoek van die huis gedraf. Hy gaan sit saam met hom teen die huismuur.

Vir dae lank hoor 'n mens die gekap van die lokasie af. Sy pa sê hy weet nie hoekom hulle die dakplate ook wil saamvat met die trek nie. Sy pa sien die bokse op die stoep. Hy roep hom en vra: "En die?"

"Bokse vir Maria."

"Ek het jou gesê jy moet jou nie met meidegoed besighou nie."

"Hoekom nie, Pa?"

"Omdat ek so sê en vir jou om te doen wat ek sê. Ek hoop nie jy loop lokasie toe nie!
Hoor jy?"

"Iemand moet vir Maria help, Pa."

Hy voel die klap op sy gesig brand en hy voel die trane kom.

Sy pa gryp 'n boks en skeur dit in stukke, trap op die ander, skeur nog repe af.

Uitasem draai hy om na hom, sy skouers skuur teen hom wanneer hy verbyloop, huis in, kamer toe om te gaan slaap voor werk.

Sy sit nog daar. Rooi gebrand van die heeldag se son, stukkende lippe. Vandag het sy weer net 'n frokkie aan.

"Alweer sonder jou pantie, Ma-lien," sê Maria. Sy wag vir Maria om vir haar pap te bring. Slap pap wat al van die oggend af op die stoof staan. Wanneer Maria uitkom om die asblik leeg te maak, weet sy Maria is klaar met die huis voordat sy die groot bondel wasgoed begin stryk. Dis Maria se rustyd. Pap en suiker en 'n blikbeker swart koffie.

"Wa's jou mammie?" vra Maria as sy die bakkie pap oor die heining aangee. "Sorg sy dan nie vir jou nie?" Maria vra dit altyd, maar verwag nooit 'n antwoord nie. Sy sê dit asof sy rede soek om vir die kind kos te gee.

"Ek sien jou kwak," sê sy broer as hy verbyloop. "Jy stink. Voertsek van ons draad af!"

"Kom speel met my," sê sy.

Henk trek sy broek af en druk sy ding deur die draad. "Kom speel met my. Toe, hier is hy. Vat hom, Flaffie."

"Nee, my Kleinbaas," sê Maria geskok.

Ma-lien skrik en hardloop weg.

Nie lank nie of sy hang maar weer aan die draad. Sy gooi haar gewig agtertoe en vorentoe. Een van die heiningpale is al los. As sy pa dit sien, trek hy sowaar die velle van haar boude af.

Sy drink water by die kraan. Sy draai haar kop en tuit haar lippe om die kraan sodat sy die water kan vang. Sy drink met slurpgeluide totdat haar maag vol is. Sy draai die kraan toe, maar dit bly drup in die gras. Daar is 'n kol groen gras om die kraan. Die res van die tuin is droog.

Wanneer haar pa van die werk kom, spring sy gewoonlik op en hardloop na die hek toe. Hy hou die trommeltjie wat hy in sy hand dra, tussen hom en haar. Sy volg hom tot in die huis.

Nog 'n week van skool en konsertoefen is verby. Hulle help Juffrou van der Walt met haar boeke. Jaco en Christo wag dat sy haar Anglia oopsluit voor hulle die goed kan inlaai. Die kar se dak is toe van die flambojante.

"Dankie. Julle is dierbaar. Geniet die naweek," groet sy.

"Kom jy saam, dan ry ons fiets?" vra Christo terwyl hulle huis toe loop.

Die seuns loop verby Barclays en die poskantoor, tot by die garage waar Angelique in 'n Mercedes sit. Sy sien hulle, waai. Hulle groet terug.

"Blerrie flerrie," sê Christo.

Hulle loop op in Stasiestraat, verby Leendert-hulle tot by die huis met die dubbelgarage, nr. 4.

Hy trek die garagedeur oop. Die meid skrik vir die geraas wat die deur maak. Sy staan en stryk.

"Sawubona, Fina. Sorrie, sorrie," sê Christo.

Hy hou Christo vas terwyl hy "Superman!" skree wanneer hulle in die straat af jaag. Die pers chopper blink in die son. Om die sirkel by die garage vlieg hulle, by die poskantoor en Barclays verby, af tot by die Griek se kafee waar hy die agterwiel laat wheely in die gruis.

"Ek het geld vir 'n ice-cream," sê hy.

Voor die kafee sit hy, die man met die krukke.

"Jis, Ouman, het ek nie al gesê jy moet af van my perseel nie? Jy jaag my customers weg met daai stink lyf van jou. Toe, weg is jy!" skree Bazil.

Hulle help die ou man op.

"Wag," sê Christo "ek koop vir jou 'n halwe brood."

"Julle moenie dit doen nie. Julle gaan maak dat hy elke dag terugkom vir nog," protesteer Bazil terwyl hy die geld by Christo vat.

Die ou man is weg wanneer hulle uitkom.

Hulle spring op die chopper, ry stasie toe. Miskien is hy soontoe.

Hulle kom by die treinspoor en sien niemand nie.

"'n Ou man op krukke kan nie so vinnig wegraak nie," sê Christo.

"Miskien het hy vlerke," spot Jaco.

"Bleddie hel, miskien is hy opgeraap."

Jaco voel 'n kieweling. Die plek is darem doodstil. Die spore bewe in die hitte. 'n Wind dwarrel oor die pad en hardloop deur die suikerrietland. Die rooi kruise by die oorgang skree vir hom.

Hy moet hier wegkom. Hy gryp die fiets en sê Christo moet kom.

Die pad loop reguit af met die wildtuin se draad.

"Waarheen gaan jy?" vra Christo.

"Ek gaan jou die ape wys."

Hy sukkel om te trap, want die grondpad het sand. Hulle ry so stadig, Christo laat los sy arms. Die sakkie brood swaai in die lug.

"Nie meer ver nie. Dáár by die vyeboom."

Hulle klim af. Hy stoot die fiets verder.

Die trop sit almal in die skadu van die boom. Vreemd. Wagter sit nie verder weg om gevaar dop te hou nie. Die leier is ook op die grond. Hy tel hulle. Dertien.

Christo haal die brood uit, gee vir hom 'n stuk.

Hulle hou stukkies deur die draad, maar die ape kom nie nader nie.

"Kom, Kinkels," roep Christo. Hy praat met die ape asof hy hulle ken. Ou Sonderarms, Driepoot, Stompstert, Handjies, Voete, Oortjies, doop hy hulle.

Waar is die kleintjies? Een, twee...

"Daai apie is dood," sê Christo. Jy kan sien hy is dood. Kyk hoe slap hang Koppie in sy ma se arms."

Ou Bloubal sit net, kyk voor hom op die grond. Nabyogies kam sy rug.

Hulle los die ape. Stap terug met die grondpad soos hulle gekom het. Hulle praat nie. By die Griek se kafee sien hulle weer die ou man. Hulle gee vir hom die brood.

"Die Here sal julle seën, my kleinbasies."

SEPTEMBER

'n Helse lawaai maak hom wakker.

"Hier is die kak nou," hoor hy sy pa êrens in die huis.

Hulle gaan uit om te kyk.

Van onder die straat kom die Bedfords soos reuse buffels aan. Agterdeure klap soos die res van straat ook nou uitkom om te kom kyk wat aangaan. Majorie het vir Gert Hoes 'n opvoustoel gebring.

Die hond begin tjank wanneer die lorries naderkom. Tien lorries snork verby en los 'n stofwolk agter soos hulle een na die ander afdraai lokasie toe.

Stof en son laat die toneel soos 'n ou rolprent lyk. 'n Baan lig val op die groot skerm. Beelde van soldate op weermagtrokke flikker verby. 'n Toneel uit *Kelly's Heroes*.

Vier vangwaens kom ook verby. Piet Poliesman ry voor.

"Niemand, maar niemand mag lokasie toe nie. Julle sal geskiet word," skree hy met wit oë terwyl Bloedbek agter-in tekere gaan.

Sy waarskuwing kom na hulle toe aangewaaï en gaan lê op hulle soos stof. Hulle sien die swart rook anderkant die spruit. Dit trek 'n gordyn oor die son. Hulle hoor 'n helikopter, maar sien niks.

Die res van die oggend is Buffelstraat se mense buite. Die vrouens bring koffie en beskuit, want niemand wil iets mis nie. Dis soos sy pa se fliekaande. Kort-kort wys iemand in die rigting van die geklop van die helikopterskroef.

"Hy kom nou hiernatoe," sê iemand.

"Hier kom die eerste lorrie," roep sy ma.

So staan hulle voor in die jaart en kyk hoe die eerste swart mense met alles wat hulle het, sinkplate en al, uit die lokasie kom. Gesigte loer oor die kante van die lorries.

Die Sagies klap hande en waai. Deon slaan miere dood terwyl Marius *Vat jou goed en trek Ferreira* sing.

Jaco sien hoe hulle verby ry, en luister: verby Koos se plek, verby die polisiestasie tot by die sirkel, by die Boeresaal, verby Volkskas en die garage, in Stasiestraat op, verby die kerk en die kafee, uit die dorp uit. Die lorrie sal regs draai by die nasionale pad, in die rigting van Krokodilpoort ry en na tien kilometer afdraai na die nuwe lokasie.

"Na 'n Nuwe Jerusalem vir swartes," hoor hy iemand sê.

"Party het probeer keer, maar ons het hulle op die lorries gedonner en toe weggevat." Volgens Piet Malan, wat kom oë wys, "is die laaste kaffer uit die gebied. Party met net die stukke klere aan hulle gatte."

Hy lê in sy bed en dink aan die dag terwyl hy vir Maandag se toets leer. Hy som die feite van die Franse Rewolusie op. Die gepeupel, die adelstand, die Sonkoning, die opstand en die bestorming van die Bastille. Die goed wat hy moet leer, is so ver weg van dit wat hier in hul dorp gebeur.

Of is dit?

Meneer Brewis het die werk vir hulle interessant probeer maak, vir hulle na die biblioteek toe gevat waar juffrou Becker vir hulle gewag het met 'n plaat op die Blaupunkt.

"Só klink die Franse volkslied," het sy gesê.

Dinsdagoggend het die stootskrapers gekom. Dit was die tweede oggend dat Maria nie kom werk het nie. Die res van die week ook nie. En ook nie die volgende week nie. Jaco het dit so in sy Croxley aangeteken.

Toe hulle begin dink sy is terug na haar eie mense toe, staan sy die derde Maandagoggend voor die deur. Sy kom nie soos altyd in en maak koffie nie. Sy klop en wag dat iemand die deur moet oopmaak. Jaco kry haar met 'n yslike suit case voor die deur. Die knippe is gebreek. Sy probeer alles wat sy het met 'n vinger bymekaarhou.

"Kom in, Maria," sê hy. Sy wil nie inkom nie. Beduie net dat hy die miesies moet loop roep.

Sy ma lyk geskok wanneer sy Maria sien.

"O, my arme Maria!"

"Ek wil praat, my Mies."

Maria kom in en gaan sit langs die kombuistafel op die vloer. Sonder om in sy ma se oë te kyk, sê sy: "Ek wil nie weer teruggaan na die location toe nie."

Sy ma gee haar swart koffie, soos Maria dit altyd drink. Maria hou die beker met al twee haar hande vas. Die merk op haar wang maak mondjie terwyl sy drink. Sy ma sny vir haar 'n dik sny wit brood.

"Is dit dan nie mooi daar by julle se nuwe plek nie?" vra sy só dat Maria haar kan verstaan.

Trane loop teen Maria se gesig af. Dit lyk of sy die trane met haar hande probeer vang en dit dan aan haar borste afvee.

Sy ma staan op. Sy sit haar halfklaar koppie in die wasbak. Sy haal die paar R10-note uit die blou blik met die dansende Venus op.

"Jou salaris vir die maand," sê sy.

"Ek het nie volle maand gewerk nie, Miesies."

"Vat dit, Maria," smee sy en val op haar knieë, gooi haar arms om haar. "Vat dit om hemelsnaam."

Só sien hy hulle, verbeel hom hulle sit op een van Elsa se popbedjies. Geen mens sal sien hulle huil nie, die trane is te klein.

OKTOBER

Dit is die eerste Saterdag van Oktober. Hy sit nog so en luister na Cat Stevens se *Can't keep it in* toe sy ma die middag op die kombuistrappie staan en aankondig: "Billy moet sy slange kom haal. Die buitekamer is Maria s'n en julle moet kom help om die kamer vir Maria reg te kry."

Sy laat Manuel die stort en toilet skoonmaak, die buitekamer se vloer was. Sy laat haal 'n bed by Louise Rökkies, kry 'n ou laken en bedsprei uit die linnekas, ook ou gordyne. Maria maak die staalbed staan op bakstene, twee onder elke poot. Sy pak haar klere uit in twee van die teekiste wat sy opmekaar stapel. Sy span 'n draad van die een kant na die ander aan spykers in die muur. Sy hang twee rokke, 'n jas en 'n trui daaraan. Hy onthou die klere in die stroois.

Langs haar bed dop sy 'n teekis om en trek dit oor met koerantpapier. 'n Geraamde foto van haar en haar susters kry plek langs haar bed. By die foto sit sy 'n blikkie Zam-buk neer.

"Moetie vir die seer," verduidelik sy.

Jaco lig die dekseltjie af. Hy ruik daaraan.

Maria is terug. Elke oggend is soos dit moet wees: skottelgoed in die wasbak. Krane oop, krane toe. Maltabella op die stoof. Daar is weer wasgoed op die draad. Sy hou die huis stil met daardie Baas-hy-slaap-vinger op die mond.

Hy lê daar in sy onderbroek op Maria se wit laken, gordyne toe, lugverkoeler aan.

Buite skyn die son.

Elfuur maak sy hom wakker. Halftwaalf kom die werk se bakkie hom haal vir die twee tot tien-skof.

Maria staan en stryk. Ma-lien hang aan die draad en wag, want daar is marog op die stoof. Maria kyk vir die kind by die heining. Sy sug. Sy hou die wolke dop.

Hy blaai deur 'n Huisgenoot. Hy lees iets oor die aardbewing in Tulbagh. Hy kyk na die foto's. "Ou historiese geboue verwoes."

Hy wonder wanneer sy vir die kind van die marogbredie gaan gee. Hy is honger. Sy maag rammel al soos 'n aardbewing. Maar sy moet die wasgoed klaarmaak voor die naweek kom.

"Kuyashisa namhlanje," sê sy en vee die sweet van haar voorkop af. Sy kyk na die kos op die stoof.

Sy sit die kombuislig aan. Buite word dit donker.

"Lyk soos die storm hy kom," sê sy.

Die wind ruk aan die agterdeur. Die eerste druppels breek op die sement.

Sy loop na die kamers en begin die vensters toemaak.

"Ek help jou, Maria," roep hy agterna.

Sy bêre die laaste strykwerk in 'n kas. Sy kom terug en draai die stoofplate af, skep die kos in bakke, sit dit in die louoond.

Sy skrik vir die weerligflits buite. Sy haal vuurhoutjies en kerse uit vir ingeval.

Sy dek tafel.

Die mes val op die vloer toe 'n helse slag langs die huis afkom.

"Bliksemstraal," skrik hy. Elsa kom skreeuend uit die kamer.

"Ma-lien!" skree Maria en storm by die kombuisdeur uit. Hy volg haar in die halfdonker.

Elsa hang aan hom.

Hy sien hoe Maria oor die heining spring. 'n Bondeltjie lê langs die kraan. Iets ruik soos swael.

Maria se mond rek oop. 'n Mens hoor nie wat sy skree nie, net die reën wat op die dak val. Hy wil uit, maar Elsa klou aan hom, sukkel dan met haar onder die oop garage-deur in.

Nog 'n weerligstraal. In die lig sien hy hoe Maria die liggaampie vashou. Dit lyk soos die Michelangelo prent in juffrou Jansen se klas.

Sy dra die lyf met die slap arms tot by die vrou se voordeur. Die deur gaan oop. Daar is die pa ook nou by die hek. Hy is sopnat. Hy loop met sy trommeltjie voordeur toe. Die deur gaan oop en weer toe. Maria kom uit, gaan staan by die kraan en skree boontoe na die weerlig.

Sy sien hulle in die opening van die garagedeur.

Wanneer Maria 'n handdoek bring om hulle af te droog, wys Elsa na die potjie marog wat op die stoof staan. Hy probeer iets sê, maar die reën val so hard, hy sê niks nie.

Daardie Sondag vat hy die voetpaadjie in veld toe. Hier het hy en Leendert die dag die slang gesien. Net anderkant die kierieklapper. Hy sien die bokspore in die sand. Sy pa sê die kaffers stel strikke om hulle te vang. 'n Kwêvoël in 'n doringboom laat hom opkyk. Ke-whêê, roep

hy, asof hy die wêreld wil vertel dat Jaco aan die verkeerde kant van sy pa se streep is. Hy loop verby 'n mopanieboom, onthou die dag saam met Leendert, sy broek wat knopstoot, die trou pant wat opvlieg.

Die paadjie loop verby 'n termiethoop waar 'n boom rooi blomme afgooi. Die naam van die boom kan hy nie nou onthou nie. Die paadjie sak af tot waar die veld 'n tunnel van vaarlandswilge word. 'n Jakkalsbessie staan tussenin, laat die son in strepe deur. Hy gaan staan teen die boom en voel die koelte op sy gesig. Hy druk sy rug teen die stam, ruik die grond, hoor die spruit.

Hy loop soontoe en kry die stroom tussen varings en olifantsore. Die water kabbel oor klippe en land in 'n poel waarin jy die sand sien blink.

Sy klere los hy op die wal. Hy loop kaal in. Hy gaan sit op sy knieë sodat die water hom kan toemaak. Hy draai op sy rug, gooi sy bene en arms oop, dryf in die water. Tussen die blare sien hy stukkies blou lug. Hy hoor water in sy ore. 'n Lekker gevoel sit in sy boude. Hy knyp dit, voel die warmte in sy rug optrek en in sy arms en bene hang. Hy kyk af, sien sy bors, sy maag, sy voël en hoor sy hart klop.

Drie visse swem verby. Hy raak aan die groot blare op die wal, spat water op hulle, sien hoe die druppels afrol.

Hy gaan sit op 'n plat klip in die son. Twee akkedisse met rooi sterte skarrel onder die klip in. Hy lê op sy maag om droog te word. 'n Druppel hang aan sy kuif, val op die klip. Hy vee sy hare terug, voel die son op sy gesig. 'n Naaldekoker styg op van 'n blaar, hang oor die water waar die visse nou soos duikbootjies lê. Hy staan op, sien die riwwe op sy maag en bene van waar hy op die klip gelê het.

Hy loop dieper in die bos. Varings en stamme groei om hom. Die onderbos skuur teen hom. Takke krap sy lyf. Hy gaan sit teen 'n boom om te rus. Hy skree: "Angelique!"

Sy stem klink vir hom lelik. Hy maak al weer 'n movie van homself.

Hy gaan terug om sy klere te kry.

Met die paadjie stap hy terug. Daar is die tunnel soos hy gekom het. Die boom by die termiethoop kry hy nie, moes dit gemis het. Dit is 'n huilboerboom, onthou hy nou.

Die son sit aan sy linkerkant. Hy kan kortpad vat deur die ruigtes, met die son in sy gesig, maar hy is bang vir slange. Hy hou in die paadjie.

Hy hoor 'n trein. Hy kan nie te ver van die spoorlyn wees nie.

Voor hom sien hy 'n sinkdak en wit mure. Dit moet Lila-hulle se huis wees. Die paadjie vat hom na die agterkant van hulle jaart. Hy loop tot by die hek, sien die boom, onthou daardie aand met Lila en haar gesin.

Hy loop al met die heining langs tot voor in Buffelstraat. Piet Poliesman se vangwa bars verby. Hy voel die wind in sy gesig. Agterin blaf Piet se mal brak.

NOVEMBER

Hulle kry haar by die huis. Dit is die eerste keer dat Jaco haar só sien: T-hemp, kortbroek en tekkies.

"Net omdat ek 'n Indiër-meisie is, beteken dit nie dat ek altyd 'n sari moet dra nie," sê sy en druk 'n mandjie in sy hand. Die pet hou haar oë toe. Mens sien net haar neus en mond. Hy vat aan sy nek.

"Is jy Christo?" vra sy. "Die ou met die fiets?" Sy hou haar hand uit.

Hy stamp sy toon wanneer hy naderkom. "Eina," sê hy.

"Aangename kennis, Eina" sê sy. "My naam is Lila."

'n Paar mossies vlieg van die winkelstoep af op, vlieg oor hulle koppe en gaan sit by Bazil's op die dak.

Christo klim op sy fiets en ry stadig vooruit.

By die treinspoor gaan staan hulle. Lila kyk na die spore. Vandag lyk hulle vir hom blou. Die wolke weerkaats daarin. Die kruise langs die spoor lyk soos ou mense wat staan en wag.

Christo buk en hou sy oor teen die spoor.

"Wat maak jy nou?" wil Lila weet.

"Ek luister of 'n trein kom," sê hy.

"Hier kom g'n trein nie. Die enigste trein is dáár," sê sy en wys.

Hulle loop met 'n paadjie al langs die spoor. Die trein staan eenkant op 'n syspoor. Die trokke en waens is almal leeg.

"Kom ons klim in," sê Lila.

Hy weet hulle mag nie. Ou Snorre by die stasie sal hulle bykom met sy sweep, die een wat hy in sy kantoor hou vir al die rondlopers.

"Bangbroek," sê sy en klim op. Hy wil haar help, maar sy kom self reg.

Hy gee vir haar die mandjie aan. Hy help Christo met sy fiets.

Die trok is donker en ruik na suikerriet en rook. Die son wat deur die gleufies in die dak kom, maak strepe op die vloer.

"In Indië ry almal treine," sê Lila. "My ouma vertel dit is die een goeie ding wat die Engelse vir Indië gegee het. Die spoorlyne. Dít en die Engelse taal."

"Het julle ook die stamp gevoel?" vra Christo. Hy spring op en kyk by die trok uit.

Daar is weer 'n stamp. 'n Dieselenjin raas.

"Ons beweeg vorentoe," sê Jaco benoud.

"Ons trein het gekom!" roep Lila opgewonde.

"Ons moet af. Ons kan nie op die trein bly nie," pleit hy.

Christo weet nie of hy sy fiets moet afgooi en dan afklim nie en of hy eers moet afklim en dan wag dat hulle sy fiets moet aangee nie.

Hulle is te laat om af te spring. Die trein gee 'n fluit en rol vorentoe.

"Wat nou?" vra hy. "Wat maak ons as die trein ons Komatiepoort toe vat?"

"Die naweektrein na Komatiepoort is al verby. Hierdie trein gaan meule toe," sê Lila. Sy gaan staan by die deur. Haar hare waai in die wind.

O, spreeu vat my op jou vlerke!

"En hoe kom ons terug?"

Sy lag.

Sy hou haar gesig in die wind. Haar hare waai teen sy gesig. Hy kan haar ruik so naby is sy aan hom. Hy weet hoe ruik jasmyn want sy ouma het hom een keer laat ruik aan jasmyn.

Hy kry vashouplek langs haar by die deur. Hier gaan hulle nou oor die kruising. Hy gee nie meer om waarheen die trein hulle vat nie.

Sy hou aan hom vas.

Hy voel dronk in die kop. Die wiele tik op die spore. Die landerye dryf verby. Al vinniger en verder weg van die stasie ry hulle.

Dit is nie die trein na Komatiepoort nie. Die trein hou links. Hy sien die buiteklub teen die heuwel en wys. Van die grootpad draai mens af na die klubhuis en die gholfbaan. Mens sien die swembad van hier af.

'n Bakkie met 'n blou karavaan van die wildtuin se kant ry verby. Hulle waai vir die mense. 'n Man, 'n vrou en twee kinders.

Die trein gee 'n fluit. Die trokke stamp soos die trein breek.

"Ons spring af so gou ons kan," sê Christo. "Ek sal eerste gaan, dan gee jy my die fiets aan."

Lila help Jaco om die chopper vas te hou sodat Christo dit kan vat. Die trein beweeg nou stadig genoeg om af te spring. Hy wys Lila kan maar kom. Hy sal haar vang, maar die trein loop nou so stadig, dis nie nodig nie. Sy klim sonder 'n gespringery van die wa af.

Die fabriek is net 'n entjie verder. Mens hoor hoe steun die meule.

Hulle stap tot by die klubhuis waar die karre onder bome staan. Hulle gaan sit in die koelte van 'n waterbessie naby die afslaan na die tweede putjie. Daar is twee mans wat wil afslaan. Een van die baljoggies vergaap hom so aan Christo se chopper dat die man met die blou pet hom moet roep.

"Waar's my stok, Caddy?"

"Hy kôm. Die nommer drie yster hy is reg vir hierdie een, my baas."

"My pa sê dis 'n sport vir die rykes," fluister Lila.

"Sport vir Pa se rykgatte."

Bloupet buk af en druk 'n wit pennetjie in die grond waarop hy die bal stel. Hy staan wydsbeen agter sy stok en wikkel sy voete verder uitmekaar en dan weer nader. Hy kyk op. Wikkel weer. Hy kyk af. Hy tel sy nommer drie op en slaan sy hou.

Die mans hou die bal dop totdat dit op die grond wip, oor die skoonveld rol en in die gras gaan lê.

Dit is Witpet se beurt. Dieselfde storie.

Die baljoggies vat die stokke by die base en loop agterna.

"Nou kan ons piekniekkos eet," sê Lila.

Sy hurk by die mandjie en haal drie Tupperware bakkies uit. Daar is gestopte eiers en frikkadelle. Sy skeur 'n bruinpapiersak oop en wys haar ouma se samoesas. Sy pak koppies uit en en sit die bottel tee neer.

"'n Indiese piekniek," sê sy.

Daar is nog mense wat kom afslaan. Pennetjie in die grond, bal op die pen, voete uitmekaar, kop af en daar trek die bal.

Lila maak die ouballies na. Sy gaan staan wydsbeen, nes hulle. Dit lyk of sy pyn het êrens. Christo speel rykgat en wys vir Jaco om sy stok te bring.

"Hy kôm. Die nommer drie yster hy is reg vir hierdie een, my baas," sê Jaco.

Hy en Lila hardloop oor die baan na die putjie waar die nommer 2 vlaggie waai. Christo is op sy fiets.

Hulle sien die silwer pyp wat van die rivier se kant af verby putjie 4 en by 5 se bof verbyloop.

"My pa het al van die pyp vertel," sê Christo. "Dit kom van die suikermeule af, vat al die gemors en goed rivier toe."

Dit is 'n dik pyp, so hoog soos 'n graad eentjie. Hulle druk hulle ore teen die pyp en luister.

Jaco hoor water.

Hy voel die pyp is sag, soos rubber en dit is silwer geverf. Hy druk sy nael in die verf en hy sien die swart van die rubber waar hy sy nael ingedruk het. Mense het allerhande goed in die verf gekrap. Vieslike goed.

"Hoe ry die boere drie op 'n drol."

"Poephol" en langsaan "Gerrie is 'n moffie."

"My nooi is 'n nartjie My ouma 'n kameel."

"Jou poes."

"Ampie Swiegers" en 'n telefoonnommer. "Vir 'n Boerestoot."

Hartjies met pyltjies en "MJ t.l. RE."

"God is Liefde."

'n Kruis.

"Elvis is Koning."

"Black is beautiful" doodgekrap en onderaan "Foken kafer boetie."

"Andries was hier" en "Gerrie soek hom seker."

Nog 'n kruis.

Al die vieslike gekrap sou hom seker nie gepla het as Lila nie by was nie.

Hy help Lila op die pyp.

Sy loop stadig al op die pyp.

"Moenie val nie. Lila," waarsky hy.

Hy sien die likkewaan. Hy wys vir Lila.

"Is dit 'n krokodil?" vra sy.

Hy lag. "Nee, dis 'n likkewaan."

Sy klim af en hulle loop nader om te kyk.

"Kyk die kleure op sy lyf," sê Lila. "Kyk die naels. Kyk die tong."

Die likkewaan skrik wanneer hulle te naby kom. Mens hoor hoe sy naels in die teer van die pyp inslaan soos hy weghardloop. Hulle probeer byhou met die likkewaan, maar hy is te vinnig vir hulle. Nie lank nie of Christo se gô is ook uit en die likkewaan is weg.

Christo sit sy fiets neer en klim op die pyp. Hy loop daarop. Hy staan op een been en druk sy ander been in die lug. Sy tone punt. Hy hardloop en spring in die lug.

"Nes 'n balletdanser," sê Lila.

Hulle sit en kyk vir Christo. Hy hoor daardie musiek wat Juffrou Becker partykeer speel as hy in die biblioteek sit en lees. Sy het een keer gesê die musiek is spesiaal

gekomponeer vir die rivier wat deur die stad, Praag, loop. Ses gedigte vir 'n rivier of so iets.

Hy wens Lila het sy ore gehad om te luister. Hy wens Juffrou Becker was hier om haar musiek te sien. Hy sal vir haar vra wat die naam van die musiek is.

"Kom ons gaan kyk tot waar die pyp gaan," sê Christo.

Hulle loop tot daar waar die pyp oor die oewer van die Krokodilrivier hang.

Die die pyp is toegekamp. 'n Man sit teen die muur van 'n hut.

"Sawubona," groet Jaco. Die hek is oop en hulle loop deur om te sien. Die bek van die pyp hang oor die water. Daar drup taai goed uit die pyp en dit ruik soos gebrande suiker.

"Julle moet kom weg daar. Julle sal val," sê die man.

Die pyp kry 'n goue kleur, want dit word laat.

By die klubhuis vra hulle 'n man om hulle huis toe te vat.

Die man kyk vir Lila en sê: "Ek vat nie 'n koelie in my kar nie."

Jaco voel hoe sy gesig warm word. Dit lyk nie of Lila gehoor het wat die man sê nie, want sy hardloop na 'n vrou wat in 'n bakkie sit.

"My man is netnou hier en hy moet sy gholfstokke agterop laai. Jammer, hier is nie plek nie."

Hulle kry vir Ou Balkrapper by sy Peugeot en hy is orraait om hulle 'n lift te gee. Hy is lekker geswaai, want hy wil saam met hulle agter-in klim en wil weet wie Lila is.

Voor die son sak, laai Balkrapper hulle af in Buffelstraat.

Hy en Lila staan en kyk hoe Christo met sy fiets in Stasiestraat op huis toe ry.

"Christo is nie 'n rugbyspeler nie. Hy moet eendag dans," sê Lila.

"Smetana," onthou Jaco. "Die man wat die musiek geskryf het."

"Musiek geskryf? Watter musiek?" vra Lila.

"Hy het die musiek geskryf vir die rivier in Praag."

"Waarvan praat jy?"

"Die dag saam met jou laat my aan daardie musiek dink."

"Jy is baie snaaks, Jaco. Sien jou weer as Pappie my kom haal," sê sy en vat die mandjie by hom.

"Dankie vir die piekniek," sê hy en draf huis toe. Hy moet tog vir Juffrou Becker vra om weer daardie musiek vir hom te speel. Hy moet haar ook vertel van Christo op die pyp. Miskien kan sy die balletjuffrou vra om te kom kyk hoe Christo dans.

"ANC in Tanzanië byeen," lees sy ma in die koerant. Rapport, November 1973. Hulle sit buite in die koelte van die garage. Sy pa steek die braaivleisvuur aan. Die lug is rokerig. Onder in die straat hoor jy oom Llowellen se dogters. Hulle hardloop in die spreier.

"Kan ons gaan kyk waar hulle die lokasie platgestoot het?" vra Jaco.

"Julle bly weg daar! Hoor julle kinders my," dreig sy pa met die vuuryster wat soos 'n 'verlenging' van sy wysvinger lyk.

Die steaks sis wanneer hy die rooster omdraai. "Piele," hoor hy Leendert se pa sê.

"Ek weet nie hoekom Pa nie wil hê ons moet soontoe gaan nie. Daar is niemand daar vandat die Weermag als platgestoot het nie."

"Jy bly daar weg," wys hy weer met die yster. Sy oë is dof van die rook.

"Jy wil net oom Llowellen se meisiekinders gaan eye," sê Henk.

Dis sy broer en Leendert wat hulle sal wil afloer, nie hý nie. Dit is mos Leendert se soort ding. Nat klere en 'n panty en bra wat wys, sal hom 'n lekker horing gee.

Sy pa se rook maak hom benoud. Die huis en die erf het vir hom te klein geword.

Hy klim op die dak. Vandag kan sy pa hom maar vang. Hy kan hom met sy belt slaan, hy gee nie om nie. Hy wil verder sien.

Sy pa sê hulle het 'n hoop gemors in die lokasie agtergelaat. Hy wonder hoe dit lyk. Sink, hout, klip, plastiek, klei, sand, lap, papier, glas, staal en stront. Derms en bloed seker ook.

Hy probeer die stootskrapertoneel in 'n rolprent sien. Teen die garagemuur flikker die beeld van 'n Caterpillar. 'n Dieseldreun kom nader, 'n lae kamerahoek sodat die stootskraper groot lyk. Die uitlaatpyp met swart rook kom in fokus. Die kameraskoot word wyer sodat die strooise en kaias nou in beeld kom. In 'n langskoot wag die stootskraper. Stukkies wasgoed hang oor die steeg, roer effens in die wind. Sonskyndag, blou lug daarbo. 'n Kind hardloop met 'n tyre en stok verby. Is daar dan nog mense hier? Nog beelde: 'n baba drink aan sy ma, 'n man sit voor 'n deur en stop sy pyp, 'n vrou roer pap in 'n pot, 'n hond hap na 'n vlieg. Weer die stootskraper; kom nou vorentoe, tref die eerste sinkhuis, die sink frommel met 'n gekras op, soos papier. Niks keer die mag van die graafmasjien nie. Die eerste gille doof in. 'n Vrou staan voor haar huis. Die kamera swenk na 'n ma en kind wat weghardloop. Die vrou se oë wys vrees. Sy word platgevee. Die man

se pyp val uit sy mond. Hy val voor die draak. 'n Hoë kamerahoek wys nou hoe die stootskraper agtertoe en vorentoe ruk, dan 'n nabyskoot van hande op die hefboom. Huis na huis word platgestoot. Heen en weer oor die skerm rammel die monsterbreker nou. 'n Demolusieskouspel. Bakstene tuimel, riet en strooi bars uitmekaar, 'n rietdak plof in. 'n Tafel, stoel en bed breek voor jou oë. Ooghoogteskote van vrou wat gryp na besittings, te laat. Baba in wiegie. Het iemand van hom vergeet? Kaal dogtertjie hardloop in stegie af, seun abba seun, vrou val voor aankomende stootskraper. Musiek op tot 'n hoogtepunt.

'n Stofwolk hang oor die lokasie. Die kamerahoek word wyer sodat die grootheid van die gebeurtenis vasgevang kan word. Musiek doof uit. Net die stilte bly hang oor die toneel.

"'n Tenger ras" soos in Watermeyer se gedig in *Groot Verseboek*, onthou hy. Mense soos diere op lorries gelaai en op 'n ander plek gedump sodat hulle dáár kan kak, pis, naai en kreppeer. Dan nóg 'n hoop agterlaat.

Maandagmiddag na skool bel sy ma. Ou Brewis se opstel moet wag.

"Julle moet asseblief nie uitgaan nie, bly maar by die huis; daar is weer moleste by die polisiestasie."

Jaco gaan klim op die dak om te kyk of hy dit kan sien. Hy kan nie tot by die polisiestasie sien nie; net 'n paar roetkolomme wat uit die rietlande styg. Hy klim af. Hy sal nie weer dink hulle hou konsert voor die polisiestasie nie. Hulle is ontevrede. Hy moet gaan kyk.

Hy staan in die koelte van 'n boom aan die oorkant van die straat. Voor die stasie sien hy die skare. Hulle sing.

Waar is julle knopkieries, julle stokke, spiese en skilde? Waar is julle Dingaan wat "Bululani Abathagathi!" skree?

Hy hoor Piet Malan se stem. "As julle nie nou loop nie, sal ons moet oorgaan tot gewelddadige optrede. Julle is nou vir 'n derde keer gewaarsku." En aan sy manskappe: "Manne, hou julle knuppels gereed. As die kaffers vandag nie hoor nie, moet hulle voel. Hulle gaan vandag klippe gooi."

Jaco dink aan die kleilatgevegte in Buffelstraat. Henk en Marius stroop die blare en blomme van die hibiscus af. Hy wil hê die "gepeupel" moet iets doen, maar hulle staan net in die warm son. Hy droom die skare gooi hulle arms op in die lug, bal hulle vuiste. Hy

skree vir Manuel hy moet kom. 'n Stuk modder tref sy kuit voor hulle om die hoek van die huis kan kom. Hulle hardloop by die jaart uit, gaan sit agter die hek. Sy eerste bol tref die huismuur. Henk, Marius en Deon kom op hulle afgestorm. Die klonte spat teen die draad. Piet se manskappe ruk knuppels uit hulle belde. Die skare stamp hulle voete in die stof. Stamp hulle voete, kyk op in die oë van die wet, sing harder. Hulle hardloop verder op in die straat, sien die modderpoel oorkant die Sagies. Die modder klou aan die voorpunt van die stok. Sy broer en sy makkers kry ook 'n modderpoel. Sy eerste skoot gly van sy stok af, tref die Nelle se hekpaal. Piet skree die bevel en slaan 'n man oor die skedel. Die man val. Die skare skree, keer vir hulle koppe.

'n Dingaans skree Bululani Abathagathi!

"Wetter, vandag gaan julle vrek," hoor hy sy broer. Modder spat treë anderkant hulle. Te ver, dink hy.

Manuel breek die punt van sy lat af, soos Tsjaka wat sy spies korter maak. Voor hy nog 'n bol op sy stok kan plak, tref een sy bo-been. Hy sien hoe knuppelhoue op koppe, arms, bene en rûe val. Hy laat Piet skree soos 'n vark: "Moer hulle. Slaan hulle vrek. Bliksemse kommuniste!"

Dis oorlog. Dis opstand in Parys. Jean-Jacques Rousseau antwoord met 'n teenaanval. Vir Vryheid, Gelykheid en Broederskap. Die vyand is uitgeslape, spring uit die pad van die aankomende skote. Hulle beplan 'n sarsie skote. Hulle koes vir die kleiballe wat plerts om hulle. Knuppelhoue val op man en vrou, laat bloed op gesigte.

"Mis, jou fokker!" skree sy broer. Hy is rooi in die gesig. Sy hande sukkel om die modder vinnig genoeg aan die stokpunt te plak. Hy hoor *Die lied van Jong Suid-Afrika*. Hy hoor die Franse volkslied. Piet se stem.

'n Kamera sweef oor die toneel. Modderklonte reën uit die lug. Dit spat teen arms, lywe en bene. 'n Klont spat van sy broer se rug af. Hulle latte is skoon, tyd om weer ammunisie bymekaar te maak. Sy kamera-oog fokus op swart lywe in die stof. Hulle krul van pyn, soos duisendpote wat raakgetrap is. Party lê doodstil.

Hy voel die hou. 'n Knuppel tref hom op die oog of is dit 'n klip toegeplak met modder? Manuel se beeld word 'n gat wat 'n rolprentprojektor teen 'n wit doek brand.

Iemand hou 'n handdoek op sy oog. Deur die bloed sien hy 'n smeersel van sy ma, sy pa en Maria. Hy weet nie hoe hy in die huis op die kombuistafel beland het nie, of wanneer Dokter Radley gekom het nie. Jaco sien die gesig naderkom. Sy pa hou sy hande vas wat die seer

uit sy kop wil ruk. Hy voel die bloed teen sy regterwang. Dit maak 'n rooi kol op sy hemp. Hy sien die naald. Hy sien weer 'n gat in die movie brand.

Sy pa het nie vir 'n ambulans gewag nie. Hy het hom in die Volkswagen gelaai en saam met sy ma met hom na die hospitaal toe gejaag. Sy ma het Maria gevra om die res van die naweek na Henk en Elsa te kyk. Louise Rokkies moes 'n ogie hou. Hulle het hom Rob Ferreira-hospitaal toe gevat. Hulle het oorgeslaap by sy pa se suster in Witrivier. Hy moes geopereer word.

Woensdag is hulle terug by die huis. Hy kry vir Maria dáár waar sy in sy kamer voor die bed sit en wag. Sy staan op, vou haar arms om hom.

"My Kleinbaas. Hy het hom die oogklap," sê sy.

"Die dokters kon sy oog red. Dit sal maande vat om heeltemal gesond te word," sê sy pa.

"Jy is in die koerant. Hulle dink jy is geskiet," sê Henk en wys in *Die Laevelder*. Hy gee vir sy ma om te lees:

Nelspruit. Jaco Gerber, 'n dertienjarige seun is ernstig gewond tydens 'n demonstrasie wat die Polisie beskryf as 'n uitdaging van wet en orde. Ongeveer 150 swartmense het verlede Saterdag in 'n optog in Malelane deelgeneem. Geen sterfgevalle is aangemeld nie. Die seun het na bewering gekyk hoe die demonstrasie verloop toe 'n klip hom in die oog tref.

"Dis darem vir jou 'n verdraaiing van die waarheid," druk sy pa die lieg in die asbak dood.

"Die polisie het jou met 'n knuppel bygekom. Natuurlik nie gesien jy is wit nie."

Maria staan nader om te kyk na die foto.

"Mayibabô," roep sy terwyl sy haar hande op haar wange sit.

"Koos Strauss het die foto geneem. Kyk, hier staan sy naam," sê sy ma.

"Bliksem, kyk net die bloed. Ek skrik sommer weer van vooraf. Die helsems."

"Hoe voel jou oog? Nog seer? Kom laat ek jou medisyne vir jou gee," sê sy ma.

"Antibiotika," sê sy pa.

"Antie Botieka," sê Elsa.

Sy kry 'n lepel in die laai.

"Ek wil hê jy moet terugkom," sê Henk. "Jou bed is terug in ons kamer."

"Dis nice van jou, Henk. Dankie," sê hy.

2. En ek self – wat kan ek doen
om my sonde te versoen?
Sou my hart met ywer gloei,
sou my trane ewig vloei –
nòg gebede, nòg geween
kan my red, Heer: U alleen.

3. Leeg, net met my sondelas,
hou ek u verdienste vas.
Ek kom om vergewing vra:
U het ook my skuld gedra!
U, geslaan tot heilsfontein,
wás my, Heiland, maak my rein!

4. Heer, my Rots, bo almal groot
staan U vas in elke nood.
Trou van mense kom en gaan,
maar U bly onwrikbaar staan.
Eewge Rots, U laat ook my
Veilig, ewig in U bly.

DANKBETUIGING

U gebede, daardie stewige handdruk, u gewaardeerde deelname by wyse van 'n ruiker, kaartjie, telegram, of briefie, u teenwoordigheid by die aardse rusplekkie, was vir ons van groot krag en hulp gewees en het ons in hierdie smartvolle dae getroos en versterk. Opregte dank en waardering.

'n Diens deur SAFFAS Begrafnisdienste